

PASTORALE BERADING AAN BEJAARDES NA DIE  
TRAUMA VAN DIE ONNATUURLIKE DOOD VAN 'N  
VOLWASSE KIND

PETRUS JACOBUS CHRISTIAAN DE JAGER  
(BA, BTH, MTH)

Proefskrif voorgelê vir die graad  
***Philosophiae Doctor in Pastoraal***  
**(Fakulteit Teologie)**  
aan die  
**Noordwes-Universiteit**  
Potchefstroomkampus

Studieleier: Prof. Dr. W.C. Coetzer  
November 2008

## **ABSTRACT**

This study deals with the pastoral counselling of elderly persons after the loss of a mature child by unnatural death. Such a traumatic event leaves a significant void in a person's life, who is already experiencing other losses, and is in the eve of their lives. With the death of a mature child, the natural order of life is turned around: the child who is supposed to live and financially and emotionally support the elderly, is no more, while they who's own passing away is imminent, are alive. Elderly parents in this position experience this situation as an existential conflict, because it is to them as if they are burying the future with their child. Because the death is one of a mature child, the elderly parent does not necessarily receive the appropriate recognition from society for the trauma they experience. To further complicate the issue is the fact that they are not usually the primary care receivers being guided along the path of mourning and acceptance – the focus, on the contrary, is usually upon the spouse and children of the deceased.

In the section dealing with basis-theoretical research, it is evident that the exceptional empathy and sympathy of God for the parent who lost a child, is repeatedly stressed by Scripture. Because of Jesus Christ's victory on the cross and also His victory over death, there is the assurance of hope for eventual healing for the traumatized parent finding himself/herself in such a situation.

From the section dealing with meta-theoretical research, it is evident that the death of a mature child is one of the most alarming and traumatic experiences any parent can go through. The process of mourning is however a natural reaction and differs from parent to parent, according to circumstances. Specific phases have been identified through which parents will go under these circumstances and it is therefore very important that both the pastoral counselor, as well as the parents, are aware of the pertinent aspects.

In the section dealing with empirical research, use has been made of both qualitative and quantitative research methods. In the quantitative section, the results obtained from questionnaires handed to a significant number of elderly parents who have lost mature children, were processed. Thereafter, in the qualitative section of the research, in depth interviews were conducted with two sets of parents from the original group. It became evident

that this process of discussion had a significant healing and therapeutic effect on parents dealing with the loss of a mature child.

In the section dealing with the practice theoretical research, a model has been formulated by which pastoral counsellors and ministers can generally assist elderly parents after the death of a mature child.

## UITTREKSEL

Hierdie studie handel oor die pastorale berading aan bejaardes na die trauma van die onnatuurlike dood van 'n volwasse kind. Sulke traumatiese gebeure laat 'n groot leemte in die bejaarde se lewe, wat alreeds ander verliese beleef het en boonop in die slothoofstuk van hulle lewe staan. Met die dood van 'n volwasse kind is die orde van die lewe skielik omgedraai: die kind wat moes leef en hulle emosioneel en finansieel moes versorg, is dood, en hulle wat eersdaags moet sterf, leef. Bejaarde ouers in hierdie posisie beleef gevolglik die situasie as 'n wesenlike eksistensiële stryd, omdat hulle dit beleef asof hulle die toekoms saam met hul kind begrawe. Omdat dit 'n volwasse kind is wat gesterf het, ontvang die bejaarde ouer nie noodwendig altyd die nodige erkenning deur die samelewing met betrekking tot die trauma waardeur hulle gaan nie. Wat dit verder kompliseer, is die feit dat hulle oor die algemeen ook nie die primêre versorgdes is wat op die pad van rou en aanvaarding begelei word nie – die fokus is intendeel gewoonlik meer op die huweliksmaat van die oorledene sowel as op die kinders.

In die afdeling wat handel oor die basisteoretiese navorsing het geblyk dat die besondere empatie en meeleving van God se kant af met betrekking tot ouers wat volwasse kinders aan die dood afstaan, telkens deur die Skrif beklemtoon word. Op grond van Jesus Christus se oorwinning aan die kruis en ook Sy oorwinning oor die mag van die dood, is daar die versekering, asook die vaste hoop van uiteindelijke genesing en heling vir die getraumatiseerde ouer wat hom/haarself in so 'n situasie bevind.

Vanuit die afdeling wat handel oor die metateoretiese navorsing het geblyk dat die dood van 'n volwasse kind een van die mees angswekkendste en traumatiese gebeure is wat enige ouer kan beleef. Die rouproses is egter 'n natuurlike reaksie en verskil van ouer tot ouer as gevolg van die omstandighede. Daar is sekere fases geïdentifiseer waardeur ouers in sulke omstandighede gaan en dit is gevolglik baie belangrik dat die betrokke ouers, sowel as die pastorale begeleier, deeglik op hoogte sal wees van al die aspekte wat hier ter sake is.

In die gedeelte wat handel oor empiriese navorsing is gebruik gemaak van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes. In die kwantitatiewe deel is die resultate van vraelyste verwerk wat aanvanklik aan 'n groot groep bejaarde persone gegee is wat

volwasse kinders aan die dood afgestaan het. Daarna is daar in die kwalitatiewe deel van die navorsing oor bepaalde onderwerpe indiepte gesprekke gevoer met twee ouerpare wat uit die aanvanklike groter groep geïdentifiseer is. Uiteindelik het geblyk dat, deur hierdie gesprekke, 'n proses by die betrokke ouers geaktiveer is, wat 'n besonder terapeutiese en helende effek gehad het in die verwerking van die dood van hul volwasse kinders.

In die afdeling wat handel oor die praktykteoretiese navorsing, is 'n model geformuleer waarvolgens pastorale beraders en ook leraars oor die algemeen bejaarde ouers kan begelei ná die afsterwe van 'n volwasse kind.

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan:

- Ons Hemelse Vader wat vir my die geleentheid gegee het om hierdie studie te doen en daarmee ook 'n verandering in die lewe van treurende ouers te kan maak.
- Almaré, Minke en Christiaan, my ouers en skoonouers wat my ondersteun het.
- Prof. Dr. Wentzel Coetzer wat as studieleier opgetree het. Dankie vir al die hulp, raad, leiding en geduld.
- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wakkerstroom vir die geleentheid om te studeer en die ondersteuning aan my gebied.
- Ben en Martie van Rensburg asook Danie en Heleen Zietsman. Die twee hoofspelers is uit julle opvoering hier op aarde weg, maar Rudolf en Neil sal altyd deel van ons lewens wees. Dankie dat julle vir my deel van julle lewensopvoering gemaak het. Ek dra Edgar Guest se gedig, "A child is loaned", aan julle op:

*"I'll lend you for a little time  
A child of Mine," He said,  
"For you to love the while he lives,  
And mourn for when he's dead.  
It may be six or seven years  
Or twenty-two or three,  
But will you, till I call him back,  
Take care of him for Me?  
He'll bring his charms to gladden you,  
And should his stay be brief,  
You'll have his lovely memories  
As solace for your grief."*

*"I cannot promise he will stay,  
Since all from earth return.  
But there are lessons taught down there  
I want this child to learn."*

*I've looked this wide world over,  
In my search for teachers true.  
And from the throngs that crowd life's lanes,  
I have selected you.  
Now will you give him all your love,  
Not think the labor vain,  
Nor hate Me when I come to call  
And take him back again?"*

*I fancied that I heard them say,  
"Dear Lord, Thy will be done,  
For all the joy Thy child shall bring,  
The risk of grief we'll run.  
We'll shelter him with tenderness,  
We'll love him while we may,  
And for the happiness we've known,  
Forever grateful stay.  
But should the angels call for him,  
Much sooner than we planned,  
We'll brave the bitter grief that comes,  
And try to understand."*

## INHOUDSOPGAW

Bladsy

### HOOFSTUK 1

#### 'N INLEIDINGSPERSPEKTIEF OP DIE PASTORALE BERADING AAN BEJAARDES NA DIE ONNATUURLIKE DOOD VAN 'N VOLWASSE KIND

1.1	DEFINIËRING VAN SEKERE SLEUTELTERME .....	1
1.1.1	Pastorale berading .....	1
1.1.2	Bejaardes .....	1
1.1.3	Trauma .....	2
1.1.4	Onnatuurlike dood .....	3
1.1.5	Gekompliseerde trauma .....	4
1.2	ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING .....	4
1.2.1	Oriëntering .....	4
1.2.2	Probleemstelling .....	5
1.3	NAVORSINGSVRAAG .....	7
1.3.1	Verdere vrae wat hieruit voortspruit .....	8
1.4	DOELSTELLING EN DOELWITTE .....	8
1.4.1	Doelstelling .....	8
1.4.2	Doelwitte .....	8
1.5	SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT .....	9
1.6	METODE .....	9
1.6.1	Basisteoretiese perspektiewe .....	9

1.6.2	Metateoretiese perspektiewe .....	10
1.6.3	Praktykteoretiese perspektiewe .....	11
1.6.4	Ander tegniese aspekte .....	11
1.7	HOOFSTUKINDELING .....	12

## **AFDELING A: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 2**

#### **EKSEGESE VAN 'N AANTAL SKRIFGEDEELTES**

2.1	BASISTEORIE .....	13
2.1.1	Die term praktiese teologie .....	14
2.1.2	Die verhouding teorie-praxis .....	15
2.1.3	Die model van Zerfass .....	16
2.1.4	Doelstelling van die hoofstuk .....	20
2.1.5	Kerklike bedieningspraktyke in die verlede ten opsigte van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het .....	20
2.1.5.1	Prediking .....	20
2.1.5.2	Pastoraat .....	21
2.2	IDENTIFISERING VAN SKRIFGEDEELTES .....	22
2.3	EKSEGESE VAN GEDEELTES IN DIE OU TESTAMENT .....	23
2.3.1	Genesis 37:31-36: Die beweerde dood van Josef – 'n onnatuurlike dood wat deur wilde diere veroorsaak is .....	23
2.3.2	2 Samuel 18:29-19:8: Die dood van Dawid se seun Absalom – 'n kind is dood tydens 'n geweldsgevolle oorlogssituasie .....	39

2.4	EKSEGESE VAN GEDEELTES IN DIE NUWE TESTAMENT .....	52
2.4.1	Gesamentlike ontleding .....	53
2.4.1.1	Die interpretasie van Lukas en die keuse van die perikope .....	53
2.4.1.2	Die plek van die perikope in die Bybel en binne die boek .....	54
2.4.1.3	Die outeur van Lukas en die genre van die boek en perikope .....	55
2.4.1.4	Die sosio-historiese konteks .....	55
2.4.2	Afsonderlike ontledings .....	56
2.4.2.1	Lukas 7:11-17: Die opwekking van 'n weduwee van Nain se seun .....	56
2.4.2.2	Lukas 24:13-35: Die verhaal van die Emmausgangers .....	65
2.5	BASISTEORETIESE GEVOLGTREKKINGS .....	77
2.5.1	Menslike aspekte .....	77
2.5.2	Goddelike aspekte .....	78

### **HOOFSTUK 3**

#### **TEOLOGIESE BASISPERSPEKTIEF**

3.1	INLEIDING .....	80
3.2	DOEL VAN DIE TEOLOGIESE BASISTEORIE .....	81
3.3	PASTORALE BERADING .....	82
3.3.1	Die pastor .....	83
3.3.2	Skrifgebruik .....	84
3.3.3	Gebed .....	85
3.4	DIE HELENDE PROSES .....	87
3.4.1	Stadiums van die rouproses en terapeutiese fases/benadering .....	87
3.4.2	Onvermoë om te vorder .....	91

3.4.3	Moontlike emosionele probleme .....	93
3.4.3.1	Depressie .....	93
3.4.3.2	Vergifnis .....	98
3.4.3.3	Herinnering .....	99
3.4.3.4	Eensaamheid .....	100
3.4.3.5	Vrees .....	100
3.4.3.6	Emosionele pyn .....	102
3.4.3.7	Heling impliseer 'n keuse .....	103
3.4.4	Riglyne vir pastorale hulp .....	104
3.4.5	Vernuwende geestelike lewe .....	106
3.5	GEVOLGTREKKINGS .....	107

## **AFDELING B: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 4**

#### **EVALUERING VAN DIE BYDRAE DEUR AANGRENSENDE WETENSKAPPE**

4.1	TEORIE .....	111
4.2	METATEORIE .....	111
4.3	DOELSTELLING .....	113
4.4	DEFINISIES .....	113
4.4.1	Verlies .....	113

4.4.2	Droefheid .....	113
4.4.3	Rou .....	114
4.5	PROBLEEMSTELLING .....	114
4.6	OUERS SE REAKSIES .....	117
4.6.1	Ongelukke .....	118
4.6.2	Moord .....	119
4.6.3	Selfmoord .....	119
4.6.4	Terminale siekte .....	122
4.7	DIE TIPE DOOD WAT DIE KIND GESTERF HET .....	122
4.8	DIE (BEDROEFDE) BEJAARDE OUER .....	123
4.8.1	Verwagting van ouers .....	125
4.8.2	Probleme en veelvuldige verliese gekoppel aan bejaardheid .....	126
4.8.3	Spesifieke probleme van volwasse kinders wat sterf .....	127
4.8.4	Spesifieke verhouding met die gestorwene .....	129
4.8.5	Die invloed op die huwelik- en gesinsfunksionering .....	130
4.8.6	Liggaamlike verandering na die sterwe van 'n kind .....	130
4.8.7	Lewensstyl verandering na die sterwe van 'n kind .....	131
4.8.8	Die reaksie van bedroefde bejaardes .....	131
4.8.9	Skuldgevoelens by ouers .....	132
4.9	ONDERSTEUNINGSGROEPE .....	132
4.10	ONDERSTEUNING VAN DIE FAMILIE .....	132
4.11	LEWENSVERWAGTING VAN DIE POST MODERNE MENS .....	133
4.12	ROUBERADING .....	134
4.12.1	Is rouberading nodig? .....	134
4.12.2	Onnodige kliniese terapie .....	134

4.12.3	Veerkragtigheid .....	135
4.12.4	Rouwerk .....	136
4.12.4.1	Verskillende wyses van rou .....	139
4.12.4.2	Gekompliseerde rou .....	140
4.12.5	Tydsduur van rou .....	143
4.12.6	Fases van rou .....	145
4.12.7	Faktore wat rou beïnvloed .....	148
4.12.8	Geslagsverskille betreffende die rouproses .....	149
4.13	TRAUMABELEWING .....	152
4.14	POST TRAUMATIESE STRESVERSTEURING .....	153
4.15	DEPRESSIE .....	156
4.16	INTERNE EN EKSTERNE LOKUS VAN KONTROLE .....	157
4.17	BETEKENIS-AS-SIN EN HERINVESTERING .....	158
4.18	DIE VERWERKINGSPROSES .....	159
4.19	UNIEKHEID VAN DIE AFRIKA-MENS .....	161
4.20	SLOT .....	161
4.21	GEVOLGTREKKINGS .....	162

## HOOFSTUK 5

### EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1	INLEIDING .....	164
5.2	DIE DOEL VAN 'n EMPIRIESE ONDERSOEK .....	166
5.3	KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING .....	166
5.4	METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK .....	174
5.5	BESPREKING VAN EMPIRIESE NAVORSING .....	177
5.5.1	Beskrywing van die fases van navorsing .....	177
5.5.2	Profiel van kandidate vir die kwalitatiewe navorsing .....	180
5.5.3	Versekering van anonimiteit en vertroulikheid .....	181
5.5.4	Identifisering van belangrike temas vir die persoonlik gesprekke .....	181
5.5.5	Insigte verkry uit die vraelyste .....	181
5.6	KWALITATIEWE GEVOLGTREKKINGS .....	186
5.6.1	Algemeen .....	186
5.6.2	Gesin A .....	187
5.6.2.1	Gesinshoof A1 .....	187
5.6.2.2	Lewensmaat A2 .....	189
5.6.3	Gesin B .....	190
5.6.3.1	Gesinshoof B1 .....	190
5.6.3.2	Lewensmaat B2 .....	191
5.7	GEVOLGTREKKINGS .....	193

## AFDELING C: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

### HOOFSTUK 6

#### DIE FORMULERING VAN 'N PRAKTYK-TEORETIESE MODEL

6.1	INLEIDING .....	195
6.2	DOELSTELLING .....	195
6.3	VERTREK-PUNTE VAN DIE STUDIE .....	196
6.3.1	Pastorale begeleiding .....	196
6.3.1.1	Die pastor .....	197
6.3.1.2	Die Woord .....	197
6.3.1.3	Gebed .....	198
6.3.1.4	Heilsindikatiewe en imperatiewe uit vier Skrifgedeeltes .....	199
6.3.2	Die verwonde ouer .....	200
6.3.2.1	'n Ouer bly 'n ouer .....	200
6.3.2.2	Begrip en sensitiwiteit .....	201
6.3.2.3	Die rouproses .....	201
6.3.2.4	Probleme en veelvuldige verliese gekoppel aan bejaardheid .....	202
6.3.2.5	Spesifieke probleme met die sterwe van volwasse kinders .....	202
6.3.2.6	Spesifieke verhouding met die gestorwene .....	202
6.3.2.7	Die tipe dood wat die kind gesterf het .....	203
6.3.2.8	Die invloed op die huwelik en gesinsfunksionering .....	203
6.3.2.9	Liggaamlike en lewenstyl verandering na die sterwe van 'n kind .....	203
6.3.2.10	Ondersteuningsgroepe .....	203
6.3.2.11	Moontlike emosionele probleme .....	204
6.3.2.12	Finansiële impak en verlies van sekuriteit .....	206

6.3.2.13	Die hertrou van die oorlewende huweliksmaat asook die rol van die skoonfamilie en die kleinkinders .....	207
6.3.2.14	Die tweestryd rondom <i>onthou</i> en <i>vergeet</i> .....	207
6.3.2.15	Pastorale riglyne .....	207
6.4	VOORGESTELDE MODEL .....	209
6.4.1	Agtergrond .....	209
6.4.1.1	Die rol van die Woord .....	209
6.4.1.2	Perspektief op die ewigheid en die sekerheid van saligheid .....	209
6.4.2	Pastoraat .....	210
6.4.2.1	Rouberading teenoor veerkragtigheid .....	210
6.4.2.2	Fases van rou .....	210
6.4.2.3	Onvermoë om te vorder .....	211
6.4.2.4	Rouwerk .....	213
6.4.2.5	Verskillende wyses van rou .....	213
6.4.2.6	Gekompliseerde rou .....	214
6.4.2.7	Tydsduur van die rouproses .....	214
6.4.3	Voorgestelde model vir pastorale begeleiding van bedroefde ouers .....	215
6.4.3.1	Inleiding .....	215
6.4.3.2	Die verhouding: pastor/lidmaat .....	215
6.4.3.3	Groepsterapie .....	216
6.4.3.4	Temas wat in gesprekke hanteer moet word .....	217
6.4.3.5	Verwerking .....	221
6.4.3.6	Die tydsduur van die sessies .....	222
6.4.3.7	Die ondersteunende gemeenskap en gemeente .....	223
6.4.3.8	'n Nuwe verhouding met die oorledene .....	223
6.5	GEVOLGTREKKINGS .....	224

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

7.1	BASISTEORIE .....	228
7.1.1	Eksegese .....	228
7.1.2	Teologiese basisteorie .....	229
7.2	METATEORIE .....	231
7.2.1	Aangrensende wetenskappe .....	231
7.2.2	Empiriese navorsing .....	234
7.3	PRAKTYKTEORIE .....	236
7.3.1	'n Pastorale model .....	236
7.4	FINALE GEVOLGREKKINGS .....	237
7.5	VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING .....	238
7.6	SLEUTELTERME .....	239

## HOOFSTUK 8

BRONNELYS .....	240
-----------------	-----

<b>BYLAAG A: BEGRAFNISRITUELE EN DIE ROUPROSES IN DIE OU TESTAMENT .....</b>	<b>266</b>
<b>BYLAAG B: VERTALINGS VAN DIE ONDERSKEIE PERIKOPE WAAROO DAAR EKSEGESE GEDOEN IS IN HFST 2 .....</b>	<b>268</b>
<b>BYLAAG C: OPENBARING OOR GOD IN DIE GEKOSE PERIKOPE .....</b>	<b>273</b>
<b>BYLAAG D: STRUKTUURANALISES VAN DIE GEKOSE PERIKOPE .....</b>	<b>279</b>
<b>BYLAAG E: VRAELYS UITGEGEE IN DIE KWANTITATIEWE ONDERSOEK .....</b>	<b>286</b>
<b>BYLAAG F: EVALUERINGSVORMS WAT TYDENS FASE 5 UITGEHANDIG IS EN DIE SAMEVATTING DAARVAN .....</b>	<b>293</b>
<b>BYLAAG G: OOREENKOMS VAN VERTROULIKHEID .....</b>	<b>295</b>

## HOOFSTUK 1

### 'N INLEIDINGSPERSPEKTIEF OP DIE PASTORALE BERADING AAN BEJAARDES NA DIE ONNATUURLIKE DOOD VAN 'N VOLWASSE KIND

#### 1.1 DEFINIËRING VAN SEKERE SLEUTELTERME

##### 1.1.1 Pastorale berading

Indien pastorale berading losgemaak word van die inhoud van die geloof, naamlik die verlossing in Jesus Christus, verloor dit sy eiesoortige karakter en word die pastor bloot 'n terapeut wat die belange van sy medemens op sy hart dra. Daarom het pastorale berading, as bediening van die versoening, 'n drie-ledige definisie:

- In aansluiting by Thurneysen (1963) en Adams (1974) kan pastorale berading eerstens gedefinieer word in terme van **pastoraat as geloofshulp**. In hierdie kerugmatiese benadering val die aksent baie sterk op die profetiese dimensie met besondere toespitsing op vergewenshulp.
- Tweedens is pastorale berading ook **pastoraat as lewenshulp**. Howard Clinebell (1992:14) sê dat pastorale berading is om die Goeie Nuus te vertaal in die taal van verhoudings: God is in Sy genade by ons bestaan betrokke.
- Derdens is pastorale berading ook **pastoraat as oorwinningsorg**: Pastoraat beoog oorwinningshulp en rig die mens vanuit die vervulde beloftes van God tot 'n geloofstaak in die hede, op 'n liefdesverhouding en gesindheid van selfopofferende diens binne verhoudinge, asook 'n hoopvolle gerigtheid op die toekoms sodat die gelowige in geloofsvolwassenheid opgebou word. Met ander woorde, pastorale berading as oorwinningsorg help om via die geloof God se genade in die situasie te integreer, om in liefde na ander uit te reik en om in die Christelike hoop ons ganse bestaan te rig op 'n sinvolle doel en 'n nuwe toekoms (Louw, 1983:48-50).

##### 1.1.2 Bejaardes

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal beskryf *bejaard* as 'n byvoeglike naamwoord vir persone wat “*taamlík oud is, nie meer jonk nie*” (Odendaal

2004:73). Die Wetsontwerp van Ouer Persone wat op 13 Augustus 2003 in Suid-Afrika se Staatskoerant gepubliseer is, sê dat bejaarde vroue is vroue wat 60 jaar en ouer is en bejaarde mans is mans wat 65 jaar en ouer is (SA, 2003:3). Sielkundiges soos byvoorbeeld Collins (1993:212) bereken ook die latere lewensfase vanaf die ouderdom van 60 – 65.

Hierdie studie aanvaar die verwysing na bejaardes as mense wie se kinders (wat aan die dood afgestaan is) jong volwasse, middeljarige en selfs ook bejaarde mense is - 30 jaar en ouer. Die ouderdom van bejaardes word dus min of meer bereken vanaf die ouderdom van 60 jaar.

### **1.1.3 Trauma**

Die begrip ‘trauma’ is afgelei van die Griekse term, *τραυμα*, wat ‘wond’ beteken. Ingebed in hierdie term is dus die sinspeling op die verwonding van mense, wat dan ook die behoefte aan heling impliseer (Coetzer, 2005:24).

Die mediese term ‘trauma’ impliseer dat ’n deel van ’n liggaam so verwond is dat die natuurlike liggaamlike verdediging dit nie kon verhoed nie, of dat die verwonding in so ’n mate plaasgevind het dat die natuurlike herstelproses nie die wond sal kan genees nie. Daar moet dus mediese ingrype plaasvind om die liggaam weer gesond en effektief te laat funksioneer.

Net soos die liggaam verwond kan word, kan dit ook met die psige gebeur. Emosionele trauma is die verwonding van emosie, gees, die wil om te lewe, die geloof in jouself, die omgewing, waardigheid en gevoel van veiligheid. Hierdie aanslag op die psige is so erg dat die gewone krisishanteringsmeganismes nie voldoende is of in staat is om dit te verwerk nie. Hulp uit ’n ander oord moet dan verkry word om hierdie aanslag die hoof te bied ten einde weer emosioneel heel te kan word (Matsakis, 1996:17).

Die amptelike DSM IV-klassifikasie (die vierde uitgawe van die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders) van die begrip trauma is ’n uitgebreide

mediese omskrywing waarvan elke traumaberader moet kennis neem (American Psychiatric Association, 1994:424). Yvonne Retief (2004:17) meld die feit dat daar getraumatiseerde persone is wat nie noodwendig 'n lewens- of liggaamsbedreigende gebeurtenis of ervaring beleef of aanskou het, soos wat die oorspronklike definisie aandui nie. Tog vertoon hulle baie van die tipiese simptome soos deur die DSM IV-klassifikasie aangedui. Dieselfde sal waarskynlik ook deur die bejaardes binne hierdie studie beleef word aangesien hulle nie noodwendig ooggetuies was van die trauma wat uiteindelik wel 'n impak op hul lewens gehad het nie. Hulle was ook nie self met die dood gekonfronteer nie, maar is nogtans intens getraumatiseer deur die dood van hul kind.

#### **1.1.4. Onnatuurlike dood**

Omdat die natuurlike of onnatuurlike dood nie in die mediese wetenskap skerp omlyn word nie, het Schwär (*et al.*, 1984:412) die volgende voorgestel vir 'n werkbare definisie vir 'n onnatuurlike dood:

- “'n Dood wat veroorsaak word deur geweldadige toediening of die in- of uitwerking van enige ander fisiese en chemiese faktore, direk of indirek, met of sonder komplikasies.
- Enige dood, insluitende 'n dood wat normaalweg as 'n natuurlike dood beskou word, wat volgens die geneesheer se oorwoë mening veroorsaak is deur 'n handeling of versuim aan iemand se kant.
- 'n Dood wat onder artikel 56 van die Wet op Geneesheer, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepes, 1974 val, te wete: Die dood van 'n persoon terwyl hy onder die invloed van 'n algemene verdowingsmiddel of plaaslike verdowingsmiddel is of waarvan die toediening van 'n verdowingsmiddel 'n aanleidende oorsaak is, word nie geag as 'n sterfgeval weens natuurlike oorsake soos bedoel in Wet op Geregtelike Doodsondersoekes, 1959 (Wet 58 van 1959) of die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevallen, 1963 (Wet 81 van 1963) te wees nie.”

### 1.1.5 Gekompliseerde trauma

Volgens Judith Herman (2001:121) is gekompliseerde trauma (na aanleiding van haar definisie van die “*complex post-traumatic stress disorder*”) ’n traumatiese ervaring wat oor maande en jare beleef word.

Gekompliseerde trauma word in hierdie studie egter ook verstaan as verskeie en dikwels onafhanklike traumatiese ervarings wat een persoon op een gegewe tyd kan beleef, of ’n traumatiese belewenis wat verskillende aspekte van ’n mens se bestaan gelyktydig negatief beïnvloed.

## 1.2 ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Oriëntering

“*Wanneer ’n ouer sterf, sterf jou verlede; wanneer ’n kind sterf, sterf jou toekoms*” (Anon., 2004:1). Kinders is waardevolle en kosbare simbole van dit wat voorlê en kinders is ook die hoop vir die toekoms. Wanneer ’n kind dus sterf, sterf daardie hoop.

Wanneer ’n bejaarde se kind sterf, sterf dikwels ook *hulle* hoop. Shirley Murphy sê met reg: “*die dood van ’n kind is ’n dood van ’n kind*” (Murphy *et al.*, 2003b:40). Al word die oorsake, motief en omstandighede van die dood dus bekend, bring niks die kind terug nie – dit is finaal. Of die ouer jonk, middeljarig of bejaard is, die onomkeerbare dood van ’n kind bly een van die mees traumatiese belewenisse wat enige mens in sy lewe kan beleef. Die trauma is ook nie noodwendig minder ingrypend wanneer die kind ’n volwassene en die ouer ’n bejaarde is nie. Trouens, dit is dikwels baie erger. Littlewood (1993: 122) noem dit nie verniet “*A uniquely devastating experience*” nie.

Hierdie traumatiese gebeure laat ’n ongelooflike leemte by die bejaarde wat alreeds die slothoofstuk van sy/haar eie lewe beleef. Uiteindelik raak dit vir hulle ’n eksistensiële stryd, ’n vraag na betekenis van die lewe (Wheeler, 2001:51), en dit in ’n tyd wanneer die bejaarde uitgesien het na ’n ongekompliseerde, stabiele tyd van rus

en vrede. Die orde van die lewe is skielik vir hulle omgedraai: die kind wat moes leef, is dood, en hulle wat moet sterf, leef. Die kind wat vir hulle op hul hulpelose oudag kon help, is nou skielik nie meer daar nie.

Dit is die pynlike situasie wat so oud soos die mensdom self is, maar wat ook daaglik in versorgingsoorde, gemeentes en ouetehuse reg deur die wêreld beleef word. Daarom het Euripides in 421 v.C al gesê: “*What greater pain could mortals have than this: To see their children dead before their eyes?*” (Littlewood, 1993: 122).

Wat die Afrika konteks in besonder betref, is ’n krisis soos hierdie soveel te meer traumaties, gegewe die uiters prominente rol van die uitgebreide gesin en groepsisteam in die families. Die volwasse kind wat ‘voortydig’ te sterwe kom, impliseer in talle gevalle dat die uiteindelijke versorging van die bejaarde ouer direk in die gedrang kom (Bosman, 2002: 83-132), heel dikwels veel meer intensief as wat die geval is in meeste eerstewêreldlande. Die ekonomiese versorging van die ouers en ander gesinslede word ook in talle gevalle deur so ’n voortydige sterwe bykans afgesny.

### **1.2.2 Probleemstelling**

Die bejaarde rou langer oor die dood van ’n kind as wat moontlik by jonger mense die geval sou wees (Arbuckle *et. al.*, 1995:638, Clarke, C.S. *et al.*, 2004:23). Lohan en Littlewood meen, dat indien dit ’n onnatuurlike dood is en aan geweld gekoppel is, is dit nog meer traumaties vir die bejaarde ouers (Lohan *et. al.*, 2001-2002:78; Littlewood, 1993:140). Navorsers is egter van mening, en poog om dit in hierdie studie ook aan die orde te stel, dat ’n onnatuurlike dood wat nie noodwendig aan geweld gekoppel is nie, in sommige gevalle net so traumaties vir die ouers kan wees as ’n onnatuurlike geweldsgekoppelde dood.

Die deurloop van die rouproses is vir die bejaarde ’n probleem omdat hulle nie die primêre bedroefdes is met wie daar gesimpatiseer word in die voortydige dood van hul volwasse kind nie. Dit is gewoonlik die man of vrou en kinders van die gestorwene wat die fokus van simpatie is. Hierdie fokus van simpatie help met die rouproses deur onder andere geleentheid te skep vir die gesin se onmiddellike

ondersteuningstelsel (soos vriende en gemeentelede) om met hulle oor die dood te praat. Dikwels is die totale gemeenskap deel van so 'n ondersteuningstelsel en in talle gevalle is daar dan ook terapeute in die vriendekring of kenniskring, wat aanbied om die direkte oorblywende gesinslede te help om die dood te oorkom.

Dit is die navorsers se eie ervaring as predikant van 'n plattelandse gemeente dat die bejaarde ouers (wat dikwels nie op dieselfde dorp woon nie) nie so ywerig deur die gemeenskap en kerklui besoek word nie omdat hul afgestorwe kind waarskynlik nie in hul gemeenskap bekend was nie. Min mense weet dus van hulle seer en min mense ondersteun hulle in die proses van die verwerking van die dood van hul kind.

Die bejaarde word in sy/haar natuurlike oorgangsfase dikwels gekonfronteer met persoonlike, sosiale en fisiese verliese soos die verlies van werk, gesondheid, vriende, status, inkomste, ensovoorts. Alhoewel hierdie voorspelbare verliese baie traumaties kan wees, is die onvoorspelbare dood van 'n kind 'n verlies wat psigologiese en mediese probleme beduidend verhoog (Moss *et. al.*, 1986-1987:211). Dit noodsaak gewoonlik ook 'n meer ingrypende pastorale intervensie. Die nadenke oor hul eie dood wat noodwendig deur hierdie trauma geaksentueer word, strem ook die rouproses (Arbuckle *et. al.*, 1995:638).

Aan die ander kant kan geloofsvolwassenheid, doelgerigte groepsbyeenkomste en pastorale berading die bejaarde help om die dood van 'n kind te aanvaar en positief te verwerk (Murphy *et al.*, 2003a:381).

Uit die literatuur blyk dit dat besinning en navorsing met betrekking tot die praktiese en psigologiese gevolge vir bejaarde ouers wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het, maar nog aan die beginfase is (Goodman *et. al.*, 1996:304, Moss *et. al.*, 1986-1987:210). Ook wat betref die geloofsbegeleiding van persone binne hierdie kategorie het geblyk dat dit 'n braakland is ten opsigte van pastoraal teologiese navorsing. Navorsing met betrekking tot die rouproses van bejaardes het tot dusver primêr gefokus op die verlies van 'n lewensmaat (Moss *et. al.*, 1986-1987:210).

Uit die geraadpleegde boeke en tydskrifartikels blyk dit verder dat daar steeds 'n leemte bestaan in die Suid-Afrikaanse navorsing en internasionale literatuur

betreffende spesifiek die pastorale berading van bejaarde persone wat hul volwasse kinders op onnatuurlike wyse aan die dood afstaan. Uit 'n rekenaarsaektog wat deur die Ferdinand Postma Biblioteek aan die Noordwes-Universiteit met die Nexus Databasis Stelsel onderneem is, het geblyk dat daar nie verhandelings rondom hierdie spesifieke tema verskyn het nie. Daar is wel verhandelings oor ouers wat jong kinders aan die dood afstaan, waarin daar uit die aard van die saak tog raakpunte met hierdie tema gaan wees. Die drie belangrikste verhandelings is, is die volgende:

- Fourie, J: 'n Maatskaplikewerk-ondersoek na rouSMARTbegeleiding van ouers na afsterwe van 'n kind. Verhandeling – M.A. Noordwes-Universiteit (Fourie, 1996).
- Du Toit, CM: Ouers in die rouproses. Verhandeling – M.A. Universiteit van Stellenbosch (Du Toit, 1991).
- Brink, A.D: 'n Historiese en teologiese interpretasie van die doodsproblematiek – 'n sistematiese-teologiese ondersoek. Universiteit van Port Elizabeth. Verhandeling – M.A. (Brink, 1988).

Met die ouerwordende en gejaagde samelewing met sy steeds toenemende stresvlakke, sal dit al hoe meer gebeur dat bejaarde mense volwasse kinders aan die dood afstaan. Dit korreleer met syfers binne Suid-Afrikaanse gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk waarvan navorser self eerstehandse ervaring het. Die gemeente waarvan navorser die leraar is, het 284 belydende lidmate, met 28 bejaarde lidmate wat reeds volwasse kinders aan die dood afgestaan het. Dit beteken dat bykans 10% van die gemeente deur hierdie problematiek geraak word. Vanuit navraag by naburige gemeentes blyk dat dieselfde statistiek ook daar van toepassing is. Dit alles beklemtoon die omvangrykheid asook die aktualiteit van hierdie studieveld.

### **1.3 NAVORSINGSVRAAG**

Op watter wyse kan bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, pastoraal begelei word tot emosionele en geestelike genesing?

### **1.3.1 Verdere vrae wat hieruit voortspruit**

- Watter perspektiewe bied die Skrif om tot vernuwende insigte te kom ten opsigte van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het?
- Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe met betrekking tot hierdie tema?
- Watter vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?
- Watter praktykteoretiese riglyne kan gebied word vir die pastorale begeleiding van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het?

## **1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE**

### **1.4.1 Doelstelling**

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om na te vors hoe die bejaarde, wat 'n volwasse kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, pastoraal begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing.

### **1.4.2 Doelwitte**

- Om Skriftuurlike perspektiewe te identifiseer wat kan lei tot vernuwende insigte met betrekking tot bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.
- Om vas te stel watter perspektiewe die hulpwetenskappe bied met betrekking tot hierdie tema.
- Om vas te stel of daar vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid na vore kom vanuit 'n empiriese ondersoek.
- Om praktykteoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.

## **1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT**

Die bejaarde, wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, kan met behulp van pastorale riglyne begelei word tot emosionele en geestelike genesing.

## **1.6 METODE**

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het.

### **1.6.1 Basisteoretiese perspektiewe**

Aandag sal gegee word aan perspektiewe vanuit die Skrif wat moontlik kan lei tot vernuwende insigte met betrekking tot bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.

Die volgende vier perikope sal hanteer word:

- Gen 37:31-36: Die beweerde dood van Josef – 'n onnatuurlike dood wat deur wilde diere veroorsaak is.
- 2 Sam 18:33-19:8: Die dood van Dawid se seun Absalom – 'n kind sterf tydens 'n geweldsge vulde oorlogsituasie.
- Luk 7:11-17: Die opwekking van 'n weduwee van Nain se seun.
- Luk 24:13-35: Die oorwinning oor die dood deur Jesus Christus: die verhaal van die Emmausgangers – die perspektiewe wat Christus se oorwinning vir alle mense open: ook vir bejaardes wat hul kinders aan die dood afstaan.

Bogenoemde perikope sal behandel word met inagneming van die breë en spesifieke openbaringshistoriese agtergrond - daar sal dus aandag gegee word aan die betrokke perikope se posisie binne die spesifieke Bybelboek sowel as binne die breër konteks van die Bybel. Die spesifieke genre wat gebruik word, die sosio-historiese agtergrond sowel as die grammaties-tematiese opbou van die perikope sal ook ondersoek word. Die openbaringstemas van die perikope sal geïdentifiseer word en

die beginsel van *sacra scriptura sui ipsius interpret* sal gehandhaaf word deur na ander perikope uit die Bybel te verwys en dit te vergelyk. Voorts sal gefokus word op die wyse waarop die betrokke perikope se openbaring by die openbaring van die Skrif as geheel inpas. Die vraag na die bydraes van die perikope tot die verstaan van God se openbaring oor die spesifieke tema, sal ook aandag ontvang (de Klerk, 2005:53, 77-86).

Die openbarings-historiese keuse van die perikope is geleë in die feit dat Gen 37 en 2 Sam 18, en in 'n mindere mate Luk 7, literêr as prosa beskryf kan. Dit gaan hier oor die eg menslike hartseer van ouers wat kinders aan die dood afstaan. In hierdie perikope is God egter self die hoofkarakter in die vertellings van menslike hartseer, en die lesers word daarmee voor sekere geloofskeuses gestel.

Luk 24 is as tweede Nuwe Testamentiese perikope ingesluit omdat die dood en opstanding van Jesus Christus hier vanuit die Emmausgangers se perspektief beskryf word - en nie omdat dit primêr die hartseer van ouers in die sterwe van hulle volwasse kind, soos in die geval van die Ou Testamentiese gedeeltes beskryf nie. In samehang met die perikope uit Luk 7, kulmineer die verhaal dan uiteindelik in die reddende verlossing van Jesus Christus, wat die Woord se oorwinningsfeite oor die dood konstateer. Luk 7 en 24 gee dus, in samehang met die ander perikope, 'n duideliker openbaring oor die wese van God self en van die redding en liefde van God. Die perikope bied ook 'n baie definitiewe oproep tot geloof op grond van die beskrywing van God se wese. Sonder hierdie Nuwe Testamentiese blik sou die dood van 'n volwasse kind 'n troostelose einde impliseer en sou die ouers nie begelei kon word tot 'n eindelose troos nie.

Die Gereformeerde tradisie sal as vertrekpunt dien vir hierdie studie en eksegetiese sal volgens die hermeneutiese vertrekpunte en reëls van die grammaties-historiese metode gedoen word (Coetzee, 1990:17, De Klerk, 2005:63).

### **1.6.2 Metateoretiese perspektiewe**

Daar sal aandag gegee word aan die resultate van die navorsing van aangrensende wetenskappe en dissiplines. Daar sal gelet word op sekere raakvlakke met hierdie

betrokke tema en relevante stof sal gebruik word. 'n Literatuurstudie, deur middel van analise, interpretasie en sintese, sal gedoen word en inligting byeengebring word.

Aandag sal ook gegee word aan enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema wat deur 'n empiriese ondersoek na vore mag kom. Hierdie inligting sal bekom word deur middel van 'n kwalitatiewe sowel as 'n kwantitatiewe empiriese ondersoek.

Daar sal in die ondersoek deur middel van groeps gesprekke aandag gegee word aan 'n groep van 28 bejaarde lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Wakkerstroom asook 'n aantal lidmate van die Verenigende Gereformeerde Kerk in e'Sizameleni. Hierdie sal die kwantitatiewe deel van die ondersoek wees.

Daarna sal daar op 'n meer persoonlike vlak aan die hand van gestruktureerde vraelyste, onderhoud en genogramme 'n ondersoek met 'n kleiner geselekteerde groepie van 4 egpare of enkellopendes gedoen word. Hierdie sal die kwalitatiewe deel van die ondersoek wees.

### **1.6.3      Praktykteoretiese perspektiewe**

Deur middel van 'n wisselwerking tussen basis- en metateorie sal gepoog word om 'n pastorale model daar te stel vir die pastorale begeleiding van die bejaarde wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.

### **1.6.4      Ander tegniese aspekte**

- Vir die afkorting van Bybelboekname is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bibliografie).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar*.
- Die terme *kliënt*, *beradene* en *individu* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.

- Die terme *terapeut*, *berader* en *pastor* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.
- Die inhoud van hierdie Proefskrif voldoen aan al die etiese vereistes soos neergelê deur die Noordwes-Universiteit.

## 1.7 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding

### **Afdeling A: Basisteoretiese perspektiewe**

Hoofstuk 2: Eksegese van 'n aantal Skrifgedeeltes

Hoofstuk 3: Teologiese basisteorie

### **Afdeling B: Metateoretiese perspektiewe**

Hoofstuk 4: Evaluering van die bydrae deur ander hulpwetenskappe

Hoofstuk 5: Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek

### **Afdeling C: Praktykteoretiese perspektiewe**

Hoofstuk 6: Die formulering van 'n pastorale model

Hoofstuk 7: Konklusie en samevatting

## **AFDELING A: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 2**

#### **EKSEGESE VAN 'N AANTAL SKRIFGEDEELTES**

##### **2.1 BASISTEORIE**

James Fowler (2004:43) haal in 'n artikel oor die modelle van Praktiese Teologie 'n aanhaling van Herbert Finagarette aan wat sê: “*One day I saw, in a way that mattered, that the task is not to write the program, but to execute it...*”. 'n Sinvolle basisteorie het altyd die uitvoering en die praxis in die oog, sodat God se Koninkryk beter gedien kan word.

'n Basisteorie is 'n fundamenteel prakties-teologiese teorie binne die vak van die praktiese teologie of diakonologie. Pieterse (1993:133-134) noem verskeie doelwitte van 'n basisteorie:

“Die basisteorie dien om die kommunikatiewe prosesse van die praxis te verstaan, om as kritiese teorie dit te toets en te beoordeel, om die perspektief en normatiewe komponente vir praktykteorieë te verskaf, asook om as rigtingwyser vir die kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie te funksioneer”.

Die uitgangspunt van die basisteorie in hierdie studie, sal by bogenoemde aansluit.

Indien enige studie of enige praktyk van die pastorale teologie buite die raamwerk van God se Woord bestudeer of toegepas word, bestaan die moontlikheid dat die pastoraat sy karakter kan verloor en 'n suiwer empiriese of fenomenologiese hulpdisipline word. Sonder die Woord is die pastoraat bloot 'n kwasi-sielkundige wat menslike hulp verleen. Pastoraat geskied daarom altyd in die lig van die Evangelie (Louw, 1997:43) en in die lig van die heil van Jesus Christus as Verlosser.

Wanneer Louw (1997:58) praat oor pastoraat en hy noem dit *geloofshulp as lewenshulp*, dan sluit hy by die boek van H. Tacke, *Glaubenshilfe als Lebenshilfe*, aan. Tacke wil beklemtoon dat die eiesoortige aard van die pastoraat nie setel in sy uitwerking (lewenshulp) en sy metode (gespreksteknieke) nie, maar in sy *inhoud*: die heil van Jesus Christus. Dit kwalifiseer 'n pastorale basisteorie.

Hierdie studie sal dus geskied vanuit die soteriologiese vertrekpunt van die verlossing van Jesus Christus asook die eskatologiese perspektief van die Koninkryk van God.

### **2.1.1 Die term praktiese teologie**

In 1774 is die vak pastoraal-teologie deur die Rooms-Katolieke teoloog F.S. Rautenstrauch as deel van die teologiese studie van die Rooms-Katolieke kerk in die geheel gevestig. Dié vakgebied van die pastoraal-teologie het hoofsaaklik oor die teologiese fundering van die priester en sy funksies gehandel, veral as geestelike beampte van die staat (Eybers, 1978:285).

In die Gereformeerde kringe was daar gelyktydig 'n vakrigting met die naam pastorale teologie. Die Gereformeerdes het gepoog om met ander benaminge, ander inhoude aan die pastorale teologie te gee. So word die term praktiese teologie later gemunt. Heyns en Jonker (1977:297) is egter van mening dat hierdie term verwarrend en onaanvaarbaar is, omdat alle handelinge (πραξις) as prakties gereken sou kon word (Louw & Nida, 1988:519). Die hele teologiese wetenskap is eintlik 'n praktiese wetenskap.

Op die voetspoor van Abraham Kuyper kies hulle gevolglik eerder vir die benaming Diakonologie waar die klem gelê word op die woord διακονος, wat op die woord dienskneg sinspeel (Louw & Nida, 1988:460). Dit dui op die dienswerk of bediening van die kerk (διακονια) as geheel (Louw & Nida, 1988:461).

Die terme praktiese teologie en diakonologie word vandag binne die familie van Gereformeerde kerke as wissel terme gebruik. Hierdie studie kies vir die term

praktiese teologie in die sin van 'n praktykgerigte pastorale hulp (διακονία) aan bejaardes.

Dit gaan in die praktiese teologie wesenlik om die gebeure van Woordbemiddeling (Louw, 1997:43) of soos Heitink dit stel: kommunikasie van die Evangelie (1977:154) of ontmoetingsgestalte van die Evangelie (1977:162). Daarom word die vak praktiese teologie gesien as 'n teologiese teorie van kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie (Pieterse, 1993: 132). In die lig hiervan is die volgende aanhaling besonder van toepassing:

*“The way forward in practical theology involves placing more radical trust in God’s self-disclosure and promises found in our traditions of revelation; more radical investment in concrete, existential-social-historical action in anticipation of the in-breaking commonwealth of love; and a more radical engagement, through present action and prayer, to make us partners in God’s work of creation, governance, and liberation/redemption”* (Fowler, 2004:43)

### **2.1.2 Die verhouding teorie-praxis**

Die praxis van kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie word bestudeer waar dit ookal geskied: in die kerk en buite die kerk, deur alle gelowiges, waar die Evangelie aan mekaar gekommunikeer word en die Evangelie oorgedra word (Pieterse, 1993:131) en nie net waar die ampsdraers van die kerk ter sprake is nie. In hierdie studie gaan die “praxis” dus om veel meer as die optrede van die ampsdraers – dit gaan oor die diakonologiese/praktiese aspek van kerkwees.

Zerfass (1976:77) sê in sy uitgangspunt oor teorie en praxis (hy noem dit “*ein umstrittenes Verhältnis*”), dat “*in diesen unterschiedlichen Interessen spiegelt sich das Grundproblem der PrTh: wie sind Theorie und Praxis aufeinander zu beziehen?*”

Onder *teorie* word 'n teologiese teorie verstaan: 'n samehangende sistemativering van normatiewe uitsprake wat ons ten opsigte van die saak van Jesus en sy

oorleeringsgeskiedenis aan die huidige kerklike praktyk en die huidige samelewingsituasie oriënteer (Eybers, 1978:285). Anders gestel: 'n Teologiese teorie wat die kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie in die kerk en samelewing dien (Pieterse, 1993:172).

Onder *praxis* word die praktyk van die handeling van die ganse kerk in diens van die Koninkryk van God verstaan (Eybers, 1978:285). *Praxis* beteken dus 'n "gereflekteerde praktyk" (Pieterse, 1993:173). Praxis is gerig op 'n verandering van die huidige situasie binne die verbondsgemeenskap en daarbuite, aan die hand van die Woord en God se Koninkryk.

'n Praxis sonder die teorie is suiwer pragmatisme - 'n teorielose praxis wat in beginsel nie kan bestaan nie. Wanneer die teorie egter ook nie die praxis in ag neem nie, is dit net so 'n *contradictio in terminus*: daar bestaan nie iets soos suiwer teorievorming nie. Die praxis word altyd deur die teorie gedra en die teorie word altyd deur die werklikheid van die praxis beïnvloed (Pieterse, 1993:174).

### **2.1.3 Die model van Zerfass**

In die metodologie van hierdie studie, waar ondersoek word hoe die bejaarde (wat 'n volwasse kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het) met behulp van pastorale riglyne begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing, word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:167) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Hy sluit aan by die kommunikatiewe handelingsteorie van Habermas (Pieterse 1993:177).


Daar is ook ander modelle ontwerp, soos onder andere dié van J.A. van der Ven wat nomoteties in sy empiriese teologie te werk gaan. In sy empiries-teologiese ondersoek maak Van der Ven gebruik van observasie, induksie, deduksie, toetsing en evaluasie. Dit is later effens uitgebrei (Pieterse, 1993:178-180). Hy is ook van mening dat 'n mens met hierdie genoegsame kennis van die praxis in staat sal wees om die grense van die praxis te verlê in die rigting van die perspektief van die Koninkryk van God.

Hierdie en ander modelle soos die van David Tracy, Edward Farley, Don Browning en Mathew Lamb (Fowler 2004:43-58) lê tussen die praxis en die teorie. Dit verduidelik enersyds die teorie, en is andersyds 'n hulpmiddel om die teorie onderliggend aan die praktyk te ontdek: Praxis→Model→Teorie. Die model word egter ook ingespan om 'n nuwe teorie vir die praxis duidelik te maak en uiteindelik die praxis te verander: Teorie→Model→Praxis (Heyns, 1990:37).

Zerfass se metodologiese model van wetenskaplike ondersoek, is gegrond op die bipolêre spanning tussen die teorie en praktyk (Louw, 1997:41). Dit beteken dat die teorie voortdurend deur die praxis bevraagteken word en dan weer krities oor die praxis moet kan besin (Pieterse, 1993:173).

Zerfass se model ondersteun 'n studie om die praktyk te evalueer, 'n teorie daar te stel, en dit dan weer te meet aan die praktyk. Indien dit 'n positiewe verandering aan die praktyk kan te weeg bring, is dit suksesvol. Die bestaande teorie kan bevestig of gewysig word en die huidige praxis bestendig of verander word (Pieterse, 1993:173).

Die model van Zerfass kan skematies soos volg voorgestel word (Zerfass, 1974:164): (Dit is numeries/alfabeties gewysig om verduideliking van die model makliker te maak).



Dié model is 'n voorbeeld van prosesnavorsing en neem 'n praktiese probleem as beginpunt in die formulering van 'n basisteorie. Alhoewel die stimulus by die probleme en behoeftes van die praktyk begin, gaan soek die model oplossings by die teologiese tradisie in terme van dit wat reeds rondom die probleem gesê en gedoen is. Dit bewerkstellig 'n nuwe scenario wat weer eens aan die teologiese tradisie en die praktyk getoets moet word.

Venter (1992: 44) is egter onseker wat Zerfass met “tradisie” bedoel en daarom stel hy 'n aangepaste weergawe van Zerfass se model voor:

“'n Probleem ontstaan deurdat 'n bepaalde bedieningspraktyk nie meer bevredigend is nie. Om op wetenskaplike wyse 'n nuwe praktykteorie daar te stel, word 'n basisteorie ontwerp. Voorts word die situasie waarin die ou teorie gefunksioneer het – en nie meer funksioneer nie – aan die hand van empiriese gegewens ontleed, terwyl ook metateoretiese insigte geïntegreer word. Vanuit die basisteorie, in hermeneutiese wisselwerking met die situasie-analise, word nou 'n nuwe (verstelde) praktykteorie ontwerp. Op hierdie wyse vind voortgaande Diakoniologiese teorievorming plaas” (Venter 1995: 199-200).

Zerfass se wetenskaplike proses is eintlik 'n hermeneutiese proses: as die proses deurloop is, behoort daar

“... vanweë 'n konkreter greep op die werklikheid, 'n veranderde horison te vorm van waaruit ons die Bybel verstaan vir eie tyd – spesifiek met die oog op optimale kommunikasie van die evangelie” (Pieterse, 1993:176).

Die model van Zerfass kan **teoreties**, na aanleiding van die alfabetiese numering en beskrywing binne die vloeddiagram, soos volg verduidelik word:

- A: Praxis 1 is die heersende omstandighede.
- B: Die Teologiese oorleweringe het tot die Praxis 1 aanleiding gegee.
- C: 'n Situasië-analise word van Praxis 1 gemaak, aangesien Praxis 1 nie meer bevredig nie.
- D: Ander wetenskappe se insigte word in 'n empiriese ondersoek verkry, met inagneming van die teologiese oorlewering.
- E en F: Daar vind wisselwerking plaas tussen die teologiese oorlewering en die situasië-analise en hierdie wisselwerking tussen die basisteorie en die metateorie lei tot die nuwe praktykteorie (die prakties-teologiese teorie).
- G: Hierdie prakties-teologiese teorie moet in die praktyk toegepas word
- H: Die nuwe praxis moet aan die werklike situasië getoets word
- I: Die nuwe praxis moet ook aan die teologiese oorleweringe getoets word.

Die model van Zerfass kan **prakties**, ook na aanleiding van die alfabetiese numering en beskrywing binne die vloeiëdiagram, soos volg verduidelik word:

- A: Praxis 1 is die heersende pastorale sorg aan bejaardes wat hul kinders op onnatuurlike wyse aan die dood afstaan.
- B: Die Teologiese oorleweringe het tot die heersende pastorale sorg aanleiding gegee.
- C: 'n Situasië-analise word van die spesifieke pastorale sorg gemaak omdat die pastorale sorg nie bevredig nie.
- D: Ander wetenskappe se insigte word verkry, asook 'n empiriese ondersoek, met inagneming van die teologiese oorlewering.
- E en F: Daar vind wisselwerking plaas tussen die teologiese oorlewering en die situasië-analise en hierdie wisselwerking tussen die basisteorie en die metateorie lei tot die nuwe praktykteorie (die prakties-teologiese teorie).
- G: Hierdie prakties-teologiese teorie moet in die praktyk toegepas word
- H: Die nuwe praxis moet aan die werklike situasië getoets word en
- I: die nuwe praxis moet ook aan die teologiese oorleweringe getoets word alvorens daar van 'n beduidende nuwe Praxis 2 gepraat kan word.

Die Praxis 2 hoop om die sentrale teologiese argument van die studie te steun: die bejaarde, wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, kan met behulp van pastorale riglyne begelei word tot emosionele en geestelike genesing.

#### **2.1.4 Doelstelling van die hoofstuk**

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is die formulering van basisteoretiese perspektiewe vanuit God se Woord, met inagneming van die kerklike tradisie in die verlede. Dit sal moontlik kan lei tot vernuwende insigte met betrekking tot pastorale begeleiding van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.

#### **2.1.5 Kerklike bedieningspraktyke in die verlede ten opsigte van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.**

Hierdie navorsing word gedoen vanuit die Gereformeerde tradisie en sal in die eerste plek gebaseer wees op die praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika. Na aanleiding van 'n rekenaarsoektog wat aan die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noord-Wes Universiteit gedoen is, is gevind dat daar baie min inligting bestaan (veral binne die Suid-Afrikaanse konteks asook die NG Kerk konteks) met betrekking tot die trauma van bejaardes wat hulle volwasse kinders aan die dood afgee.

Daar word op die platteland gewoonlik op twee praktiese wyses kerklik ondersteuning gegee aan die bejaarde wat 'n kind aan die dood afstaan:

##### **2.1.5.1 Prediking**

Bejaardes vind troos uit die prediking vanaf gemeentekansels. Predikante preek soms oor die dood, veral met begrafnisse van vriende en kollegas van die bejaardes. Dit is dikwels 'n indirekte en voorbereidende troos vir die trauma wat onwetend gaan volg. Sulke preke is inderdaad baie meer werd vir 'n bejaarde wat alreeds 'n kind aan die dood afgestaan het. Hierdie ondersteuning is egter nie voldoende met betrekking tot die bejaarde nie. Daar is baie meer as net die terloopse prediking oor die dood nodig om 'n bejaarde te lei na heelwording ná die dood van 'n volwasse kind.

### 2.1.5.2 Pastoraat

Volgens die kerklike tradisie binne die NG Kerk besoek die ouderling of die gemeentepredikant of die predikant wie se bedieningsveld dit is (in groter gemeentes), die persone wat 'n kind aan die dood afgestaan het. Die navorser se praktiese ondervinding in die bediening aan bejaardes, is dat die ouers dikwels in 'n ander dorp en gemeente woon as die volwasse kind wat gesterf het. Die predikant, gemeente en gemeenskap van die bejaarde is om daardie rede dikwels nie eens bewus van die trauma waardeur die bejaarde gaan nie. Die feit dat die bejaarde ouers dus nie noodwendig die primêre bedroefdes is nie, dra by tot hierdie onkunde. Moss (2006:1) maak in hierdie verband byvoorbeeld die stelling dat wanneer 'n middeljarige persoon sterf, die oorlewende eggenoot en kinders die belangrikste treurendes is. Die ouers van die oorledene word met minder entoesiasme deur die dokters, predikante, familie en vriende behandel.

Klich (2006:1) beklemtoon die probleem wanneer hy dit soos volg beskryf:

*“When a young child dies there is an immense outpouring of sympathy from everyone and the very thought of a child dying, carries so much hurt that people want to gather around the parents and show their concern. Strangely though, when an adult child dies and the older parents is the survivor, the attitude can be very different. The family members do not realize how intense an older person’s grief really is and it may be dismissed as just another condition of the aging process.”*

Mense aanvaar dat die pyn van die verlies minder is omdat die kind 'n volwassene is (Anon, 2006a:1).

Deel van so 'n bejaarde ouer se problematiek is die feit dat sy/haar sosiale netwerk baie kleiner word soos hulle ouer word en vriende verloor as gevolg van verhuising, sommige se afsterwe en ook ander redes (Brubaker, 1985:39). John Herr (1979:289) noem dat die bejaarde wat so 'n trauma beleef waarskynlik ook gevoelens van isolasie, hulpeloosheid en hopeloosheid sal ervaar. Dit lei tot gevoelens van apatie en depressie wat kommunikasie met die predikant of andere wat hulp kan verleen, sal

strem. Die pastor moet dus in die eerste plek 'n vertrouensverhouding met die bejaarde hê, geduldig teenwoordig en beskikbaar wees en die bejaardes se gevoelens en emosies verstaan om hulle sinvol te begelei tot heelheid.

## 2.2 IDENTIFISERING VAN SKRIFGEDEELTES

Die Skrifperspektief van die verlossing van Jesus Christus dien as die vertrekpunt vir die eksegeese. Die ter saaklike Skrifgedeeltes is spesifiek gerig op hierdie basisteoretiese vertrekpunt, maar moet steeds binne die groter raamwerk van die Skrif bestudeer word (Floor, 1990:8). In die lig hiervan is die volgende uitspraak besonder van toepassing: *Sacra Scriptura sui ipsius interpres* - die heilige Skrif is vir homself sy eie uitlegger (Floor & Coetzee, 1980:27). Die Skrif verklaar dus die Skrif en die uitlegger moet altyd sy eksegeese en bevindinge aan die holistiese beeld en groter boodskap van die Skrif gaan meet. Elke Skrifgedeelte sal dus binne die Openbaringshistoriese konteks bestudeer word.

Indien 'n mens op 'n verantwoordelike manier met die Skrif wil omgaan, is dit nodig dat kortliks gekyk word na die hermeneutiese prosesse wat in die eksegeese na vore kom. In hierdie verband wys Floor (1980:15) op die volgende belangrike aspekte:

*“Eksegese (in breëre sin) is die deelwetenskap wat hom met UITLEGKUNDE besig hou. Dit wil dus deur praktiese, metodologiese analise en sintese van wat in die Skrif geskrywe staan, tot verstaan van die Skrif vir ons konkrete situasie vandag kom. Hermeneutiek is die deelwetenskap wat die beginsels en die reëls vir die praktiese eksegeese teoreties ONDERSOEK, TOETS en VASSTEL. Eksegese (in 'n engere sin) het te doen met die vraag na wat die skrywer vir die destydse lesers van in hulle konkrete situasie gesê het. Hermeneuse het te doen met die verstaanprobleem en die toepassingsvlak vir vandag.”*

As uitgangspunt vir die eksegeese en as hermeneutiese vertrekpunt word aanvaar dat die Skrif die Woord van God in mensetaal is en nie die menslike woorde oor God nie (Floor, 1980:18).

Die volgende Skrifgedeeltes is gekies op grond van parallels met die dood van 'n volwasse kind, of die oorwinning oor die dood. Die teksgedeeltes dui ook iets aan van die gebrokenheid van 'n ouer wanneer sy/haar volwasse kind sou sterf.

2.2.1. Gen 37:31-36: Die beweerde dood van Josef – 'n onnatuurlike dood wat deur wilde diere veroorsaak is.

2.2.2. 2 Sam 18:19-19:8a: Die dood van Dawid se Seun Absalom – 'n kind is dood tydens 'n geweldsgevolle oorlogsituasie.

2.2.3. Luk 7:11-17: Die opwekking van 'n weduwee van Nain se seun.

2.2.4. Luk 24:13-35: Jesus Christus se oorwinning oor die dood: die verhaal van die Emmausgangers – die perspektiewe wat Sy oorwinning vir alle mense open: ook vir bejaardes wat 'n volwasse kind aan die dood afstaan.

(Sien bylaag B vir verskillende vertalings van die onderskeie perikope).

## **2.3 EKSEGESE VAN GEDEELTES IN DIE OU TESTAMENT**

Alle aanhalings uit Hebreeus is gemaak uit die BIBLIA HEBRAICA (1977)

### **2.3.1 Gen 37:31-36: Die beweerde dood van Josef – 'n onnatuurlike dood wat deur wilde diere veroorsaak is.**

- **Probleemstelling**

Wanneer 'n bejaarde ouer 'n volwasse kind aan die dood afstaan, is die gedagte dat die situasie buite God se hand om gebeur, dat daar geen positiewe gevolge daaruit kan voortspruit nie en dat God nie beheer het oor die situasie nie, dikwels teenwoordig.

- **Interpretasie van die boek Gen en die keuse van die perikoop**

Wenham (2003:32) skryf dat dit 'n gegewe is dat elke mens 'n sekere voorafkennis het wanneer Gen gelees word. Hierdie voorafkennis is opgebou deur byvoorbeeld inligting van preke, kategese en dit wat in die ouerhuis oor die Bybel geleer is. Voorafkennis is belangrik maar dit kan ook gevaarlik wees.

Om Gen egter reg te verstaan, moet 'n mens die teks probeer lees soos die eerste lesers die teks sou lees. Dit sal selfs nog beter wees om die teks te lees soos die oorspronklike skrywer dit bedoel het en selfs nie net soos die eerste lesers dit sou verstaan het nie, want tussen die skrywer se bedoeling en die lesers se verstaan kan daar ook 'n groot hermeneutiese gaping wees.

Om Gen só te verstaan is daar uiteraard 'n paar faktore wat dit baie bemoeilik. Bybelkenners is nie seker wat die presiese omstandighede van die eerste lesers was nie en is ook nie seker wie die eerste skrywer was, of wat sy presiese bedoeling was nie.

Om sin te maak uit 'n boek soos Gen moet daar gepoog word om alle moontlike agtergrondskennis van die outeur en eerste lesers, die doel van die boek, die genre, tema, bronne en datering vas te stel. Vanuit hierdie gegewens kan die Christenleser die vraag na die betekenis van Gen vir vandag, veel meer ingelig beantwoord. (Vir verwysing na die begrafnisrituele en die rouproses in die Ou Testament, sien Bylaag A).

Ernstige moderne kritiese gesprekke oor die interpretasie en verstaan van Gen het alreeds in 1753 met J. Astruc begin wat geskryf het oor die "*Conjectures on the Sources Moses may have used to compile Genesis*" (Wenham, 2003:34). Astruc het twee ontdekkings gemaak: Daar is sommige duplikaat gedeeltes in Gen en die term wat vir God gebruik word, is soms *Yahwe* (die ouer gedeeltes) en soms is dit *Elohim* (die latere byvoegsels). Hierdie uitgangspunt het uiteindelik die basis geword van enige moderne kritiese denke oor Gen. Die gedagte dat Moses Gen geskryf het, word vandag deur min skrywers gehuldig.

In die vroeg negentiende eeu was daar drie prominente modelle wat die groei in die boek Gen probeer verduidelik het: die eerste model was die fragmentariese model wat meen dat Gen. bestaan uit 'n aantal individuele oorlewings wat op 'n gegewe tyd deur 'n kompuleerder tot een boek saamgevoeg is. Die tweede model was die aanvullende model wat meen dat die boek eers 'n kort weergawe van Gen was en toe deur 'n reeks van redaksionele uitbreidings gevorm is, waar elke keer meer en meer materiaal bygevoeg is, totdat die huidige vorm van die boek sy inhoud en spesifieke genre gekry het. Die derde model is die dokumentêre model wat meen dat Gen ontstaan het uit drie onafhanklike bronne, wat elkeen dieselfde geskiedenis gedek het, maar vanuit verskillende perspektiewe. Die oudste en langste bron was die Yahwistiese bron ("J") wat inligting van Gen 2-50 bevat het. Hierdie bron is uitgebrei deur gebruik te maak van die volgende lang bron, die Elohim bron ("E") wat inligting van Gen 15 – 50 bevat. Die Priesterlike bron ("P") bevat inligting wat regdeur Gen voorkom en is gebruik om die J- en E-dokument uit te brei tot die boek Gen soos dit vandag daar uitsien (Turner 2000:11). Wanneer Turner (2000:11) oor die Pentateug as geheel praat, noem hy dat daar nog 'n bron is, naamlik die Deuteronomistiese bron ("D"). Volgens Wenham (2003:64) is die gedeelte van Gen 37:2-36 'n gedeelte waarvan die ontstaan teruggevind kan word vanuit die J-bron, E-bron en die P-bron.

Vir die meeste lesers van Gen maak hierdie onsekerheid oor die bron van Gen se geskiedskrywing en die interpretasie daarvan, nie veel saak nie. Wat belangrik is, is dat die boek Gen kanoniese gesag dra en dat die finale teks die teks is wat die fokus van interpretasie moet wees.

Die keuse van hierdie perikoop vir die navorsing is geleë in die verhaal van Jakob wat (oënskynlik) op 'n onnatuurlike wyse 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het. Die teksgedeelte kan pastoraal van hulp wees met betrekking tot die begeleiding van bejaardes wat ook volwasse kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.

- **Die plek van die perikoop in die Bybel en in die boek Gen.**

Whybray (2001:38) sê dat Gen deel vorm van 'n groter historiese deel van die Bybel wat begin by die skepping en eindig by die vernietiging van die koninkryk van Juda

in die sesde eeu voor Christus (die slothoofstukke van 2 Konings). Die geskiedskrywing wil die trou en die teenwoordigheid van die Here in Israel se lewe bevestig.

Die boek Gen vorm voorts die basis waarheen die ganse Bybel telkemale terug verwys naamlik die Verbondsgod - die God van Abraham, Isak en Jakob.

Onlangse wetenskaplike navorsing oor die boek Gen werp lig op die samestelling en literêre aard daarvan. Die boek Gen bestaan uit 'n inleiding (1:1-2:3) wat dan gevolg word deur tien dele waarvan elk ingelei word deur die woorde: “Hier volg die familiegeskiedenis of geslagsregister...” (Wenham, 2003:32). Die Hebreeuse woord תולדה of תלדה word as sleutelwoord met die afbakening gebruik – dit beteken “wat voortkom uit” of “wat gegenerer is”. (Hamilton, 1997a:455; Harris, *et.al.*, 1980:378) Volgens Wenham (2003:32) kan die woord vertaal word met “daaropvolgende geskiedenis”. Die woord תולדה of תלדה (wat voortkom uit of wat gegenerer is) lei soms 'n korter geskiedenisbeskrywing in en somtyds 'n langer geskiedenisbeskrywing. Die laaste 40 hoofstukke van Gen bestaan uit drie lang gedeeltes, naamlik dié van Tera (11:27-25:11), Isak (25:19-35:29) en Jakob (37:2-50:26). Hierdie lang gedeeltes word onderbreek deur die genealogie van Ismael (25:12-25:18) en Esau (36:1-37:1). In elke geval gaan die genealogie van die nie-verkose familielid dié van die uitverkose broer vooraf.

Wanneer daar na die plek van die perikoop in die boek gekyk word, verdeel Wenham (2003:35) die boek Gen in drie groepe:

- Die Skeppingsgeskiedenis (hoofstukke 1-11);
- God se keuse van Abraham, die nageslag van die ganse menslike ras en die beloftes wat aan hulle gemaak is (hoofstukke 12-36);
- Die Josef-geskiedenis (hoofstukke 37-50).

Wat betref Gen 37, verdeel Brueggemann (1982:300) hierdie hoofstuk 37:1-36 in drie duidelike dele:

- Vv. 5-11: Die droom word aangekondig.
- Vv. 12-17: 'n Tussentoneel.
- Vv. 18-32: Die broers speel 'n dominante rol.
- Vv. 33-35: Jakob se rou en weeklaag.


Die drie tonele beweeg van spanning, na geweld, na smarte. Vers 36 staan aan die einde asof dit nie deel van die perikoop is nie, maar dit is versigtig deur die skrywer daar geplaas om 'n wenk te gee: daar is meer wat kom. Daar is meer in die droom as wat die broers kan stop.

In die lig van Wenham se verduideliking oor die vier beloftes wat deurgaans in Gen gemaak word, (2003:33) kan ons verstaan dat die slotvers van die perikoop vir die eerste lesers hoop gegee het. Jakob en Josef sal 'n land hê, hulle sal 'n groot nasie wees, hulle sal God se bewaring en seën geniet en ander volke en nasies sal deur hulle geseën word. Die laaste vers vorm die verbinding tussen die uitsiglose lot van Josef en die Jakob-familie, en die waarmaak van hierdie vier beloftes – beloftes wat inderdaad in Josef se lewe nagekom is. So raak die laaste vers ook die hoogtepunt van hierdie sombere verhaal – Josef leef ... en daar is hoop!

Die verhaal van Gen 37 sou egter, in kritiek op Breuggeman (1986:300), volgens die verskillende temas wat in die hoofstuk voorkom, soos volg ingedeel kon wees:

- Vv. 1-4 – Inleiding
- Vv. 5-11 – Die Dromer en sy familie se reaksie
- Vv. 12-17 – Israel se opdrag aan Josef
- Vv. 18-27b – Die gesprek van Josef se broers
- Vv. 27c – 30 – Josef word verkoop
- Vv. 31-32 – Die broers se bose plan
- Vv. 33-35 – Jakob treur oor Josef
- Vv. 36 – Die lot van Josef.

Die struktuur van Hoofstuk 37 kan dan skematies soos volg uiteengesit word (Vir 'n meer uitgebreide weergawe van die struktuuranalises, sien bylaag D):



- **Die outeur van Gen en die genre van die boek en perikoop.**

Die boek Gen, as eerste boek in die Ou Testament, is 'n boek wat in die eerste plek geskiedskrywing in die oog het. Aalders (1981a:44-45) sê dat dit universeel aanvaar word dat die boek egter nie eksakte en feitlike geskiedenis beskryf nie – dit is veel meer as dit. Die geskiedenis is met 'n sekere doel geskryf. Wenham (2003:33) haal D.J.A Clines aan as hy sê: “*The theme of the Pentateuch is the partial fulfillment ... of the promise to or blessings of the patriarchs.*” Daar word deur dié boek vier beloftes gemaak, wat elke keer wat dit herhaal word, meer spesifiek gemaak word. Die beloftes is: hulle sal 'n land hê; hulle sal 'n groot nasie wees; hulle sal God se bewaring en seën geniet, en ander volke en nasies sal deur hulle geseën word. Hierdie beloftes is selfs ook latent teenwoordig wanneer Josef as slaaf aan die Midianiete verkoop word.

Wenham (2003:32-33) meen voorts dat die doel van die outeur was om die wortels van die Jakob-familie, die voorvaders van Israel, na te vors en te beskryf. Hierdie beskrywing laat die leser toe om iets van die fokus van die boek Gen te verstaan: Gen beteken *begin* of *oorsprong* – om die oorsprong van die volk Israel en die twaalf stamme te bepaal en God se handeling met die volk van Israel uit te spel. Die outeur kon dus 'n Israelitiese geskiedskrywer wees wat die wêreld waarin hy geleef het beskryf en wat ook probeer terugkyk het en daarmee sy volk se plek in die geskiedenis probeer vasstel het. Volgens Whybray (2001:39) was dit nie die doel van

destydse outeurs om die eksakte waarheid van gebeure neer te pen nie, maar om eerder by hul lesers die gevoel van eie identiteit op te wek – hulle is lede van ’n trotse, groot en edel volk of stad - deur God daar gestel – dus is dit teologiese geskiedskrywing van Israel se oorsprong. Turner (2000:17) meen dat daar in die Josef verhaal, of in die verhaal oor Jakob se familie, die bes gekonstrueerde narratief in die hele Gen gevind word.

Met die briljante manier waarop die stories van Gen neergepen is, tesame met die doelgerigte struktuur van die boek, is dit moeilik om te aanvaar dat dit maar net toevallig deur ’n redakteur tot een boek saamgevoeg is. Hierteenoor dra dit die stempel van ’n kreatiewe, maar ongelukkig onbekende outeur, wat deur die leiding van die Heilige Gees, een van die mees invloedryke werke in terme van wêreldliteratuur geskryf het.

Uiteindelik is Gen ’n **Goddelike** openbaring in die sin dat God Homself in gebeure van die Skrif openbaar, maar ook dat die Skrif ’n Goddelike **openbaring** is. Die doel van Gen is gevolglik om God se plan vir die verlossing van ’n gevalle mensdom te openbaar. *“Thus the entire Book of Gen is a revelation of Jesus Christ. The whole history points forward to Him. That is its purpose. That is its value”* (Aalders, 1981:49).

Vir ’n meer uitgebreide en skematiese uiteensetting in verband met die openbaring oor God in die gekose perikope, sien Bylaag C.

- **Die ontleding en gedagte-opbou van die teks. Vastelling van die kernvers.**

In hierdie studie word daar hoofsaaklik met die relasiëkomponente op die makrovlak gewerk. Daarmee wil die navorser ’n interpretasie gee van die relasies van die gedagte-eenhede van die teks (De Klerk & Van Rensburg, 2005:40).

Verse 31 en 32 vertel dat die broers Josef se kleed eers in bloed gedoop het en daarna na Jakob toe gestuur het. Jakob het hierop gereageer: in vers 33 het hy die kleed herken, in vers 34 het hy oor Josef getreur en in vers 35 wou hy hom nie laat troos

nie. Dit alles het gebeur sodat die toneel voorberei kon word dat Josef in vers 36 aan die Midianiete verkoop kon word. Daarom is vers 36 ook die kernvers in die hele perikoop.

Die hele perikoop handel oor die manier waarop God voorsiening gemaak het vir die redding van Jakob en sy familie, en so die ganse geskiedenis van Israel in Sy hand gehou het. Hierdie troue sorg loop soos 'n goue draad deur die hele verhaal wat oor die verkoop van Josef aan die Midianiete handel.

- **Die bepaling van die sosio historiese konteks van die perikoop.**

Net soos daar verskillende teorieë oor die bronne van Gen is, bestaan daar baie teorieë oor die datering van Gen. Volgens Wenham (2003:35) het die J-bron sy ontstaan in Jerusalem teen ongeveer die laat tiende of negende eeu voor Christus gehad. Die E-bron was 'n dokument van die Noordelike Koninkryk wat ongeveer 'n eeu later tot stand gekom het. Die P-bron het ongeveer 500 voor Christus tot stand gekom en die hele boek is kort daarna in die huidige eenheid saamgevoeg.

Wenham (2003:35) konkludeer dan soos volg: *“Putting all these clues together, I would conclude that Genesis was compiled out of materials originating in the second millennium which received it's final revision in the period of the early monarchy”* .

Die ontstaantyd van die materiaal kan dus op 1950 en 1300 v.C gestel word en die finale tot standkoming van Gen op ongeveer 1020 tot 1000 v.C. Die boek het dus tot stand gekom in 'n radikale en ingrypende oorgangstydperk vanaf die teokrasie (wat deur God gelei is) na 'n monargie (wat deur 'n koning gelei is). Die eerste drie konings was Saul, Dawid en Salomo – ongeveer 1020 tot 920 v.C. In hierdie tydperk het die opkoms en die invloed van die profete plaasgevind. Dit is 'n tydperk waarin die nuwe ryk geregeer en uitgebrei moes word. Dit is 'n tyd van oorlog, van die onbekwame koning Saul en die bekwame koning Dawid. In die hele oorgangsfase het die volk waarskynlik 'n soeke na identiteit gehad.

- **Die Josef-verhaal in openbarings-historiese konteks**

Volgens E-sword (2005) kom die naam van Jakob 384 maal in die Bybel voor en die naam van Josef (as seun van Jakob) 210 maal. Die naam van Josef kom 156 maal in Gen voor waar dit spesifiek oor die verhaal van Josef, sy broers, Jakob en Egipte gaan. Eksodus berig 4 maal oor Josef – sy sterwe en begrafnis. Ps 105 vertel oorsigtelik die verhaal. Die res van die Ou Testament verwys net vlugtig na die nageslag van Josef, of noem die naam van Josef in 'n figuurlike en poëtiese sin. Daar word in die Nuwe Testament vier maal na Josef as seun van Jakob verwys. Vir die doel van hierdie studie gaan daar vervolgens kortliks op drie Skrifgedeeltes gekonsentreer word ter wille van die openbarings-historiese konteks:

**Ps 105:16-25.** Ps 105 is 'n geskiedenispsalm waardeur die digter na die verlede wil heenwys en dit dan deel van die huidige geloofsbelewenis wil maak. Die doel daarvan is sodat die lesers in aanbidding die lof van die God van die geskiedenis sal besing (Bybel in Praktyk, 1993:846) en nie God se ingrype in Israel se lewe sal vergeet nie. God het as Verbondsgod vir Israel in die verlede gelei en beskerm. Net so sal God hulle ook in die hede lei en beskerm, al lyk dit soms nie moontlik nie – want Hy is nog steeds hulle Verbondsgod. Die geskiedenispsalms wil nie soseer geskiedenis vertel nie, maar wil vertel van God wat groot is in majesteit. Ps 105 wil die oorsprong-geskiedenis van die volk Israel aanspreek (Bybel in Praktyk, 1993:793) – daarin is die doel van Ps 105 en die boek Gen dieselfde.

**Hand 7:9-16.** Hierdie gedeelte gaan oor Stefanus se toespraak nadat die Sanhedrin hom aangekla het oor sekere Godslasterlike uitsprake wat hy volgens hulle sou gemaak het. Sy toespraak is vol aanhalings en sinspelings op die Ou Testament. Hy noem God die θεος της δοξης (die God van heerlikheid). Stefanus stel dit in hierdie gedeelte baie duidelik dat hy die God van die Verbond eer. God se heerlikheid is in die geskiedenis aan Israel en nou op 'n besondere wyse in die koms van Jesus Christus en die Heilige Gees geopenbaar. Vanaf verse 11-14 word Josef se geskiedenis meer uitvoerig behandel wanneer Stefanus Gen 42-46 briljant saamvat. Dit is treffend dat hy ook hier praat van “ons vaders” (οι πατερες ημων). Daarmee beklemtoon hy dat wat toe gebeur het, ook die huidige Israel en die Joodse Raad raak. *Jakob en “ons vaders” het toe na Egipte toe getrek waar daar geen tempel vir Israel*

se God was nie. Die Here het altyd sy beloftes nagekom, maar Israel was ontrou. Israel se harte was vêr van God af en daarom het hulle nie meer hulle verbondsbepalings uitgeleef nie (Bybel in Praktyk, 1993:1664).

**Openb 19:11-13.** Openb19:13 praat van *ματιον βεβαμμενον αιματι* (kleed wat in bloed gedoop was). Dit is die Ruiters op die wit perd wie se kleed met bloed bevlek is, soos Josef se kleed met bloed bevlek was. Josef was in vele opsigte 'n voorafskaduwing van Jesus Christus: net soos Josef eers verneder moes word en later verhoog is, so is Jesus eers verneder en toe verhoog. Net soos die bebloede kleed (en dit wat daardeur gesimboliseer word) vir die ganse Israel later verlossing gebring het, so het die bloed van Jesus Christus vir die hele wêreld verlossing gebring. In die konteks van Openb 19 is die bebloede kleed egter nie die simbool van Jesus se bloed wat gevloei het nie, maar simbool van die bloed van die oorwonne magte, die goddelose magte - Christus het hulle oorwin (Bybel in Praktyk, 1993:2019).

Die Skematiese verwysing na die openbarings-historiese betekenis van die betrokke perikoop:

Tema: Die Verbondsgod wat voorsien	
Skrifverwysing	Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis
<p><b>Ps 105:16-25</b></p> <p><i>16 Toe Hy hongersnood oor die land gebring het en al hulle kos laat opraak het, 17 het Hy iemand voor hulle uit gestuur: Josef is as slaaf verkoop. 18 Hulle het sy voete geboei en hom in die gevangenis gehou 19 totdat sy woorde bewaarheid is, nadat hy die toets deurstaan het met wat die Here aan hom bekend gemaak het. 20 Toe het die koning hom uit die gevangenis laat uitkom; die heerser oor baie volke het hom vrygelaat 21 en hom aangestel as hoof van die koninklike huishouding, met gesag oor al sy besittings. 22 Josef</i></p>	<p><b>Relevansie:</b></p> <p>Die hoofdoel met hierdie geskiedenispsalm is om die lesers te onderrig in God se wonderwerke sodat hierdie ingrype van God in Israel se lewe nie vergeet sal word nie en vir die nageslag behoue sal bly.</p>

<p><i>kon die amptenare van die koning na goeddunke beveel en selfs aan hoë amptenare leiding gee. 23 Israel het na Egipte toe gekom, Jakob kon in die land van Gam gaan woon. 24 Die Here het sy volk baie vrugbaar gemaak, talryker as hulle onderdrukkers. 25 Hy het die gesindheid van die Egiptenaars verander, sodat hulle sy volk gehaat en vyandig opgetree het teenoor sy dienaars.</i></p>	<p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b> God is altyd die getroue Een. Hy is in sy grootheid teenwoordig in Israel se lewe.</p>
<p><b>Hand 7:9-16</b> <i>9 "Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef as slaaf verkoop, en so is hy Egipte toe. Maar God was by hom 10 en het hom uit al sy ellende gered. God het aan Josef wysheid gegee, sodat hy in die guns van die farao, die koning van Egipte, gekom het. Die farao het hom as onderkoning van Egipte en as hoof van sy hele koninklike hof aangestel. 11 Later het daar hongersnood in die hele Egipte en ook in Kanaän gekom. Die nood was hoog, en ook ons voorouers kon nie kos in die hande kry nie. 12 Toe Jakob hoor dat daar kos in Egipte is, het hy ons voorvaders op hulle eerste reis daarheen gestuur. 13 Op hulle tweede reis het Josef hom aan sy broers bekend gemaak. Toe het die farao ook van Josef se familie te hore gekom. 14 Josef het vir Jakob, sy pa, en die hele familie laat haal, vyf en sewentig mense altesaam. 15 Jakob het na Egipte toe gegaan en daar het hy en ons voorvaders gesterwe. 16 Hulle liggame is na Sigem toe gebring en begrawe in die graf wat Abraham vir 'n som geld daar in Sigem by die nakomelinge van Hemor gekoop het.</i></p>	<p><b>Relevansie:</b> Stefanus is besig met sy toespraak en vertel van die heerlikheid van God wat in die lewe van Israel teenwoordig is - selfs al was Josef in 'n vreemde land sonder tempel.</p> <p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b> Die Here was altyd getrou, al was Israel ontrou - net soos die Sanhedrin aan God ontrou is. God bly egter die getroue Verbondsgod.</p>

**Openb19:11-13**

*11 Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiters word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog. 12 Sy oë het soos vuur gevlam, en op sy kop was daar baie heersers krone. Daar was 'n Naam op Hom geskrywe wat niemand anders ken nie, net Hy self. 13 Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en sy Naam is: "Die Woord van God."*

**Relevansie:**

Openb19 vertel van die Ruiters op die wit perd wie se kleed met bloed bevlek is (soos Josef se kleed met bloed bevlek was).

**Plek in die****openbaringsgeskiedenis:**

Hier is dit Christus se kleed wat met die bloed van die ongelowiges bevlek is: aan die einde sal Hy oorwinning vier oor die goddelose, en Sy kleed vol bloed bring bevryding soos Josef se bloedbevleete kleed ook later bevryding gebring het.

**Gevolgtrekking: Die openbarings-historiese betekenis van Gen 37:31-36:**

Bogenoemde perikoop uit Gen 37 handel oor die geskiedenis van Jakob se seuns wat hom bedrieg deur vir hom te vertel dat Josef dood is, maar in der waarheid is hy as slaaf aan Midianitiese handelaars verkoop. Die verhaal teken egter die reddende genade en troue sorg van die Verbondsgod. Net soos Hy Israel getrou bewaar het en vir hulle gesorg het, sal Hy die gelowiges ook bewaar en getrou versorg, al verstaan hulle nie altyd God se handelinge nie.

- **Heilsindikatiëwe en imperatiëwe wat daaruit voortvloei**

Die verhaal van Josef beklemtoon dat God altyd by die gelowige is en reddend in sy lewe teenwoordig is, al word God se teenwoordigheid in die gebrokenheid van die wêreld nie altyd verstaan en beleef nie. In die Josef-verhaal troos God die gelowige. Hy seën Josef met krag en insig om getrou aan God te bly en Hom te bly dien. God het Josef ook troos in sy hart gegee dat Hy nog altyd by hom is en nog altyd in die

toekoms by hom sal wees. Die Here neem nie die (soms negatiewe) omstandighede noodwendig weg nie, maar Hy sorg dat Sy kinders in hierdie omstandighede, staande bly.

- **Kommunikasiedoel van die perikoop**

In die lig van die hele Josef verhaal in Gen 37 tot 50, is die doel van Gen 37:31-36 om vir die eerste lesers, wat in die sosiale oorgangsfase vanaf teokrasie na monargie is, te wys dat hulle op God kan vertrou. Gelowig wees beteken nie dat swaarkry en lyding uitgesluit is uit die gelowige se lewenspad nie. Dit beteken egter dat God altyd die Redder en ook altyd die troue Verbondsgod is.

Die kommunikasiedoel vir die eerste lesers is dus: Hou vas aan God wat julle voorvaders so wonderlik gelei en beskerm het. God het vanaf die Skepping 'n plan gehad met Israel – en hierdie plan kom in die lewe van sy kinders na vore as hulle Hom dien. Israel is nie maar net 'n volk wat per toeval ontstaan het nie. Hulle is 'n uitverkore volk wat deur die Here gelei, beskerm en gevorm is.

Dit alles kan soos volg in een sin saamgevat word: *Vertrou op die Verbondsgod wat Sy volk liefhet, lei en beskerm.*

- **Woordstudie van belangrikke begrippe**

Jakob het Josef se kleed herken. Volgens Waybray (2001:61) was die kleed 'n bewys van Jakob se spesiale liefde vir Josef, maar ook die beeld van sy broers se haat teenoor hom. Die Hebreeuse woord vir "kleed" is כְּתוּמָה כְּתוּמָה, wat beteken om toe te maak, (Harris, *et.al.*, 1980:459) 'n hemp, jas, kledingstuk. Jakob het die kleed letterlik "geken": נָכַר - dit beteken om te betrag, bestudeer, nagaan met herkenning (Fretheim, 1997:108; Harris, *et.al.*, 1980:579). Gen 37:33 staan in skerp kontras teenoor Isak wat in Gen 27:23 nie Jakob met Esau se klere aan herken het nie. Dieselfde woord (herken) word in beide verse gebruik, eers negatief en dan positief (Turner, 2000:61).

Toe het hy gesê: “*Dit is my seun se klere. ’n Roofdier het hom opgevreet. Josef is opgevreet!*” (NAV). Die woord “roofdier” kom van die Hebraëuse woord רעה רע en ח (Harris *et.al.* 1980:279, 854) wat letterlik "slegte" of "bose lewe" of "dier" beteken. "Opvreet" kom van die Hebraëuse woord אכל wat beteken "om op te eet". (O’Connell, 1997:393; Harris, *et.al.*, 1980:39) Josef is טרף wat beteken: "om in stukke te pluk of te skeur sodat jy kan eet" (Van Dam, 1997:386; Harris, *et.al.*, 1980:353). So het Jakob sy seun se dood self aangekondig.

Jakob het geweet dat hy Josef voortrek en ook van Josef se drome en sy grootpraterij teenoor sy broers, maar het nogtans nie die haat vermoed wat Josef se broers teenoor hom gehad het nie – daarom stuur hy vir Josef alleen na Sigeem, na sy broers toe. Turner (2000:163) meen dat Jakob eerstehandse kennis gehad het van wat die gevolge was wanneer ’n pa ’n seun voortrek en wat broederhaat aan ’n gesin kan doen. Ten spyte daarvan, stuur hy hom tog alleen weg na sy broers – iets wat ons eintlik nie by Jakob, met sy lewenservaring, verwag het nie. Daarom het Jakob waarskynlik ook mede verantwoordelik gevoel vir die dood van Josef (Anon., 2005b:1).

Hy het daarna sy klere geskeur, rouklere aangetrek en lank oor sy seun getreur. Dit korreleer met Dawid wat in 2 Sam 18:33 Absalom se naam oor en oor genoem het en oor hom getreur het. Jakob se kinders het hom probeer troos, maar hy wou hom nie laat troos nie, net soos Dawid in 2 Sam 18-19 (Anon., 2005b:1). Jakob het net gesê: “*Ek sal bly treur (אבל) oor my seun tot ek by hom in die dood is*” (NAV). Die melding van die skeur van sy klere, dra van rouklere en sy verlengde rou, onderstreep die intensiteit van sy rou. Verwys na Roland de Vaux se agtergrond skets oor rituele in Israel (De Vaux, 1980:56-61). Die woord אבל wat Jakob se rou beskryf, verwys na ’n openbare vertoon van rou en droefheid ná iemand se dood (Olivier, 1997:243; Harris, *et.al.*, 1980:6). Sodanige rou het gewoonlik ’n week geduur maar Jakob het geweier om op te hou rou. So het Jakob oor sy seun Josef bly treur. Josef het wel die dood vrygespring, maar sy drome het gesterf. Net soos sy pa, moes Josef die beloofde land verlaat as gevolg van broedertwis (Turner, 2000:163).

Wenham (2003:65) noem dat die woorde van Jakob se herkenning van die kled en sy rou spesifiek deur die outeur gekies is om ons te herinner aan Jakob se bedrog teenoor sy vader. Jakob word nou deur sy seuns behandel soos hy sý vader behandel het.

Die melding in Gen 27:36 van die feit dat Josef na Egipte geneem is, gee in hierdie verhaal 'n ligpunt aan die lesers. Dit gee vir hulle die hoop dat dit nie die einde is nie – daar is hoop vir Josef en veral vir Jakob. Alhoewel Josef se uitlewering baie mense se lewens sou red, die familie weer bymekaar bring en die pad voorberei vir die vervulling van God se beloftes (Wenham, 2003:65), was dit nie vir Jakob beskore om dit te weet nie.

- **Basisteoretiese perspektiewe**

Vanaf die tyd van Oud-Israel tot by die post-moderne mens van vandag, identifiseer mense baie maklik met die verhaal van Josef. Hy was die bedorwe kind, wat deur moeilike omstandighede ontwikkel het in 'n volwasse held wat duisende mense gered het. Hy was die een wat deur sy familie verwerp is, maar uiteindelik as redder vir sy familie (en baie ander) opgetree het.

Hierdie aanvangsverhaal van Josef geskied onder die skadu van Jakob se skuld, wat van kleins af deel van sy lewe was. Net soos Jakob sy pa Isak bedrieg het en sy broer (sy pa se gunsteling) beroof het, net so is Jakob nou bedrieg deurdat sy seuns sy gunsteling seun van hóm vervreem (berooft) het. (Turner, 2000:162, Fretheim, 1994:601). Net soos Jakob vir Isak bedrieg het met Esau se klere en 'n bokkie, so is Jakob bedrieg met Josef se klere en 'n bokkie (Wenham, 1994:356). Die woorde “hy het dit herken” slaan terug op die woorde van Gen 27:23 waar Isak nie die bedrog van Jakob herken het nie (Wenham, 2003:65). Isak was lief vir Esau as vir Jakob, terwyl Rebekka lief was vir die jonger Jakob. Dit het uiteindelik tot gevolg gehad dat Esau vir Jakob wou vermoor en dat Jakob vir sy lewe moes vlug. Jakob herhaal nou hierdie patroon met sy eie kinders. Hy trek vir Josef voor en die gevolg is dat Josef se broers hom ook wil doodmaak (Turner, 2000:163).

Die verhaal van Josef is egter nie sonder teologiese waarde in die Pentateug opgeteken nie. Hierdie verhaal is die skakel tussen die Aartsvaders en hul verblyf in Egipte. Volgens Wenham (1994:358) is die tema van die Pentateug die “gedeeltelike vervulling” van beloftes. Hierdie tema verbind ook die verhaal van Jakob aan die res van die Pentateug, alhoewel Josef se verhaal 'n eie tema het: die Goddelike voorsienigheid wat opgesom word in Gen 50:20: “*Julle wou my kwaad aandoen,*

*maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het*" (NAV). God laat Sy wil geskied ten spyte van en deur Josef en ook deur sy broers; ten spyte van en ook deur Egipte. Die verhaal is 'n getuigenis dat God selfs die slegte en die sondige gebruik om die goeie te voorskyn te laat kom (Fretheim, 1994:601). Brueggemann (1982:298-299) sien die tema van Gen 37 meer as die "krag van die drome" omdat hy die drome van Josef sien as die motiverende element van die verhaal:

*"Without the dream there would be no Joseph and no narrative. From the perspective of the brothers, without the dream there would be no trouble or conflict. For the Father, without the dream there would be no grief or loss."*

Hy sien *Yahwe* as die hoofkarakter in die verhaal.

Terwyl ons in hierdie verhaal te doen het met die storie van 'n pa en sy droefheid en rou oor sy seun wat dood is, kan die storie nie vertel word sonder om ook daarin die diepe droefheid van Israel in ballingskap te hoor nie – ballingskap wat hul droom vernietig het (Brueggemann, 1982:307). So is droefheid deel van alle gelowiges se lewe – veral bejaardes wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het.

Alhoewel daar nie melding gemaak word van God nie, beteken dit nie dat God afwesig is in die hele verhaal van Gen 37 nie – God werk in en deur die slegste wat die familie van Jakob kon tref. Die hele verhaal word gekenmerk deur die verhouding tussen menslike optrede en Goddelike voorsienigheid. Aan die een kant is daar die versoeking van determinisme waar God alles beheer, en aan die ander kant die versoeking van deïtisme, waar God geen inisiatief neem nie en slegs moet reageer op die menslike optredes (Fretheim, 1994:601). Nie een van hierdie sienings is teologies korrek nie.

Uiteindelik kan Romeine 8:28 met hierdie gedeelte in verband gebring word. *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is"* (NAV). Daar moet nooit gesê word: "ek sal met my rou na die graf gaan nie" – want die Voorsienigheid kan baie vreugdevolle dae bring (Anon.,

2005e:1). Christen eksegete het Josef in hierdie gedeelte dikwels gesien as 'n voorafskaduwing van Jesus Christus, die onskuldige wat deur pyn, verwerping en lyding, die verlossing vir die ganse mensdom bewerk het. 'n Mens kan selfs verder gaan en sê dat Josef 'n voorbeeld is vir alle gelowiges: dat hulle in hulself moet sterf ten einde vrede met hul medemens te maak (Wenham, 1994:360).

### **2.3.2 2 Sam 18:29-19:8: Die dood van Dawid se Seun Absalom– 'n kind is dood tydens 'n geweldsge vulde oorlogsituasie**

- **Probleemstelling**

Indien 'n volwasse kind van 'n bejaarde ouer kwaad stook of 'n rebel of 'n krimineel is, verander dit geensins die intensiteit van die trauma waardeur die ouer gaan wanneer die kind weens onnatuurlike oorsake sterf nie.

- **Interpretasie van 2 Sam en die keuse van die perikoop**

Daar is volgens Auld (2003:213) twee basiese maniere waarop Sam verstaan kan word, nl die literêre benadering en die historiese benadering.

Eersgenoemde fokus op die teks, en omdat dit 'n antieke teks is, is kennis van die ontstaangeskiedenis nodig om dit beter te verstaan. Auld meen egter ook dat die Bybelstudent se grootste uitdaging moet wees om die beste te reageer op die teks se “uitnodiging” om die wêreld te betree wat deur die skrywers geskep is.

Vir die historiese benadering is dit wel nodig om iets te weet van die literêre aard van die teks - die fokus is egter primêr op die geskiedenis en tydvak waarbinne die teks geskryf is, of waarbinne dit voltooi is, of vroeëre periodes waarna die teks heenwys.

Volgens Auld (2003:213) is daar hoofsaaklik twee temas in 1 en 2 Sam, naamlik *profesie* (die profete Samuel, Natan en Gad speel 'n belangrike rol) en *YAHWE se volk*. Die gebruik van die term “Israel” het 'n multibetekenis in die twee boeke van

Samuel. Juda word soms inklusief en soms eksklusief geïmpliseer. Soms verwys die “volk” doodgewoon na Dawid se uitheemse soldate en geëns na die Israëliete nie.

Die keuse van hierdie perikoop vir die navorsing hou verband met die strekking van die gebeure waardeur Dawid ’n volwasse kind aan die dood afgestaan het – dit strek vanaf 2 Sam 18:19 tot en met 2 Sam 19:8a. Die teksgedeelte kan pastoraal van hulp wees met betrekking tot die helende begeleiding van bejaardes wat volwasse kinders op ’n onnatuurlike en gewelddadige wyse aan die dood afgestaan het.

- **Plek van die perikoop in die boek en in die Bybel**

Jones (2001:196) wys op die feit dat 1 en 2 Sam in die Hebreeuse kanon oorspronklik een boek was met slegs ’n groterige spasie tussen die twee dele. Hierdie eenheid word teruggevind in die werke van vroeëre skrywers soos Eusibius, Hironymus en Origenes. Volgens die Masoretiese nota aan die einde van 2 Sam waar die aantal verse van die boek en die middelste vers van die boek genoem word, was die twee boeke as een gereken.

In die Hebreeuse Bybel bestaan die twee boeke van Samuel apart as 1 Sam en 2 Sam. In die Septuagint (LXX) is dit egter die eerste twee van vier boeke (1 en 2 Sam, 1 en 2 Kon) wat bekend staan as “Die Koninkryke” (Auld, 2003:213; Jones 2001:196). Die Latynse vertaling van die Bybel het die naam “Koninkryke” verander na “Konings”. Die verdeling van die vier boeke was vir die eerste keer in die Hebreeuse Bybel genoem toe Daniel Bomberg die eerste uitgawe van die Hebreeuse Bybel in Venesië in 1516-1517 die lig laat sien het.

Die vier boeke gaan hoofsaaklik oor die wel en weë van die eerste twee konings van Israel, naamlik Saul en Dawid. Dawid se geskiedskrywing strek vanaf 1 Sam 16 tot en met 1 Kon 2. Saul se geskiedskrywing strek vanaf 1 Sam 9 tot en met 1 Sam 31, alhoewel die ‘skadu’ van sy huis en regering onderliggend aanwesig is tot en met die einde van die Dawidiese geskiedenis. In die Hebreeuse teks is dit egter nie die konings wat in die naam van die boeke vernoem word nie, maar die profeet wat hulle gesalf het.

Volgens Auld (2003:213) is daar 'n bron waaruit die geskiedskrywers hulle inligting gekry het. Hierdie bron se geskiedskrywing begin met Saul se dood en eindig by die Babiloniese ballingskap waar die laaste nasate van Dawid op die troon geregeer het. Hy noem hierdie bron “Die Boek van die twee Huise” (die huis van *Yahwe* en die huis van Dawid). Hierdie bron kan herken word in die boeke van Sam, Kon en Kron.

Die Boeke van 1 en 2 Sam kan soos volg verdeel word (Jones, 2001:200-201):

- Samuel (1 Sam 1:1 – 1 Sam 4:1a)
- Die ark narratief (1 Sam 4:1b – 1 Sam 7:1)
- Die aanloop tot die monargieë (1 Sam 7:2 – 1 Sam 15:35)
- Saul en Dawid (1 Sam 16:1 – 2 Sam 1:27)
- Die Koningskap van Dawid (2 Sam 2-8)
- Die opvolging van Dawid se troon (2 Sam 9-20)
- Naskrif (2 Sam 21-24)

Hoofstuk 18:19 tot 19:8a van 2 Sam kan tematies as volg ingedeel word:

Vv. 18:19-23: Die gesprek tussen Agimaäs en Joab; die Kussiet

↳ Vv. 18:24-27: Die boodskappers nader die koning – die verwagting.

↳ Vv. 18:28-32: Die boodskappers deel hul boodskappe mee.

↳ Vv. 18:33 en 19:4: Dawid se reaksie.

Vv. 19:1-3: Die soldate se reaksie.

↳ Vv. 19:5-8a: Joab se gesprek met Dawid.

#### • **Outeur en genre van die boek en perikoop**

Indien daar oppervlakkig na die boeke van Samuel gekyk word, mag dit die indruk skep van 'n goed georganiseerde vertelling oor Samuel, Saul en Dawid. Indien daar egter dieper na die gedeeltes gekyk word, sal daar baie teenstrydighede en dupliserings gevind word en moet die opsie van 'n samestelling deur Redaktors aanvaar word. Die meer aanvaarbare is dat die boeke van Samuel hul huidige vorm gekry het na die kombinasie van 'n aantal onafhanklike narratiewe eenhede. Hierdie eenhede is onder andere die volgende: Die Ark narratief, die tot standkoming van die

monargie, die geskiedenis van Dawid se opkoms en die Opvolging narratief (Jones, 2001:197-199).

Volgens Dietrich en Veijola (soos aangehaal deur Jones, 2001:200) is daar drie eenhede van Deuteronomistiese redaksionele tradisies teenwoordig in dié Bybelboeke. Die eerste is die basiese historiese werk (DtrH) wat God se betrokkenheid by die volk aandui en wat ongeveer teen 587 tot stand gekom het. Die tweede is die redaksionele werk wat die profetiese teks insluit (DtrP) wat die belangrikheid van die profete se rol beklemtoon en wat ongeveer teen 580 en 560 tot stand gekom het. Die finale redaksie het gekom van die Nomistiese Tradisie wat die wet-georiënteerde gedeeltes bygevoeg het en teen 561 tot stand gekom het (Jones, 2001:200). Daar kan aanvaar word dat die boeke tot stand gekom het na aanleiding van 'n reeks redaksionele ingrype van Deuteronomistiese skrywers wat sterk beïnvloed was deur die Profete. Indien die boeke 1 Sam en 2 Sam reg verstaan wil word, moet die verskillende elemente en temas van die boeke in berekening gebring word teen die agtergrond van 'n historiese romanperspektief (Auld, 2003:213).

- **Ontleding en gedagteopbou. Vastelling van die kernvers**
  - In hoofstuk 18:19-23 vind die gesprek tussen Agimaäs en Joab plaas en die Kussiet word met die boodskap na die koning gestuur. Later word Agimaäs ook gestuur.
  - In hoofstuk 18:24-27 nader die boodskappers die koning en die verwagting van goeie nuus word deur die koning uitgespreek.
  - In hoofstuk 18:28-32 vertel van die boodskappers wat hul boodskappe meedeel.
  - In hoofstuk 18:33 en 19:4 word koning Dawid se reaksie uitgespel.
  - Hoofstuk 19:1-3 verwoord die soldate se misnoeë met hulle koning.
  - Hoofstuk 19:5-8a vertel van Joab se gesprek met Dawid en die uiteindelijke versoening met die soldate.

Die kernverse van die gedeelte is geleë in 2 Sam 18:33 en 19:4 waar die koning onbedaarlik treur oor sy (volwasse) kind wat op 'n onnatuurlike wyse gesterf het

nadat hy vir Joab gevra het om tog na sy seun om te sien, en nadat hy goeie nuus van die boodskappers verwag het.

- **Die bepaling van die sosio-historiese konteks van 2 Sam 18**

Hierdie betrokke studiegedeelte uit 2 Sam beskryf gebeure wat ongeveer in die jare tussen 970 en 1000 v.C. plaasgevind het. In die bepaling van die sosio-historiese konteks is dit belangrik om hierdie ontstaantyd in gedagte te hou.

'n Belangriker aspek is die feit dat hierdie boek eers ongeveer 420 jaar later gestalte begin aanneem het toe die Deuteronomistiese outeurs die verskillende onafhanklike narratiewe saamgevoeg het. Hierdie redakteur(s) het die geskiedenis waarskynlik neergeskryf sodat die geskiedskrywing sekere vraagstukke van sy tyd moet beantwoord of om aan sy lesers'n bepaalde boodskap in hulle bepaalde tyd en plek te gee.

Tydens 597 v.C. het die eerste wegvoering na Babel plaasgevind en in die jaar 586 v.C. is Jerusalem verwoes en het die tweede wegvoering na Babel plaasgevind. Teen 538 v.C. het die terugkeer begin plaasvind na die Edik van Kores uitgevaardig is, en teen 515v.C. is die bouwerk aan die tempel voltooi (Bybel in Praktyk, 1993:xii).

Indien dit korrek is soos wat Jones (2001:200) voorstel, dat die verskillende bronne tussen 587 en 561 v.C. byeengebring is en redaksioneel versorg is, kan daar heelwat afgelei word met betrekking tot die omstandighede van die eerste lesers.

Die gedeeltes is dus tydens die ballingskap byeengebring en redaksioneel versorg en waarskynlik as dokument aan die ballinge voorgehou. Die verhaal vertel van die oorgang van die teokratiese regeringstelsel waar God self die regeerder was, na die monargie waar die konings oor die volk begin regeer het. Waarskynlik wou die Deuteronomistiese redakteurs hiermee vir die volk sê waar hulle identiteit lê en dat hulle konings, deur die salwing van die profete, 'n Godgegewe opdrag en aanwysing was.

Daarmee saam kom die boodskap in 1 en 2 Sam dat God die pad saam met Israel stap en dat Hy ook vir hulle 'n toekoms gereed sal hê baie duidelik na vore. God se volk moet moed hou en weet dat Hy die Almagtige is wat hulle in die verlede deur die profete gelei het en dat Hy hulle ook in die toekoms deur die profete sal lei – ook tydens die ballingskap.

- **Die Openbarings-historiese konteks van 2 Sam 18**

Volgens E-sword (2005) kom die naam van Absalom 82 maal in die Bybel voor. In 2 Sam word 77 maal na Absalom verwys, in 1 Kon 6 een maal, in 1 Kon 2 twee maal, in 1 Kron 3 een maal en in Ps 3 een maal. In hierdie Psalm gaan dit uitsluitlik oor Dawid wat vir Absalom gevlug het en ter wille van die openbarings-historiese konteks word daar vervolgens op hierdie Psalm gefokus.

**Ps 3:1-9:** Ps 3 is 'n uitmuntende voorbeeld van 'n persoonlike klaaglied en kan soos volg ingedeel word:

- Vv. 3:2-3 – Klag oor die bedreiging van die vyande
- Vv. 3:4-7 – Vertrouensmotiewe: Die Here het Hom as getrou bewys
- Vv. 3:8 – Gebed tot die Here om hulp
- Vv. 3:9 – Belydenis: daar is hulp by die Here.

In hierdie Psalm is daar ook 'n sinonieme parallelisme. In vers 2-3 gaan dit oor die beskrywing van die vyande en in vers 4-7 gaan dit oor die beskrywing van die Here as die gelowige se skild. Die Psalm bereik 'n hoogtepunt in die laaste vers: Hulp kom net van die Here af. Hierdie voorreg is nie net tot die digter beperk nie maar is daar vir die hele volk en elkeen wat die Psalm lees (Bybel in Praktyk, 1993:757-758).

Tema: Die Here is getrou en sal jou bewaar	
Skrifverwysing	Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis
<p><b>Ps 3:1-9</b></p> <p><i>1 'n Psalm van Dawid toe hy vir sy seun Absalom gevlug het. (3:2) Ek het so baie vyande, Here! Baie kom in opstand teen my. (3:3) Daar is talle wat van my sê: "Van God kom daar vir hom geen hulp nie!" Sela (3:4) Maar U, Here, beskerm my aan alle kante, U herstel my eer en aansien. (3:5) As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af. Sela (3:6) As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my. (3:7) Ek is nie bang vir tienduisende mense wat van alle kante af op my toesak nie. (3:8) Kom tog, Here, help my, my God! U het nog altyd my vyande se mag verbreek, U het die aanval van die goddeloses afgeslaan. (3:9) Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk. Sela</i></p>	<p><b>Relevansie:</b></p> <p>Die hoofdoel met hierdie individuele klaaglied is om aan die een kant die klag oor die vyand te verwoord, maar daarmee saam die troue sorg van die Here te beklemtoon ten spyte van die klag oor die vyande.</p> <p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b></p> <p>God is altyd getrou. Al lyk dit of die vyand die oorhand wil kry – God is getrou en sal ons bewaar.</p>
<p><b>Gevolgtrekking: Die openbaringshistoriese betekenis van 2 Sam 18:19-19:8a:</b></p> <p>Bogenoemde perikoop uit 2 Sam 18 vertel van Dawid se vlug voor sy seun Absalom en hoe sy lewe deur die vyande bedreig is. Dawid se troos is dat God altyd sal help en altyd sal bystaan omdat Hy sy kinders liefhet. Die Here laat dit goed gaan met sy volk!</p>	

- **Heilsindikatiwe en imperatiwe van 2 Sam 18**

Hierdie gedeelte spreek van die onverstaanbaarheid van God se weë in gelowiges se lewens, maar ook van God se bewaring en hulp aan ons in daardie tye waar hulle God se weë nie verstaan nie. Hier is nie pertinent sprake van en 'n oproep tot verlossing nie, alhoewel die hele gedeelte getuig van God wat die Redder, Trooster en Onderhouer is. In dié God moet gelowiges hulle vertrouwe plaas.

- **Kommunikatiewe doel van die perikoop**

Die kommunikatiewe doel van die perikoop vir die eerste lesers en hoorders was nie dié van simpatie met Dawid nie, maar van lofprysing aan God omdat Hy in die geskiedenis en in die lewe van individue werksaam teenwoordig is.

Die eerste lesers en hoorders moes weet dat God die getroue Verbondsgod is wat nie net in die tyd van Dawid nie, maar ook ten tye van hulle bestaanskrisis tydens die ballingskap, hulle verbondsgod is wat hulle sal lei en beskerm. Net soos Dawid gedink het daar is geen toekoms nie, het die lesers waarskynlik ook nie gedink dat daar 'n toekoms vir hulle is nie. Maar, net soos God vir Dawid, terwyl hy op vlug was (nie naby die Godstad en tempel nie) 'n toekoms gegee het, sal dieselfde Here ook vir hulle in ballingskap, (ver van die tempel en Godstad af) 'n toekoms gee.

- **Eksegese van 2 Sam 18:19-19:8a**

Hierdie gedeelte kan tematies in vyf sub-gedeeltes ingedeel word:

- 2 Sam 18:19-23: Die boodskappers hardloop na koning Dawid
- 2 Sam 18:24-27: Dawid en die wag sien die boodskappers
- 2 Sam 18:28-32: Die tweeledige boodskap naamlik die oorwinning van sy manskappe maar ook die boodskap van die dood van sy seun Absalom.
- 2 Sam 18:33: Die reaksie van koning Dawid op die dood van sy seun Absalom en die afwesigheid van Dawid se reaksie op die oorwinning wat sy soldate oor die leermag van Absalom behaal het.
- 2 Sam 19:1-8a: Joab se teregwysing en Dawid wat die rol as vader van Absalom moet verruil vir die rol as koning van Israel.

## **2 Sam 18:19-23**

Die gedetailleerde weergawe van die boodskappers wat na Dawid toe hardloop, versterk die drama van die vader wat angstig wag op nuus van sy seun aan die oorlogsfront, en dan die verskriklike tyding ontvang.

Agimaäs was die seun van die priester Sadok en self dus ook 'n jong priester wat die boodskap wou gaan oordra. Hy is vol jeugdige opgewondenheid om vir die koning van die wonderlike verlossing van die Here te gaan vertel. Die woord wat hier gebruik word vir “verlos” (NAV) of “aan hom reg verskaf teenoor sy vyande” (OAV) is die Hebreeuse woord *שפט* wat letterlik beteken om reg te spreek, om oordeel uit te spreek of om te regeer (Schultz, 1997:213; Harris, *et.al.*, 1980:947).

Dan sê Joab, met 'n flou verskoning (Auld, 2003:240), dat Agimaäs nie die boodskap kan gaan oordra nie, want die koning se seun is dood. Joab was waarskynlik bang dat Dawid, soos in 2 Sam 1:15-16, dalk die boodskapdraer sou laat doodmaak. Dit sou dus beter wees as hy iemand anders stuur - en toe stuur hy 'n Kussiet, 'n vreemdeling, 'n Etiopiese slaaf, na die koning (Fretheim, 1994:639). Die hele vertelling van die boodskappers laat die verhaal fokus op hoe Dawid hierdie nuus wat hy sou ontvang, gaan verwerk (Brueggemann, 1990:321).

Vanaf vers 24 verskuif die verteller van 2 Sam die aandag na koning Dawid en sý perspektief, waar hy in die stad op enige boodskap van die oorlog wag, en veral op nuus van sy seun, Absalom. Agimaäs het by die koning aangekom en die koning gegroet met die woorde: Vrede! *שלום* - dit beteken vrede, voorspoed, geborgenheid, geluk (Nel, 1997:130; Harris, *et.al.*, 1980:930). Die hele veldslag word in dié een woord opgesom (Bergen, 1996:160); daarna volg 'n doksologie aan *Yahwe* vir die oorwinning. Hy is vol opgewondenheid omdat hulle deur die leiding en krag van die Here die veldslag gewen het.

Dawid het nie eers geantwoord op die ongelooflike goeie nuus van die oorwinning nie, en net gevra: “Gaan dit goed met die jong man, met Absalom?” (OAV). Dawid is hier in so 'n mate pa van 'n kind dat hy vergeet om koning te wees en hom te verbly in die tyding van die veldslag wat gewen is (Anon., 2005a:2).

Die vertaling met die begrip "*kind*" in 18:29 en 18:32 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983) is hier moontlik nie die mees korrekte vertaling nie. Die woord wat hier gebruik word is *נער*, wat letterlik “'n seun” beteken (van baba tot adolescent) of by

implikasie 'n slaaf, maar in hierdie konteks word eerder na 'n jong man verwys (Hamilton, 1997b:124; Harris, *et.al.*, 1980:585) Die woord wat Dawid in vers 33 gebruik wat met "kind" vertaal is, is die bekende woord בן (bên of bane). Dit beteken letterlik "die seun wat die familienaam bou" (Caragdunis, 1997:671; Harris, *et.al.*, 1980:113).

Agimaäs vertel toe 'n leuen vir koning Dawid deur te sê dat hy nie weet nie – hy het 'n samedromming gesien by Joab, maar hy weet nie wat dit was nie. Waarskynlik wou Agimaäs vir Dawid voorberei op die skok dat sy kind dood is – dat die samedromming moontlik oor die dood van sy seun kon wees. Dit kon ook wees dat Agimaäs nie die moed gehad het om vir Dawid te vertel van Absalom se dood nie, alhoewel hy dit geweet het (Birch, 1998:1139). Dit kon ook wees dat hy bang was dat die koning hom sou laat doodmaak, en daarom het hy die leuen vertel. Die feit dat die koning geen definitiewe antwoord van hom gekry het nie, het die koning nog meer beangs gemaak (Bergen, 1996:160).

Daarna het die Kussiet opgedaag en ook met opgewondenheid vertel van die veldslag wat hulle met die krag en beskikking van die Here gewen het. Dawid het vir die tweede keer nie eens geantwoord op die goeie nuus van die oorwinning nie. Die goeie nuus wat Dawid wou hoor, was dat sy seun nog lewe – dit is al waarin hy belang gestel het (Jones, 2001:226). Al wat Dawid gevra het was: "*Gaan dit goed met die jongman, met Absalom?*" (NAV). Hier word weer gebruik gemaak van die woord נער soos in vers 29.

Die Kussiet het toe ook nie direk vir Dawid gesê dat sy seun Absalom gesterf het nie. Hy het ook nie vertel hoe en deur wie hy aan sy einde gekom het nie – dat sy hoogste militêre offisier sy seun vermoor het nie. Al wat hy gesê het is: "*Mag dit met die vyande van die koning en almal wat teen u in opstand kom en u ondergang wil bewerk, gaan soos met daardie kind*" (NAV). Indirek het hy vir Dawid gesê dat Absalom in die gevegte gesterf het. Dit is hier nie die koning wat die boodskap aanhoor nie, maar die vader – die pa van Absalom.

## 2 Sam 18:33

Die reaksie wat Dawid gehad het, is besonder tekenend van 'n pa wat die slegte nuus kry dat sy seun dood is. Ewe skielik is die oorlog, die rebellie teen hom, die troon van Israel, die soldate en al die gevegte irrelevant - van geen belang nie (Birch, 1998:1139). Skielik is Absalom nie meer die jong man nie, maar my "seun", my בן. "Die koning het ontroerd geraak en in trane na die kamer bokant die poort opgeklim. Daar het hy heen en weer geloop en gesê: 'My seun, Absalom, my seun, my seun. Absalom, ag, as ek maar in jou plek kon gesterwe het. Absalom, my seun, my seun'" (NAV). 'n Paar verse vêrder in 19:4 staan daar weer: Die koning het sy gesig toegehou en hardop uitgeroep: "My seun Absalom; Absalom, my seun, my seun!" (NAV). Hier word weer die woord בן gebruik.

Dawid was "ontroerd" (NAV en OAV). Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word is גרר wat letterlik beteken "om te bewe" of "te sidder met 'n geweldige emosie" (Van Pelt & Kaiser, 1997:1045; Harris, *et.al.*, 1980:830) Hy is na die bokamer, sy עליה (Jonker, 1997:422; Harris, *et.al.*, 1980:666) waar hy geween het. Bergen (1996:161) tref die vergelyking dat Dawid net soos Absalom nie op die grond was nie, maar in die bovertrek "*between the sky and the earth*". Hy het בכה (bâkâh of baw-kaw) wat beteken: beklag, beweën, gerou, gekla. (Harris, *et.al.*, 1980:37) Dit is die diepste emosie wat in die hele Dawid-geskiedenis weerspieël word (Birch, 1998:1340).

## 2 Sam 19:1-8a

Dawid se onderdane kon nie glo dat hy so treur oor sy seun wat hóm wou doodmaak nie. Hierdie Absalom was dan die rebel – die een wat sy eie pa wou vervolg en doodmaak – en hier treur sy pa oor hóm! Dit het gemaak dat die soldate die stad ingesluit het soos soldate wat weggehardloop het van 'n veldslag af, en nie met musiek en danse, soos gewoonlik wanneer hulle 'n veldslag gewen het nie (Auld, 2003:240, Jones, 2001:226). Dawid sien nie eens hierdie reaksie raak nie, want Dawid is vir eers 'n pa wat 'n seun verloor het, en nie die koning van 'n klomp soldate wat 'n veldslag gewen het nie!

Vir Joab het Absalom nie getel nie. Absalom het sy graanvelde aan die brand gestee. Hy is 'n verraaier en hy het gekry wat 'n verraaier verdien (Brueggemann, 1990:324). Joab het egter besef dat Dawid iets drasties sou moet doen om die lojaliteit van sy onderdane te behou. Daarom praat hy eintlik ongelooflik hard met die koning; soos geen mens eintlik met 'n koning sou praat nie. Dawid is hier vasgevang tussen sy eie verdriet, wat in die openbaar vertoon is, en sy openbare verantwoordelikheid (Auld, 2003:240). Hier is die rolle omgeruil - die onderdaan praat en die koning luister. Hy dreig selfs vir Dawid met 'n opstand (Jones, 2001:226).

Brueggemann (1990:325) noem dat Dawid waarskynlik bly was dat iemand in hierdie tyd nugter gedink het toe hy nie nugter kon dink nie. Joab se nugterheid en goeie raad aan Dawid het heel waarskynlik die troon van Dawid gered.

Dawid het toe sy rou afgeskud, sy hoof ge-olie en sy gesig gewas sodat hy nie sal lyk soos iemand wat rou nie (Anon., 2004b:4) en later in die stadspoort gaan sit, in die שַׁעַר wat letterlik "opening", "deur" of "hek" van 'n stad beteken (Hess, 1997:208). Die stadspoort was die sentrum van die publieke- en handelsbedrywighede in die stad (Bergen, 1996:161). Hierdie gebaar van Dawid was 'n teken van ondersteuning en verwelkoming aan die terugkerende soldate.

Die Bybel vertel nie verder van Absalom se begrafnis of Dawid se rou oor sy seun Absalom nie. Al waar die Bybel weer verder van Absalom praat, is waar Dawid 'n Psalm skryf (Ps 3) oor die tyd toe hy voor Absalom uit gevlug het en sy vertroue op God beskryf wat hom ook uit die situasie sou red.

- **Basisteoretiese perspektiewe**

Hierdie gedeelte van Absalom se dood is een van die Skrifgedeeltes wat 'n universele menslike patos uitbeeld. Dawid beeld die diepste emosie uit van elke (bejaarde) ouer wat 'n seun aan die dood afgestaan het. Die emosionele identifikasie in hierdie perikoop is dat Dawid verklaar dat hy bereid is om in sy seun Absalom se plek te sterf. Enige ouer sal sy eie lewe gee om sy kind se lewe te beskerm (Birch, 1998:1340).

Die hermeneuse wil egter dat daar dieper gekyk word as bloot na die emosionele identifikasie met die hartseer van koning Dawid en dat die toepassingsvlak van hierdie studie met betrekking tot die postmoderne mens aangetoon sal word.

Dawid was vasgevang in die spanning tussen sy rol as pa en as koning (Birch, 1998:1341), in sy publieke en private rolle. Hy moes as koning aanvaar dat sy seun Absalom 'n skurk, verraaier en krimineel is wat die doodstraf verdien het, maar as pa kon hy net nie aanvaar dat sy seun op so 'n manier gesterf het nie. Ouers wat kinders aan die dood afstaan is dikwels ook in hierdie selfde spanning vasgevang – veral waar die kinders besig was met twyfelagtige aktiwiteite. Aan die een kant moet die kind gestraf word, en elke ouer sal dit verstaan, maar aan die ander kant bly dit sy kind vir wie hy lief is en vir wie hy sy lewe sal gee.

Net soos Dawid, leer gelowiges dikwels om lief te hê as dit te laat is. Toe Dawid se liefde saak gemaak het, was hy net 'n koning en nie 'n pa nie (Birch, 1998:1341) - en toe sy liefde nie meer saak gemaak het nie, was hy net 'n pa en nie 'n koning nie. Absalom het twee jaar in Jerusalem gebly voordat Dawid hom toegelaat het om na hom in sy paleis toe te kom. Dawid het vir Absalom laat terugkeer na Jerusalem, maar hom nie laat terugkeer na sy vaderliefde nie. Sou Absalom se lewe dalk anders verloop het as Dawid hom van die begin af, net na die moord op Amnon, oorlaai het met liefde?

Dawid se tranes en smart was nie net oor sy seun Absalom nie, maar ook oor homself, in sy gierigheid en arrogante mag wat hy gemodelleer het. Augustinus (soos aangehaal deur Birch, 1998:1341) maak in hierdie verband die volgende opmerking:

*“He mourned over his son’s death, not because of his own loss, but because he knew to what punishment so impious an adulterer and parricide had been hurried”.*

Absalom het teen sy pa oorlog gemaak in 'n poging om vir homself 'n staanplek te verkry, wat hy egter in die proses verloor het. In hierdie proses boots hy die geweld van sy pa na wat hy gebruik het om te kry wat hy wou gehad het.

Faulkner (1980) het die boek geskryf: *Absalom, Absalom!* en Paton die boek: *Cry, the Beloved Country* (2003). Eersgenoemde gaan oor politieke spanning in die Suide van Amerika en laasgenoemde oor die spanning van die aparte ontwikkeling in Suid-Afrika. In beide boeke is daar parallels met die verhaal van Dawid en Absalom en gaan dit daaroor dat die seuns onder die ongeregtighede ly waarvan die vaders die voorbeeld gestel het, en waarin die kinders hulle nagevolg het. In beide gevalle gaan dit ook om 'n baie konkrete hermeneuse vir vandag.

Christus het in sy gelykenis in Luk 15:11-32 – die verhaal van die verlore seun – 'n korreksie aangebring op die leer en lewe van Dawid en Absalom – 'n voorbeeld vir elke ouer om na te streef. Daarom word daar dikwels in die spreektaal na die gelykenis verwys as die gelykenis van die liefdevolle vader (Vader) – met die klem op die vader en nie op die wettelose, rebelse seun nie"

Die gedeelte in Luk 15 sluit af met die bekende woorde: "*Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.*" (NAV). Die woorde "*hy lewe weer*" is die Griekse woord ἀναζάω wat letterlik beteken dat hy weer die lewe teruggekry het nadat hy gesterf het (Louw & Nida, 1988:262). Hoe graag sou Dawid dit nie wou sê nie.

## **2.4 EKSEGESE VAN GEDEELTES VANUIT DIE NUWE TESTAMENT**

In die behandeling van die basisteoretiese perspektiewe van die Nuwe Testament sal steeds gekyk word na watter perspektiewe die Skrif bied om tot vernuwende insigte te kom ten opsigte van bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het. In die behandeling van Luk 7 en Luk 24 is daar sommige aspekte wat gesamentlik hanteer gaan word omdat dit twee gedeeltes uit dieselfde Bybelboek is - en sommige aspekte wat afsonderlik hanteer sal word omdat dit uiteraard twee verskillende perikope is.

Die volgende sal gesamentlik hanteer word: Die interpretasie van Luk, die plek van die perikoop in die Bybel en in die boek, die outeur en genre van die boek en die sosio-historiese konteks.

Die volgende aspekte sal dan afsonderlik behandel word: Die probleemstelling, die ontleding, gedagte-opbou en vasstelling van die kernvers, die vertaling, die openbaringshistoriese konteks, die openbarings oor God, heilsindikatië en imperatië, kommunikasiedoel van die perikoop, die agtergrond, die eksegeese en woordstudie asook die basisteoretiese perspektië wat hieruit voortspruit.

## **2.4.1 Gesamentlike ontleding**

### **2.4.1.1 Die interpretasie van Luk en die keuse van die perikope**

Luk is een van die sinoptiese Evangelies en sy verhaal van Jesus Christus het dus baie in gemeen met Matteus en Markus. Die Evangelie volgens Markus, wat tussen 55 en 65 n.C. tot stand gekom het, is heel waarskynlik een van die bronne waaruit Lukas geput het. Ander bronne sluit aanhalings (ongeveer 200 verse) uit die Matteus Evangelie in (Franklin, 2001:924) en dan is daar gedeeltes wat eie is aan die Evangelie volgens Lukas.

Lukas teken vir Jesus Christus as die Een wat die koms van God se Koninkryk aankondig (Franklin, 2001:922). Sy wonderwerke en uitdryf van duiwels dien as bewyse dat God se Koninkryk in Hom gekom het. Jesus se prediking, dikwels in gelykenisse, het die implikasies uitgespel vir diegene wat dit glo.

Lukas se vertelling is gegrond op die werklike geskiedenis, alhoewel dit nie gedomineer word deur historiese korrektheid nie. So word Jesus se verwerping uit Nasaret nie noodwendig histories korrek vertel nie, maar dit word pertinent aan die begin genoem om dit te gebruik as inleiding vir Jesus se bediening op aarde. Net so reflekteer die kruisigingsverhaal Jesus se lewe soos dit in die vorige gedeeltes van die Lukas-verhaal vertel is. So word ook die opstandingverskynings almal rondom Jerusalem geplaas met die hoop dat Israel hul eskatologiese hoop gerealiseer moes sien (Franklin, 2001:923).

Binne hierdie konteks is die twee perikope van Lukas gekies. Beide gedeeltes sluit aan by die gedagte dat God se Koninkryk in Jesus Christus gekom het. Met die opwekking van die weduwe van Nain se seun word die mense genooi om dit raak te sien. In die verhaal van die Emmausgangers word die leser genooi om dit te beleef.

#### **2.4.1.2 Die plek van die perikope in die Bybel en binne die boek**

Lukas se inhoud kan volgens Balch (2003:1104) soos volg ingedeel word:

- Luk 1:1-4 – Inleiding
- Luk 1:5-2:52 – Die geboorteverhaal
- Luk 3:1-4:13 – Johannes die Doper se bediening en Jesus se voorbereiding
- Luk 4:14-9:50 – Jesus se bediening in Galilea
- Luk 9:51-19:27 – Jesus se reis na Jerusalem
- Luk 19:28-21:38 – Jesus se lering in die tempel in Jerusalem
- Luk 22:1-23:56 – Die kruisigingsverhaal
- Luk 24:1-53 – Die opstandingsverhaal.

Die Bybel in Praktyk (1993:1503) gebruik dieselfde indeling, behalwe dat Jesus se reis na Jerusalem eindig by 19:28 en dat die Jerusalem verhaal by 19:29 begin. Hierdie studie sluit by Balch se indeling aan.

Luk 7 se verhaal van die opwekking van die seun van die weduwe van Nain val dus binne die deel waar Jesus se bediening in Galilea beskryf word. Die verhaal van die Emmausgangers van Luk 24 is weer deel van die opstandingsverhaal wat Lukas vertel.

### **2.4.1.3 Die outeur van Lukas en die genre van die boek en perikope**

Daar word nie pertinent gesê wie die boek geskryf het nie, maar die tradisie het Lukas geïdentifiseer (Balch, 2003:1104) – Paulus se medewerker soos in Filemon vers 24 genoem. Lukas was volgens tradisie ’n geleerde man en word dikwels geïdentifiseer met die mediese dokter wat saam met Paulus gewerk het (vergelyk Kolossense 4:14). (Franklin, 2001:924).

Lukas was ’n Christen vanuit die heidendom. – waarskynlik een van die Godvresende heidene, wat nie besny was nie en dus nie deel van die Verbondsvolk van God was nie. Hy het in Christus “ingesluit” gevoel – dit wat die Jode hom vroeër ontnem het. Dit het vir hom waarskynlik die openbaring gegee van die wonderlike verlossing en aanvaarding in Jesus Christus. Daarom het hy Jesus gesien as die vervulling van die Ou testamentiese profesieë (Franklin, 2001:924).

Die boeke Luk en Hand was vroeër gesien as biografie, roman of antieke geskiedskrywing – literêre genres wat baie oorvleuel. Balch (2003:1104) meen dat dit korrek sou wees om te aanvaar dat Luk en Hand ’n mengsel van biografie en geskiedskrywing is. Dit is egter betekenisvol dat Lukas self sy boek in Luk 1:1 en 3 ’n verhaal noem. Die verhaal wat hy bedoel het, was ’n geordende weergawe van gebeure (Bybel in Praktyk, 1983:1502).

Lukas was, al het hy van ander bronne gebruik gemaak, baie innoverend en kreatief in sy geskiedskrywing. Dit kan gesien word in die pragtige eenheid waaruit die boek ten spyte van die verskillende bronne, bestaan. Uiteindelik konkludeer Franklin (2001:924) dat die vraagstuk rondom Luk se bronne maar altyd ’n raaisel sal bly – navorsers kan maar net intelligente raaiwerk daarvoor probeer doen.

### **2.4.1.4 Die sosio-historiese konteks**

Die negatiewe voorstelling van die Romeinse regering en die afwesigheid van enige aanhaling van Paulus se sendbriewe bring die datering van Luk op ongeveer 80 n.C. te staan - ongeveer 10 jaar nadat Matteus sy Evangelie die lig laat sien het. Die eerste lesers was waarskynlik ’n klompie Christene wat in ’n Mediterense stad in ’n

huiskerk bymekaar was om die nagmaal te vier (Balch, 2003:1104). In die eerste hoofstuk word egter gemeld dat Lukas aan Theofilus skryf. Die gedagte was egter nie dat dit net 'n persoonlike brief was nie, maar dat dit vir alle mense bedoel was om te lees. Die sosio-historiese konteks kan in die geval van Luk egter nie sonder meer afgelei word uit die omstandighede van die eerste lesers nie. Lukas het hom nie laat lei deur die eerste lesers se omstandighede toe hy die spesifieke Evangelie geskryf het nie. Hy het hom eerder laat lei deur sy eie belewenis en doel wat hy voor oë gehad het. Daarom het sy Evangelie byna die karakter van 'n sendbrief (Franklin, 2001:924). Lukas se Evangelie is gerig op diegene wat alreeds Christene was en nie op nie-Christene nie. Hy wou aan die Christene 'n stewige basis voorhou vir die hoop wat in hulle geleef het!

## **2.4.2 Afsonderlike ontledings**

### **2.4.2.1 Luk 7:11-17: Die opwekking van die weduwee van Nain se seun**

- **Probleemstelling**

Die verhaal van die opwekking van die weduwee van Nain se seun wil die Christologie onderstreep dat Jesus Christus die HEER is wat nie net die weduwee se seun laat opstaan het nie. Die verhaal open die perspektief dat Hyself ook opgestaan het uit die dood en waarborg daarom vir elkeen wat glo ook 'n opstanding uit die dood – 'n opstanding wat God vir gelowiges bedoel het: na die feesmaal waar Christus vir elke gelowige gaan plek voorberei het (Culpepper, 1995:159).

- **Ontleding en gedagte-opbou. Vasstelling van kernvers**

**Kernvers:** Luk 7:16 *“Almal is met ontsag vervul en het God geprys en gesê: ‘n Groot profeet het onder ons opgestaan’ en ‘God het na sy volk omgesien.’”*.

Met betrekking tot die gedagte-opbou in Luk 7:11-17 word daar vervolgens hoofsaaklik gefokus op die relasiëkomponente op die makrovlak. Daarmee wil die

navorser poog om 'n interpretasie te gee van die relasies van die gedagte-eenhede van die teks (De Klerk & van Rensburg, 2005:40).

Die genesingwonder kan in drie onderafdelings ingedeel word: Die eerste gedeelte gaan oor vers 11 en 12 waar Jesus in die dorpie Nain ingekom het en die begrafnis van die seun gesien het. Die tweede gedeelte gaan oor verse 13-15 waar Jesus die ma innig jammer kry, die baar aanraak en die jongman opwek. Die derde gedeelte gaan oor vers 16 en 17 waar almal met ontsag vervul is en God geprys het en die berig verder versprei het.

In die lig van Lukas se doel, naamlik om te wys dat die Koninkryk van God in Jesus Christus gekom het, is laasgenoemde twee verse dan ook die kern van die verhaal waar Jesus geprys word as die Messias en die Gesalfde.

- **Openbaringshistoriese konteks**

Daar word net een keer in die Bybel na die dorpie Nain verwys – en dit is in Luk 7:11. Vir die doel van hierdie studie gaan daar op die volgende tekste gekonsentreer word ter wille van die openbaringshistoriese konteks:

**1 Kon 17:17-24.** Daar is baie ooreenkomste tussen Luk 7 en 1 Kon 17. Elia het hier, nadat hy God daarvoor gevra het, deur die krag van die Here ook die lewe aan 'n dooie seun teruggegee.

**2 Kon 4:32-37.** Daar is ook baie ooreenkomste tussen Luk 7 en 2 Kon 4. Elisa het hier, ook nadat hy God daarvoor gevra het, deur die krag van die Here 'n dooie seun opgewek.

**Joh 11:33-44.** Dit gaan hier oor die opwekking van Lasarus wat alreeds 'n paar dae in die graf was. Die verskil is dat Jesus hier, soos in Luk 7, self vir Lasarus opwek. Hy hoef nie Sy Vader te vra om die opstanding te laat gebeur nie.

Tema: God is die God van lewe en dood wat uit die dood opwek tot die lewe.	
Skrif verwysing	Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis
<p><b>1 Kon 17:17-24</b></p> <p><i>17 In dié tyd het die vrou, die eienares van die huis, se seuntjie siek geword. Hy het al hoe sieker geword totdat hy die laaste asem uitgeblaas het. 18 Toe sê sy vir Elia: "Kyk wat het u my aangedoen, man van God! Het u na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan?" 19 Hy sê vir haar: "Gee jou kind hier," en hy tel hom van haar skoot af op. Toe dra hy hom na die bo-kamer toe waar hy tuis gegaan het en lê hom op die bed neer 20 en bid tot die Here: "Here my God, wil U nou oor hierdie weduwee by wie ek bly, 'n ramp bring deur haar kind te laat sterf?" 21 Toe gaan lê hy drie maal bo-oor die kind en smee die Here: "Here my God, laat die lewe tog terugkom in die kind." 22 Die Here het Elia se gebed verhoor: die lewe het teruggekom, die kind het gelewe. 23 Toe bring Elia die kind van die bo-kamer af ondertoe en gee hom vir sy ma en sê: "Kyk! Jou seuntjie leef!" 24 Die vrou sê toe vir Elia: "Nou weet ek dat u 'n man van God is, en dat wat die Here deur u sê, die waarheid is."</i></p>	<p><b>Relevansie:</b></p> <p>Net soos met die weduwee van Nain word hier ook 'n seun uit die dood opgewek.</p> <p><b>Plek in die openbarings geskiedenis:</b></p> <p>Die klem lê nie op Elia nie, maar op God wat die wonder gedoen het. Daarom het Elia God gesmeek. Elia was 'n instrument in God se Hand. So sal gelowiges ook opgewek word - die ewige lewe in.</p>
<p><b>2 Kon 4:32-37</b></p> <p><i>32 Toe Elisa in die huis kom, het die seun daar dood gelê net soos hy op die bed neergelê was. 33 Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was. Nadat hy tot die Here gebid het, 34 het Elisa op die bed geklim en bo-op die seun gaan lê. Hy het vol op die seun gelê met sy mond op die seun se</i></p>	<p><b>Relevansie:</b></p> <p>Net soos die verhaal van Luk 7 en ook 1 Kon 17 word hier ook 'n seun uit die dood opgewek.</p>

<p><i>mond, sy oë op sy oë, sy hande op sy hande, sodat die seun se liggaam warm geword het. 35 Nadat hy 'n keer heen en weer in die huis geloop het, het hy weer op hom gaan lê. Die seun het sewe keer genies en toe sy oë oopgemaak. 36 Elisa het vir Gehasi geroep en hom beveel om die Sunemmitiese vrou te roep. Hy het dit gedoen en toe sy inkom, sê Elisa vir haar: "Tel jou seun op." 37 Sy het ingekom en by sy voete op haar knieë geval en gebuig. Toe tel sy haar kind op en gaan uit.</i></p>	<p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b> Die klem is nie hier op Elisa nie, maar weer eens op God. Ook hy het opwekking van God gevra, terwyl Jesus self die weduwee van Nain se seun opgewek het. Dit is 'n voorafskaduwing van Jesus Christus.</p>
<p><b>Joh 11:33-44</b></p> <p><i>33 Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan. 34 Hy vra toe: "Waar het julle hom begrawe?" Hulle het vir Hom gesê: "Here, kom kyk." 35 Jesus het gehuil. 36 Die Jode sê toe: "Kyk hoe lief het hy hom gehad!" 37 Party van hulle het ook gesê: "Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?" 38 Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was 'n rotsgraf, en daar was 'n klip voor die ingang gerol. 39 Jesus sê toe: "Rol die klip weg." Maar Marta, die suster van die oorledene, sê vir Hom: "Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag." 40 Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?" 41 Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het." 43 Nadat Hy dit gesê het,</i></p>	<p><b>Relevansie:</b> Lasarus word hier opgewek deur Jesus Christus self, net soos hy die weduwee van Nain se seun opgewek het.</p> <p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b> Jesus hoef nie tot die Vader te bid en te smee sodat Hy die man kan opwek nie. Soos met die weduwee van Nain beveel Jesus doodgewoon die liggaam om weer lewend te word. So sal die opstandingkrag van Jesus gelowiges ook laat opstaan uit die dood, die ewige lewe in.</p>

roep Hy met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" 44  
Die oorledene het uitgekóm. Sy hande en sy voete was  
nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind  
met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak  
hom los dat hy kan huis toe gaan."

**Gevolgtrekking: Die openbaringshistoriese betekenis van Luk 7:11-17**

Die Here Jesus leer in sy Woord dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is. Slegs in Jesus Christus kan mense vanuit die dood na die lewe gaan. Die opwekking van die weduwe van Nain se seun is hierin 'n uitstekende voorbeeld: Jesus wek op tot lewe.

- **Heilsindikatiwew en imperatiwew**

Die perikoop stel dit baie duidelik dat Christus opwek tot die lewe. Die seun moes begrawe word maar toe kom Christus en Hy wek hom op.

Dit is belangrik om daarop te let dat die seun of sy ma niks gedoen het om aanleiding te gee tot die opwekking nie. Die seun is doodgewoon en enkel en alleen opgewek op grond van die genade, liefde en barmhartigheid van Jesus Christus.

God sal dieselfde ook in die toekoms doen. Daarom kom die oproep om vas te hou aan God se genade deur die geloof - want dit is net God se genade wat elke gelowige, en ook die volwasse kind wat onnatuurlik en vroegtydig gesterf het, kan opwek tot die ewige nuwe lewe.

- **Kommunikasiedoel van die Perikoop**

Lukas wou dit vir die eerste lesers duidelik maak dat Jesus Christus die Messias is, die Een wat in die Ou Testament beloof is, die Gesalfde, wat die sonde van die wêreld sal wegneem.

Die eerste lesers moes spesifiek uit die verhaal van Luk 7:11-17 duidelik agterkom dat Jesus Christus die Koninkryk van God vir die mense gebring het. Sy wonders en

genesings is 'n bewys daarvan en Sy leringe (dikwels in gelykenisse) gee 'n voorbeeld vir 'n lewenswyse as hulle glo dat Hy die Messias is.

- **Eksegese**

Die gedeelte in 7:11-17 staan parallel met die opwekking van die offisier se slaaf in Luk 7:1-10. Hierdie vertellings demonstreer dat die teenwoordigheid van die Here wat deur Johannes voorspel is, in Jesus Christus se bediening realiseer (Nolland, 1989:321). Balch (2003:1117) en Franklin (2001:935) meen dat hierdie gebeurtenis verwys na 1 Kon 17:17-24 waar Elia 'n weduwee se seun opgewek het. Jesus verwys ook daarna in Luk 4:25-26.

Lukas begin sy beskrywing met *καὶ ἐγένετο* (dieselfde term ook by 24:5 en 15) wat 'n aanduiding gee dat daar iets drasties gaan gebeur – “*to come into existence*” (Louw & Nida, 1988:158,161). Die woorde *ἐν τῇ ἐξῆς*, beteken letterlik “op die volgende dag” (Louw & Nida, 1988:654). Slegs Lukas gebruik hierdie woord in die Nuwe Testament (Nolland, 1989:322). Dit verbind die perikoop direk met die voorafgaande waar Jesus die offisier se slaaf gesond gemaak het. Die dissipels en 'n groot skare mense het vir Jesus gevolg.

Die dorpie Nain word op geen ander plek in die Bybel genoem nie. Dit is baie naby aan die plek (Sunem) waar Elisa die weduwee se seun opgewek het. Die wyse waarop Lukas na die dorp verwys (letterlik: wat genoem word – *καλουμένην*, van die werkwoord *καλεω*) (Louw & Nida, 1988:403), kan daarop sinspeel dat Lukas vir mense skryf wat nie die dorp Nain ken nie (Nielsen, 1979:214). Alhoewel Nolland (1989:322) meen dat geen poort of stadsmuur van Nain nog deur Argeoloë ontdek is nie, sê Clarke (2005:1) na aanleiding van Eusebius se geskrifte, dat Nain ongeveer 3,2 km suid van berg Tabor, naby Endor was. Ander meen ook dat Nain eens 'n groot stad was, maar dat die dorpie vandag net 'n klein nedersetting is met die naam van Nein (Anon., 2005d:1), alhoewel hulle verskil van Clarke oor die presiese plek van waar die stad Nain geleë was.

Toe Jesus by die ingang van hierdie stad kom (*τῇ πύλῃ τῆς πόλεως*) word 'n dooie persoon na die begraafplaas buite die stad gedra. Die woord *ἐξεκομίζετο* beteken "die

uitdra van 'n lyk vir die begrafnis" (Louw & Nida, 1988:206; Nolland, 1989:322). Met die woorde και ιδου, wat letterlik beteken "en kyk" (Louw & Nida, 1988:812), word die aandag gevestig op die dooie wat uitgedra word. Dit is die fokuspunt van die res van die verhaal.

Die situasie word verder omskryf met: υιος μονογενης τη μητρι αυτου και αυτη ην χηρα. Letterlik: "'n eniggebore seun van die ma en sy was 'n weduwee". As sy nie meer 'n man of 'n seun gehad het nie, was daar niemand wat meer vir haar kon sorg nie en sou sy van ander mense se barmhartigheid moes leef – sy was dus in 'n finansiële en sosiale krisis (Anon., 2006b:3). Lukas meld dat byna die hele dorp se mense saam met haar was. Die groot groep treurende mense het nie net die felheid van die tragedie aangedui nie – dit het ook die situasie voorberei dat Jesus ten aanskoue van baie mense, as Heer, die wonderwerk kon doen (Anon., 2004b:1).

Toe Jesus hierdie vrou sien (και ιδων αυτην), het Hy haar innig jammer gekry (εσπλαγχνισθη επ αυτη) (Louw & Nida, 1988:295) – Hy het medelye met haar gehad. Lukas noem Jesus Christus hier volgens die Christologiese titel, "Kurios" (ο κυριος). Hiermee wil Lukas sê dat Jesus ook HEER oor hierdie hartseer situasie is en dat hy dit ingrypend gaan verander – Jesus het *ex mero motu* opgetree – uit die goedheid van Sy hart (Anon., 2004b:1). Hy sê toe vir haar: αυτη μη κλαιε – "Moenie huil nie" (Louw & Nida, 1988:304) Die woord word in die imperatief geskryf om die sterk bevel uit te druk. Hierdie sterk bevel het 'n verwagting by almal geskep.

Hy gaan toe nader en vat aan die (draag)baar en die draers het stilgestaan. Die Jode het geglo dat 'n mens onrein is as jy aan 'n dooie mens raak, maar Jesus het geen angs daarvoor gehad nie. (Vergelyk die verhaal van die Barmhartige Samaritaan waar die Priester en die Leviet om dié rede nie aan die verwonde man wou raak nie). Hy spreek toe die jongman aan en sê: νεανισκε σοι λεγω εγερθητι – "Jongman, Ek sê vir jou: Staan op!" (Dit kan ook vry vertaal word met: "Jongman, ek sê vir jou, kom terug na die lewe al was jy dood.") (Louw & Nida, 1988:263). Deur regop te sit en te praat bewys die jongman dan dat hy van die dood na die lewe teruggekeer het. Jesus het hom toe weer aan sy ma teruggegee. Clarke wys daarop dat waar Christus gaan,

kry Hy te doen met dood en tragedie – en as Hy daar kom, bring Hy lewe en verlossing (Clarke, 2005:5).

Wat Jesus hier gedoen het, het φόβος (vrees) (Louw & Nida, 1988:316) by mense veroorsaak. Hulle was ooggetuies van iets wat hulle verstand te bowe gaan en waarby hulle 'n openbaring van God self vermoed. In hulle vrees het hulle tot eerbied en verheerliking van God gekom. Die woord εδοξάζον, om eer te bring aan God of om te praat oor iemand wat uitermate goed is en eer toekom (Louw & Nida, 1988:430) is 'n imperfektum van δοξάζω wat aandui dat die handeling voortduur (Franklin, 2001:935).

Lukas vertel in twee sinsnedes hoe hulle God verheerlik het:

“*n Groot profeet het onder ons opgestaan*” (NAV). Jesus word hier nie net 'n profeet genoem nie, maar προφητης μεγας, 'n “mega” profeet, 'n groot profeet. Daarmee kry Hy 'n besondere plek onder die profete. Die ooggetuies het in Hom die profesie van Deuteronomium 18:15 en 18 in vervulling sien gaan. In hierdie tyd is hierdie gedeelte as 'n Messiaanse voorspelling gesien en hanteer. Die indruk dat die Messias hier optree, word bevestig deur die gebruik van die woord ο κυριος – HEER (Nielsen 1979:217).

“*God het na sy volk omgesien*” (NAV). Hier word Christus ook as die Messias vereer. Dit is die aoristus van die werkwoord επισκοπεω waarin God genadig let op sy volk. Clarke (2005:2) wys daarop dat God sy volk besoek het in meegevoel en genade.

Dit is voor die hand liggend dat die boodskap van hierdie gebeurtenis, in die hele Joodse land en die omgewing bekend geword het. Die hoop van die opstanding is nie gegrond op die feit dat die weduwee se seun uit die dood opgestaan het nie, maar op die feit dat die Een wat die seun laat opstaan het, die dood oorwin het (Culpepper, 1995:159)

- **Basisteoretiese perspektiewe**

Nielsen (1979:216) haal A Schlatter soos volg aan: “*Dem vorzeitigen Tod, der die Nächsten schwer trifft, nicht dem Sterben an sich, stellt er seine Macht entgegen*”. Die voortydige dood van ’n kind kan ook die mag van God in mense se lewens te voorskyn laat tree deur vir ouers die vrede te gee wat alle verstand te bowe gaan.

Dood en lewe is die teenpole van die lewe waardeur elkeen geraak word. Indien iemand sterf, raak oorlewendes opnuut bewus van die broosheid van die lewe. Die vrou in die verhaal het haar enigste seun verloor, nadat sy alreeds haar man aan die dood afgestaan het. Jakobus 1:27 sê: “*Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan...*” (NAV). As Jesus “*vér langs verbygegaan het*” (Luk 10:31-32) omdat Hy nie onrein wou word nie, alhoewel Hy nogtans oor die mag beskik het om die seun lewend te maak, sou nie veel van die ander wonderwerke regtig saakgemaak het nie. “*If religion has nothing to say to a grieving widow, it has nothing to say*” (Culpepper, 1995b:159).

Jesus gaan egter nie ver langs verby nie en sy woorde aan die jongman: “Staan op!” weerklink ook in die ander evangelies toe die engele by die graf bevestig het dat Jesus opgestaan het. Dit weerklink ook in Paulus se woorde as hy in 1 Korinthiërs 15:20 sê: “*Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.*” Hiermee wil Paulus die opstanding van Jesus verbind met die mense se eie hoop in die lewe na die dood.

Die hoop van die opstanding lê vir iemand, wat sy volwasse kind aan die dood afgestaan het, nie in die feit dat Jesus die weduwee se seun uit die dood opgewek het en dat die Here ook hulle kind uit die dood kan opwek nie. Dit lê in die feit dat die Een wat genoeg medelye met die weduwee gehad het om haar seun te laat opstaan, self die dood oorwin het (Culpepper, 1995.159). Hy wat die weduwee se seun uit die dood laat opstaan het, het ook later self uit die dood opgestaan en sal mense wat as gelowiges sterf, ook uit die dood laat opstaan. Dit is gelowiges se troos.

#### 2.4.2.2 Luk 24:13-35: Die verhaal van die Emmausgangers

Jesus Christus oorwin die dood: die verhaal van die Emmausgangers – die perspektiewe wat Sy oorwinning vir alle mense open - ook vir bejaardes wat hul kinders aan die dood afstaan.

**Kernvers:** Luk 24:34-35: “*Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!*” Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.”.

Die internasionaal bekende kerklied “*Abide with me*” is in 1846 deur Henry Lyte na aanleiding van Luk 24:29 geskryf (Liedboek, 2001) “*Abide with us; for it is toward evening, and the day is now far spent*”, (American Standard Version) en in Afrikaans: “*Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby*” (NAV). Die lied is ook opgeneem in die Halleluja-boek van 1903 en 1931, asook in die nuwe Liedboek (2001) in lied 582: “*Bly by my Heer, terwyl die skemer daal*”. Hier is die lied opgeneem onder die rubriek van “Sterwe en Begrafnis”. Hierdie lied word dikwels, as gevolg van die bekendheid daarvan by begrafnisse gesing en is ’n “tradisionele” begrafnislied (ook vir bejaardes wat hulle kinders aan die dood afstaan). Hierdie lied bied ’n troos vir elke bejaarde wat hierdie trauma deurgaen.

- **Probleemstelling**

Wanneer bejaarde ouers kinders aan die dood afstaan, is hulle dikwels net so verslae soos die Emmausgangers was oor dit wat gebeur het. Hulle voel dikwels dat hulle die pad alleen verder stap – hulle hoop en toekoms daarmee heen – net soos die Emmausgangers die pad na die Paasfeesgebeure alleen en sonder hoop gestap het. In so ’n situasie bring Christus, die opgestane Heiland, egter weer hoop.

- **Ontleding, gedagteopbou en vasstelling van kernvers**

Robert Karris (2006:57) noem hierdie gedeelte die "*hauntingly beautiful Easter Gospel*" en beskryf dit verder as "*a masterpiece of Luke's artistic theology*". Hy verdeel die gedeelte in drie onderafdelings:

Vv. 13-27: Die twee verslae Emmausgangers

Vv. 28-32: Die gasvryheid en openbaring van Jesus Christus

Vv. 33-35: Die vereniging en meedeel van die goeie nuus oor die opstanding.

Die perikoop oor die Emmausgangers kan egter verder sinvol in sewe kleiner afdelings verdeel word, naamlik:

Vv. 13-14: Die gesprek met mekaar oor Jesus

Vv. 15-18: Hul ontmoeting met Jesus

Vv. 19-24: Die verwoording van hulle verslae hoop.

Vv. 25-27: Jesus se gesprek met hulle op pad: die uitleg van die Skrif

Vv. 28-29a: Die uitnodiging aan Jesus

Vv. 29b-32: Jesus se selfopenbaring

Vv. 33-35: Die mededeling aan die dissipels

Elke onderafdeling verteenwoordig 'n volgende tema in die verhaal en word deur die volgende woorde ingelui:

Vv. 13: καί ἰδοὺ – "en kyk" (Louw & Nida, 1988:812);

Vv. 15: καὶ ἐγένετο – "en dit het so gebeur" (Louw & Nida, 1988:161)

Vv. 19: καὶ εἶπεν – "en Hy het gesê" (Louw & Nida, 1988:404);

Vv. 25: καὶ αὐτοῖς εἶπεν – "en hy het gesê" (Louw & Nida, 1988:404);

Vv. 28: καὶ ἤγγισαν – "en hulle het nadergekom" (Louw & Nida, 1988:192);

Vv. 29b: καὶ εἰσηλθεν – "en Hy het ingegaan" (Louw & Nida, 1988:187);

Vv. 33: καὶ ἀναστάντες – "en hulle het opgestaan" (Louw & Nida, 1988:216).

- **Openbaringshistoriese konteks**

Om die openbaringshistoriese konteks aan te dui gaan daar vervolgens op die volgende drie Skrifgedeeltes klem gelê word:

**Luk 22:19.** Hier handel dit oor die instelling van die nagmaal. Die dissipels en Jesus se volgelinge het Hom geken aan die gewoonte om die brood te neem, daarvoor te dank, dit te breek en dan aan hulle uit te deel. Dit is ook nadat Hy dit in die Emmausgangers se huis gedoen het, dat hulle oë oopgemaak is en hulle Hom herken het.

**Hand 1:3.** Jesus Christus het na Sy opstanding aan baie mense verskyn, onder andere aan die Emmausgangers. Hierdeur bevestig Lukas dat Sy opstanding onbetwisbaar is.

**1 Kor 15:4-8.** Paulus bevestig hier dat Jesus opgestaan het, aan Sefas verskyn het, toe aan die twaalf, toe aan meer as vyf honderd tegelyk, toe aan Jakobus en al die apostels - en toe ook aan hom.

Tema: Jesus Christus het uit die dood opgestaan en waarborg daarmee gelowiges se opstanding uit die dood	
<b>Skrifverwysing</b>	<b>Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis</b>
<p><b>Luk 22:19</b>  <i>(19) Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."</i></p>	<p><b>Relevansie:</b>  Dit is die woorde waaraan Jesus uitgeken was</p> <p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b>  Jesus se sterwe is vir alle mense. Die breek van die brood bevestig telkemale dat die versoening vir elke mens</p>

	persoonlik gedoen is en afgehandel is
<p><b>Hand 1:3</b></p> <p><i>(3) Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.</i></p>	<p><b>Relevansie:</b></p> <p>Hier word beklemtoon dat Jesus opgestaan het</p> <p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b></p> <p>Lukas wil die opstanding as 'n feit benadruk – daarmee onderstreep hy dat God se Koninkryk in Jesus Christus gekom het.</p>
<p><b>1 Kor 15:4-8</b></p> <p><i>(4) Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.</i></p> <p><i>(5) Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf,</i></p> <p><i>(6) en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe.</i></p> <p><i>(7) Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels.</i></p> <p><i>(8) Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.</i></p>	<p><b>Relevansie:</b></p> <p>Hier word Jesus se opstanding ook bevestig</p> <p><b>Plek in die openbaringsgeskiedenis:</b></p> <p>Hierdie gedeelte vertel van die pad wat God met Sy Seun gestap het. Hy het die verlossing bewerk en dit aan elke mens kom gee – selfs aan die ontydig geborene.</p>
<p><b>Gevolgtrekking: die openbaringshistoriese betekenis van Luk 24:13-35</b></p> <p>Jesus Christus moes die pad van lyding loop, as sondelose gekruisig word, sterf en die dood oorwin. Die opstanding is die bewys van die oorwinning oor die dood. Hierdie Skrifgedeelte onderstreep baie duidelik dat Jesus die opgestane Heiland is wat die dood vir elke gelowige oorwin het sodat hulle die lewe mag hê, en dit in oorvloed!</p>	

- **Heilsindikatiewe en imperatiewe**

God het Sy Seun na die aarde toe gestuur om die mensdom uit genade te red omdat die mensdom nie uit die wet gered kan word nie. Sy verlossingsplan het behels dat Jesus Christus, die Messias, as sondelose, die sondestraf van die ganse mensdom op Hom sou neem. Hy moes dan aan die kruis die vloekdood sterf (wat vir sondaars bedoel was – van God en mens verlate), maar na drie dae sou Hy opstaan uit die graf en die dood oorwin. Lukas wou hierdie opstanding, die realiteit van die verlossingsplan, by sy mense ingeskerp het.

God verwag van mense om dit te glo en Jesus Christus se versoeningsdood aan die kruis te aanvaar. Dit open die ewigheid en so word gelowiges se dood nie 'n troostelose einde nie, maar 'n eindelose troos.

Die eskatologiese verwagting wat hieruit voortspruit is dat dieselfde Jesus, die Lam, die Leeu uit die stam van Juda, weer sal kom om Sy verlossingsplan finaal af te handel en dan alle mense wat in Hom glo/geglo het, sal aanneem na God se Koninkryk.

- **Kommunikasiedoel van die perikoop**

Die eerste lesers het in 'n samelewing geleef waar die Jode, uit wie Jesus as Messias gekom het, Hom nie aanvaar het nie. Vir Hom sou 'n gewilde opsie gevolglik wees om terug te keer na die Judaïsme en so deur die samelewing “terugontvang” te word.

Lukas, 'n bekeerde heiden, wat nie van Joodse oorsprong was nie, en dus nie deur die Joodse geloofsgemeenskap opgeneem is nie, het sy tuiste in die Christendom gevind. Lukas wou hierdie redding en die gemeenskap van die heiliges wat hy beleef het, aan ander kommunikeer. Hy wou hulle versterk in hulle geloof in die opgestane Heiland – die Messias wat die Jode verwag het, maar toe nie herken het nie.

- **Eksegese**

Stein (1992:609-610) en Culpepper (1995:476) verdeel Luk 24:13-35 in vier onderafdelings:

- Die ontmoeting: Luk 24:13-16
- Die gesprek op pad: Luk 24:17-27
- Die Emmaus-maaltyd: Luk 24:28-32
- Die terugkeer na Jerusalem: Luk 24:33-35

Met die woorde και ιδου, wat “en kyk” beteken, (Louw & Nida, 1988:812) word ’n nuwe episode in die perikoop ingelui en verskuif die aandag van Petrus (in vers 12) wat vol verwondering huis toe is oor wat hy gesien het, na die twee (onbekende dissipels - Franklin, 2001:958) wat na die Paasfees huis toe gaan (Culpepper, 1995:476). Die feit dat dit twee mense is wat die verskyning van Jesus beleef het, en nie net een persoon se beskrywing nie, kan ’n sekere legitimiteit aan die verhaal gee (Nolland, 1993:1200). Hierdie twee dissipels het die Christelike pad vaarwel geroep omdat die Christus nie aan hulle verwagtings voldoen het nie (Karris, 2006:57, Anon., 2005c:1).

Die twee dissipels was op pad na ’n dorpie (εις κωμην) met die naam Emmaus. Daar heers onsekerheid oor presies waar die dorpie was, alhoewel verskillende wetenskaplikes al verskillende moontlikhede oorweeg het. Die dorpie was sestig stadiums (σταδιους ξηκοντα) van Jerusalem af. Die afstand van ’n stadium was ongeveer 192 meter – die afstand van die destydse ovaalvormige “atletiekbaan” (Louw & Nida, 1988:90). Die afstand was met ander woorde 11.52 kilometer van Jerusalem af. Daar is ander vertalings wat die moontlikheid van 160 stadiums noem, wat sou impliseer dat Emmaus ongeveer 30 kilometer van Jerusalem sou wees (Nielsen, 1983:248). Die feit dat die twee dissipels nog dieselfde aand na Jerusalem teruggekeer het, laat die navorser kies vir die 60 stadiums. Balch (2003:1158) noem ook dat Emmaus naby was, maar buite Jerusalem. Dit het alles gebeur op dieselfde dag (εν αυτη τη ημερα), met ander woorde, dieselfde dag as waaroor vers 1 handel. Dit is die Sondag waarop Jesus Christus uit die dood uit opgestaan het. Hulle het

onderweg met mekaar gepraat oor alles wat die vorige paar dae in Jerusalem gebeur het – die gevangening, veroordeling en kruisiging van hulle hoop, Jesus Christus. Vers 15 begin met dieselfde woorde as vers 4 (και εγενετο), toe die engéle aan die vroue verskyn het. Die twee dissipels het geloop en gesels toe Jesus aan hulle verskyn het. Letterlik staan daar dat Jesus self (και αυτος ιησους) “in hulle loop en praat” verskyn het (εν τω ομιλειν αυτους και συζητειν). Hierdie praat noem Balch (2003:1158) ’n “*positive dispute – an effort to interpret Jesus’s words and deeds*”. Hy het nadergekóm (εγγισας)(Louw & Nida, 1988:192) en saam met hulle geloop (συνεπορευετο). Louw en Nida (1988:201) vertaal die woord met “*to travel together with*”. Dit word gestel in die imperfektum (onvoltooide verlede tyd) om die voortgaande handeling aan te dui (Nielsen, 1983:249). Hulle oë is egter daarvan weerhou om Jesus te herken.

Nolland (1993:1207) meen in sy kommentaar dat die feit dat die twee Emmausgangers nie vir Jesus kon sien nie, te wyte was aan ’n verblindings-effek van die Satan.

’n Tweede moontlikheid word deur Adam Clarke (2005:2) genoem wanneer hy na Markus 16:12 verwys: “*Daarna het Jesus met ’n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn (εφανερωθη εν ετερα μορφη) terwyl hulle op pad was na die platteland toe.*” (NAV). Hy meen dat daar geen misterieuse verblinding was nie, maar dat Christus ’n ander liggaamlike vorm aangeneem het sodat hulle Hom nie sou herken nie.

Stein (1992:610) sê dat God hulle weerhou het om Jesus Christus te herken: “*The passive ‘were kept from recognizing’ is a divine passive*” (vergelyk ook Anon., 2005c:1). Dit het gebeur sodat Jesus die geleentheid kon hê om die Skrif aan hulle te verduidelik en, nadat hulle die ware kennis van die Skrif aangaande die Messias ontvang het, dan Sy identiteit aan hulle te openbaar tot getuienis vir die wêreld.

Navorsers wil egter saamstem met Franklin (2001:958) as hy sê: “*To ask how someone can walk 7 miles without recognizing... is to misread the nature of Luke’s story, which is told, not so much as to describe a past encounter, as to show how the eucharistic meals of his church unite them to the living presence of the risen Lord*”.

Die aandag van die verhaal word vervolgens toegespits op die Vreemdeling wat die pad saam met hulle loop en letterlik aan hulle die vraag stel: Wat is die woorde (οι λογοι ουτοι) wat julle met mekaar uitruil terwyl julle loop? Hulle het toe met somber, treurige, moedelose gesigte gaan staan - σκυθρωποι εν εσταθησαν (Louw & Nida, 1988:215,319) - 'n absolute verbasing oor dit wat hulle uit die vreemdeling se mond hoor.

Kleopas (die afkorting van Κλεοπατρος), die broer van Josef (Anon., 2005c:1) vra toe of die reisiger dan die enigste vreemdeling in Jerusalem is wat nie weet wat gedurende daardie tyd daar gebeur het nie. Clarke (2005:2) is van mening dat die ander persoon Lukas was. Hy grond dit op uitlatings deur antieke en moderne geleerdes. Die ironie is dat hulle vraag impliseer dat Jesus die enigste een is wat nie weet van die verskriklike gebeure die afgelope tyd in Jerusalem nie, terwyl Jesus juis die enigste een is wat presies ten opsigte van inhoud en betekenis weet wat die afgelope paar dae daar gebeur het (Balch, 2003:1158). Hy is juis die Een wat die gebeure binne die soteriologie en die eskatologie van die Koninkryk van God verstaan.

Die Vreemdeling wil hulle egter laat praat en vra hulle met een (Griekse) woord: Watter dinge (ποια)? En dan antwoord hulle die Vreemdeling: *“Die dinge in verband met Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk; en hoe ons priesterhoofde en die lede van ons Raad Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom gekruisig het”* (NAV). Nie die Romeine of Joodse volk was skuldig aan Sy dood nie, maar (αρχιερεις και οι αρχοντες ημων) die priesterhoofde en hulle regeerders, die Joodse Raad. Kleopas was baie gewillig om die verhaal van Jesus aan die vreemdeling te vertel (Anon., 2005c:3).

Hulle het so gehoop (ημεις δε ηλπιζομεν) dat dit Hy is wat Israel sou verlos – dit was die rede vir hulle droefheid (Anon., 2005c:3). Die "hoop" staan geskryf in die imperfektum wat 'n voortgaande handeling aandui. Volgens Nielsen (1983:251) is die werkwoorde in die sin só geskryf dat die verwagting van die Emmausgangers of al verby is, of nog aanwesig kan wees. Hul Messiaans-godsdienslike verwagting van Jesus Christus het egter op politieke, militêre en sosiale terrein gelê en hulle het dus

'n meer politieke as 'n godsdienstige begrip gehad van hoe Christus Israel sou verlos (Stein, 1992:611).

Die Emmausgangers noem verder dat dit nou boonop die derde dag is (τριτην ταυτην ημεραν) vandat die dinge gebeur het. Nielsen (1983:252) meen dat dit 'n Joodse opvatting was dat die siel van 'n mens yir drie dae swewende is in die hoop dat die ontslapene se liggaam sal opstaan, maar dat die siel die liggaam daarna permanent verlaat. Dit is hoekom Marta in Joh 11:39 geen hoop gehad het dat Lasarus sou opstaan nie, want dit was alreeds die vierde dag (κυριε ηδη οζει τεταρταιος γαρ εστιν). Aan die ander kant spreek die woorde die hoop uit van 'n vae herinnering dat Jesus gesê het dat iets na drie dae sou gebeur.

Stein (1992:611) is egter van mening dat die begrip τριτην ταυτην ημεραν nie 'n sinspeling is op die Joodse gedagte dat die siel die liggaam op die vierde dag verlaat nie. Daar word volgens hom geensins daarop gesinspeel nie en die nie-Joodse lesers vir wie Lukas geskryf het, sou waarskynlik nie hierdie gedagte geken, verstaan of ondersteun het nie. Hy sê dat dit eerder 'n verwysing was na die beloftes van Jesus se opstanding soos genoem in Luk 9:22, 13:32 en 18:33.

In vv. 22 tot 24 word die verhaal afgerond met die verwysing na die besoeke van "sommige van ons vroue" (γυναικες τινες εξ ημων) aan die graf. Niemand het Jesus in die graf gesien nie en die engele het self gesê dat Hy lewe, maar nogtans glo hulle dit nie (Anon., 2005c:4). Daar is weer eens 'n stuk ironie: hulle was verward omdat Petrus nie vir Jesus gesien het nie; maar hulle sien nou vir Jesus en verstaan nog steeds nie die Goddelike plan dat Hy moes ly, sterwe en uit die dood opstaan sodat die mensdom gered kan word nie (Culpepper, 1995:478).

Noudat die kern van die hele verhaal so duidelik deur die twee dissipels gestel is, neem Jesus weer in die gesprek oor. Hy sê vir hulle: ω ανοητοι και βραδεις τη καρδια του πιστευειν. Letterlik: "Julle dwase wat stadig is om in die hart te glo". Nielsen (1983:253) is van mening dat die "traag van hart" die "dwaas" beskryf. Die hart word gesien as die sentrum waaruit alle keuses in die lewe gemaak word. Jesus verwyt hulle dus dat hulle so 'n eng gefokusde siening van die Messias het, dat hulle nie oop is vir iets anders buite hulle verwagtingspatroon nie – daarom is hulle dwaas.

Vers 26 spreek van die verlossingsplan wat God met die wêreld het. In vers 27 verduidelik Christus hierdie verlossingsplan van God en dan begin hy by Moses en al die profete en al die Skrifuitsprake wat op Hom van toepassing is, en lê dit vir hulle uit (Balch, 2003:1158).

Toe hulle naby die dorpie kom het hy gemaak (προσεποιετο) of hy verder wou gaan. Προσεποιετο is die aoristus van προσποιεω – "die indruk wek, die skyn wek" (Louw en Nida, 1988:511). Die twee dissipels het egter by hom aangehou: παρεβιασαντο – letterlik: "anders gedwing" (Louw & Nida, 1988:422) om by hulle oor te bly want dit was al amper aand en die dag was al verby. Jesus het toe ingegaan om by hulle oor te bly. Teologies demonstreer Jesus hiermee dat Hy Hom nooit op mense afdwing nie. Geloof moet 'n spontane en vrywillige keuse wees as reaksie op God se genade (Culpepper, 1995:479).

Dieselfde woorde van verse 4 en 15 word nou weer hier gebruik om die sin in te lui: και εγενετο – dit skep 'n verwagting dat daar nou weer iets dramaties gaan gebeur. Toe Jesus aan tafel is neem Hy, wat die gas is, die werk van die gasheer oor: Hy neem die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. (λαβων τον αρτον ευλογησεν και κλασας επεδidou αυτοις.) Hierdie vier handeling was Jesus se "handtekening" wat die dissipels sou herken by verskeie geleenthede waar Jesus die brood gebreek het (Balch, 2003:1158; Culpepper, 1995:480). Dieselfde handeling van Jesus word gevind by die instelling van die Nagmaal, en ook waar die skare met die twee vissies en vyf brode gevoed is (Stein, 1992:613). Nielsen (1983:259) is van mening dat hier nie verwys word na 'n Nagmaalsviering nie, alhoewel daar baie direkte parallelle is. Die breek van die brood wys dat die lydende Messias wat die brood gebreek het, dieselfde is as die opgestane Messias, wat ook die brood breek. So is Hy die Brood van die Lewe – vir die skare van vyf duisend, vir die dissipels rondom die Nagmaalstafel, maar ook vir elke gelowige.

Uit Jesus se optrede en handeling, herken hulle toe vir Jesus – hulle oë is geopen (αυτων δε διηνοιχθησαν οι οφθαλμοι). Die werkwoordsvorm is in die aoristus passief – om moontlik aan te dui dat God hulle oë geopen het net soos hy hulle oë gesluit het

om nie die opgestane Heiland te herken nie. Daarna het Hy weer verdwyn net soos hy langs die pad verskyn het.

Vers 32 vorm as'tware die afsluiting van hul gesprek met Jesus, al was Hy nie meer fisies by hulle teenwoordig nie (Balch, 2003:1159).

Hulle het só gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos. Hulle hele hart was hierop gerig. Maar die beeld wat hulle van die Messias gehad het en wat die Skrif (volgens hulle) oor die Messias gesê het, was so ver verwyderd van die waarheid dat Jesus self moes kom en die Skrifte aan hulle uitleë.

Dan gaan die twee dissipels dadelik terug Jerusalem toe: αὐτῆ τῆ ὥρᾱ – letterlik: "in dieselfde uur". Hulle moes eenvoudig net teruggaan na Jerusalem en die goeie nuus gaan vertel (Nolland, 1993:1209). Daar het hulle die elf en die ander mense gekry en toe sê hulle aan die Emmausgangers: "*Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!*" (NAV). Daarna kon die Emmausgangers weer aan hulle vertel wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.

- **Basisteoretiese perspektiewe**

Op menslike vlak was die Joodse leiers verantwoordelik vir die dood van Jesus. Maar tog moet Jesus se dood verstaan word as deur God bepaal, omdat Hy net die heerlikheid kon binnegaan as Hy die beker geledig het en die dood oorwin het. Jesus se dood was daarom nie 'n tragiese ongeluk nie, maar was volgens die Bybel 'n Goddelike noodsaaklikheid en noodwendigheid. Jesus se dood was egter nie die einde nie, want die graf was leeg. Die engele het verklaar dat Hy leef, die Emmausgangers het Hom gesien en so ook Simon (Stein, 1992:614). Hy het ook by verskillende geleenthede aan baie ander mense verskyn en aan hulle baie dinge oor die Koninkryk van God gelear (vgl Hand 1:3). Wanneer 'n bejaarde dus 'n kind aan die dood afstaan, kan hy/sy ook weet dat die dood nie die einde van die volwasse kind se lewe beteken nie. Omdat Christus opgestaan het sal elkeen wat in Hom glo ook opstaan, die Ewige Lewe in, saam met Hom. Christus het met Sy opstanding die dood oorwin.

Die dorpie Emmaus was 'n klein en onbelangrike dorpie – soveel so dat sy ligging vandag heeltemal onbekend is. Emmaus kon die dissipels se tuisdorp gewees het, of hulle kon vir besigheid daarheen gegaan het - of dit kon 'n plek wees waarheen hulle gegaan het om te ontsnap aan die verskriklike dinge wat die vorige paar dae in Jerusalem gebeur het (Culpepper, 1995:482). Culpepper (1995:482) haal Frederick Buechner aan wat Emmaus interpreteer as die plek waarheen gelowiges gaan om van hul traumatiese gebeure te ontsnap – 'n kroeg, 'n filmvertoning, 'n erediens, waar hulle ookal hulle hande in die lug kan gooi en sê: “Wat maak alles tog saak... ons kan niks daaraan verander nie!” En die opgestane Heiland ontmoet hulle op hulle pad na hul Emmaus... in die alledaagse plekke en belewenisse van gelowiges se lewe, waarheen gelowiges terugtrek wanneer die lewe net te veel word. Wanneer die bejaarde ouer sy of haar volwasse kind aan die dood moet afstaan, is Christus daar op hul Emmauspad om die brood saam met hulle te breek en hulle te vertroos.

Kleopas en die ander dissipel het aan tafel uitgevind dat hulle reisgenoot die opgestane Messias was. Hulle het nie die heilige oomblik van verskyning en herkenning beplan toe Jesus saam met hulle begin loop het nie, maar toe hulle hul brood deel met die vreemdeling, het hulle Hom herken as die opgestane Christus. In 'n sekere sin is die verhaal van die Emmausgangers 'n korrektief op die verhaal van die ryk man en Lasarus. In hierdie gelykenis het die ryk man elke dag fees gevier, en nooit die arm man Lasarus raakgesien of aan hom brood gegee nie. Die verskil tussen die twee verhale is dit wat aan die tafel gebeur. Kleopas en sy vriend deel hul brood met 'n vreemdeling en ontdek dat hulle saam met die opgestane Here eet. Wat kon die ryk man nie ontdek het as hy sy oorvloed brood met Lasarus gedeel het nie? (Culpepper. 1995a:482).

Die Paasfeesgebeure wat hier beskryf word, moet nie beperk wees tot Paasfees nie, maar moet oorspoel na die res van die gelowiges se lewe. Die vroue kon nie die engele terugroep nie. Die Emmausgangers kon nie weer die Messias langs die pad raakloop nie. Maar dit het nie saak gemaak nie – die lewe sou vir hulle nooit weer dieselfde wees nie. Indien gelowiges die opgestane Jesus Christus op hul pad na Emmaus ontmoet, sal hul lewe ook nooit weer dieselfde wees nie. Met elke nagmaal breek die Messias weer die brood, en weet die elke gelowige: dit was ook vir diegene wat 'n volwasse kind aan die dood moes afstaan.

In die pastoraat aan ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, moet die begeleier of pastor die Woord van die Here as uitgangspunt neem en nie net hul benadering baseer op maatskaplik en sielkundige uitgangspunte nie. Daarom is dit krities belangrik dat die Woord van die Here die vertrekpunt in die pastoraat sal wees.

Die volgende Skrifgedeeltes is gekies op grond van parallels met die dood van 'n volwasse kind, of die oorwinning oor die dood. Die teksgedeeltes dui ook iets aan van die gebrokenheid van 'n ouer wanneer sy/haar volwasse kind sou sterf.

- Gen 37:31-36: Die beweerde dood van Josef – 'n onnatuurlike dood wat deur wilde diere veroorsaak is.
- 2 Sam 18:19-19:8a: Die dood van Dawid se Seun Absalom – 'n kind is dood tydens 'n geweldsgevolle oorlogsituasie.
- Luk 7:11-17: Die opwekking van 'n weduwee van Nain se seun.
- Luk 24:13-35: Jesus Christus se oorwinning oor die dood: die verhaal van die Emmausgangers – die perspektiewe wat Sy oorwinning vir alle mense open: ook vir bejaardes wat hul volwasse kinders aan die dood afstaan.

### 2.5.1 Menslike aspekte

- Die dood van 'n volwasse kind is 'n onbeskryflike trauma waardeur 'n ouer gaan. Daar is min situasies wat so hardverskeurend is as om 'n kind aan die dood af te staan.
- Ouers sal bereid wees om enigiets te doen indien hulle die dood van hulle kind kan keer. Ouers sal selfs bereid wees om in hul plek te sterf indien dit moontlik sou kon wees.
- Die leefwyse en optrede van kinders voor hulle dood, verander niks aan die intensiteit van die trauma van die ouers nie.

- Ouers leer dikwels om liefde aan kinders te betoon as dit te laat is. Na hulle dood wil ouers graag die liefde vir die kinders gee wat hulle nooit in die lewe gegee het nie
- Kinders erf emosioneel baie van hul ouers en volg in hul optrede dikwels die optrede van hul ouers na – positief en negatief.
- In die lig van God se Woord en met die leiding van die Heilige Gees is daar altyd hoop op emosionele genesing vir elke ouer wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het.
- Hierdie hoop is slegs gegrond op Jesus Christus wat die dood oorwin het.
- Slegs hierdie hoop wat Christus vir gelowiges kan gee, kan ouers wat kinders verloor het, werklik troos.

### 2.5.2 Goddelike aspekte

- God is altyd daar vir bedroefde ouers in omstandighede waar kinders aan die dood afgestaan word.
- Christus wil hê dat dit emosioneel/geestelik met gelowiges sal goed gaan en dat daar uiteindelik vir hulle genesing sal wees na elke traumatiese ondervinding.
- Christus het baie begrip en medelye met die lyding van bejaarde ouers wat kinders aan die dood afstaan.
- In terme van die Goddelike Voorsienigheid kan elke ouer wat 'n kind aan die dood afstaan, weet dat God alles ten goede sal laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet en wat na Sy voorneme geroep is.
- God wil nie die kwaad nie, maar Hy gebruik dit nogtans om Sy Raadsplan vir gelowiges te dien.
- Jesus se kruisdood was 'n Goddelike beplanning sodat Christene (en hul kinders) gered kan wees en uit die dood kan opstaan.
- Jesus se opstanding uit die dood en oorwinning oor die dood, open vir gelowiges die perspektief van oorwinning: soos wat Christus uit die dood opgewek is, so sal elke gelowige uit die dood opgewek word en na die ewige Vaderhuis gaan waar Christus vir elkeen plek gaan voorberei het.

- God stap die pad sáám na traumatiese gebeure, soos wanneer ouers 'n volwasse kind aan die dood afstaan – God los hulle nooit alleen nie.
- Die troos van die Paasgebeure (Jesus se lyding, dood en oorwinning oor die dood) moet nie net 'n jaarlikse kerklike fees wees nie, maar moet deel van elke Christen se daaglikse lewe wees.

## HOOFSTUK 3

### TEOLOGIESE BASISTEORIE

#### 3.1 INLEIDING

Basisteorieë is fundamentele prakties-teologiese teorieë binne die praktiese teologie en word gevoed deur metateoretiese insigte wat verkry word vanaf interdisiplinêre gesprekke en empiriese ondersoeke (Pieterse, 1993:133). Die term interdisiplinêre gesprekke dui daarop dat daar *interaksie* tussen teologie en die sosiale wetenskappe is. (Van der Ven, 1993:97). Daarom sal 'n basisteorie altyd ontwerp word vanuit die navorser se teologiese perspektief en vanuit die metateoretiese perspektief op die werklikheid wat ondersoek word (Pieterse, 1993:133).

In terme van die model van Zerfass (soos bespreek in hoofstuk 2) vorm hierdie hoofstuk deel van die basisteoretiese afdeling van hierdie studie. Die fokus in hierdie hoofstuk is dan ook gerig op pastoraal-teologiese bydraes in die literatuur met betrekking tot bejaardes wat kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het. Tesame met die perspektiewe vanuit die eksegetiese afdeling gaan die gevolgtrekkings van hierdie hoofstuk uiteindelik 'n belangrike bydrae lewer met betrekking tot die formulering van 'n nuwe praktyk-teoretiese model.

Die oorwinning wat Christus met sy opstanding oor die dood behaal het, word aanvaar as die vertrekpunt van hierdie teologiese basisteorie. Dit word veral weerspieël in 1 Kor 15:54-57 waar Paulus sê:

"En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike bekleed is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: '*Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.*' 'Dood, waar is jou oorwinning? ... ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.'" (BYBEL, 1983:232)  
(Navorser se kursivering).

Hierdie oorwinning van Jesus Christus stel die gelowige oer uiteindelik in staat om ook die trauma gekoppel aan die dood van hulle volwasse kind te verwerk/oorwin deur die krag van die Heilige Gees.

### 3.2 DOEL VAN DIE TEOLOGIESE BASISTEORIE

Die tema van hierdie studie is: Pastorale berading aan bejaardes na die trauma van die onnatuurlike dood van 'n volwasse kind. Die sentrale teologiese argument handel oor die feit dat genoemde bejaardes tot emosionele en geestelike genesing begelei kan word met behulp van pastorale riglyne. Die vraag wat in hierdie hoofstuk hanteer word, is vervolgens: **Watter perspektiewe bied die teologiese basisteorie (aansluitend by die resultate van die eksegesi van die vorige hoofstuk) wat bevorderlik kan wees vir die emosionele en geestelike genesing van genoemde bejaardes?**

Om hierdie doel te bereik word daar, nadat daar 'n paar begrippe nader omskryf is, aan die volgende elemente aandag gegee:

- Pastorale berading
  - Die Pastor
  - Skrifgebruik
  - Gebed
- Die helende proses
  - Stadiums van die rouproses, terapeutiese fases en benaderings
  - Moontlike blokkasies betreffende die rouproses
  - Moontlike emosionele probleme tydens die rouproses
    - Depressie
    - Vergifnis
    - Herinneringe
    - Eensaamheid
    - Vrees
    - Emosionele pyn
    - Die keuse vir gesondwording

- Riglyne vir pastorale hulp
- Vernuwende geestelike lewe

### 3.3 PASTORALE BERADING

Die dood van 'n (volwasse) kind is een van die moeilikste werklikhede wat 'n ouer ooit kan beleef – geen mens kan homself ten volle daarop voorberei nie. Ouers en gesinne het al dikwels na so 'n sterfgeval hulle geloof betwyfel of God blameer vir hulle kind wat dood is. Gekompliseerde rou is dan heel dikwels een van die tipiese gevolge van so 'n onafgehandelde proses.

Die pastor wat betrokke is by so 'n gesin kan en moet gevolglik 'n baie belangrike rol speel ten einde te verhoed dat die rouproses op so 'n wyse ontspoor. Die ouers moet voorts begelei word om met die hulp van die Heilige Gees en met normale en ongekompliseerde rou (*grief*), tot aanvaarding van hulle kind se dood te kom (U.S. Department of Health and Human Sources, 2006:1).

Die veld van pastorale sorg, of pastorale berading, oorvleuel tot 'n sekere mate al die ander teologiese dissiplines (Campbell, 1981:xii). Pastorale sorg kan dus nie sonder die inspraak van die ander teologiese dissiplines bedryf word nie en daar sal gevolglik ook met betrekking tot die proses van rouberaad kennis geneem moet word van moontlike belangrike insette vanuit hierdie ander teologiese dissiplines.

Verder is dit ook so dat die "wetenskap van die mens", spesifiek die sielkunde en sosiologie, gedurende die afgelope paar dekades geweldig gegroei het in terme van kennis en insig betreffende hulpverlening ten opsigte van interpersoonlike en intrapersoonlike spanning en probleme. Dit het daartoe gelei dat navorsers binne hierdie dissiplines normaalweg oor 'n veel meer gesofistikeerde psigologiese en sosiologiese siening betreffende sosiale interaksie, hulp en intervensie beskik, as wat die geval is met die gemiddelde pastor.

Teen hierdie agtergrond bestaan die versoeking nou dat die pastor die (Bybelse) kennis van die verlede as in 'n mate as irrelevant met betrekking tot die huidige krisis

situasie beskou. Sommige pastorale beraders het gevolglik so toegerus geraak met die psigodinamiese insigte en beradingsmodelle dat daar slegs sydelings na die Christelike teologiese benadering en Bybelse hulp verwys word. Daarteen moet gewaak word (Campbell, 1981:1). Johnson *et al.* (2000:245) meen ook dat terapie nie slegs 'n psigologiese benadering of net 'n godsdienstige benadering moet wees nie aangesien hulpverlening oor die algemeen bevorder word deur die uiteindelijke verstaan van die menslike natuur in sy totaliteit.

Daarom sê Louw (1982:1) dat pastoraat baie meer behels as net herstel of genesing van mense. Pastoraat is omvattend; dit is meer as blote terapie. Die pastor moet ook Skriftuurlike gegewens verdiskonteer aangesien dit in die pastoraat gaan om 'n kommunikasiegebeure waarin die pastor bemiddelend met die hulp van die Bemiddelaar (die Heilige Gees) in die naam van die Middelaar (Jesus Christus) moet optree. Wanneer die pastoraat 'n bemiddellende funksie het en onlosmaaklik aan die werk van die Heilige Gees gekoppel is, beteken dit dat die pastoraat wesenlik paraklese of trooshulp beoog. Pastoraat - as paraklese - is wesenlik oorwinningsorg. Heitink (1983:33) sluit hierby aan as hy konstateer dat pastoraat gesondmaking, bystand, begeleiding en versoening behels.

### 3.3.1 Die pastor

Minirth en Meier (1994:13) gee die volgende treffende beskrywing van die pastor wat nie net pastoraat as 'n beroep beskou nie, maar dit as roeping aanvaar:

*"... I counsel many individuals from that mass of humanity; I have come to understand the repressed fears, insecurities, and anger within many of them, sometimes even hidden behind smiling faces. I understand and I empathize. In fact, I not only empathize, I hurt for them deep within."*

Daarom sê Heitink (1983:83) dat die amp van die pastor is geleë in die woord 'diakonia'. Die amp wil Hom verteenwoordig, wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Joh 13:15). Die pastor is in die eerste plek pastor op grond van sy roeping en nie soseer op grond van sy deskundigheid nie.

Daar is geen ander beroep waar persoonlike eksistensie en amp meer ineengevleg is nie. Omdat die pastoraat egter so sterk gefokus is op die geestelike dimensie van die lewe, sal die pastor van tyd tot tyd moet reflekteer met betrekking tot sy eie spiritualiteit. Wanneer die pastor nie in sy verskillende lewensfasies geïntegreerd lewe nie, kom daar spanning tussen sy persoon, amp en geloof.

Die drie bestaansmodi naamlik pastor wees, gelowige wees en mens wees, werk voortdurend op mekaar in, stimuleer mekaar en blokkeer mekaar selfs ook somtyds. Dan is dit ook so dat eksterne faktore van teologiese en maatskaplike aard ook 'n invloed op sy beroep en menswees kan uitoefen. Hy moet 'n *custos traditionis* wees - iemand wat die geheimenisse van God bewaar en oordra (Heitink, 1983: 82,85).

### 3.3.2 Skrifgebruik

Wanneer Paulus aan Timoteus twee van sy drie Pastorale Briewe rig, dan wys hy hom op die inspirasie van die Skrif in 2 Tim 3:16-17:

“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.” (Bybel. 1983)

Daarom meen De Klerk en Van Rensburg (2005:4) tereg dat die Bybel God se Woord in mensetaal is. Wanneer Eybers (1978:v) skryf oor die ontstaan, inhoud en boodskap van die “geskrifte” in die Hebreeuse Kanon dan word die reeks ook tereg “Gods Woord in Mensetaal” genoem.

De Klerk en Van Rensburg (2005:3) sê ook dat hierdie woord van God in mensetaal, uitgelê, verklaar en toegepas kan word, veral op grond van die belofte van die verligting deur die Heilige Gees. Hulle sê voorts dat die Heilige Gees die Een is wat hierdie Woord oopmaak, verstaanbaar maak en wat God se woorde op die harte van die gelowiges oorskryf. Hierdie aspek dien as 'n kardinale vertrekpunt met betrekking tot die pastorale begeleiding van die getraumatiseerde gesin waar 'n volwasse kind

gesterf het. In hierdie verband is ook Heitink (1977:135) se perspektief besonder van toepassing wanneer hy sê dat dit in die pastoraat gaan om 'n helpende verhouding wat afspeel in die lig van die evangelie. Hy sê selfs dat die pastor, en die een wat pastoraat ontvang, hul verhouding beleef in die lig van die Evangelie - die Woord van God omvang en deurdrenk dus alle pastorale werk.

Minter (2008:1) sluit aan by bovermelde standpunte wanneer hy konstateer dat die Pastorale Wysheid van die Bybel in harmonie is met die meeste effektiewe beginsels van die moderne psigologie. Volgens haar is die pastorale kennis van die Woord afkomstig van God self, wat wysheid geskep het (Spr 2:6, Ps 111:10). Die Bybel sê dat God LIEFDE is (1 Joh 4:8,16) en dat Hy die gelowige moed gee en bemoedig (2 Kor 1:3-4) en die gebroekenes van hart genees (Ps 147:3). Sy sê voorts:

*“You could think of the Almighty God as your perfect Counsellor and Psychiatrist. He sees and understands your heart and the mind perfectly because He made you, and most importantly He loves you and cares about you”* (Minter, 2008:1).

Die Bybel is vol gedeeltes wat handel oor gesinne wat rou beleef. Rut1:3-21 en Ps 23:4 is sulke gedeeltes (Hoy, 1998:3). Die pastor kan hierby aansluit deur aan die ouers die vertroosting van die Woord te gee.

### 3.3.3 Gebed

Seamands (1988:7) sê dat tyd en medikasie nie alle emosionele wonde heel nie. Vir sommige pynlike emosionele belewenisse is daar volgens hom 'n spesiale manier van geestelike- of gebedsterapie nodig. Dit sluit in:

- 'n Tydperk van berading en voorbereiding.
- 'n Sessie van diep, helende gebed waarin die persoon alles voor die Here bely en erken en om genesing vra.
- 'n Tydperk van leer hoe om 'n nuwe manier van dink en doen aan te kweek.

Seamands (1988:7) se benadering is een van verskeie pastorale benaderings en terapeute moet sensitief wees om te weet wanneer om hiërdie metode te gebruik. Gebedsgenesing is nie 'n vinnige heling vir elke probleem nie. Dit is ook nie 'n vinnige antwoord vir elke persoon nie. Dit is egter oor die algemeen besonder effektief met betrekking tot onverwerkte emosionele pyn uit die verlede. Een moontlike aanduiding hiervan kan wees gedagtes of drome waarin die oorspronklike pynlike herinneringe telkens herhaal word. In sulke gevalle kan Seamands se benadering rondom gebedsgenesing dan sinvol toegepas word (Seamands, 1988:7).

In gebedsgenesing is daar sekere rigtingwysers wat gevolg moet word sodat die persoon genees kan word. In hierdie verband gee Richardson (2005:44) die volgende praktiese rigtingwysers:

- Rigtingwyser 1: Leer om die teenwoordigheid van God en sy stem te hoor.
- Rigtingwyser 2: Vervang beelde en herinneringe oor God en mense wat uit pas is met beelde wat gesond en vernuwend is.
- Rigtingwyser 3: Verwerp onegte identiteit - die persoon moet sy egte identiteit bepaal en erken.
- Rigtingwyser 4: Die persoon moet die wortel van die emosionele pyn identifiseer en nie slegs fokus op die simptome bo die oppervlakte nie.
- Rigtingwyser 5: Gebruik sakramente wat God gegee het as hulp tot genesing
- Rigtingswyser 6: Leef na buite - genesing wat diensbaarheid bekragtig is egte genesing.

Afgesien van spesifieke gebedsterapie, moet gebed in elk geval deel van die pastorale sorg wees. Die pastor kan vir die emosioneel verwonde persoon bid of hulle motiveer en onderrig hoe om uiteindelik self te kan bid vir genesing. Hulle hoop moet in Jesus Christus wees. In hierdie verband stel Hoy (1998:2) dit soos volg:

*“Facing the loss with God's help, placing our hope in Christ, our Saviour and experiencing the feelings and work of grief, promotes healing.”*

### 3.4 DIE HELENDE PROSES

Die rouproses impliseer dat 'n geliefde verloor is en die ouers die permanente skeiding in die gesig staar.

Tydens die aanvanklike fases van berading moet daar 'n emosionele katarsis plaasvind waar die ouers toestemming gegee word om te rou en te huil. Hierin moet die pastor die ouers bystaan.

Namate die terapie vorder moet die klem verskuif word na die implikasies van die verlies asook die faktore van die verlede wat hierdie rouproses kan beïnvloed. Daar moet in hierdie opsig byvoorbeeld gekyk word na verhoudings in die verlede, hoe verliese in die verlede hanteer is, die omstandighede rondom die dood asook die ouers se gevoelens rondom 'n toekomstige lewe sonder hierdie volwasse kind (Tesik, 2008:1).

In die laaste fase van die terapie, waarin die aanpassing sonder die oorledene plaasvind, gaan dit oor meer as net die aanvaarding van die verlies. Dit behels ook verandering in lewenstyl en optrede asook die moontlike verandering en aanvaarding van 'n nuwe rol binne die gesin en familie (Cook & Dworkin, 1992:3). In hierdie verband moet die pastor waak teen 'n rigiede rouprogram waarmee gewerk word, want dit kan die indruk by die ouers skep dat die diepte van hulle pyn-belewenis en verlies nie verstaan word nie en dat die terapeutiese program belangriker is. Die pastor moet gevolglik sy program aanpas by die beradene en sy omstandighede.

Tesik (2008:1) noem ook in haar artikel "*Why we grieve differently,*" dat God elke mens anders en uniek gemaak het en dat nie twee mense op dieselfde wyse rou oor 'n geliefde wat dood is nie. Indien die pastor nie hierdie Godgegewe uniekheid erken nie, kan daar baie maklik vertraagde rou of gekompliseerde rou intree.

#### 3.4.1 Stadiums van die rouproses en terapeutiese fases/benadering

Daar word vervolgens aandag gegee aan enkele verskillende benaderings tot die hantering en begeleiding van die rouproses.

Cook en Dworkin (1992:4) bied die volgende praktiese riglyne aan as deel van hulle model:

- Rou is 'n normale en baie natuurlike belewenis, maar ook 'n traumatiese en emosionele reaksie op die verlies van iets of iemand met wie die persoon 'n sterk emosionele band gehad het.
- Die reaksie op so 'n verlies is nie eenvormig nie en elke individu hanteer dit op 'n ander wyse.
- Die belewenis van rou vind gelyktydig op twee vlakke plaas: intrapsigies en interpersoonlik.
- Rou word in 'n breë sosiale konteks beleef.
- In sy benadering is dit vir die pastor belangrik om in ag te neem hoe die betrokke ouerpaar se persoonlikhede is, hul manier van verlieshantering, ondersteuningstelsels en kulturele agtergrond.
- Die tyd en wyse van terapeutiese intervensie moet deur die ouers se behoefte bepaal word en nie deur 'n rigiede program nie.
- Die rol van die pastor is onder andere ook dié van 'n opvoeder, fasiliteerder, ondersteuner en motiveerder tot 'n gesonde en effektiewe aanvaarding.
- Die kwaliteit van die verhouding tussen die pastor en die ouerpaar is krities vir optimale groei. In hierdie opsig moet die pastor 'n anker wees vir die ouerpaar wat psigologiese ewilibrum verloor het. Daar moet in hierdie proses dan ook wedersydse respek en vertroue wees.
- Persoonlike karaktertrekke en neigings van die pastor sal die terapeutiese proses of verhinder of bespoedig - daarom moet die pastor voortdurend ingestel wees op introspeksie betreffende sy persoonlike kwessies en ervarings aangaande die dood en betekenisvolle verliese.

Worden (1982:22) se vier treurtake dien ook as 'n praktiese riglyn vir die rouproses. Die Link Counselling Centre (2008:1) asook Hoy (1998:1) se benaderings is in ooreenstemming hiermee:

- Aanvaar die realiteit van die verlies.
- Beleef die pyn van die rou.

- Pas aan by 'n omgewing waarin die oorledene nie meer bestaan nie.
- Onttrek emosionele energie uit die verhouding met die oorledene en herinvesteer dit in ander verhoudings.

Kübler-Ross (1970:66) het oorspronklik die vyf bekende stadiums van die rouproses geïdentifiseer, te wete:

- Ontkenning.
- Onderhandeling.
- Woede.
- Depressie.
- Aanvaarding.

Hemfelt *et al.* (2003:217-236) noem die volgende ses fases van die rouproses. Hulle het Kübler-Ross se vyf fases geneem en dan 'n sesde, nl hartseer, bygevoeg. Dit is gebaseer op die ervaring met pasiënte binne die Minirth-Meier klinieke in die VSA oor die afgelope dertig jaar:

- Skok en ontkenning.
- Woede (na buite).
- Depressie (woede na binne).
- Onderhandeling en magie.
- Hartseer.
- Vergifnis, resoluie en aanvaarding.

Die Link Counselling Centre (2008:1) voeg nog 'n fase by tussen die onderhandeling fase en die depressie fase en noem dit die skuldfase - veral waar ouers se kinders selfmoord gepleeg het. Hulle worstel dikwels met die vraag: "Kon ons nie iets gedoen het om dit te verhoed nie?"

Vanuit bovermelde pastorale modelle stel navorser dan die volgende voorlopige gekombineerde model voor vir pastorale begeleiding deur die rouproses:

- Skok en ontkenning.
- Aanvaar die realiteit van die verlies.
- Woede (na buite).
- Neerslagtigheid/depressie (woede na binne).
- Skuldfase (in gevalle van selfmoord).
- Onderhandeling.
- Egte rou en hartseer – beleef die pyn van die rou.
- Vergifnis, berusting en aanvaarding.
- Pas aan by 'n omgewing waarin die oorledene nie meer bestaan nie.
- Onttrek emosionele energie uit die verhouding met die oorledene en herinvesteer dit in ander verhoudings.

Dit is belangrik dat die ouers wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het, besef en weet dat hulle deur hierdie fases in die rouproses sal gaan. Dit sal ook vir hulle 'n verligting wees om te weet dat hulle reaksies nie abnormaal is nie, maar dat hierdie fases deel is van normale en gesonde rou. Hoy (1998:1) noem ook dat mense dikwels in sulke situasies voel dat hulle abnormaal is en ondersteuningsgroepe kan baie vir bedroefde ouers in hierdie verband beteken. In sulke groepe kan bedroefde ouers dan identifiseer met ander wat dieselfde beleef (Legacy, 2008:1). Die volgende gedig stel dit baie treffend:

*Grieving is as natural as  
Crying when you are hurt,  
Sleeping when you are tired,  
Eating when you are hungry, or  
Sneezing when your nose itches.  
It is nature's way of healing a broken heart  
(Anon, 2008a:1).*

### 3.4.2 Onvermoë om te vorder

Dit gebeur dikwels dat 'n ouer wat 'n kind aan die dood afgestaan het by een fase vassteek en nie verder op die pad van rou kan vorder nie. Hoy (1998:1) sê treffend: "*The only way out of grief is through*". Daarom moet die persoon deur die betrokke stadium begelei word ten einde die rouproses af te handel.

In hierdie proses kan die volgende stappe, soos voorgestel deur Meier *et al.* (1999:121-137), bydra om die onafgehandelde proses weer op koers te kry:

- Die persoon moet sy lewensverhaal analiseer.
- Hy moet die parallel tussen sy lewensverhaal en sy huidige situasie ontdek.
- Hy moet besluit in watter deel van die rouproses hy vasgeval het.
  - Indien aspekte rondom ontkenning geïdentifiseer word, moet die persoon begelei word ten einde te ontdek dat hy niks aan die realiteit kan doen nie - dit het gebeur.
  - Wat moontlike onderhandelingsstrategieë betref, moet die persoon beseft dat hy nie met God kan onderhandel ten einde die situasie om te draai nie.
  - Indien daar sterk emosies van woede na vore kom moet die persoon beseft dat hy kwaad is vir iemand vir wie hy eintlik nie kwaad moet wees nie. Hy moet gevolglik begelei word na 'n punt waar hy alle wraak aan God kan oorgee.
  - Indien woede in die vorm van depressie na binne manifesteer kan dit tot uiting kom deur skuldgevoelens, kwade gevoelens teenoor homself ten opsigte van die gebeure van die verlede. Indien dit die geval is, moet die persoon ook in hierdie opsig pastoraal begelei word ten einde verligting te kry. Daar moet ook duidelik onderskei word tussen rou en depressie, en tussen depressie wat medikasie benodig en depressie wat sal verbeter soos die rouproses vorder.
  - Egte rou: Die persoon moet die geleentheid gebruik en aangemoedig word om regtig hartseer te wees oor die gebeure wat plaasgevind het en ten volle uiting te gee aan alle onderdrukte emosies.

Meier *et al.* (1999:144) stel die volgende stappe voor ten einde iemand te help wat moontlik bly vassteek het by die ontkenningfase van rou:

- Die persoon moet die trauma wat hy ontken verbaal en ook in 'n brief of opstel verwoord.
- Hy moet identifiseer hoekom dit vir hom moeilik was om die trauma te aanvaar en dit verbaliseer asook neerskryf.
- Hy moet duidelik uitwys dat sy redes om die tragedie nie te aanvaar nie, vals was.
- Die persoon moet aangemoedig word om ook faktore buite homself wat moontlik 'n rol kon speel, in gedagte te hou.
- Hy moet op kaartjies die Bybelversies neerskryf wat hom gerus stel en wat bevestig dat dit wat die tragedie hom laat glo het, vals is.

Meier *et al.* (1999:149) stel die volgende stappe voor ten einde iemand te help wat moontlik bly vassteek het by die woedefase (woede na buite):

Die persoon moet die woede erken:

- Hy moet die tragedie in goddelike perspektief plaas. Die persoon moet beseft dat God steeds vir hom 'n werk en doel op aarde het. Die Here veroordeel nie die persoon vir die woede nie.
- Hy moet beseft dat hy 'n sondaar is. Wanneer die sondaar vergifnis vra, vergewe die Here hom.
- Die persoon moet vergifnis betoon, sy wraak laat vaar en dit vir die Here gee, en dan met sy lewe voortgaan.
- Hy moet goed doen aan die persoon vir wie hy kwaad is.
- Hy moet dan die volgende stap hanteer, te wete woede wat moontlik na binne kon gekeer het.

Meier *et al.* (1999:154) stel die volgende stappe voor ten einde iemand te help wat moontlik bly vassteek het by die woede wat na binne geprojekteer is (depressie):

- Die persoon moet sy woede verbaliseer.
- Hy moet die gevoelens wat hy ervaar, ondersoek en evalueer.
- Hy moet besluit of dit wat gebeur het, sy fout was – indien nie, moet hy nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.
- Wanneer dit wel sy fout was wat aanleiding gegee het tot die krisis, moet die persoon homself vergewe. Hy moet ook verskoning vra en regmaak waar dit nodig is.
- Hy moet dan ophou om homself te straf.

Minirth en Meier (1994:151) gee ook die volgende riglyne van woedehantering:

- Maak eers seker of die woede vanpas of onvanpas is. Woede is onvanpas as dit selfsugtig is, gaan oor die persoon se perfeksionisme of oor sy wantroue van ander mense.
- As dit "geregverdig" was, moet dit in die lig van Matt 5:21-24 en Ef 4:26 teen slapenstyd geverbaliseer wees en moet die skuldige persone vergewe wees. Laat alle wraak aan God oor.

### **3.4.3 Moontlike emosionele probleme**

#### **3.4.3.1 Depressie**

Depressie is 'n ernstige siekte wat enige persoon kan tref. Dit is 'n toestand van intense neerslagtigheid (bedruktheid, terneergedruktheid) wat in die reël gepaard gaan met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite. Dit kom òf as simptome by verskeie psigopatologiese toestande òf as sindroom voor. As die woord "depressie" gebruik word, word daarmee dus 'n mediese toestand bedoel. Dit is 'n siekte wat goed gedokumenteer is in die mediese literatuur. Die toestand moet aan bepaalde vaste kriteria voldoen voor dit as depressie gediagnoseer word. Verskillende tipes depressie

is endogene depressie, reaktiewe depressie, unipolêre depressie, bipolêre depressie, anaklitiese depressie, geagiteerde depressie, gemaskeerde depressie en major depressie (Dreyer, 2006:1).

New (2008:1) beskryf hierdie toestand soos volg:

*“Depression doesn't mean a person is “crazy.” Depression (and the suffering that goes with it) is a real and recognized medical problem. Just as things can go wrong in all other organs of the body, things can go wrong in the most important organ of all: the brain.”*

Volgens Meier *et al.* (2005:22) kan tot 80% van die wêreld se bevolking 'n onderliggende genetiese geneigdheid tot psigologiese probleme hê. Ongeveer 20 persent van die wêreldbevolking benodig psigiatriese medikasie om depressie en ander psigologiese probleme te oorkom. Ongeveer 121 miljoen mense ly huidig wêreldwyd aan depressie (Anon, 2008b:2).

Daar is nie net 'n enkele oorsaak vir depressie nie. Die oorsake van depressie is eerder 'n kombinasie van genetiese, biochemiese, omgewings en psigologiese faktore. Trauma, verlies van 'n geliefde, 'n moeilike verhouding of enige ander spanningsvolle situasie, mag snellerfaktore vir depressie wees (National Institution of Mental Health, 2008:2).

Volgens Meier *et al.* (2005:22) is dit krities belangrik dat die vlakke van die volgende brein amine normaal en gebalanseerd sal wees ten einde goeie geestesgesondheid te verseker:

- **Serotonien** – dit bevorder innerlike vreugde, liefde en vrede, goeie slaappatrone en voldoende energie deur die dag.
- **Dopamien** – dit bevorder geestesgesondheid – 'n gebrek hieraan lei tot paranoïese gedrag of grootheidswaan.
- **Gamma-amino-butiriensuur** – bevorder gebalanseerde spanningsvlakke, verhoed abnormale skaamtegevoelens, verlig fisiese pyn, help spier ontspanning en neem hunkering na dwelms en drank weg.

- **Norepinefrien** – dien as 'n tipe brein "adrenalin." Dit bevorder energie en motivering, help seksuele vervulling aan en help met verstandelike fokus.

Tagtig persent van die liggaam se serotonien word vervaardig wanneer die mens slaap en twintig persent word verkry deur oefening. Serotonien is ook die brein se neurochemiese stof wat die meeste daartoe bydra dat die mens lekker kan slaap. Onderdrukte woede kan ook lei tot slaaploosheid. Hoe meer depressief 'n mens is en hoe minder serotonien die brein afskei hoe aakliker is die drome soms (Meier, *et al.* 2005:37). Dit is 'n bose kringloop wat herhaal word.

Indien mense woede verkeerd hanteer, dit onderdruk of andere en hulself nie kan vergewe nie, lei dit volgens Meier *et al.* (2005:37) tot dalende vlakke van die serotonien in die brein. Om te kompenseer, onttrek die brein dan serotonien uit die sinaps verbindings wat dan weer tot gevolg het dat die persoon depressief, angstig, moeg en teruggetrokke raak en ook al meer worstel met slaapversteurings (word byvoorbeeld drie-uur in die oggend wakker). Tendense soos hierdie bevestig dan maar net telkens die feit dat woede, onvergewensgesindheid en wrokke teenoor andere die belangrikste oorsaak van depressie is.

Teen hierdie agtergrond is dit noodsaaklik dat die depressiewe persoon moet streef na 'n gesonde geestelike verhouding met God en sy naaste aangesien dit in talle gevalle blyk deel van die uiteindelijke genesingsproses te wees. Om lief te hê en om liefde te ontvang saam met 'n skoon gewete, sal meer goed doen as enige iets anders om 'n persoon geestelik te laat herstel en die heropbou van die nodige neurochemikalieë maksimaal te stimuleer vir 'n gesonde geestelike en emosionele lewe (Meier *et al.*, 2005:37).

Seamands (1995:129) gee die volgende praktiese riglyne betreffende die hantering van depressie wat nie geneties van aard is, of gekoppel is aan 'n chemiese wanbalans in die brein nie):

- Vermy dit om alleen te wees.
- Soek hulp by ander.
- Sing en maak musiek.
- Loof die Here en dank Hom.

- Leun baie sterk op die krag van God se Woord.
- Rus met vertroue in die teenwoordigheid van God se Gees.

Minirth en Meier (1994:134-149) spel sewe basiese riglyne vir 'n gelukkige lewe uit. Die aanwesigheid of afwesigheid van hierdie riglyne staan volgens hulle in direkte korrelasie met die aanwesigheid of afwesigheid van depressie. Die voorveronderstelling is egter dat die persoon bowe al in 'n lewende verhouding met Christus moet leef. Die riglyne is die volgende:

- Verbind jouself daaglik tot die doel om met jou lewe eer aan God se bring.
- Bestudeer elke dag God se woord en implementeer dit in jou lewe.
- Hanteer elke dag se wrokke daardie selfde dag.
- Spandeer elke week tyd om pret te hê met een of twee ander Christene van dieselfde geslag.
- Doen elke dag dinge wat vir jou persoonlike satisfaksie gee.
- Doen elke week iets mooi en lekker vir 'n spesiale persoon.

## • **Medikasie**

Wanneer sekere van die neurochemikalieë soos serotonien, dopamien, gamma-aminobutiriensuur of norepinefrien uit balans is, kan depressie voorkom. Anti-depressante verbeter die simptome van depressie deurdat dit die verskillende neurochemikalieë weer in balans bring. Omdat verskillende tipes van antidepressante verskillend op die liggaam inwerk, kan die newe-effekte van die verskillende medikasie baie verskil. Die hoofgroepe anti-depressante is die volgende:

- **NDRI**s (Norepinephrine and Dopamine Reuptake Inhibitors)
- **SSRI**s (Selective Serotonin Reuptake Inhibitors)
- **SNRI**s (Serotonin and Norepinephrine Reuptake Inhibitors) (Anon, 2008c:1)

Indien daar 'n geestelike of emosionele probleem is (veral rondom woede en aggressie) waaruit soveel spanning en stres voortspruit dat dit 'n drastiese daling van serotonienvlakke tot gevolg het, is daar net een oplossing en dit is dat die emosionele krisis hanteer moet word – dit lei gewoonlik dan weer tot normalisering van die serotonien-

vlakke. Waar dit egter gaan oor 'n genetiese probleem of 'n chemiese wanbalans sal medikasie noodsaaklik wees vir die herstel van die serotonien-vlakke. Dit is ongelukkig so dat alhoewel talle persone verplig is om medikasie te neem vir 'n skildklierprobleem of iets soos suikersiekte, of 'n hoofpynpil moet drink of antibiotika vir 'n infeksie, hulle nogtans geneig is om weg te skram wanneer dit kom by psigiatriese medisyne met betrekking tot een of ander wanbalans of versteuring – heel dikwels hou dit ook verband met kulturele vooropgestelde idees (Meier, *et al.*, 2005:23,173,10).

Dit is verder insiggewend om te verneem dat meer as 80% van die pasiënte wat deur die Meier Klinieke bedien word, herstel danksy goeie Christen gebaseerde berading, sonder medikasie. Daar is egter nog steeds 20% wat medikasie benodig. Op hierdie wyse is daar uiteindelik 'n groot persentasie van mense wat 'n groot bydrae lewer binne God se Koninkryk alhoewel hulle op medikasie is. Die medikasie stel hulle dus in staat om geleenthede waardeur God se liefde en sorg na andere kan deurvloei ten volle te benut (Meier *et al.*, 2003:13).

Aan die ander kant ontnem medikasie mense dikwels van hulle verantwoordelikheid. Hulle is soms van mening dat omdat hulle medikasie gebruik, hulle nie self verantwoordelikheid hoef te neem vir die soeke na langtermynoplossings met betrekking tot hul emosionele probleme wat die gevolg van depressie is nie (Meier, *et al.*, 2005:7). Dan word konflik nie opgelos nie en jarelange wrokke bly staan terwyl die oorsaak van die depressie nooit werklik aangespreek word nie.

In hierdie opsig beskryf Leick en Davidson-Nielsen (1991:4) hierdie probleem met betrekking tot die persoon wat deur 'n normale roufase gaan maar dan as gevolg van onvanpaste medikasie nie werklik doeltreffend met die proses kan vorder nie:

*"All too frequently the grieving person develops symptoms that are treated with tranquillizers and anti-depressants, but rarely this kind of treatment is required. There is a need for crisis help, grief help, crisis intervention and grief therapy in order to mobilize the mourner's healthy forces when the grief process is being blocked or is so difficult that the process is turning pathological"*

Meier *et al.* (2005:177) gebruik die volgende komiese voorbeeld om 'n holistiese beeld in die gebruik van medikasie en geestelike hulp te promoveer: As jy op die see verdwaal is in 'n roeiboot en jy sien ewe skielik land, wat gaan jy doen? Gaan jy bid of gaan jy roei? Die korrekte Bybelse antwoord is om albei te doen.

- **Depressie teenoor rou**

Omdat rou en depressie dikwels met mekaar verwar word, sê Minirth en Meier (1994:25) dat die emosionele pyn van depressie baie meer is as die van byvoorbeeld 'n fisies gebreekte been. Depressie se pyn hou baie langer aan. Die groot verskil tussen depressie en (ongekompliseerde) rou, is dat rou beter word en depressie word erger.

*"Grief reactions are NOT clinical depressions. However, a grief reaction can turn into a clinical depression if a person is weighed down for too long a period in the second or third stage (woede na binne of woede na buite)" (Minirth & Meier, 1994:37).*

Omdat rou 'n baie natuurlike en normale reaksie is wanneer 'n persoon iets of iemand belangrik verloor moet, dit in die pastoraat duidelik van depressie onderskei word.

### 3.4.3.2 Vergifnis

Vergifnis speel 'n baie belangrike rol in die proses van emosionele genesing nadat 'n ouer 'n kind aan die dood afgestaan het. Indien iemand anders verantwoordelik was vir die kind se dood is die rol van vergifnis soveel meer dringend. Volgens Meier *et al.* (2005:25) speel onvergewensgesindheid en bitterheid 'n belangrike rol met betrekking tot die ontwikkeling van depressie in sekere gevalle.

Seamands (1995:31-33) sluit hierby aan met sy standpunt dat daar gewoonlik twee oorsake is vir emosionele probleme:

- Onvermoë om vergifnis te ontvang.
- Onvermoë om vergifnis te gee.

Seamands (1995:31-33) gebruik ook die volgende vrae as moontlike aanduiding dat daar iemand is wat vergewe moet word:

- Die wroktoets. Is daar iemand teen wie die persoon 'n wrok koester?
- Die verantwoordelikheidstoets. Die persoon moet homself afvra of hy iemand anders die skuld gee vir die omstandighede waarin hy homself tans bevind.
- Die herinnering- en die reaksietoets. Die vraag wat die persoon homself moet afvra, is of hy op 'n bepaalde (negatiewe) manier teenoor iemand optree omdat die persoon hom aan iemand anders laat dink.

Die persoon moet vervolgens begelei word tot die besef dat God die seer van die verlede wil omdraai en verander.

In 'n latere boek het Seamands (2003:132-143) die volgende stappe as deel van die vergifnisproses geformuleer:

- Voorbereiding tot die proses:
  - Kyk die feite in die oë.
  - Ervaar die seer.
  - Konfronteer die haat.
- Die hart van die proses van vergifnis:
  - Dra die seer.
  - Die persoon moet dié wat hom seergemaak het vryspreek en laat gaan (*release*).
- Toekomstige perspektief:
  - Die persoon moet verantwoordelikheid vir homself aanvaar.
  - Hy moet 'n begeerte hê om die verhouding te herstel.

### 3.4.3.3. Herinnering

Herinneringe (van verlies) is nie net beelde van die verlede nie maar dit is ook huidige belewenisse van hierdie persoon in sy totaliteit. Herinneringe skep 'n patroon wat maak

dat mense daardie dinge herhaal wat hulle beleef het. Herinneringe laat mense verkeerde maniere aanleer om in verhoudings met ander te staan en leer hulle verkeerde maniere om die lewe en verliese te hanteer. Hierdie herinnerings word hulle persoonlikheid – hulle manier van lewe – en daarvoor moet genesing gevind word (Seamands, 1988:7).

#### 3.4.3.4 Eensaamheid

Kupferman (2008:1) maak die volgende stelling oor eensaamheid:

*“One of the most painful aspects of the grieving process can be loneliness. We expect to be sad, but the feeling of loneliness has its own and subtly different kind of pain. It can be unsettling and scary.”*

Na die sterwe van iemand wat belangrik was (soos 'n volwasse kind) kan die bejaarde dikwels, soos hierbo beskryf, in eensaamheid verval. Meier *et al.* (2005:81,89) meen dat eensaamheid epidemies is in ons Westerse kultuur, al is dit so dat die getal mense op aarde daaglik vermeerder. Eensaamheid het so 'n groot impak op die mens dat dit beskryf word as 'n psigologiese tronk wat uiteindelik tot iets soos depressie kan lei. 'n Geneties-biochemiese wanbalans kan ook tot gevoelens van vereensaming lei.

Die pastor het hier 'n baie belangrike rol te vervul om die eensame terug te plaas in 'n eerlike omgee-omgewing sodat egte interpersoonlike gemeenskap die gevoelens van eensaamheid by die bejaarde ouer(s) kan teëwerk. Kupferman (2008:2) noem ook dat die beste raad teen eensaamheid is om die waarheid en realiteit van die eensaamheid en afgeslotenheid aan ander te vertel. In hierdie opsig kan die pastor 'n belangrike fasiliteringsrol vervul.

#### 3.4.3.5 Vrees

Onopgeloste vrese speel 'n baie belangrike rol in die lewens van die moderne mens. Vrees het verskillende oorsake en dit skep verskillende assosiasies by verskillende mense.

Vrees kan ook 'n obsessie tot gevolg hê wat dikwels op gedwonge verkeerde optredes uitloop. 'n Swak selfbeeld of minderwaardigheidsgevoel kan byvoorbeeld lei tot 'n obsessie oor liefde as gevolg van 'n diep innerlike vrees vir verwerping – dit kan dan weer by geleentheid uitloop op kompulsiewe seksuele verhoudings. As die vrees vir verwerping egter aangespreek word, sal die obsessie oor liefde verdwyn en sal die probleem rondom kompulsiewe seksuele verhoudings uiteindelik ook op die agtergrond skuif (Arterburn, *et al.*, 2002:49).

As 'n vrou byvoorbeeld sou vrees dat haar man ook iets gaan oorkom na haar volwasse seun se dood, kan dit lei tot 'n obsessie oor die man se veiligheid en kan sy oorbeskermend teenoor hom begin optree. Die gevolg kan wees dat sy hom nooit wil laat bestuur of alleen êrens heen laat gaan nie, wat hom weer kan laat dink sy vertrou hom nie.

Christene het egter die vermoë om vrees om te swaai in hoop, en daarin moet die pastor die ouerpaar begelei (Arterburn, *et al.*, 2002:9). In hierdie verband maak Paulus dié belangrike uitspraak in 2 Tim 1:7:

"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing." (Ou Vert: "*God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie...*")

God belowe nie dat die gelowige verhef is bo vreesaanjaende situasies nie (byvoorbeeld die beeld in Matt 14 van die storm op see). Wanneer die gelowige egter insig verkry met betrekking tot die werking en strategie van vrees kan hy beheer daarvoor kry – dit kan dan selfs 'n krag word wat deur hom gebruik word om hoër hoogtes te bereik.

Arterburn *et al.* (2002:26-28) noem ook dat onverwerkte vrees nie maar net met die tyd opklaar nie – om dit te kan oorwin is spesifieke terapie en heling deur die Heilige Gees nodig.

As deel van hierdie proses is sekere spesifieke keuses egter nodig:

- Besluit om soos Christus te word – met sy liefdevolle en dinamiese kwaliteite.
- Dien die Here in alle verhoudings en omstandighede.
- Probeer sover moontlik om onnodige probleemsituasies te vermy.
- Leer en groei uit die krisis van elke dag.

Die volgende riglyne kan help om die vrees te herken en te oorwin:

- Erken die vrees.
- Soek vir alternatiewe in optrede en denke wat vrees kan verminder.
- Bid vir nuwe insigte.

Arterburn *et al.* (2002:26-28) beveel ook die volgende praktiese strategieë aan om vrees te hanteer aan:

- Identifiseer die vrees
- Leer om nie te sê - en ook om die vrees te hanteer om ander teleur te stel of nie in beheer te wees nie.
- Vra professionele hulp om deur onopgeloste probleme te werk.
- Waak teen onnodige vooroordele betreffende medikasie en oorweeg medikasie wat 'n positiewe rol met betrekking tot abnormale vrese kan speel.
- Bou aan die verhouding met God en met ander gelowiges.

#### **3.4.3.6 Emosionele pyn**

Volgens Minirth en Meier (1994:54) is daar drie groot oorsake van emosionele pyn: Lae selfbeeld, eensaamheid en gebrek aan intimiteit met God. Dit is ook die drie basiese behoeftes by die gemiddelde persoon: selfwaarde, intimiteit met ander en intimiteit met God (vgl. Mark 12:29-31).

Seamands (2003:118) sê dat die beeld van Jesus se uitgestrekte arms aan die kruis, 'n radikale alternatief is vir die ontvlugtinge wat talle persone geneig is om te soek met betrekking tot innerlike pyn. Hierdie beeld van Jesus lei mense om hul seer te hanteer eerder as te ontvlug. Seamands (2003:120-126) gee dan die volgende praktiese riglyne vir die hantering van emosionele pyn:

- Breek deur ontkenning - die waarheid sal die persoon vrymaak.
- Herroep die seer herinneringe.
- Woede teen die self: Leer dat woede nie noodwendig negatief is nie en dat 'n behoorlike uitlaatklep daarvoor gekry moet word.
- Erken skuld waar daar verkeerd teenoor ander opgetree is.
- Rou oor verliese.

#### 3.4.3.7 Heling impliseer 'n keuse

Wanneer ouers 'n volwasse kind aan die dood afstaan, is hulle platgeslaan - hulle rou en treur terwyl hulle wonder of dit ooit beter sal gaan. Hulle is oorweldig deur die verlies en die pyn wat somtyds ondraaglik is. Namate hulle deur die rouproses beweeg, beleef hulle aanvanklik net dele van 'n dag as goed, dan later 'n hele goeie dag en later 'n paar goeie dae na mekaar. Hulle kom ook al meer agter dat daar op een of ander manier aanvaarding en genesing begin intree. Na 'n paar jaar kyk hulle terug en sien hoe hulle op die pad van aanvaarding gevorder het en hoeveel genesing plaasgevind het.

God het elke mens geskep met 'n geestelike en emosionele vermoë om gesond te word. As die mens nie daarmee geskep was nie, sou niemand enige emosionele pyn kon oorleef nie (Arterburn, 2005:x) Ware en volkome genesing is nie slegs van toepassing op die fisiese dimensie nie, maar dit gaan uiteindelik ook ten diepste om genesing van die innerlike, die siel. Om hierdie punt te bereik, impliseer egter 'n keuse wat elke bedroefde ouer moet uitoefen!

Arterburn (2005:x) noem tien keuses wat elke mens moet uitoefen ten einde by ware heling uit te kom:

- Maak oop teenoor God, ander mense, 'n pastor, sielkundige, vriend, gemeente, ens.
- Wees eerlik oor jou gevoelens en doen iets daaraan - moet dit nie ontken nie.
- Kies om jouself met die hulp van andere op 'n dieper vlak te evalueer – identifiseer die waarheid oor jouself asook die geheimenisse in jouself.
- Moenie dat die verlede die toekoms beïnvloed nie – kies vir gesondmaking in die toekoms. Rou oor die verlede en laat dit agter.
- Kry en aanvaar hulp vir die seer plekke in jou lewe – jy kan dit nie altyd self regmaak nie.
- Kies om jou lewe en jou situasie te aanvaar en dit te sien as 'n uitdaging. Moet nie jou situasie ontken asof dit nie bestaan nie.
- Leer om te vergewe, al verdien mense dit nie.
- Moenie in vrees lewe nie – kies om waarlik te leef! Leer ook om te waag sonder om bang te wees om weer seer te kry.
- Dien die Here en jou medemens met jou gawes, al is jou probleme nog nie alles finaal opgelos nie.
- Kies om te volhard al voel dit by tye asof niks verander nie, asof God nie reageer nie en asof daar steeds talle vrae sonder antwoorde is. Weet dat daar steeds hoop is en moenie opgee nie. Gee jouself en jou toekoms ten volle in God se hande oor.

#### 3.4.4 Riglyne vir pastorale hulp

As deel van die pastorale begeleiding van die bejaarde ouerpaar wat 'n volwasse kind aan die dood afgegee het, kan dit waardevol wees indien die pastor ook kennis neem van sekere waardevolle insette deur die narratiewe terapie.

Binne die narratiewe benadering word baie sterk gefokus op die slagoffer se ervarings en ondervindinge en nie soseer dié van die berader nie. Daar word ook gepoog om weg te beweeg vanaf probleem-stories na oplossing- en moontlikheid-stories. (Gale, *et al.*, 2003:82-83). Die toepassing van beginsels soos hierdie kan 'n baie belangrike rol vervul in die proses waardeur die bedroefde ouers uiteindelik tot emosionele genesing begelei word.

Hierdie benadering eksploiteer, interpreteer en vorm 'n konsensus tussen die betrokke familielede, die pastor en die ouerpaar. Die vertel van die storie word beïnvloed deur die narrator (die ouerpaar) en die pastor. Daar is geen definisie van wat belangrik is en wat nie. Die keuse van wat om te vertel, lê by die ouerpaar – alhoewel die pastor dit deur vrae of reaksies in 'n rigting kan stuur.

Die U.S. Departement of Health and Human Sources (2006:1) gee die volgende praktiese riglyne vir beraders asook metodes wat ouers kan help in die rouproses:

Riglyne aan beraders:

- Besoek die gesin so gou as moontlik – binne 24 uur na die afsterwe.
- Betoon empatie en voel saam met hulle hul verlies.
- Moedig die ouers aan om die detail van die dood van hul kind met jou asook met die dokter te bespreek, om so 'n korrekte verstaan van die situasie te verkry.
- Bespreek die begrafnisopsies met die ouers. Verseker hulle dat dit aangepas kan word volgens hulle behoeftes.
- Bied aan dat hulle kan deelneem aan die seremonie tydens die begrafnis.
- Skep 'n atmosfeer van geduld – hulle moet nie geforseer word om oorhaastige besluite te neem nie.
- Help die ouers om ook vir ander van hulle verlies te vertel. Kondig dit in die kerk af en plaas 'n berig in die koerant.
- Laat die gemeente, met die toestemming van die ouers, die ouers bystaan met praktiese aspekte soos byvoorbeeld die voorsiening van kos, omsien na kinders, ens. Hoor by die gesin waarmee hulle gemaklik sal wees.
- Moedig die ouers aan om oor hulle “soort” verlies te praat en gee vir hulle materiaal om te lees.
- Motiveer die ouers om 'n ondersteuningsgroep by te woon van andere wat al deur dieselfde krisis is.
- Nasorg is belangrik, veral omdat die samelewing nie altyd die verlies (van volwasse kinders van bejaarde ouers) erken as net so traumaties soos die dood van kleiner kinders nie.

- Onthou verjaarsdae en ander belangrike dae wat telkens die sneller tot negatiewe herinneringe kan wees.
- Verwys die ouers na intensiewe berading as dit nodig sou wees.

Dieselfde departement noem ook metodes wat ouers kan help in die rouproses:

- Skryf 'n joernaal van gebeure.
- Bring tyd in gebed deur.
- Skryf gedigte.
- Skryf kort stories.
- Praat in die openbaar oor die dood.
- Woon groepsessies by.
- Beoefen een of ander kreatiewe kunsvorm wat uitdrukking aan emosies gee.
- Beoefen gesonde eetgewoontes.

Daar word verder ook 'n aantal algemene faktore genoem wat gesonde rou kan aanhelp en wat deur die pastor beklemtoon kan word:

- 'n Goeie en gesonde sosiale netwerk.
- Goeie gebalanseerde eetgewoontes.
- Genoegsame vloeistofinname.
- Daaglikse oefening.
- Voldoende daaglikse rus. (U.S. Departement of Health and Human Sources, 2006:1)

### **3.4.5 Vernuwende geestelike lewe**

Een van die uiteindelijke doelwitte van die pastorale begeleiding van bedroefde ouers is geestelike verdieping en 'n meer intieme verhouding met God. In hierdie opsig verwys Arterburn en Stoop (1998:185) na die volgende 'sewe sleutels' wat kan dien tot stimulering van sodanige geestelike groei en vernuwing – dit bevorder ook versoening tussen mens en God:

- Soek die Here en gee jouself aan Hom oor.
- Sien die waarheid.
- Praat die waarheid.
- Neem verantwoordelikheid.
- Rou, vergewe en aanvaar.
- Verander jou lewe.
- Bewaar die geestelike vrug.

### 3.5 GEVOLGTREKKINGS

- Die oorwinning van Jesus Christus stel die gelowige ouer in staat om die dood van hul volwasse kind te oorwin deur die krag van die Heilige Gees.
- Die Skrif en die teologie bied aan bedroefde ouers sinvolle riglyne onderweg na emosionele en geestelike genesing.
- Ouers wat kinders aan die dood afstaan, beleef verlies, droefheid en rou. Rou is 'n natuurlike proses totdat die persoon die dood van 'n geliefde aanvaar het.
- Indien gekompliseerde rou teenwoordig is, is meer as ondersteunende berading nodig.
- Gekompliseerde rou word oor die algemeen gekenmerk deur aspekte soos die volgende: rou vermyding, chroniese rou, vertraagde rou, gemaskeerde rou of psigosomatiese siektes.
- Ongekompliseerde rou en depressie moet van mekaar onderskei word.
- Gekompliseerde rou kan dikwels tot depressie lei.
- Die pastor moet die ouers help om hul geloof in God te behou en so uiteindelik in staat te kan wees om hul verlies deur die krag van die Heilige Gees te aanvaar en te verwerk.
- Dit gaan in die pastoraat om 'n kommunikasiegebeure waarin die pastor, met die hulp van die Bemiddelaar (die Heilige Gees) bemiddelend moet optree en in die naam van die Middelaar (Jesus Christus). Pastoraat, as paraklese, is wesenlik oorwinningsorg.
- Die pastor is pastor eerstens op grond van sy roeping en nie primêr as gevolg van sy deskundigheid nie.

- Dit is baie belangrik vir die pastor om op drie vlakke met die Woord van God besig te wees:
  - As rigsnoer vir sy eie lewe.
  - Die Woord as kennisgewende Bron.
  - Om vanuit sy verhouding met die Here en sy kennis van die Woord, mense teologies te kan begelei tot oorwinningsorg.
- Dit is soms nodig dat gebedsterapie gebruik word.
- Afgesien van die rol van gebed tydens gebedsterapie, moet gebed in elk geval deel van die pastorale sorg wees. Die pastor kan vir die bedroefdes bid, hulle motiveer om self te bid of hulle begelei tot genesing in gebed voor die Here.
- Rou is 'n normale en baie natuurlike belewenis, maar ook 'n traumatiese en emosionele belewenis as gevolg van die verlies van iets of iemand met wie die persoon 'n sterk emosionele band gehad het.
- Navorsers stel die volgende voorlopig as fases van rou voor:
  - Skok en ontkenning.
  - Aanvaar die realiteit van die verlies.
  - Woede (na buite).
  - Neerslagtigheid/depressie (woede na binne).
  - Skuldfase (veral in die gevalle van selfmoord)
  - Onderhandeling.
  - Egte rou en hartseer – beleef die pyn van die rou.
  - Vergifnis, berusting en aanvaarding.
  - Pas aan by 'n omgewing waarin die oorledene nie meer bestaan nie.
  - Onttrek emosionele energie uit die verhouding met die oorledene en her-investeer dit in ander verhoudings.
- Dit gebeur dikwels dat 'n ouer wat 'n kind aan die dood afgestaan het, by 'n spesifieke fase vassteek en nie verder op die pad van rou kan vorder nie. Die persoon moet dan eers deur die betrokke fase begelei word ten einde die rouproses af te handel.
- Indien woede verkeerd hanteer of onderdruk of geïgnoreer word en daar ook 'n sterk mate van bitterheid of wrok aanwesig is, kan dit tot die onttrekking van serotonien uit die sinapsverbindings lei. Die gevolg hiervan kan onder andere dan depressie, angstigheid, moegheid, teruggetrokkenheid en slaapversteurings

wees. In hierdie opsig kan woede, onvergewensgesindheid en wrokke teenoor andere 'n groot negatiewe rol speel met betrekking tot depressie en gevoelens van neerslagtigheid.

- In gevalle waar genetiese faktore 'n rol speel of waar daar 'n chemiese wanbalans in die brein is, is medikasie baie belangrik.
- Dikwels ontnem die gebruik van medikasie mense van hulle gevoel van verantwoordelikheid betreffende sommige van die diepere oorsake van depressie.
- Die groot verskil tussen depressie en (ongekompliseerde) rou, is dat rou mettertyd opklaar terwyl depressie wat nie hanteer word nie geneig is om meer intens te raak.
- Vergifnis speel 'n baie belangrike rol met betrekking tot emosionele genesing waar 'n ouer 'n kind aan die dood afgestaan het. Indien iemand anders verantwoordelik was vir die kind se dood is die rol van vergifnis soveel dringender.
- Herinneringe skep 'n patroon waarbinne persone geneig is om die onverwerkte negatiewe aspekte te herhaal wat hulle beleef het. Dit lei dan soms ook daartoe dat mense verkeerde maniere aanleer om in verhoudings met ander te staan en dit lei dan ook tot verkeerde wyses om die lewe en verliese te hanteer.
- Na die afsterwe van 'n volwasse kind kan die bejaarde ouer dikwels in eensaamheid verval. Die pastor het hier 'n baie belangrike rol te vervul ten einde die eensame terug te plaas in 'n eerlike omgee-omgewing wat bevorderlik is vir heling.
- Onopgeloste vrese speel 'n baie belangrike rol in die lewens van die moderne mens – Christene beskik egter oor die potensiaal om vrees om te swaai in hoop.
- Daar is veral drie groot oorsake van emosionele pyn: Lae selfbeeld, eensaamheid en gebrek aan intimiteit met God. Dit hou ook verband met die drie basiese behoeftes van enige mens: Selfwaarde, intimiteit met ander en intimiteit met God.
- God het elke mens geskep met 'n geestelike en emosionele vermoë om uiteindelik weer te kan herstel na emosionele pyn en verlies – hieronder sou die gemiddelde persoon nie kon oorleef nie.

- Perspektiewe vanuit die narratiewe terapie kan deur die pastor effektief benut word in die begeleiding van bedroefde ouers onderweg na emosionele genesing.

## **AFDELING B: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 4**

#### **EVALUERING VAN DIE BYDRAE DEUR AANGRENSENDE WETENSKAPPE**

##### **4.1 TEORIE**

Die woord "teorie" kan op meer as een manier verstaan word. In die algemeen word teorie bloot gesien as 'n opinie of spekulasie en is dit nie noodwendig gebaseer op feite nie. In die wetenskap word teorie egter gesien as 'n voorgestelde beskrywing, verduideliking of model wat deur eksperimente getoets kan word of deur empiriese observasie afgekeur kan word (Anon, 2006c:1). Daarom is teorie vir enige navorser van onskatbare waarde om die navorsing te laat voldoen aan die grondbeginsels en eise van wetenskaplike navorsing. Neuman (2006:49) is van mening dat daar 'n teorie teenwoordig is in die meeste navorsing.

In die metodologie van hierdie studie, waar ondersoek word hoe die bejaarde (wat 'n volwasse kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het) met behulp van pastorale riglyne begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing, word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:167) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Zerfass se model ondersteun 'n benadering om die praktyk te evalueer, 'n teorie daar te stel, en dit dan weer te meet aan die praktyk. Indien dit 'n positiewe verandering aan die praktyk te weeg kan bring, is dit suksesvol. Die bestaande teorie kan bevestig of gewysig word en die huidige praxis bestendig of verander word (Pieterse, 1993:173).

##### **4.2 METATEORIE**

Overton (2006:1) meen dat metateorie 'n stel reëls, beginsels of narratiewe is wat voorskryf en beskryf wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar as teorie is. Venter (1996:247) verduidelik vanuit 'n teologiese vertrekpunt wat onder metateorie verstaan word:

*“Onder metateorie moet hier verstaan word ’n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek.”*

Sodoende word ’n teologiese basisteorie verhelder. Sonder die integrering van metateoretiese insigte sal die ontwerp van ’n praktykteorie wetenskaplik onvolledig wees. Metateorie kan ook as die teorie van teorieë bekend staan (Overton, 2006:1).

Neuman (2006:111) sê dat daar vier doelstellings is vir so 'n metateorie:

- Om bekendheid met ‘n sekere volume van kennis te demonstreeer asook kredietwaardigheid te vestig.
- Om navorsing uit te wys wat reeds met betrekking tot dieselfde tema gedoen is en dan ook aan te dui hoe die huidige navorsing daarmee saamhang.
- Om beskikbare kennis met betrekking tot die betrokke tema op te som en te integreer.
- Om van andere te leer en nuwe idees te stimuleer.

Ter wille van die konteks van die metateorie word hier kortliks weer verwys na die struktuur van die studie soos in die eerste hoofstuk gemeld. In hierdie hoofstuk sal daar spesifiek gepoog word om deur middel van 'n metateoretiese benadering vas te stel watter perspektiewe die navorsingsresultate van ander hulpwetenskappe met betrekking tot die tema van hierdie navorsing bied. Daar sal dan in 'n volgende hoofstuk deur middel van 'n empiriese ondersoek bepaal word watter vernuwende insigte daar op empiriese terrein met betrekking tot hierdie tema na vore kom. Hierdie metateoretiese perspektiewe, asook die resultate van so 'n empiriese ondersoek, sal dan saam met die basisteoretiese perspektiewe (van die vorige hoofstuk) uiteindelik gebruik word om praktykteoretiese riglyne te formuleer.

### 4.3 DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om te bepaal in watter mate die ander hulpwetenskappe kan bydra tot 'n beter begrip van die bejaarde wat 'n volwasse kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het. Dit sal dan ook uiteraard meer lig werp op die vraag hoe sodanige bejaardes pastoraal begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing.

### 4.4 DEFINISIES

In hierdie metateoretiese hoofstuk word daar van sekere sleutelbegrippe gebruik gemaak wat vervolgens kortliks omskryf en gedefinieer sal word.

#### 4.4.1 Verlies

Rondom die aspek van verlies is daar 'n fisiese sowel as 'n psigiese verlies by die dood van 'n volwasse kind teenwoordig. Die fisiese verlies is die verlies van 'n kind aan die dood, en die psigiese verlies is die verlies van 'n verhouding met iemand baie naby aan jou. 'n Sekondêre verlies kan ook 'n fisiese of psigiese verlies wees wat voortspruit uit die oorspronklike verlies, byvoorbeeld die verlies van 'n toekomstige versorger (fisies) of die verlies van hoop vir die toekoms (psigies) (Rando, 1993:20).

#### 4.4.2 Droefheid

Leed is die belewenis van die psigologiese, sosiale, fisiese en gedragsreaksies op die persepsie van verlies. Leed en droefheid is noodsaaklik, maar nie genoegsaam om die verlies suksesvol te akkommodeer nie - daarvoor is rou nodig (Rando, 1993:22). Die vierde uitgawe van die *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (DSM IV), konstateer dat droefheid 'n stressor is wat relatiewe normale en verwagte ontsteltenis veroorsaak.

*"The focus of clinical attention is a reaction to the death of a loved one.  
The bereaved individual typically regards the depressed mood as*

*"normal" although the person may seek professional help for relief of associated symptoms"* (American Psychiatric Association, 1994:684).

#### **4.4.3 Rou**

Rou is die bewuste en onbewuste proses waartydens die volgende plaasvind: die opheffing van die oorspronklike emosionele bande tussen ouers en die gestorwe kind, die aanvaarding van die verlies, en die aanvaarding van 'n nuwe leefwyse wat sonder die oorledene gelei moet word (Rando, 1993:22).

Freud het in 1917 in 'n artikel die volgende belangrike stelling gemaak: *"Work of mourning is severing attachment to the nonexistent object"* (soos aangehaal deur Freud, 1957:166). Dit gaan dus oor 'n geleidelike losmaking van 'n psigologiese verbondenheid met die oorledene wat nie meer bestaan nie. Dit is dus die emosionele toestand wat ervaar word tydens die proses waarin 'n verlies verwerk word en 'n natuurlike rehabilitasieproses wat 'n helende effek het (Du Toit, 1991:11).

#### **4.5 PROBLEEMSTELLING**

'n Studie oor die rouproses van bejaarde ouers wie se volwasse kinders gesterf het, impliseer dat die verlies van so 'n besondere aard is, dat die probleme en behoeftes wat ouers daardeur ervaar, sodanige studie regverdig. Die veld van die thanatologie kan verskraal aangedui word as die studieveld van die dood en die proses van rou en aanvaarding wat daarmee gepaard gaan.

Niemeyer (2004:489) het aangedui dat daar vanaf 1984, meer as 4000 publikasies die lig gesien het oor onderwerpe in hierdie studierigting. Dit blyk egter, na 'n intensiewe literêre ondersoek, dat daar nog min studies gedoen of navorsing gepubliseer is oor die bejaarde ouer wat 'n volwasse kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het. Die meeste navorsing is gedoen oor ouers wat onvolwasse kinders aan die dood afstaan. Uit Moss (1986:210) se navorsing (1986) blyk dit ook dat daar op daardie stadium in 1986 tog wel navorsing met betrekking tot jong kinders wat gesterf het was, maar dat daar byna geen aandag gegee is aan die dood van volwasse kinders nie. Goodman *et al.* (1996:304) was tien jaar later (1996) van mening dat daar min

studies gedoen is oor die reaksie van bejaardes na die dood van 'n volwasse kind, omdat dit nie die lewensreël is dat die kinders voor die ouers te sterwe kom nie.

Tans blyk dit dat die situasie nie veel verander het sedert Moss en Goodman se navorsing nie. Meer resente navorsers (D'Épinay *et al.*, 2003:266) maak in hierdie verband die volgende stelling:

*"A good deal has been written about the process of bereavement, the causes of morality, and the advent and repercussions of widowhood. The literature is scant, however, on the reactions of older people to the death of a child."*

Die rouproses, by ouers wie se volwasse kinders gesterf het, wyk dramaties af van die normale roupatroon (du Toit, 1991:18). Dit is daarom nodig dat die terapeute die aard van die invloed van die dood van 'n volwasse kind verstaan, sodat die bejaarde ouers sinvol op die pad van herstel begelei kan word (Hocker, 2005:1). Die dood van 'n volwasse kind is vir 'n bejaarde ouer een van die mees traumatiese en hartverskeurende gebeurtenisse wat 'n ouer kan beleef. Ouers kan nooit voorbereid wees op die dood van 'n volwasse kind nie – dit is "*devastating – a pain like no other*" (Murphy *et al.*, 2003:6) en 'n gebeurtenis wat permanente verandering in 'n gesin bring (Hill, 2003:73; Hill, 2002:50; Znoj & Keller, 2002:545; Polatinsky *et al.*, 2000:709; The Compassionate Friends, 2004:1; Anon, 2004:1; U.S. Department of health and human sources, 2006:1; Strydom & Fourie, 1998:389; Malkinson *et al.*, 1999:416).

Greenberg *et al.* (1993:227) meen dat die impak van die dood van 'n gesonde kind op die ouers en familie selfs haas onmeetbaar is – dit is die "*ultimate deprevation*" (Arnold, 1994:40). Aansluitend hierby is Bauer (2006:1) van mening dat die dood van 'n volwasse kind die ergste trauma en verlies is wat 'n ouer kan beleef - 'n verlies wat ongelukkig nie altyd in ons moderne samelewing met die nodige simpatie bejeën word nie.

Euripides het al in 421 v.C. in "*The Suppliant Women*" gesê: "*What greater pain could mortals have than this: to see their children dead before their eyes*"

(Littlewood, 1993:122). Malkinson (*et al.*, 1999:425) haal die Israeliese digter, Yehudah Amichai, aan wat die enorme impak wat die dood van 'n kind op ouers het, baie kru maar raak beskryf as 'n "*verwagte moeder wat 'n dooie fetus in haar dra*". Shakespeare het in die drama *King Lear*, na die dood van die koning se dogter gesê: "*No, no, no life! Why should a dog, a horse, a rat, have life, and thou no breath at all?*" Dit verwoord iets van die absolute radeloosheid en verlies van sin en betekenis wat ouers beleef wanneer hulle 'n kind aan die dood afgestaan het.

In Luk 2:34-35 is daar die volgende toepaslike gedeelte:

“Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: ‘Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.’”  
(Bybel, 1993).

Hierdie eenvoudige, maar tog dramatiese woorde kon nie meer treffend wees in die beskrywing van die effek wat die dood van 'n volwasse kind op 'n ouer het nie (Hocker, 2005:1).

Neugeboren (1976:154) het gesê dat 'n vrou wat haar man verloor 'n weduwee is, 'n man wat sy vrou verloor 'n wewenaar is, 'n kind wat sy ouers verloor 'n weeskind is... maar daar is geen woord of term vir 'n ouer wat 'n kind verloor nie – dit is hoe aangrypend en hartverskeurend die verlies van 'n kind is.

Daarom meen Hubbard (1992:85) dat sommige ouers selfs jare na die kind se dood nog treur oor hulle gestorwe kind. Die dood vernietig nie 'n ouer-kind verhouding nie - maar die ouers se verhouding met die kind termineer eers wanneer die ouers self sterf. Raphael (1983:158) meen ook dat ouerskap 'n psigobiologiese proses is wat slegs eindig by die dood van die ouer. Die kind is dus nie net 'n voortsetting van vlees en bloed nie, maar volgens Freud (soos aangehaal deur Hocker (2005:2) ook 'n psigologiese verlenging van die ouer. In 'n ander artikel sê Hocker (2005:4):

*"Although there is no longer a living attachment between the parent and the deceased child, this does not mean that there is no relationship at all".*

Wanneer ouers oor hul kinders uitgevra word, word die gestorwe kind se naam dikwels ook genoem al is die kind alreeds jare vantevore oorlede (Malkinson, *et al.*, 1999:416). Met verwysing na hierdie selfde aspek sê Seamands (1988:7) dat herinneringe (van volwasse gestorwe kinders) nie slegs prentjies uit die verlede in die brein is nie maar dat dit ook die huidige ervarings van die totale persoon dikteer - gevoelens, houding en optrede.

Al beleef die ouers dit so dat die verhouding tussen hulle en hul gestorwe kind nie vernietig is nie, is dit so dat die ouers voel dat 'n deel van hulself (byvoorbeeld hul toekomsdrome) saam met die kind gesterf het (Anon, 2004:1). As 'n ouer 'n (volwasse) kind verloor, verloor hulle dus nie net 'n kind nie, maar ook alles wat die kind vir die toekoms gesimboliseer het (Hill, 2002:50). As die kind sterf, word nie net sý toekoms vernietig nie, maar ervaar die ouers ook dikwels dat ook hulle geen toekoms meer het nie (White, 2005:1).

'n Volwasse kind, ongeag sy ouderdom, bly vir die ouers 'n kind – die band strek deur volwassenheid (Moss, 2006:1). Hocker (2005:5) haal vir Harriet Schiff aan wat sê:

*"It does not appear to make a difference whether one's child is three, thirteen or thirty if he dies. The emotion in each of us is the same"*

Klich (2006:1) sluit hierby aan en meen dat die pyn om 'n kind te verloor geen ouderdom ken nie – die ouderdom van die kind beïnvloed nie die seer nie.

#### **4.6 OUERS SE REAKSIES**

Wat is ouers se algemene reaksie na die aanhoor van die doodstydning? In 'n studie wat Wheeler (2001:56) gedoen het, wys hy daarop dat daar by die ouers 'n totale onvermoë was om die realiteit van die dood te aanvaar: geweldige emosionele reaksies en 'n pre-okkupasie met die gestorwene.

Ouers se reaksie hou dikwels verband met die wyse waarop die kind gesterf het. Indien die dood van 'n kind doelbewus was of as daar voor die dood verminking ingetree het, sal die dood van die kind vir die ouers nog erger wees (Murphy *et al.*, 2003a:382). Ander verswarende faktore is aspekte soos 'n skielike dood, aanskoue van die dood, die kind se geslag en ouderdom, die ouers se inkomste, huwelikstatus, selfbeeld en self effektiwiteit/doeltreffendheid (*efficacy*) (Murphy *et al.*, 2003c:7).

Faktore wat langdurige emosionele stres vererger, hou gewoonlik verband met die oorsaak van die dood, die karakter van die gestorwe kind, die karakter van die ouers, die ouer-kind verhouding en die ouer se nadoodse omgewing (Murphy *et al.*, 1999:130). Schwab (1996:110) sluit ook hierby aan as hy sê dat diegene wat kinders skielik, sonder 'n voorafwaarskuwing verloor, oor die algemeen meer intense rou beleef.

Barry *et al.* (2002:455) noem dat navorsers 'n sterfte gewoonlik klassifiseer as gewelddadig (wat die ouers se reaksie kan vererger) of nie gewelddadig. Die bedroefdes se ervaring van so 'n gebeure kan egter juis die teenoorgestelde wees. So kan 'n sterfte wat vir navorsers nie gewelddadig is nie, deur die oorlewendes as gewelddadig ervaar word en sal hulle gevolglik meer vatbaar wees vir depressie, post-traumatiese stresversteuring en gekompliseerde trauma.

As deel van hul roumart beleef die meeste ouers depressie, bekommernisse, en negatiwiteit en hul mortaliteitsvlak is hoër. Bedroefde persone ervaar gewoonlik vier tipes wanfunksionering gedurende die eerste jaar van verlies: kognitiewe disorganisasie, erge terneergedruktheid, gesondheidsprobleme en sosiale- en beroepsdisfunksies. (Bonanno & Kaltman, 2001:711,715).

Ouers se reaksie op verskillende wyses van sterfte word vervolgens bespreek. Daar word aandag gegee aan ongelukke, moord, selfmoord, en terminale siektes:

#### **4.6.1 Ongelukke**

As 'n kind in 'n ongeluk sterf voel die ouers dikwels dat hulle dit vir een of ander rede kon verhoed het (Murphy *et al.*, 2003c:8). Sulke ouers ervaar oor die algemeen

aspekte soos verdriet, depressie, wrokkigheid, woede, skuld, selfblaaam, stigma, onvoldoende sosiale netwerkondersteuning, spanning rondom hul rol as ouers en dikwels ook liggaamlike siektes (Murphy *et al.*, 1999:131).

#### **4.6.2 Moord**

As die kind vermoor is, beleef ouers dikwels sekondêre viktimisasie as gevolg van die kriminele regsisteem – die moordsaak word gewoonlik nie deeglik genoeg ondersoek nie, nie vinnig genoeg afgehandel nie of die straf vir die moordenaar is nie bevredigend nie (Murphy *et al.*, 2003c:8). Ouers ervaar terugflitse van die moordtoneel, hulle beleef woede en wraakgedagtes teenoor die moordenaar, frustrasie met die kriminele regsisteem, post traumatiese stresversteuring, angsaanvalle, paniek en depressie (Murphy *et al.*, 1999:131). Ouers wie se kinders vermoor is, toon ook groter tekens van emosionele spanning, presenteer met die laagste vlakke van aanvaarding van die dood en ook die laagste vlakke van huweliksbevrediging indien dit vergelyk word met ouers wat kinders deur 'n ongeluk of aan selfmoord verloor het. (Murphy *et al.*, 2003b:54).

#### **4.6.3 Selfmoord**

Volgens Thomas (2003:1) het die selfmoordgetalle onder adolessente en jong volwassenes vanaf 1952 tot 1995 in die VSA verdriedubbel. Ook in Suid-Afrika neem selfmoord reuse afmetings aan. Volgens Benghiat (2006:1) pleeg daar een persoon elke uur in Suid Afrika selfmoord en gedurende dieselfde tydsbestek is daar 20-40 selfmoordpogings. Statistieke wat deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) uitgereik is, meen dat daar elke 40 sekondes iemand wêreldwyd selfmoord pleeg, met elke drie sekondes 'n poging tot selfmoord. 'n Skokkende feit is dat die hoogste selfmoordsyfer in die ouderdomsgroep 35-44 jaar lê. Dit is dus volwasse persone wat waarskynlik in meeste gevalle nog bejaarde ouers het. In die lig hiervan is Clarke en Wrigley (2004:22) van mening dat die eskalerende selfmoordgetalle psigiatriese siektes by bejaardes kan verhoog.

As die kind selfmoord pleeg, beleef die ouers heel dikwels minder sosiale ondersteuning as gevolg van die stigma wat aan selfmoord kleef (Murphy *et al.*,

2003c:8). Die ouers ervaar verwerping, verlatenheid en is verward - en slegs 'n klein groepie soek professionele hulp (Murphy *et al.*, 1999:131).

Van Dongen (1991:375) meen egter dat die selfmoord van 'n gesinslid 'n diepe omwenteling in die gesin meebring. Belangrike veranderings in emosionele, fisiese, kognitiewe en sosiale funksionering word dikwels deur die oorlewendes ondervind. Barret en Scott (1990:10) sluit hierby aan en toon aan dat die naasbestaandes van selfmoordgevalle meer leedreaksies beleef as naasbestaandes wat geliefdes op 'n ander manier aan die dood afstaan. Hier is veral vier leed- /roureaksies ter sprake:

- *Algemene reaksie*: somatiesse simptome, hoop-loosheid, woede, skuld, verlies van sosiale ondersteuning en selfvernietigende optrede.
- *Reaksie op onnatuurlike dood*: dit kon vermy gewees het - daar is 'n stigma aan, en hulle voel in die steek gelaat.
- *Reaksie op onverwagse dood*: soek 'n verklaring, voel verantwoordelik.
- *Reaksie op selfmoord*: voel verwerp en verleë.

Volgens Barret en Scott (1990:10) is die tydsduur vir die aanvaarding van selfmoord nie vir die naasbestaandes anders as vir oorlewendes van ander sterfgevalle nie. Die tempo van die genesingsproses na 'n geliefde se dood word dus nie net bepaal deur die wyse waarop die persoon gesterf het nie, maar daar is ook ander faktore wat die rouproses en die uitkoms daarvan beïnvloed.

Ellenbogen en Gratton (2001:83-85) is van mening dat alhoewel dit algemeen aanvaar word dat persone wat selfmoord pleeg se gesinslede meer intense rou beleef, daar nie genoegsame getuienis is om dit te bevestig nie. Volgens hulle het navorsing aangetoon dat die familie dikwels voor die selfmoord ook ernstige sielkundige probleme ondervind het. Die gesinslede van persone wat selfmoord pleeg se rou is wel anders of die pad van aanvaarding is soms anders as in die geval van ander sterftes, maar na twee jaar is hierdie verskille minimaal. Hulle navorsing het dus getoon dat daar min bewyse is dat die "selfmoord"-gesinne meer intense rou as ander gesinne beleef. Wat wel waar is, is dat die rouproses moontlik anders verloop. Murphy (*et al.*, 2003c:5) het ook bevind dat daar 4 maande na 'n kind se afsterwe by

9% van ouers selfmoordgedagtes teenwoordig was. Die getal het egter afgeneem na die 12de, 24 ste en 60ste maand, waarna dit feitlik afwesig was. Hiermee het sy die stelling, dat die ouers wie se kinders selfmoord gepleeg het óók geneig is tot selfmoord, verkeerd bewys.

Clarke en Wrigley (2004:220) is weer van mening dat volwasse kinders wat selfmoord gepleeg het, se ouers wel meer geneig is tot selfmoord. Seguin *et al.* (1995:489) huldig dieselfde standpunt wanneer hy verwys na navorsing wat aandui dat ouers van kinders wat selfmoord gepleeg het ses maande na die selfmoord meer depressief was as ouers wie se kinders in ongelukke gesterf het. Dié verskil het egter teen die negende maand verdwyn. Bedroefde ouers van kinders wat selfmoord gepleeg het, neig ook volgens Ness en Pferrer (1990:183) ongetwyfeld tot selfmoord. Rondom hierdie kwessie is daar duidelik dus nog ruimte vir debattering.

Jordan (2001:91-91) sluit by Ellenbogen en Gratton aan deur daarop te wys dat die rou van gesinne oor iemand wat selfmoord gepleeg het in drie opsigte van ander gevalle verskil: die tematiese inhoud van die rou, die sosiale prosesse waardeur die oorlewendes gaan en die impak van die selfmoord op die gesinsisteme. Jordan is van mening dat die rouproses na iemand se selfmoord in só groot mate van ander gevalle verskil dat dit navorsing regverdig sodat gespesialiseerde psigologiese hulp aangebied kan word. Die grootste verskil hou verband met die feit dat die oorlewendes van die selfmoord gevalle in 'n groot mate verantwoordelik gevoel het vir die dood. Die familie van persone wat selfmoord gepleeg het, het ook meer gevoelens van verwerping beleef as gevolg van die oorledene se tipe dood (Bailey *et al.*, 1999:268).

Steven Gutstein (*in* Walsh & McGoldrick, 1991:250) skryf oor die voorkoms van selfmoord en noem dat die volgende 5 kriteria in gedagte gehou moet word om die vlak van gevaar te bepaal wanneer iemand blyk selfmoord te wil pleeg:

- 'n Geskiedenis van selfmoordpogings.
- Die emosionele en gevoelsverhouding tussen die persoon en sy ouers/huisgenote.
- Die kans op sterfte met die spesifieke metode van die beplande selfmoord.

- Die presissie waarmee die selfmoord beplan word.
- Die mate waarin die selfmoorddreigement sy gesinslede affekteer.

Na aanleiding van bogenoemde kan bepaal word of die persoon erns het met die selfmoordpoging.

#### **4.6.4 Terminale siekte**

Vorige studies suggereer dat vooraf kennis van die dood 'n indikator mag wees van gereedheid om die rouproses meer suksesvol te hanteer. Sulke studies het egter in gebreke gebly om vas te stel hoe die bedroefdes se eie gevoelens van gereedheid korreleer met die sielkundige uitkoms na die dood. Barry *et al.* (2002:454) noem voorts in sy studie dat vooraf kennis oor die moontlike dood, dikwels tot gekompliseerde rou en major depressie aanleiding gee. Polatinsky en Esprey (2000:715) het egter aangetoon dat daar wel 'n verband bestaan tussen ouers wat die dood van hulle kinders kon voorsien, en die *verwerking* van die dood. Vooraf kennis van die dood mag dus positiewe verwerking van die dood aanhelp, alhoewel die gevaar van negatiewe sielkundige gevolge wel as gevolg van die vooraf kennis teenwoordig kan wees.

#### **4.7 DIE TIPE DOOD WAT DIE KIND GESTERF HET**

Alhoewel dit gevaarlik is om verskillende verliese met mekaar te vergelyk, is dit net so gevaarlik om die verskillende verliese se unieke dilemmas en die verskil in die oorlewendes se behoeftes, te negeer (Bailey *et al.*, 1999:270).

Selfmoord is die een oorsaak van dood wat die grootste vraag na betekenis en sin van die lewe na vore bring. Indien die enigste kind selfmoord gepleeg het, is die vraag na sin en betekenis nog meer intens. Volgens Wheeler (1994:268) is die drie faktore wat die grootste worsteling rondom die sin van die lewe betreffende die sterwe van 'n volwasse kind tot gevolg kan hê, die volgende: as die kind wat gesterf het die enigste kind was; as daar gelyktydig meer as een kind van die gesin sterf; en as die kind

selfmoord gepleeg het. Li *et al.* (1993:366) toon ook aan dat ouers wat hul enigste kind verloor het, 'n hoër sterftesyfer getoon het as die wat nog kinders gehad het.

Volgens Murphy *et al.* (2003c:6) is moord, selfmoord en motorongelukke verantwoordelik vir 80% van sterftes van persone tussen 15 en 34 jaar in die VSA (Lohan & Murphy, 2001:78; Murphy *et al.*, 2002:204). Daar is gedurende die jaar 2000, 520,000 mense wêreldwyd vermoor, 815,000 het selfmoord gepleeg en 1,200,000 mense het op paaie gesterf (SAPA-AFP, 2006:1). Li *et al.* (1993:366) toon aan dat sulke onverwagse of gewelddadige sterftes oor die algemeen meer stres veroorsaak as natuurlike sterftes. So het bogenoemde studies ook bevind dat die stresvolle en onverwagse dood van 'n kind tot hoër mortaliteit by moeders gelei het.

Daar is oor die algemeen ook 'n verskil in die hoeveelheid, tipe en bron van sosiale ondersteuning, afhangende van die tipe dood wat die kind gesterf het. Ouers wie se kinders byvoorbeeld aan kanker gesterf het, het baie ondersteuning gekry en ouers wie se kinders aan vigs gesterf het, het min ondersteuning gekry (Human, 1993:60). Die oorsaak en omstandighede van die kind se dood dra dus by tot die mate van angst wat die ouers in die verwerking van die dood beleef, en dit dra ook by tot die belewenis van post traumatiese stresversteuring (Murphy *et al.*, 2003c:7).

#### **4.8 DIE (BEDROEFDE) BEJAARDE OUER**

White (2005:1) skryf in 'n artikel, "*Death of a child*", die volgende:

*Bereaved parents come in all ages. It does not appear to make a difference whether one's child is three, thirteen or thirty if he dies. The emotion in each of us are the same. How could it be that a parent outlives a child?"*

Marlene Malan (2006:82) sluit hierby aan:

"Ouers maak nie hulle kinders groot om dood te gaan nie. Maar dit gebeur. Die wat deur hierdie krisis gaan, word gekonfronteer met die grootste afgrond denkbaar: om hul toekoms saam met dié van hulle kind

in 'n graf of 'n nis toe te messel. Hulle soek na sin en vrede nadat hulle kind se weggaan hul emosies in onvrede en hul lewe in chaos gedompel het. En hulle vra oor en oor die pynlikste vraag denkbaar: waar was God toe die diepste liefde van my en uit my – en Sy – beskerming geruk is?"

Greg Hubbard (1992:86), 'n Amerikaanse predikant, het sewe dinge gevind betreffende ouers wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het:

- Dit is algemeen – met ander woorde, dit kom meer mense oor as wat ons dink.
- Die rou is baie intens.
- Die rou hou aan – dit is nie iets wat sommer oornag opklaar nie.
- Ouers verloor iets van hulle toekoms.
- Huweliksdruk verhoog as gevolg van die kind se dood.
- Ouers voel geïsoleer omdat dit hulle beleef dat niemand hulle hartseer verstaan nie.
- Ouers vrees dat hul kind vergeet kan word, en dit is die laaste ding wat die ouer wil hê: dat die gestorwe kind vergeet moet word en soos oud-modiese klere, "weggepak" word.

Namate die bejaarde verouder, word sy/haar lewe heel dikwels beïnvloed deur die verlies van 'n lewensmaat, 'n kardiovaskulêre probleem, 'n beroerte, doofheid, blindheid, Alzheimers of 'n fisiese gebrek soos die breek van 'n been of 'n heup. Die gevolg is gewoonlik die onttrekking vanuit die werksmag indien die bejaarde nie alreeds ophou werk het nie. Die meeste bejaardes se inkomste is ongeveer gehalveer met aftrede en dit veroorsaak uiteraard heelwat probleme. Dit lei dikwels daartoe dat hulle by hul kinders of kleinkinders bly of in 'n tehuis opgeneem word omdat hulle daaglikse en konstante versorging nodig het. Talle bejaardes vrees hierdie gang van sake aangesien hulle die tehuis of versorgingsoord as die laaste tree voor die dood beleef (Morgenstern, 1992:63-71).

Die inwoners van tehuse waar verswakte bejaardes versorg word, kan dikwels beleef dat hulle menswaardigheid aangetas word. Die bejaardes is dikwels verward, depressief, onttrek hulself, toon minder emosie en raak hulpeloos. Talle bejaardes

verkies gevolglik om eerder alleen, of by hul lewensmaat te bly (onafhanklik van ander bejaardes) of êrens waar hulle net op 'n ad hoc basis volgens hulle behoeftes ondersteun kan word (Morgenstern, 1992:63-71).

Volgens De Vries *et al.* (1997:97) worstel bejaardes oor die algemeen met aspekte soos die volgende: 'n stryd om onafhanklikheid (verlies aan kontrole en mag), die hantering van verskillende verliese soos droefheid of rou, verhoudingsprobleme, gesinskwessies en interaksies, liggaamlike probleme, finansiële kwessies, en kwessies rondom die dood. Die volgende emosionele reaksies kom ook dikwels by bedroefde bejaarde ouers voor: moedeloosheid, depersonalisasie, gevoelens van isolasie, gevoelens van doodsangs, woede, skuldgevoelens, angstigheid en depressie.

#### **4.8.1 Verwagting van ouers**

Met die dood van 'n geliefde as een van die primêre traumatiese gebeurtenisse, is die dood van 'n volwasse kind soveel erger, want dit behels 'n onnatuurlike ingrype in die natuurlike beloop van die lewe (De Vries *et al.*, 1997:97). Oor die algemeen is mense meer voorbereid op die moontlike dood van 'n huweliksmaat as van 'n kind (Hocker, 2005:2).

Met 'n volwasse kind se dood word die historiese rolle omgeruil en dit kontrasteer met mense se vanselfsprekende aanvaarding dat ouers normaalweg voor hul kinders sterf (Wheeler, 2001:53; Hill, 2003:74; Littlewood, 1993:122). Kinders is nie veronderstel om eerste dood te gaan nie en ouers verwag om hulle kinders te sien groei en volwasse word. Ouers is dus veronderstel om voor hul kinders te sterf en hulle kinders agter te laat – dit is die normale beloop van die lewe (Moss *et al.*, 1986-1987:210).

Daarom word die verlies van 'n kind die verlies van die toekoms, hoop en drome genoem (Hocker, 2005:1; Arnold & Gemma 1994:39). Victor Frankl (1970:108) maak die stelling dat die dood van 'n kind die ouers in 'n eksistensiële vakuum laat waarin die ouers dan lewensin en betekenis verloor: "... a loss of the feeling that life is meaningful." Die kind is nie net 'n voortsetting van vlees en bloed nie, maar 'n psigologiese voortsetting van die ouer - om 'n kind te verloor is dus om iets van

jouself te verloor. Dit impliseer verder dat met die dood van 'n volwasse kind daar iets van hierdie 'self' te sterwe kom - 'n deel van die ouers "sterf" gevolglik en hulle is nie meer volledig "lewend" nie (Hocker, 2005:2). Die toekomsverwagting van die ouers is dus totaal omvergegooi en die betekenis van hulle lewe is in 'n groot mate deur die kind se dood vernietig (Wheeler, 2001:53).

#### **4.8.2 Probleme en veelvuldige verliese gekoppel aan bejaardheid**

Polatinsky en Esprey (2000:716; vergelyk ook Moss *et al.*, 1986:211) sê dat die impak van rou groter vir bejaarde persone is omdat hulle ook ander probleme en verliese moet verwerk wat verband hou met hul ouderdom (persoonlike verliese, gesondheidsverliese, sosiale verliese). Hulle worstel ook met gedagtes rondom hul eie dood wat binnekort kan volg. Die rou oor 'n kind wat gesterf het, kan hierdie ander probleme en verliese net meer kompliseer. Die verlies van 'n volwasse kind mag saam met die verlies van geesgenote, die sosiale bestaan van die bejaarde geweldig inperk (Goodman *et al.*, 1991:321).

Volgens Goodman *et al.* (1991:322) is daar oor die algemeen vier stappe wat deurloop moet word voor daar vrede gemaak kan word met die dood van 'n geliefde:

- Aanvaarding van die realiteit van die verlies.
- Belewenis van die pyn van die verlies.
- Aanpassing by die omgewing sonder die geliefde.
- Die onttrekking van emosionele energie aan die gestorwene en herinvestering daarvan in 'n ander verhouding.

Goodman *et al.* (1991:322) is van mening dat vir die bejaarde heel dikwels struikelblokke met elkeen van die vier stappe is. Hulle sê voorts dat jonger mense meer tyd en krag het om die dood van 'n kind te verwerk en ook hulle ouerlike energie in ander verhouding te kanaliseer. Bejaarde persone het egter minder krag om regtig oor die verlies van die kind te kom, aangesien hulle waarskynlik terselfdertyd op hierdie stadium van hulle lewens die verlies aan ander persone/geliefdes ook moet verwerk.

Bejaardes is oor die algemeen minder aktief, het meer tyd om te dink en hulle gedagtes word gevul met herinneringe aan hul gestorwe kinders. Hulle buitewêreld krimp en hulle innerlike wêreld, waarin die kind 'bestaan', vergroot (Malkinson & Barr-tur, 2005:113).

Die familie, veral die kinders, is dikwels die versorgers van bejaardes. Die dood van so 'n volwasse kind wat betrokke is by die ouer se versorging, kan gevolglik tot afhanklikheid van formele dienste en die risiko van institusionalisering van die bejaarde ouer lei (Moss *et al.*, 1986:211).

In die lig van die voorafgaande bespreking is dit dus baie belangrik vir almal wat by bejaardes betrokke is om die impak van 'n volwasse kind se dood te verstaan. Hulle het baie empatie en deeglike versorging (ook geestelik) nodig (Cacace & Williamson, 1996:21).

#### **4.8.3      Spesifieke probleme by die afsterwe van volwasse kinders**

Die probleme wat geassosieer word met die dood van 'n kind is ekstreem, maar wanneer die kind volwasse was, is daar nog baie meer komplikasies (Rando, 1993:9). Die begrip "volwasse kind" is 'n eenaardige teenstrydige begrip: "Volwasse" beteken om op jou eie te wees, weg van ouers te woon en 'n gesin of lewe van jou eie te hê. "Kind" beteken om klein te wees en iemand nodig te hê wat vir jou sorg en jou beskerm – dit is ook iemand wat nog by die ouers woon. So bly 'n volwasse kind, maak nie saak hoe oud nie, steeds 'n "kind" vir die ouers en strek hierdie band tussen ouer en kind deur volwassenheid heen (Moss, 2006:1).

Navorsing bevestig dat persone wat die dood van 'n kind beleef, meer intense rou reaksies toon in terme van liggaamlike probleme, depressie, skuld en woede as diegene wat 'n ouer of 'n lewensmaat verloor het. Ouers wat kinders aan die dood afstaan beleef dus 'n baie meer intense rou as baie ander bedroefdes. Die dood van 'n volwasse kind, met wie daar 'n jarelange vriendskapsverhouding opgebou is, is ook baie moeiliker om te aanvaar as die dood van 'n jong kind of prenatale dood (Florian, 1990:92; Anon, 2006d:1).

As 'n jong kind sterf is daar 'n ongelooflike beleving van simpatie uit alle oorde. Bloot die gedagte van 'n kind wat gesterf het, dra soveel pyn dat almal om die ouers wil vergader om hulle simpatie en medelye te betoon. As die kind 'n volwassene is, is die reaksie soveel anders en soms heelwat minder intens – en tog, soos blyk uit die bespreking tot dusver, is die ouers se belewenis van die smart niks minder intens nie. Faktore soos hierdie dra gevolglik by tot gevoelens van vereensaming en isolasie van die res van die samelewing. Omdat daar so baie emosie by die dood van 'n volwasse kind betrokke is, is daar by sommige omstanders verkeerdelik dan ook soms die gedagte dat die reaksie van die ouers maar net nog 'n fase in die verouderingsproses is – (Klich, 2006:1) en dit vererger die hartseer en eensaamheid van die bejaarde ouer net nog meer. Wanneer 'n volwasse kind sterf aanvaar die breë samelewing gewoonlik dat die pyn om die volwasse kind te verloor minder erg is as wanneer die kind jonk sou wees. Tog, soos aangedui, is ouers se belewenis egter dat kindwees nie ophou as volwassenheid bereik word nie (Anon, 2006a:1). Die vraag: "*Wat is die mees kritiese ouderdom om 'n kind te verloor,*" is gevolglik betekenisloos vir bedroefde ouers (Hill, 2003:74).

Die impak van die dood van 'n volwasse kind is dus baie groter op die bejaarde ouer (De Vries *et al.*, 1997:99) as wat die impak van die dood van 'n jong kind op jong ouers is. Wanneer die kind onafhanklik begin leef, verander die verhouding tussen 'n ouer en sy volwasse kind drasties. Dit word 'n meer volwasse verhouding en die kind is meer 'n vriend as die "kind" wat hulle eers gehad het - daar ontstaan 'n baie dieper en ryker verhouding.

Indien die kind dan sou sterf, verloor die ouers maklik belangstelling in die lewe – nie net die kind se toekoms nie, maar ook die ouers se toekoms verwagtinge word daarmee saam weggeneem. Al wat oor is van die toekoms is 'n glimlag wat verewig is in 'n foto teen die muur... Dit is ondraaglik vir 'n ouer wat reeds die liefde en vriendskap van 'n volwasse kind beleef het. Bejaarde ouers kan terselfdertyd – of kort daarna – ook die situasie beleef waar ander kinders die huis verlaat – en dan is die verlies groter as net die een kind wat gesterf het. Dit kan uiteindelik ontwikkel in 'n situasie soos White (2005:1) dit beskryf waar die ouers wat agterbly inderdaad twee mense is wat "hulself" verloor het.

Indien die gestorwe volwasse kind getroud was, sal die hooffokus van simpatie by die huweliksmaat en kleinkinders wees en nie soseer by die (ewe hartseer) ouers nie. Ouers sal ook die spanning moet verwerk as die oorblywende skoondogter/-seun weer trou en hulle normale verhouding met hulle kleinkinders in gedrang kom. Ouers sal daarmee saam (veral indien dit die enigste kind was) vrees en kommer beleef oor wie vir hulle sal sorg as hulle siek of oud en swak is en versorging mag nodig hê (Hocker, 2005:1). Indien hulle finansiëel van die betrokke kind afhanklik was, sal daar op ander bronne van versorging staatgemaak moet word (Anon 2004d:2).

Indien die volwasse kind ongetroud was, sal die ouers nou belas wees met sake soos die testament, eiendom, polisse, skuld, verbande, beleggings, boedel, rekeninge en ander sake wat nie ter sprake sou wees indien die kind nog onvolwasse was nie. Hulle sal ook die werkgever, vriende en naasbestaendes van die dood moet verwittig. Die dood van 'n volwasse kind blyk dus so 'n ernstige en ontwrigtende effek op die bejaarde ouer se funksionering te hê dat dit alle moontlike en beskikbare ondersteuning tydens die rouproses regverdig. Sommige ouers ontvang dit egter nie omdat daar nie genoegsame begrip is vir die spesifieke aard en omvang van sulke ouers se rou nie (Du Toit, 1991:5).

#### **4.8.4        Spesifieke verhouding met die gestorwene**

Gilbert (1997:106) is van mening dat die reaksie van ouers baie afhang van die spesifieke verhouding waarin hulle tot die kind gestaan het. Elke ouer het 'n spesifieke verhouding met die kind gehad en wanneer die kind dus sterf, wissel die impak met betrekking tot elke ouer:

*"In a sense, they will not have lost the same child; each will have had a different relationship with their child and it will be the loss of that relationship, that connection, that they will feel most keenly"* (Gilbert, 1997:106).

Owen *et al.* (1992:191) is ook van mening dat die tipe verhouding wat deur die dood vernietig is, in 'n groot mate die rouproses by die oorlewendes bepaal.

#### **4.8.5 Die invloed op die huwelik- en gesinsfunksionering**

Die man se aanvaarding en hantering van die dood van 'n kind verskil heel dikwels van die van die vrou. Daarom mag dit lei tot kommunikasieverskille en ander probleme wat dan weer kan uitloop op huweliksprobleme, verwydering en egskeiding (Murphy *et al.*, 2003b:43). Op primêre vlak beïnvloed die kind se dood die ouers op 'n direkte wyse deurdat dit 'n geliefde is wat aan die dood afgestaan word – indirek is daar egter ook dikwels veranderinge by die huweliksmaat wat geakkommodeer moet word. Op sekondêre vlak is daar die verlies en verandering betreffende hul huweliksverhouding wat ook geakkommodeer moet word (Gilbert, 1997:101).

Murphy (*et al.*, 2003b:55) wys voorts op die resultate van navorsing wat aantoon dat gevoelens van huweliksvervulling na 'n kind se dood mettertyd afgeneem het tot dit op 'n punt ongeveer vyf jaar na die kind se dood dan die laagste vlak bereik het. Lohan en Murphy (2002:47) se studie het aangetoon dat die dood van kinders 'n gesin se funksionering lank na die eerste jaar van rou beïnvloed. Hill (2003:73,76) stem daarmee saam en is van mening dat die dood van 'n kind nie net baie stremming op die huwelik plaas nie, maar die hele gesin uitmekaar kan dryf.

#### **4.8.6 Liggaamlike verandering na die afsterwe van 'n kind**

Norris en Murrell (1987:606) het in hul navorsing gevind dat treur of rou insigself nie gesondheid beïnvloed nie – dit het wel erge psigologiese stres. Hulle tipeer rou dan ook as 'n psigologiese taak eerder as 'n somatiese sindroom. Rou of treur het wel ouer persone se gesondheid beïnvloed, maar die impak het in talle gevalle reeds as gevolg van hoër vlakke van gesinsspanning voor die dood plaasgevind. Die navorsing van D'epinay *et al.* (2003:265) sluit by laasgenoemde standpunt aan deur daarop te wys dat die dood van 'n naasbestaande (kind) nie noodwendig 'n noemenswaardige invloed op die fisiese gesondheid van die naasbestaandes het nie, alhoewel dit eerder met depressiesimptome geassosieer word.

Daar is egter deur navorsing oorweldig bewys dat daar heel dikwels liggaamlike implikasies na trauma en emosionele pyn is – veral waar die rouprosesse nie volledig deurgewerk is nie. In die lig hiervan vind navorser gevolglik meer aansluiting by die

uitgangspunt dat stresvolle lewensgebeure, soos die dood van 'n volwasse kind, die bejaarde ouer op vele vlakke kan beïnvloed en dat daar op die lange duur verskeie pato-fisiologiese veranderings kan intree. Dit kan die vatbaarheid vir infeksies verhoog, asook die risiko en prognose van kanker, en verskeie hartsiektes (Li *et al.*, 2003:363-365). De Vries *et al.* (1997:110) is ook van mening dat bejaarde ouers wat kinders aan die dood afgestaan het, se gesondheid vinniger afneem as ouers wat nie dieselfde hartseer beleef het nie. Charlton (1995:1233) het ook in sy navorsing die noue verband aangetoon tussen rou en die vinnige ontstaan en ontwikkeling van 'n tipe swaksinnigheid wat met Alzheimers verband hou.

Li *et al.* (2003:363) het in hul navorsing gevind dat psigologiese stres die risiko van onnatuurlike sterftes kan verhoog. Hulle toon verder aan dat die dood van 'n kind 'n ernstige lewensgebeurtenis is wat lei tot die toename in sterftes van moeders en 'n geringe toename in sterftes van vaders kort na die kind se dood. Ouers wat hul enigste kind verloor het, het ook 'n hoër mortaliteit, en daarom is 'n oorlewende kind 'n baie bepalende faktor betreffende die verwerkingsproses van die dood van die ander kind.

#### **4.8.7 Lewenstylverandering na die afsterwe van 'n kind**

Stres het oor die algemeen 'n groot invloed op mense se lewenstyl – dit raak aspekte soos byvoorbeeld 'n toename in rook en alkoholgebruik, verandering in dieetpatrone en afname in fisiese aktiwiteite (sport). Dit alles kan weer 'n toename in natuurlike en onnatuurlike sterftes tot gevolg hê (Li *et al.*, 2003:365).

#### **4.8.8 Die reaksie van bedroefde bejaardes**

Li *et al.* (1993:366) is van mening dat bejaardes oor die algemeen oor minder vermoëns beskik om stresvolle situasies te kan hanteer. Malkinson & Bar-Tur (1999:415) meen ook dat wanneer die bejaardes se toekomsverwagtinge afneem en hulle meer betrokke raak in die denke oor die verlede, kan die rou oor die gestorwe kind weer vererger. De Vries *et al.* (1997:100) toon in hierdie verband aan dat ouer vaders ook meer intense rou beleef as jonger vaders.

Bejaardes raak dikwels met verloop van tyd al meer geïsoleer van vriende en familie – faktore wat hiertoe kan bydra hou verband met veranderinge op sosiale gebied, werksomstandighede, gesondheid en mobiliteit. Indien hul volwasse kind dan op hierdie stadium te sterwe kom, besef hul vriende en familie dikwels nie dat hulle 'n lang en baie spesiale verhouding met die kind verloor het nie. Binne hierdie selfde kategorie van persone is daar ook min mense wat besef en erken dat hulle 'n intense droefheid en leed beleef. Arnold en Gemma (1994:74) is gevolglik van mening dat hierdie ouers maklik woede, frustrasie en aggressie beleef, wat dalk op diegene rondom hulle geprojekteer kan word.

#### **4.8.9 Skuldgevoelens by ouers**

Die meeste ouers voel skuldig omdat hulle hul kinders oorleef het en wonder hoekom hulle nog moet leef terwyl hulle kind dood is (Anon, 2006a:1). As die kinders sterf as gevolg van dwelms, drank, selfmoord, vigs of ander siektes waaraan 'n sosiale stigma kleef, voel die ouers nog meer skuldig omdat hulle nie besef het dat hulle kind 'n probleem gehad het nie en wonder hulle dikwels wat hulle kon gedoen het om dit te verhoed (Anon, 2004d:1). Moss *et al.* (1986:213) noem ook dat ouers skuldig voel as hulle ophou rou oor die kind wat dood is, omdat hulle dink dat dit 'n aanduiding is dat hulle die kind nie liefgehad het nie of van verwerping.

#### **4.9 ONDERSTEUNINGSGROEPE**

Murphy *et al.* (2003a:381) is van mening dat ouers wat ingeskakel het by 'n ondersteuningsgroep, se kans vier maal groter is om uiteindelik weer sin te vind na die dood van 'n volwasse kind. So 'n ondersteuningsgroep kan byvoorbeeld die internasionale ondersteuning organisasie "The Compassionate Friends" wees. Murphy *et al.* (2003a:381) maak van die betrokke groep melding (vgl. hul webbladsy by <http://www.compassionatefriends.org>).

#### **4.10 ONDERSTEUNING VAN DIE FAMILIE**

Dit is oor die algemeen vriende en familie wat die meeste ondersteuning kan bied na die dood van 'n volwasse kind. Hulle ondersteuning is egter meermale onvoldoende

en kortstondig omdat hulle nie altyd insig in die situasie het nie. Hulle voel redelik gou dat die ouers die dood moet verwerk, die gestorwe kind moet vergeet en aangaan met hul lewens - dan word die besoeke en ondersteuning ook minder (Hill, 2002:51). Die viktimisasie teorie van Murphy *et al.* (2003c:8) sluit hierby aan en betoog dat hierdie gewone sosiale netwerke nie voldoende ondersteuning aan ouers bied om die dood te verwerk nie. Mense wat veronderstel is om deel te wees van die ondersteuningstelsel van bedroefde ouers, weet heel dikwels nie wat om vir die betrokke ouers te sê nie en verstaan ook nie hul reaksies nie. Die volgende gebeur dan gewoonlik: ouers word ontmoedig om openlik uiting aan hulle gevoelens te gee; daar word vir ouers gesê dat hulle hulself nie so moet ontstel oor die dood nie; die ondersteuners probeer moontlike redes aandui waarom die kind gesterf het; die ondersteuners sê dat hulle presies weet hoe die ouers voel, al het hulle nog nie 'n kind aan die dood afgestaan nie. Dit maak dat die veronderstelde ondersteuningstelsel uiteindelik baie meer negatief as positief is.

Saam met die dikwels onvoldoende ondersteuning deur die familie, veroorsaak die dood van 'n volwasse kind ook dat die ouers beleef dat hul gesin en familie nie voortgesit word soos hulle verwag het en aanvanklik oor gedroom het nie. Hierdie voortsetting van die familie of gesin is juis nodig vir effektiewe oudag – die pa of ma sien hulself en hul drome en ideale in hul kinders waar word.

Die dood van 'n kind is vir die enkelouer soveel te meer ondraaglik, omdat daar saam met bogenoemde problematiek, geen ondersteuning van 'n lewensmaat is wat die kind net so intiem geken het soos hy of sy nie - familie en vriende kan ook nie hierdie leemte vervul nie (Polatinsky & Esprey, 2000:716).

#### **4.11 LEWENSVERWAGTING VAN DIE POST-MODERNE MENS**

Morgenstern (1992:63) is van mening dat die gemiddelde ouderdom van persone binne die ontwikkelende wêreld teen die jaar 2020, 65 of ouer sal wees. Die segment van die bevolking wat die vinnigste groei, is bejaardes wat 85 jaar en ouer is. Dit is te danke aan verbeterde mediese dienste en beter versorging van bejaardes. Hierdie tendens gaan verder tot gevolg hê, dat teen die tyd dat die gemiddelde getroude paar 40 jaar oud word, daar meer ouers as kinders in die samelewing sal wees. Die verdere

implikasie hiervan gaan wees dat al hoe meer bejaarde persone in die toekoms die afsterwe van volwasse kinders gaan beleef (Brubaker, 1985:35).

## **4.12 ROUBERADING**

### **4.12.1 Is rouberading nodig?**

Jordan en Neimeyer (2003:767) maak die opmerking dat 79% van persone wat rouberading ontvang het, uiteindelik beter af is as die wat nie berading ontvang het nie. Daar is volgens hulle twee aspekte wat tot geslaagde rouberading bydra, naamlik die kwaliteit opleiding van die pastor/berader, asook individuele- in plaas van groepsterapie. Hulle toon ook aan dat daar 'n sekere persentasie bedroefde persone is wat oor die algemeen 'n verhoogde risiko het vir disfunksie en daarom baie by rouberading sal baat.

### **4.12.2 Onnodige kliniese terapie**

Baie bedroefdes benodig nie noodwendig formele rouberading wat in 'n spreekkamer-situasie deur 'n pastor of sielkundige hanteer word ten einde die dood van 'n geliefde positief te kan verwerk nie. Thompson (1981:89) gaan uit van die standpunt dat 'n mens die aangebore en natuurlike vermoëns besit om in sekere situasies skok en trauma positief te verwerk, sonder noodwendige pastorale of sielkundige intervensie. Dikwels is ongekompliseerde rou van 'n verbygaande aard en dit word self opgelos deur die hulp van liefdevolle en begrypende familie en vriende (Jordan & Neimeyer, 2003:772). Neimeyer *et al.* (2000:226) bereken dat 38% van persone wat betrokke was by 'n spesifieke navorsingsprojek, beter sou gedoen het indien hulle nie sielkundige intervensie beleef het nie. Murphy *et al.* (1998:209) het byvoorbeeld ook gevind dat sommige mans wat deelgeneem het aan 'n groepsterapie intervensie vir ouers na die gewelddadige dood van hul kinders, agterna verergerde simptome van post traumatiese stresversteuring getoon het.

Rouberading word dikwels òf te vroeg òf te laat na die afsterwe van 'n geliefde vir die familie aangebied ten einde regtig effektief te wees. Die ondersteunings hulp wat vroeg in die rouproses benodig word is waarskynlik anders as die hulp wat later

benodig word en beraders moet in hierdie opsig oor die nodige onderskeidingsvermoë beskik.

#### 4.12.3 Veerkragtigheid

In sy navorsing met betrekking tot die aspek van veerkragtigheid toon Bonanno (2004:20) aan dat baie mense in hul lewens blootgestel word aan verliese of traumatiese gebeurtenisse – nogtans beleef hulle deurgaans positiewe emosionele ervarings en toon hulle ook slegs minimale emosionele afwykings in hul vermoë om te funksioneer. Traumaterapeute is dikwels van mening dat alle oorlewendes na 'n traumatiese gebeurtenis, kliniese intervensie nodig het. Dit is egter volgens Bonanno nie waar nie, aangesien sodanige intervensie oneffektief en selfs negatief kan wees. Volgens Bonanno se navorsing is psigologiese intervensie net nodig vir 'n klein persentasie van bedroefde persone.

Traumaterapeute is dikwels van mening dat as die tipiese traumareaksies nie by iemand voorkom nie, daar patologiese of disfunksionele rou of ontkenning aanwesig is. Daarmee is die natuurlike herstelvermoë van persone dikwels ontken of onderwaardeer (Bonanno, 2004:22). Die meeste mense is meer veerkragtig as wat hulle dink. Die mens se natuurlike vermoëns laat hom toe om die diepste rou te verander in 'n persoonlike groei en ontwikkeling. As dit egter nie gebeur nie, is dit nodig om na iemand te gaan vir hulp (Anon, 2006d:3).

Die emosionele "veerkragtigheid" waarna Bonanno verwys, is dikwels vir terapeute minder bekend omdat daar in toetse en navorsing gewoonlik gewerk word met mense wat een of ander psigologiese probleem ontwikkel het en gevolglik verwys is of self aanklop vir hulp. Die emosionele veerkrag of outonome vermoë tot goeie en vinnige herstel, is iets anders as die normale proses van emosionele genesing en dit is meer algemeen as wat daar besef word. Bonanno (2004:20) definieer veerkragtigheid (teenoor herstel) soos volg:

*"Recovery connotes a trajectory in which normal functioning temporarily gives way to threshold or sub threshold psychopathology, usually for a period of at least several months, and then gradually*

*returns to pre-event levels. By contrast, resilience reflects the ability to maintain a stable equilibrium."*

Die mens besit dus 'n aangebore veerkragtigheid om rou te verwerk, maar sodra daar 'n traumatiese belewenis was, of as die verlies 'n groter impak het as wat normaalweg die geval is, sal psigologiese intervensie wel nodig wees vir optimale psigologiese herstel.

#### **4.12.4 Rouwerk**

Oor die algemeen is niemand gereed vir 'n verlies nie. Die dood van 'n geliefde verander 'n mens se lewe vir altyd en daar is geen kitskuur daarvoor nie. Rou is 'n pynlike maar ongelukkig ook 'n algemene en noodsaaklike belewenis. Alle mense word een of ander tyd met die verlies van 'n geliefde gekonfronteer. Sommige rou openlik, diep en jare lank, ander rou diep maar kortstondig terwyl 'n derde groep byna onmiddellik hulle verlies oorkom (Bonanno & Kaltman, 2001:705). Om die persoonlike en sosiale verlies wat gelyk is sowel as die rouproses wat gaan volg te verstaan, moet die hele proses in verband gebring word met die gesinskonteks en sosiohistoriese konteks waarin die dood plaasgevind het (Arbuckle & De Vries, 1995:646).

Die dood van 'n kind is die moeilikste rou van alle tipes rouwerk en is langdurig, intens en kompleks (Anon, 2004d:1). Daar is meer depressie, woede, skuld en verwardheid wanneer 'n kind sterf as wat daar is wanneer 'n eggenoot of ouer sterf (Hill 2003:74). Ouers se droefheid is ook multidimensioneel. In hierdie verband sê Murphy *et al.* (2003b:40) dat "... *affective, cognitive, behavioral, social, marital and other changes occur simultaneously*".

Twee teoretiese perspektiewe domineer die denke oor die soeke na betekenis in hierdie situasie: die kognitiewe- en die eksistensiële teorie. Die kognitiewe teorie probeer om die gebeurtenis kognitief in trurat te plaas, soeke van informasie, intellektuele aanvaarding en identifisering van positiewe voordele van die gebeurtenis. Die eksistensiële teorie gaan oor vrae soos: hoekom ek, hoekom leef ek, hoekom is ek hier geplaas, ensovoorts (Murphy *et al.*, 2003:382).

Malkinson en Bar-Tur (1999:415) meld ook dat ouers gedurende die rou tyd gedurig emosioneel en kognitief besig is met die afgestorwe kind. Hulle moet uiteindelik vrede maak met die feit dat hulle nooit weer hul lewe met die kind gaan deel nie en hul liefde nooit weer openlik aan die kind gaan betoon nie (The Compassionate Friends, 2004:1).

Neimeyer (2003:2,77,78) toon aan dat vir die grootste gedeelte van die 20e eeu die proses van rou verstaan is as afstand doen van jou verbintenis met die gestorwe persoon. Dit impliseer verder dat jy moet voortgaan met jou lewe, geleidelik die depressie moet oorkom wat deur die heengaan van die geliefde veroorsaak is en sodoende mettertyd weer na die "normale" lewe terugkeer.

Klass (1996:214) meen ook dat die doel van rouwerk nie is om die band met die gestorwe kind op te hef nie, maar om die gestorwe kind op 'n ander manier te integreer in die ouer se lewe en sosiale netwerke as waarin die kind bestaan het toe hy/sy nog geleef het. Die doel van rouwerk is dus nie om 'n verhouding te vergeet nie, maar om 'n langdurige biografie te konstrueer, 'n narratief wat betekenis gee aan die oorlewende se lewe en wat ook betekenis gee aan die gestorwene se lewe. Hiervolgens word die rouproses gesien as 'n akkommoderende proses eerder as 'n oorwinning – en met die klem op afhandeling en oplossing. Die rouproses moet nie gesien word as 'n taak wat binne 'n bepaalde tyd afgehandel moet wees en waar daar afstand gedoen word van die kind nie. Dit moet eerder gesien word as 'n voortgaande "verhouding" met die gestorwene – hierdie "verhouding" sal voortaan egter anders ingeklee wees en in 'n ander lig beskou word. Die band tussen die ouer en afgestorwe kind bly in 'n sekere sin dus lewend en kragtig in die gedagtes, gevoelens en herinneringe van die ouer (Malkinson & Bar-Tur, 1999:425). Wanneer 'n kind sterf, word nie net oor 'n bestaande verhouding getreur nie, word ook oor 'n potensiële verhouding wat in die toekoms kon bestaan het (Rubinstein, 2004:219).

Uiteindelik sit die ouers met 'n tweestryd. Enersyds is die begeerte daar om vry wees van die ongelooflike pyn van die kind wat gesterf het, en andersyds die feit dat hulle die pynlike herinneringe nodig het as 'n herinnering aan die kind (The Compassionate Friends, 2004:1). Ouers leer egter eers om sonder die kind te lewe wanneer hulle

aanvaar dat die rouproses in 'n sekere sin nooit werklik afgehandel word nie (Du Toit, 1991:44).

Soms verwag familieleden en vriende van bedroefde ouers om hul gestorwe kinders “agter te laat” en “aan te gaan”. Dit is een van die redes waarom daar dan soms verwydering plaasvind met betrekking tot familie en vriende aangesien die ouers dit dan beleef dat daar van hulle verwag word om hul kind soos ou klere weg te pak en van hom/haar te vergeet. Ouers in sulke situasies is egter oor die algemeen van mening dat hulle nie hul gestorwe kind hoef te “los” nie – hulle wil wel na 'n nuwe lewe aanbeweeg maar hulle wil ook hul kind "saamneem" (White, 2005:1).

Die rou en die genesingsproses van alle ouerlike rou het gemeenskaplike elemente, maar vir ouers wat volwasse kinders aan die dood afstaan is daar addisionele faktore wat die rou beïnvloed. Daar is by sommige mense soms die veronderstelling dat wanneer 'n volwasse kind sterf, die ouers se pyn minder is as wanneer 'n jong kind sterf. Ouers wat volwasse kinders aan die dood afstaan se rou is ook dikwels ontoelaatbaar in die oë van die gemeenskap. As 'n ouer kind sterf, sê mense soms aan hulle dat hulle bly kan wees dat hulle die kind vir so lank gehad het. Hierdie is egter aspekte wat baie seer maak en die diene wat ly eerder verwond en op die onkunde van betrokkenes dui (Anon, 2004b:1).

Vir baie ouers was die afgestorwe kind hul enigste ware vriend/vriendin. Ouers voel ook trots op volwasse kinders en het ook dikwels 'n geweldige emosionele en finansiële belegging in die kind se lewe gemaak. As die kind nou sterf voel die ouer asof die kind hom in 'n sekere sin in die steek gelaat het en bevraagteken dan baie maklik ook hul eie doel in die lewe (Anon, 2004b:1).

Die aanvaarding van 'n kind se dood vind nie in 'n vakuum plaas nie, en faktore soos die volgende kan 'n invloed uitoefen ten opsigte van die aanvaardingsproses (Human 1993:55) :

- Hoe naby ouers en kinders aan mekaar was.
- Wat hulle verhouding was.

- Die situasie rondom die dood.
- Die persoonlikheid van die kind voor die sterfte.
- Die sosiale ondersteuningstelsel.

#### **4.12.4.1 Verskillende wyses van rou**

Normale rou word gekenmerk deur die aanvanklike pyn om die gestorwene te onthou, tesame met slaapstoornisse, huil, sosiale onttrekking, konsentrasieverlies, en die onvermoë om liefde aan iemand anders te betoon. Gedurende die verloop van die volgende maande en selfs jare, herinvesteer die persoon in sy sosiale lewe en ook in ander terreine van sy lewe. Volgens Ness en Pfeffer (1990:279) lei rou nie noodwendig tot major depressie nie en word dit ook nie geklassifiseer as 'n psigologiese siekte nie.

Die mate waarin daar individuele verskille in die rouproses is, suggereer belangrike vrae oor wat normale rou is en of te min of te veel rou abnormaal en patologies beskou kan word. Volgens Bonanno en Kaltman (2001:705) is daar nog nie 'n algemeen bevredigende definisie met betrekking tot die kenmerke en die normale en abnormale verloop van rou nie. Volgens hulle navorsing (2001:708) het 50-85% van persone wat iemand aan die dood afgestaan het 'n gewone roupatroon van matige veranderinge in kognitiewe, emosionele, fisiese en interpersoonlike funksionering getoon. Slegs 15% het na twee jaar tekens van chroniese rou getoon. Hier het dit veral gegaan oor ouers wat baie van die "normale" rou-simptome beleef het, maar oor 'n langer tydperk en op 'n meer intense wyse. Tussen 15 - 50% het tekens getoon van minimale rou, waar baie min veranderinge in funksionering plaasgevind het. Sommige navorsers sou laasgenoemde groep beskryf as persone wat worstel met vertraagde rou of wat die rou inhibeer of dit agter 'n masker van aanvaarding wegsteek. Bonanno en Kaltman is egter van mening dat persone met minimale rou nie noodwendig abnormale of patologiese rou beleef nie, maar dat dit by geleentheid ook 'n indikator van goeie aanpassing kan wees.

#### 4.12.4.2 Gekompliseerde rou

Alhoewel die rouproses veronderstel is om uiteindelik uit te loop op aanvaarding en bevryding, is daar diegene wat sukkel met gekompliseerde rou. In sulke gevalle is daar dikwels emosionele blokkasies rondom die fase van ontkenning, skuld en woede. Indien iemand byvoorbeeld homself na 'n paar maande al meer begin onttrek en nie normale take uitvoer nie, moet professionele hulp gekry word (Anon, 2006d:3). Cook (1992:10) sê dat gekompliseerde rou die volgende kan insluit: psigiatriese siekte; vermyding van rou, chroniese rou, rou wat uitgestel word en verhinderde rou.

Rando (1993:11) is van mening dat gekompliseerde rou ter sprake is wanneer die evaluerende persoon oordeel dat die treurende nie vorder soos wat van iemand tydens die betrokke stadium van die proses verwag word nie. Hierdie stelling sou korrek wees indien individuele verskille van persoon tot persoon in ag geneem word. Gekompliseerde rou beteken dus dat daar binne 'n aanvaarbare tydsverloop van die rouproses, gebrek of afwesigheid van een of meer van die nodige stappe van rou is. Volgens Rando (1993:149) is daar in alle gekompliseerde rou gewoonlik twee faktore aanwesig, naamlik eerstens die ontkenning, onderdrukking of vermyding van aspekte van die verlies, die pyn en die volle implikasies van die verlies; en tweedens die 'vashou' aan die gestorwene. Alle behandeling moet vervolgens op hierdie twee aspekte gefokus wees.

Prigerson *et al.* (1995:23) sluit aan by bogenoemde en meld dat gekompliseerde rou ontstaan wanneer die agtergeblewene permanent bly fokus op die oorledene, langdurige depressie beleef of chronies siek is. Abnormale rou word verder beskryf as gekompliseerd, patologies, a-tipies, neuroties of onopgelos. Rou is dan ook gekompliseerd as die simptome wat ondervind word langtermyn benadeling sou voorspel.

Volgens Ott (2003:250) kom gekompliseerde rou voor wanneer die persoon op wie die fokus bly, 'n betekenisvolle persoon was. Simptome van skeidingsangs is die kern van die sindroom (vergelyk Rando se "vashou" aan die oorledene) en dit is geneig om voor te kom met spesifieke simptome van rou soos gevoelens van verslaentheid en skok.

Ott (2003:249) het verder bevind dat 20 – 30 % van bedroefde ouers komplikasies beleef tydens die rouproses. Daarom is Wheeler (2001:62) van mening dat gekompliseerde rou by ouers intree wanneer die trauma van die kind wat gesterf het, nie deurgewerk en geïntegreer is nie. Navorsing het ook aangetoon dat gekompliseerde rou dikwels geassosieer word met die onverwagse dood van kinders (Barry *et al.*, 2002:454).

Die DSM-IV bied nie 'n definisie van gekompliseerde rou nie, omdat volgens Prigerson *et al.* (1995:22) individuele en kulturele verskille tussen mense dit moeilik maak om so 'n definisie te formuleer. Akademici wat droefheid en leed as vak bestudeer, argumenteer egter vir die kliniese belangrikheid van 'n gekompliseerde/patologiese roudiagnose en het 'n hele paar verskillende tipes van gekompliseerde rou beskryf (Bonanno & Kaltman, 2001:706). Volgens Ott (2003:267) sal dit goed wees indien gekompliseerde rou as 'n aparte kategorie geklassifiseer kan word want dan sou persone binne hierdie kategorie meer effektief geïdentifiseer en behandel kon word. Gekompliseerde rou is vroeër traumatiese rou genoem maar deesdae word die term "gekompliceerde rou" verkies ten einde verwarring te voorkom met post-traumatiese stresversteuring. Met die term 'gekompliceerde rou' word bedoel dat daar komplikasies met die normale rouproses ingetree het en dat daar plek gemaak is vir 'n vorm van geïnhibeerde, vertraagde en uitgerekte rou.

Die etiologie (oorsaaksleer) van gekompliseerde rou is dikwels geleë in onsekere verhoudings in die kinderlewe as gevolg van 'n geskiedenis van misbruik/molestering, konflik, of verwaarlosing deur ouers en/of die dood van 'n ouer. Swak ouer-kind bande wat in die ontwikkelingsjare gevorm is in kombinasie met 'n sekere persoonlikheid (wat gekenmerk word deur 'n swak affektiewe modellering) kan lei tot kompulsiewe omgeeverhoudings (enmeshed relationship). Vir sulke persone kan die verlies van 'n verhouding wat stabiliserend en relatief eksklusief was, uitloop op intense skeidingsang en psigologiese trauma, al het die verlies nie onder traumatiese omstandighede plaasgevind nie (Ott, 2003:267).

Horowitz *et al.* (1997:904) identifiseer sewe simptome van gekompliseerde rou:

- Gedagtes aan die afgestorwene wat spontaan na vore kom en ongevraagde fantasieë in verband met die verlore verhouding.
- Sterk emosionele gevoelens en belewenisse.
- Ontstellende verlange na die gestorwene.
- Gevoelens van alleenwees of 'n persoonlike leegheid.
- Oormatige vermyding van herinneringe aan die gestorwene.
- Ongewone slaapstoornisse.
- Verlies aan belangstelling in werk-, sosiale- of ontspanningsaktiwiteite.

Rando (1993:5) identifiseer die volgende sewe risikofaktore wat gekompliseerde trauma/rou bevorder:

- Skielike onverwagte dood.
- Dood na 'n lang siekbed.
- Verlies van 'n kind.
- Die oorlewende se persepsie dat die dood voorkom kon gewees het.
- 'n Swak of afhanklike verhouding met die gestorwene.
- Psigiese probleme.
- Onverwerkte verliese en die afwesigheid van sosiale ondersteuning.

Met betrekking tot gekompliseerde trauma maak Herman (1997:115-121) die opmerking dat die meeste mense nie kennis of insig het van die psigologiese veranderings wat tydens gebeure soos gevangenskap en langdurige mishandeling intree nie. Lindeque (2006:2) meen dat chronies getraumatiseerde persone dikwels in stilte ly omdat hul vrae oor simptome wat manifesteer, nie reg verstaan word nie. Alhoewel die voorgestelde term vir die volgende uitgawe van die DSM klassifikasie, naamlik '*complex post-traumatic stress disorder*', nog nie algemeen deur ander sielkundiges gebruik word nie, het talle reeds die tipiese simptome beskryf en selfs verskillende name daaraan gekoppel.

Opsommenderwys kan gekonstateer word dat gekompliseerde rou dus die onvermoë impliseer om terug te keer na die vlakke van prestasie of emosionele gebalanseerdheid wat voor die dood van die geliefde bestaan het, omdat die verwerkingsproses om een of ander rede gekortwiek word. Indien sekere simptome vir 'n redelike tyd na die dood van 'n geliefde nog steeds voorkom, is die persoon in 'n verhoogde risikogroep wat gekompliseerde rou kan beleef. Dit kan lei tot sosiale wanaanpassing en uiteraard psigologiese en mediese behandeling vereis.

#### **4.12.5 Tydsduur van rou**

De Villiers (1985:106) beklemtoon die feit dat die heling van die wonde van rou smart slegs met verloop van tyd plaasvind. Hoe lank hierdie tydspan is, is afhanklik van die individu se vermoë om in die gestorwene se afwesigheid by die omgewing waarvan hy/sy vroeër deel was, aan te pas. Daar is dikwels onrealistiese verwagtings in terme van die afhandeling van die rouproses en 'n aspek soos patologiese rou moet eers na versigtige oorweging gediagnoseer word, aangesien die rouproses van ouers langdurig kan wees – en nie noodwendig binne twaalf maande afgehandel kan word nie (Du Toit, 1991:3).

Florian (1990:100) toon aan dat bedroefde ouers minder sin en betekenis in die lewe ervaar en dat hulle gesondheid ook oor die algemeen verswak. Hulle beleef dit wat Victor Frankl (1970:108) beskryf as 'n "eksistensiële vakuum" en hierdie verlies aan sin en betekenis van die lewe verbeter nie noodwendig met verloop van tyd nie. Dit dui op die vernietigende impak van hierdie soort droefheid – en die rou en droefheid van ouers mag selfs toeneem. Daarom bly sulke ouers oor 'n baie lang tyd 'n risiko groep vir fisiese en psigologiese probleme. Dit is gevolglik onwys om 'n tydlyn aan rou te koppel omdat individue verskil - sommige mag die dood gouer verwerk en ander kan langer neem (Anon, 2006a:3).

Murphy *et al.* (1999:130,157) is van mening dat die meeste veranderings by beide ouers tussen 4 en 12 maande na die kind se dood ingetree het. Meer verwerking vind dus gedurende die eerste- as die tweede jaar plaas. In 'n latere studie het Murphy *et al.* (2003b:58) opgemerk (as korrekatief op die vorige studie) dat die aanvaarding van die kind se dood normaalweg nie intree voor die derde jaar na die dood nie. In 'n ander

studie wat in dieselfde jaar gedoen is, het Murphy *et al.*, (2003a:381) bevind dat net 12% van die ouers na twaalf maande betekenis en sin met betrekking tot hulle kind se dood gevind het. Na sestig maande het 57% egter betekenis daarin gevind.

Bonnano en Kaltman (2001:711) het in 'n studie aangetoon dat optrede en gevoelens wat met rou gepaardgaan, in die eerste twee jare gepiek het en dan geleidelik afgeneem het – 'n proses wat voortgeduur het tot so lank as tien jaar na die dood. Hill (2003:74) meen dat daar in die derde jaar weer 'n intensivering van rou kan plaasvind terwyl Jordan en Neimeyer (2003:774) meen dat simptome van rou reeds gedurende die tweede jaar kan vererger.

Malkinson en Bar-Tur (1999:415) meen dat die normale rouproses tussen twee en drie jaar duur. Die verloop van tyd lei dus nie noodwendig tot die afplating van die rou nie en dit laat ook nie die ouers hulle verbintenis met die ontslape kind opgee nie. Dit blyk intendeel, dat tydsverloop die interne betrokkenheid met die gestorwe kind intensiveer; die vrees versterk dat herinneringe sal vervaag en die behoefte versterk om die gestorwe kind te verewig. Die ouer-kind verhouding bly dus as't ware lewend in die ouers se bestaan. Malkinson en Bar-Tur (1999:415,417) wys op die resultate van 'n studie waarin bevind is dat ouers wat al twintig jaar oor hulle afgestorwe kind rou, met 'n vraelys dieselfde resultate behaal het as ouers wie se kinders drie maande tot twee jaar vantevore gesterf het. Dit blyk dus dat tyd nie noodwendig heling bring na die verlies van 'n kind nie. Met betrekking tot 'n studie soos hierdie is daar dus 'n moontlikheid/waarskynlikheid dat by sommige van hierdie ouers 'n mate van gekompliseerde smart aanwesig kan wees.

Ook Lehman en Wortman (1987:218-230) het in hulle navorsing bevind dat die oorlede kind nog lank na die dood, in die gedagtes en gesprekke van ouers voortleef. Die skielike en ontydige dood van 'n kind het 'n langdurige uitwerking op ouers en in hierdie studie blyk daar geen verskil is tussen die simptome en funksionering van ouers wat hul kinders 4-5 of 6-7 jaar vantevore verloor het nie. Arnold en Gemma (1994:57) sluit hierby aan met hulle standpunt dat rou vir die bedroefde persoon 'n pynlike en lewenslange proses is; 'n proses waarin hulle poog om sin te maak uit die verlies van en lewe sonder die kind. Wheeler (1994:262) beklemtoon die feit dat die dood van 'n kind aanleiding gee tot sinneloosheid/onmagtigheid en dit verander nie

noodwendig met tyd nie. Dit is dus duidelik dat die normale rouproses nie afgebaken kan word in terme van duur en intensiteit nie. Die rouproses is intendeel 'n unieke persoonlike ervaring en daar moet gewaak word teen veralgemenings (Du Toit, 1991:47).

#### 4.12.6 Fases van rou

Baie navorsers en terapeute het verskillende konsepmodelle daargestel met betrekking tot die onderskeie fases en dinamika wat die rouproses ten grondslag lê. Die grootste kritiek teen sulke modelle sou wees die feit dat die fases impliseer dat daar 'n nie-variante en sekwenšiele proses bestaan. Hierdie teorieë word dikwels deur verskillende terapeute gebruik om kliënte in 'n fase in te forseer, terwyl die fases eintlik veronderstel is om vir die terapeut as riglyn te dien om die kliënt beter te kan verstaan sodat hy/sy deur die proses begelei kan word (de Villiers, 1985:101).

Die oorspronklike baanbrekerswerk met betrekking tot die proses van rou is deur Elizabeth Kübler-Ross (1970:34-122) in haar boek *On death and dying* gedoen. Sy beskryf die volgende vyf fases in die rouproses:

- Ontkenning.
- Woede.
- Onderhandeling.
- Depressie.
- Aanvaarding.

Rubin (1992:183) het die *Two track model of bereavement* uitgewerk wat impliseer dat die reaksie op verlies meer effektief hanteer kan word as beide die behavioristies-psigologiese en die geïnternaliseerde verhouding met die oorledene in ag geneem word.

De Villiers (1977:21) meen dat daar drie fases in die verloop van roumart is:

- Die fase van verwarring – dit is die fase kort na die sterfte en dit is 'n fase van ongeloof.
- Die fase van ontwikkelende bewuswording: die vraag "waarom juis hy/sy" kom dikwels hier na vore.
- Die aanpassingsfase: 'n geleidelike mate van stabiliteit realiseer. Die werklikheid sonder die geliefde word aanvaar.

Herbert (1996:17-18) sluit nou aan by die bogenoemde siening van De Villiers en meld die volgende fases van volwassenes se rou:

- Verlam en gevoelloos – dit mag ook geassosieer word met skok, ongeloof en ontkenning. Dit is die stadium direk nadat die skoktyding ontvang is.
- Smagtende verlange deur te huil, soeke, woede, skuldgevoelens en hallusinerende belewenisse. Dit is gewoonlik die stadium na afloop van die begrafnis.
- Disorganisasie en wanhoop - die persoon sukkel om voort te gaan met die lewe as gevolg van gevoelens van hopeloosheid, hulpeloosheid, eensaamheid, angs en depressie.
- Re-organisasie – daar is 'n aanvaarding van die verlies en 'n belewenis dat 'n mens jou lewe weer onder beheer kry. Die verlede verloor sy greep op die persoon alhoewel dit nie vergeet is nie – die dood is ast'ware "vergewe" maar nie vergeet nie.

Die meeste modelle van rou handhaaf die stelling dat die agtergeblewenes tot en met die uiteindelijke aanvaarding en akkommodering van die dood van 'n geliefde deur fases van rou gaan. In die verlede is daar dikwels verkeerdelik aanvaar dat 'n volle kalenderjaar die norm is vir 'n persoon om oor die dood van 'n geliefde te kom sodat hy normaal kan aangaan met die lewe. Hedendaagse navorsing bewys egter die teendeel.

Ten spyte van die individuele verskille, volg normale rou 'n sekere patroon: skok en ongeloof; dan verwardheid, pyn en woede en uiteindelik aanvaarding. Malkinson en Bar-tur (2005:126) verwys in hierdie verband na die ses 'R'e':

- Recognition,
- Reaction,
- Recollection,
- Relinquishment,
- Readjustment and
- Reinvestment.

Rando (1993:45) het oorspronklik hierdie ses stappe meer uitgebreid beskryf en verdeel die proses in drie hoof fases, te wete ontkenning, konfrontasie en akkommodasie. Die navorser sluit graag by hierdie verdeling aan:

#### A: Ontkenningsfase

- Herkenning van die verlies

#### B: Konfrontasiefase

- Reaksie op die skeiding
- Bedink en herleef die oorledene en die verhouding met die oorledene
- Opgee van die ou verbintenisse en die veronderstelde lewe met die oorledene

#### C: Akkommodasiefase

- Aanpassing om in 'n nuwe wêreld in te beweeg sonder om die oue te vergeet
- Herinvestering van energie in die toekoms/lewe wat voorlê

Om die stadiums van rou te identifiseer is nie so belangrik as om dit te verwerk nie. Die hele rouproses is 'n langdurige herstelproses. Mense mag ook, op die pad na herstel, heen en weer tussen stadiums beweeg (Malkinson & Bar-tur, 2005:126). Rou is egter 'n individuele proses en niemand kan 'n "program" of 'n vooropgestelde plan op iemand anders afdwing nie. Selfs jare na die dood gaan daar nog steeds tye kom wanneer ouers hul gevoelens van hartseer met

iemand anders wil deel. Mettertyd vind hulle ook dat liefde en die goeie en mooi herinneringe enersyds die verlies begin oorskadu, alhoewel dit andersyds steeds 'n lewenslange pynlike proses bly (Anon, 2006d).

#### **4.12.7 Faktore wat rou beïnvloed**

Volgens Brubaker (1985:36) is daar verskeie faktore wat die verwerking van 'n volwasse kind se dood beïnvloed:

- Die aard van die verhouding
- Die oorlewendes se vorige ondervinding met die dood.
- Ander mense se verwagting oor hoe die ouers die dood moet hanteer.
- Die sosiale ondersteuning wat vir die ouers beskikbaar is.

Volgens Shanfield *et al.* (1984:1092) het die volgende faktore 'n invloed op die rouproses:

- Die aard van die siekte/omstandighede wat uiteindelik tot die dood aanleiding gee.
- Die geslag van die ouers en die kind.
- Die aard van die ouer-kind verhouding.

Volgens Shanfield *et al.* (1984:1092) is daar ook faktore soos die volgende wat bejaarde ouers se rou oor hulle kinders kan intensiveer:

- Die sosiale isolasie van die ouer.
- Die verlies aan sosiale ondersteuning
- Die verlies aan onafhanklikheid.
- Verwagtings wat nie nagekom is nie.
- Ouers se gevoel oor die dood.
- Ouers se geloofsoortuigings.
- Die optrede van hospitaalpersoneel teenoor die ouers.

Volgens Brubaker (1985:36) dra die volgende drie aspekte by tot die patroon van reaksie by ouers met betrekking tot die dood van hul kind:

- Die formele ondersteuningstelsel.
- Die informele ondersteuningstelsel.
- Die ouers se eienskappe

Murphy *et al.* (2002:432) het vanuit hulle navorsing met 173 bedroefde ouers sekere risikofaktore in die rouproses geïdentifiseer:

- Vroulik – die moeders rou gewoonlik meer sigbaar en intens as die vaders.
- Lae selfbeeld.
- Lae vlakke van die hantering van emosies.
- Hoë vlakke van onderdrukte hantering. (repressive coping)

#### **4.12.8 Geslagsverskille betreffende die rouproses**

Mans en vroue rou verskillend; daar is ook verskillende behoeftes in rou by die onderskeie geslagte en dit is gevolglik nodig om die geslagtelike verskille te verstaan om die nodige hulp aan hulle te kan verleen (Hill, 2003:73). Schwab (1996:109) is van mening dat pa's en ma's verskillende rolle in die huisgesin het, en daarom is hulle verhouding met hulle kinders ook verskillend en is daar 'n verskil in die manier waarop ouers reageer na die dood van 'n kind. Die verskil tussen mans en vroue se rouproses is dus veral gegrond op basiese geslagsverskille. Indien daar verder ook nog besondere stres aanwesig is rondom die situasie, beklemtoon dit verskille soos hierdie net soveel te meer. Dit is gevolglik baie belangrik dat huweliksmaats aan mekaar die nodige ruimte sal gee sodat elkeen op sy/haar eie manier kan rou - dit mag dalk in die betrokke situasie die grootste geskenk aan mekaar wees (Anon, 2004:6).

Indien ouers die multidimensionele vlakke van rou en geslagsverskille beseef, sal daar waarskynlik 'n groter mate van wedersydse begrip vir mekaar wees en vir die wyse waarop elkeen deur die rouproses beweeg (Schwab, 1996:112). Rubinstein (2004:212) het in sy studie bevind dat vroue meer rou as mans. Die tipiese

onderdrukking van emosies by mans kan gevolglik daartoe bydra dat hulle meer vatbaar is vir psigologiese probleme. Dit blyk egter dat vroue meer emosionele probleme beleef gedurende die eerste jaar na 'n kind se afsterwe en gevolglik het hulle dan ook meer hulp in die herstrukturering van hul denke nodig ten einde nuwe sin in hul lewens te vind (Rubinstein, 2004:212).

In die verlede is daar tradisioneel van vaders verwag om die sterk figuur te wees, nie te huil nie, die gesinsrou te hanteer, ondersteuning te gee en geleenthede te vermy waarin uitdrukking gegee word aan gevoelens (Hill, 2003:75; Murphy *et al.* 2003c:7, Anon, 2004:6). Mans word in 'n sekere sin dus nie altyd beskou as persone wat rou nie. Die gevolg hiervan is dat bedroefde vaders soms voel asof hulle die vergete bedroefdes is en dat hulle as't ware "tweedeklas" bedroefdes is omdat mense dikwels na die welstand van hul eggenotes verneem en die fokus dus meer op die vrou val. Sulke vooropgestelde idees ontnem vaders van hulle reg op behoorlike rou (Anon, 2004:6).

Goodman (1996:306) meen dat vaders, in vergelyking met moeders, 'n korter rouperiode deurloop. Vaders is ook geneig om hul rou te internaliseer en die hele proses te probeer verwerk deur verdiep te raak in hul leefwêreld, deur ontkenning, of deur die gebruik van alkohol om die pyn te verdoof. Persoonlike rou word op hierdie wyse dikwels uitgestel. Goodman is ook van mening dat vaders meer oor seuns treur as oor dogters en dat die gestorwe kinders nie, soos in die geval met moeders, in die sentrum van hul lewe is nie.

Murphy *et al.* (1999:130) is ook van mening dat vaders wat kinders verloor het se psigiese nood na twee jaar geneig was om te styg, alhoewel dit aanvanklik op 'n laer vlak was. Volgens Hill (2003:75) is die rouproses vir die vaders meer intensief indien die gestorwe kind 'n volwassene is (Hill, 2003:75). Saam met hierdie faktore het die mans oor die algemeen meer kontrole oor hulle emosies en hulle hanteer hul rou sonder om dit noodwendig bekend te maak. Dit gee aanleiding daartoe dat die vrou geneig is om te dink dat mans nie so intens deur die dood geraak word nie. Die teendeel is egter waar, naamlik dat mans op hul unieke manier die rouproses net so intens as vroue beleef. Kivimäki *et al.* (2002:824) meld ook die interessante navorsingsresultaat dat mans eintlik meer beïnvloed word deur stresvolle

lewensgebeurtenisse as dames. In hierdie verband toon Hill (2003:76) aan dat mans onder sulke omstandighede geneig is om dikwels kwaad en aggressief te raak en die dood te verwerk deur byvoorbeeld by fisiese aktiwiteite betrokke te raak. Murphy *et al.* (1998:209) verwys na 'n ondersoek waar ouers behandeling ontvang het na die dood van hul kinders, en dit geblyk het dat vaders erger simptome van post-traumatiese stresversteuring getoon het.

Dit is tradisioneel aanvaarbaar dat moeders hul droefheid en leed wys, hulp soek, openlik uitdrukking aan gevoelens gee en ook die nodige emosionele ondersteuning ontvang (Murphy *et al.*, 2003c:7). Murphy *et al.* (1999:130) het gevind dat as gevolg van vermelde faktore die psigiese nood van moeders, alhoewel dit aan die begin hoog was, na twee jaar gedaal het.

Volgens Hill (2003:75) se navorsing het geblyk dat by moeders die ouderdom van die gestorwe kind oor die algemeen nie relevant was nie – deurgaans het dit vir hulle om 'n proses van intense rou gegaan. Verder het dit ook geblyk dat indien moeders nie geleentheid gegun word om hierdie intense rou en hul emosionele wroeging te verwoord nie, hulle dan geneig is om terug te trek – en dit blokkeer gevolglik die natuurlike rouproses.

Aansluitend hierby meld Polatinsky en Esprey (2000:710) die feit dat vrouens wel meer geneig is om te leer en verryk te word deur moeilike lewensondervindings. Schwab (1996:109) het gebruik gemaak van hul *Grief Experience Inventory* as meetinstrument waarvolgens geblyk het dat moeders 'n hoër telling gehad het rondom aspekte soos A-tipiese response, moedeloosheid, woede, skuld, verlies aan kontrole, oormatige bepeinsing, depersonalisasie, somatisasie, verlies aan krag, fisiese simptome en negatiwiteit. Hiervolgens het hulle dus meer intens getreur en gerou.

Leshner en Bergey (1988:83) se navorsing het getoon dat moeders wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, 'n beduidende verandering in funksionele aktiwiteite, gesinskohesie, psigologiese en fisiese gesondheid beleef. Die gevolg hiervan is onder andere dat moeders in ouetehuse wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, en wat in ouetehuse woon, groter gesondheids- en ander probleme mag ondervind.

Die belewenis van vaders en moeders wat hul volwasse kinders aan die dood afgestaan het, is dus verskillend van aard, maar dit impliseer nie noodwendig dat die een minder of meer as die ander een treur nie.

#### 4.13 TRAUMABELEWING

Die Griekse woord vir trauma beteken *wond*. 'n Persoon wat 'n traumatiese ervaring beleef, is soms fisies maar ook psigies verwond. Die psigies gewonde persoon kry nie noodwendig altyd die simpatie en ondersteuning wat 'n fisies gewonde persoon kry nie – alhoewel hy/sy net so, indien nie erger nie, verwond kan wees (Retief, 2004:13). Die definisie van trauma, volgens die 'International Institute of Traumatology and Crisis Intervention' is die volgende (soos aangedui deur Retief, 2004:13).

'n Persoon het 'n trauma beleef indien hy blootgestel was aan gebeure wat òf met sy lewensomstandighede òf met sy lewensfase te doen het en wat tot gevolg het dat daardie persoon se gewone hanteringmeganismes lamgelê is en ten minste een van die volgende effekte waargeneem kan word:

- Daar is 'n element van gelatenheid;
- daar is 'n diep, amper onomkeerbare verandering in basiese lewensinsig of oortuiging;
- daar is 'n ernstige oorbelading van die persoon se normale hanteringsmeganismes (Royffe, 2006). (Uit Engels in Afrikaans vertaal deur Retief, 2004:16).

Volgens Retief (2004:17) gaan die getraumatiseerde persoon gewoonlik deur die volgende vier fases:

- Impakfase
- Reaksiefase
- Terugtrekfase
- Integrasiefase

Volgens Kaufman (2002:71) het 72% van Amerikaners al ten minste een traumatiese belewenis gehad. 'n Substansiële getal van hierdie persone ondervind dan ook psigologiese probleme wat direk verband hou met die traumatiese gebeurtenis.

Die psigologiese reaksie van individue op dieselfde trauma verskil beduidend aangesien die betekenis van enige traumatiese gebeurtenis 'n interaksie is tussen die gebeure en die individu se verlede, hede en verwagte toekoms, sowel as sy biologiese gegewendheid en sosiale konteks. Die betekenis van die trauma affekteer nie net die manier waarop die trauma aanvanklik hanteer word nie, maar ook die manier waarop genesing gaan plaasvind en die lewe weer leefbaar gemaak gaan word. Verder is dit ook so dat die meeste mense 'n trauma heel goed hanteer - sommige beleef egter psigologiese siektes, veranderinge in optrede of veranderinge in fisiese gesondheid (Ursano *et al.*, 1994:5)

Ursano *et al.* (1994:5,8,9) meen voorts 'n trauma word herken deur die aard van die gebeure, die effek daarvan op individue en die reaksie van individue op die gebeure. Alhoewel post traumatiese stresversteuring die algemeenste gevolg van 'n traumatiese belewenis is, is daar ander gevolge ook soos algemene angsversteurings, major depressie en substans misbruik en afhanklikheid. Een van die grootste bydraende faktore tot die moontlikheid van 'n psigiatriese siekte na die belewenis van 'n trauma is die intensiteit van die trauma. Psigopatologie voor die trauma is nie 'n noodwendige aanduiding van psigiatriese siektes wat na die trauma kan manifesteer nie. Reaksies op trauma wissel en nie twee individue gaan dieselfde op dieselfde trauma reageer nie. Om die individu se respons op 'n trauma te verstaan is dit nodig dat die individu binne sy of haar konteks verstaan moet word (Ursano *et al.*, 1994:17).

#### **4.14 POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING**

*Humpty Dumpty sat on a wall,  
Humpty Dumpty had a great fall,  
All the kings horses and all the king's men,  
couldn't put Humpty Dumpty together again.*

Dit is dikwels hoe mense voel wat probleme ervaar met posttraumatiese stresversteuring - dit verwys na 'n baie diep emosionele wond (Schiraldi, 2000:3).

Alhoewel post-traumatiese stres eers in die tagtigerjare vir die eerste keer as 'n kategorie binne DSM geformuleer is (American Psychiatric Association, 1994: 427-429), is die tipiese eienskappe van hierdie emosionele belewenis al deur die eeue aangeteken en beskryf - vanaf Herodotus in 490 VC tot in die 17de eeu deur Samuel Pepys; in die 19de eeu deur Jean-Martin Charcot, asook deur Sigmund Freud (Matsakis, 1996:14).

Post traumatiese stresversteuring kom na blootstelling aan 'n oorweldigende stresvolle gebeurtenis of reeks gebeure. Dit is 'n normale reaksie van normale mense op 'n abnormale situasie wat só ongewoon of erg is, dat dit die meeste mense sal beïnvloed, soos onder andere die onnatuurlike dood van 'n volwasse kind (Schiraldi, 2000:3).

Daar is hoofsaaklik drie groepe snellerfaktore wat post-traumatiese stresversteuring aktiveer, naamlik intensionele menslike faktore, toevallige menslike faktore en natuurlike rampe en gebeure. Die faktore wat oor die algemeen die grootste bydrae lewer tot post-traumatiese stresversteuring is veral intensionele menslike faktore en natuurlike rampe en gebeure (Schiraldi, 2000:5).

Schiraldi (2000:12) meen dat die twee grootste simptome van post-traumatiese stresversteuring, ang en dissosiasie is. Hy definieer die twee terme soos volg:

**Angs:** Die persoon met ang se brein is altyd gespanne en wakker. Dit bring mee dat die emosies ook immer "wakker" is en op hierdie wyse word die senuweestelsel deur oorstimulasie gesensiteer. Die brein se alarmfunksie is gevolglik altyd aan en daar word na aanleiding van kleiner bedreigings as die normale alarm gemaak.

**Dissosiasie:** 'n Mens kan 'n stresvolle belewenis verstandelik en kognitief ontsnap of 'n mens se brein kan die herinnerings aan 'n slegte situasie eenkant plaas deur middel van die proses van dissosiasie – dit is 'n verdedigingsmeganisme teen erge spanningsvolle en pynlike ervarings. Dissosiasie kom veral voor wanneer die trauma

erg of herhalend was of op 'n jong ouderdom plaasgevind het. Die volgende aspekte speel volgens Schiraldi (2000:12-21) gewoonlik ook 'n rol in hierdie proses:

- Depersonalisasie, waar die persoon afstand doen van sy liggaam en die situasie.
- Derealisasie, waar die persoon dit wat wel gebeur het ontken en die gebeure as 'n droom, iets wat ver weg is sien.
- Amnesia, wat beteken dat sommige detail met betrekking tot die trauma vergeet word.

Retief (2004:17) meld die volgende simptome as 'n goeie aanduiding van moontlike post-traumatische stresversteuring:

- Herlewing van die gebeurtenis deur middel van drome, herinneringe en terugflitse.
- Hiper-bedagtheid op 'n moontlike herhaling van die gebeurtenis.
- Gebrek aan belangstelling in dinge wat die persoon vroeër geïnteresseer het.
- Die gevoel van onvermoë om situasies wat vroeër as normaal ervaar sou word, te hanteer.
- Isolasië van familie en vriende asook die vermyding van sosiale verkeer.
- Skuldgevoel oor wat die persoon gedoen of nie gedoen het tydens die traumatiese gebeurtenis – hy het moontlik oorleef en andere nie.
- Gedurige geïrriteerdheid, buierigheid en ongegronde vrees.
- Emosionele afgestomptheid.
- Toenemende afhanklikheid van alkohol, dwelms of medikasie om die lewe te kan hanteer.
- Geen hoop vir die toekoms nie.

Enige terapeut moet bedag wees op die simptome van post-traumatische stresversteuring wanneer hy/sy betrokke raak by berading met betrekking tot

lewensverlies of die verlies van ander belangrike objekte of aspekte (Wheeler, 2001:62).

#### **4.15 DEPRESSIE**

Rou is 'n gesonde en natuurlike reaksie na 'n geweldige verlies. Alhoewel rou belangrik is en tot emosionele heling lei, kan dit lank aanhou en 'n intense pynlike belewenis wees wat uitloop op geweldige emosionele stres. Die roureaksie kan vir maande en jare aanhou. Mense vergeet nooit die gestorwene nie, maar die pyn sal uiteindelik verminder.

Depressie in ouer persone moet onderskei word van normale rou of treur. Hierdie deel van die bevolking beleef meer dikwels verliese en hulle rou mag vir 'n beperkte tyd sommige van die simptome van depressie insluit. 'n Bejaarde wat rou, fokus op die gestorwene, terwyl die depressiewe bejaarde op homself of haarself fokus.

Stresvolle gebeurtenisse gee dikwels aanleiding tot depressie. Hierdie aspek hang egter ook grootliks af van die persoonlikheid van die betrokke persone sowel as die omstandighede waarbinne die situasie afspeel (Kessler, 1997:209). Depressie kan die eerste teken wees van 'n afname in kognitiewe denke en kan ook die mortaliteitsrisiko verhoog. Hoe langer die persoon met depressie worstel, hoe groter is die afname in kognitiewe denke. Chroniese depressie in die bejaarde se lewe word dikwels ondergediagnoseer omdat die bejaarde in elk geval probleme ervaar met lusteloosheid, afname in libido en slaapsteurnisse (Paterniti, *et al.*, 2002:408).

In dieselfde studie van Paterniti *et al.* (2002:409) is verder aangedui dat slegs 4% van die depressiewe bejaardes met depressie gediagnoseer is. Barry *et al.* (2002:454) toon aan dat major depressie nege maande na die gewelddadige dood van 'n kind kan intree.

Karam (1994:51) is van mening dat rou-depressie 'n plek moet inneem in die amptelike klassifikasie van sielkundige probleme. Met verwysing na die DSM-III-R en die DSM IV-klassifikasie sisteme, meen Karam:

*"A notable exception to this descriptive approach has been the exclusion criterion of bereavement in the diagnosis of depression".*

Sue *et al.* (2003:349) merk op dat "... *severe depressive symptoms often occur as a normal reaction to the death of a loved one*". Daar is volgens Sue *et al.* (2003:357-358) 'n psigodinamiese, behavioristiese, kognitief-aangeleerde en sosiokulturele benadering met betrekking tot die oorsake van depressie. Die psigodinamiese en die behavioristiese benaderings beklemtoon beide die feit dat die verlies van 'n betekenisvolle naaste (saam met ander faktore) aanleiding kan gee tot depressie.

#### **4.16 INTERNE EN EKSTERNE LOKUS VAN KONTROLE**

Die lokus van kontrole is 'n konsep in die sielkunde wat oorspronklik in die 1950's deur Julian Rotter ontwerp is (Wikipedia, 2006:1). Dit verwys na 'n individu se persepsie van hoofoorsake van gebeure in sy lewe. 'n Definisie van lokus van kontrole is:

*"A locus of control orientation is a belief about whether the outcome of our actions are contingent on what we do (internal control orientation) or on events outside our personal control (external control orientation)"* (Neill, 2006:1).

Die konsep van lokus van kontrole is volgens hierdie definisie nou verwant aan die aspek van die veerkrachtigheid van die mens, soos onder andere beskryf deur Albert Bandura (Wikipedia, 2006:1).

Onverwagse verliese lei tot groter vlakke van depressie en gesondheidsklagtes onder diegene met 'n eksterne lokus van kontrole. Skielike verliese is minder bedreigend vir diegene wat 'n sterker interne lokus van kontrole het omdat hulle voel dat, alhoewel die bedreiging nie geantisipeer kon word nie, hulle dit kan hanteer, indien dit sou gebeur (Rubinstein, 2004:211-212). Rubinstein se studie toon dat lokus van kontrole baie meer ekstern was by 'n groot groep persone wat kinders aan die dood afgestaan het. Hy noem ook voorts dat die moeders uit die betrokke groep wat kinders aan die dood afgestaan het die hoogste eksterne lokus van kontrole gehad het. Die probleem

met eksterne lokus van kontrole is dat sulke individue uitgelewer voel en geneig is om moed op te gee met die lewe as hulle beleef dat hulle geen kontrole het oor wat met hulle gebeur nie (Neill, 2006:2). Wanneer ouers dus 'n volwasse kind aan die dood afstaan en 'n eksterne lokus van kontrole het, is die psigologiese helingsproses soveel meer uitgereek.

#### **4.17 BETEKENIS-AS-SIN EN HERINVESTERING**

Murphy *et al.* (2003a:383-402) sê daar is 'n verskil tussen betekenis-as-verstaan en betekenis-as-sin. As die persoon aanhou vra: “Hoekom ek,” en as hulle aanhou inligting oor die dood soek, kan die verkryging van sin langer wegbly. Die uiteindelijke ervaring van sin rondom die dood van 'n geliefde se dood word beïnvloed deur die persoon se geloof of sy verbintenis met Iemand groter as hyself. Dit het die tweede grootste invloed gehad op die soeke na sin na 'n kind se dood. Die aspek wat die grootste invloed gehad het was die inskakeling by 'n ondersteuningsgroep. Ouers wat nie sin kon vind nie, het betekenis-as-verstaan gekry – hulle moes maar net aangaan, maar het nie betekenis-as-sin ontdek nie. Ouers wat betekenis-as-sin gevind het, het uiteindelik hul manier van denke en lewensingesteldheid verander en dit het weer gelei tot die herrangskikking van lewensprioriteite (Murphy *et al.*, 2003a:402).

Volgens Wheeler (2001:51) is daar in die soeke na 'n nuwe lewensin veral twee konsepte wat belangrik is te wete, kognitiewe oorwinning en 'n soeke na 'n nuwe lewensdoel. Die bedroefde persoon moet met ander woorde 'n nuwe milieu skep en herinvesteer in 'n wêreld sonder die oorledene – hierdie proses vra 'n sekere verstaan (kognitiewe oorwinning) en die vind van redes om aan te hou leef (hernude lewensdoel). Hy meen voorts dat die soeke na die sin en betekenis van die lewe die heel belangrikste aspek is in die heroriëntering na die dood van 'n volwasse kind - sommige persone vind uiteindelik geen betekenis nie en aanvaar nie die dood nie. Ander het weer betekenis gevind en dit het hulle gehelp om die realiteit van die dood in hul lewens te integreer.

#### 4.18 DIE VERWERKINGSPROSES

Neimeyer (2003:191) is van mening dat daar in die roupastoraat dikwels veral een saak oor die hoof gesien word en dit is (die oënskynlike paradoksale opmerking) dat rou menige positiewe uitvloeiings kan hê. Daar word gewoonlik oormatige klem gelê op die negatiewe en die verlies – hierteenoor ontvang positiewe aspekte soos byvoorbeeld die groei in die individue se persoonlikheid en geestelike lewe veel minder klem.

Sue *et al.* (2003:349) verwys byvoorbeeld op die volgende wyse na die positiewe gevolge van rou: "This intensive mourning seems to have a positive psychological functioning in helping one to adjust".

Susan H Horwitz lê baie klem op die transisionele gesinsterapie waar daar van 'n genogram gebruik gemaak word – sy noem dit 'transitional mapping'. Die genogram word deur die terapeut en gesin opgestel en ondersoek die gesin se geskiedenis en gesinspatrone, van die oudste generasie wat onthou kan word, tot by die huidige geslag. So 'n genogram kan uiteindelik 'n diagnostiese, maar selfs 'n voorspellende en kragtige intervensie-instrument word. (Horwitz, 1997, 1997:215).

Volgens Herr en Weakland (1979:291) is die volgende twee punte van besondere belang indien daar met 'n sterwende persoon of met die familie van iemand wat oorlede is, gewerk word:

- Almal moet een of ander tyd sterf, en mense se sienings oor die dood wissel.
- Dit is belangrik om die kliënt se denke oor die dood te verstaan en dit dan as sy realiteit te aanvaar.

Met betrekking tot die rouproses by ouer persone gee Schoenberg (1980:230-233) die volgende belangrike riglyne:

- Bejaardes se droefheid mag meer deur somatiesse probleme as deur psigologiese probleme manifesteer.
- Daar is geen bewys dat die intensiteit van rou baie verander met die ouderdom nie.
- Droefheid mag langer voortduur by bejaardes as by jonger mense.
- Bejaardes is lank na die sterwe van 'n geliefde, steeds meer eensaam as jonger bedroefdes.

Volgens Schoenberg (1980:230-233) moet intervensieprogramme vir bedroefde bejaardes aandag aan veral die volgende aspekte gee:

- Die voorkoming van intense roureaksies.
- Die vermindering van intense rou.
- Die aansporing tot langtermyn rekonstruksie.
- Interaksie strategieë wat fokus op ingesteldheid of houding.

Verdere belangrike riglyne wat in gedagte gehou moet word met betrekking tot die rouproses van bejaardes, is volgens Schoenberg (1980:230-233) die volgende:

- As deel van enige pastorale aksie met die oog op voorbereiding vir die dood, moet daar aandag gegee word aan die fisiese gesondheid van die oorlewendes bo 60 jaar oud.
- Die intensiteit en uiterlike simptome van rou is nie noodwendig 'n korrekte aanduiding van die innerlike proses by die bejaarde nie. Daarom moet die normale pastorale sorg aan die bejaardes bedien word, al is hulle reaksie op die droefheid nie noodwendig patologies van aard nie.
- Uitgerekte fases van droefheid kom dikwels by die bejaarde voor en gevolglik moet daar moeite gedoen word met die voorsiening van langtermyn behandeling by alle bedroefde bejaardes.

#### 4.19 UNIEKHEID VAN DIE AFRIKA-MENS

Mense met 'n Afrika lewens- en wêreldbeskouing moet baie anders benader word as die tradisionele Westerling omdat die kultuur en agtergrond dikwels wesenlik verskil. Kennis ten opsigte van uitgangspunte, rituele, kultuur, godsdiens en belewenisse is gevolglik noodsaaklik ten einde effektief pastorale begeleiding te kan verskaf aan bejaardes binne hierdie milieu (Bosman, 2002:17).

#### 4.20 SLOT

Malkinson en Bar-tur (2005:112) tref die volgende vergelyking:

*"It is as if you had lost a hand and had become a cripple. In the beginning, it hurts a lot, and one doesn't know how to manage without the hand. Later, it forms a scab and is bothersome, and then, you are fitted for prosthesis and you begin functioning. And the prosthesis is so good that no one realizes that you are missing a hand. But in the evening, you remove the prosthesis and you are left with a void."*

Hierteenoor rig Schiff (1977:87) egter die volgende uitdaging aan elkeen wat 'n kind verloor het:

*"The death of a child is frequently called the ultimate tragedy. But it is a tragedy that must not be compounded by allowing everything around you to die also. There are other...who need and deserve to see you functioning as well."*

Alhoewel die tyd verbygaan en die tranes minder word, sal die gestorwe kind altyd deel van die ouers se lewe bly - die dood kan nie 'n verhouding beëindig nie (Moss, 2006:1). Daarom sê Wilkinson (1991:72) *"He whom we love and lose is no longer where he was before; he is now wherever we are"*.

#### 4.21 GEVOLGTREKKINGS

- Die dood van 'n volwasse kind is vir die bejaarde ouer een van die angswekkendste en mees traumatiese gebeurtenisse wat in so 'n ouer se lewe kan plaasvind. Die natuurlike rolle is omgedraai aangesien dit 'n onnatuurlike ingrype in die natuurlike verloop van die lewe is. Al is die kind volwasse, bly dit die ouers se kind. Kinders is meer as net 'n genetiese oordrag – kinders is psigologiese verlengstukke van ouers.
- Ouers tree verskillend op na gelang van die manier waarop die kind gesterf het, maar ook na gelang van die verhouding tussen die kind en die ouers, die omgewing, die karakter van die kind, ensovoorts.
- Selfmoordstatistieke styg onrusbarend en in Suid-Afrika sterf daar elke uur iemand as gevolg van selfmoord, met twintig tot veertig pogings tot selfmoord per uur. Die gemiddelde ouderdom van die suksesvolle selfmoorde is tussen 35 en 44 – die volwasse kinders van bejaarde ouers.
- Wanneer die bejaarde ouerpaar se volwasse kind sterf, is dit gewoonlik nie al krisis waarmee hulle op daardie stadium aan die worstel is nie. Hulle beleef dikwels dan ook allerhande ander persoonlike en sosiale verliese en die verlies van hul kind kan die ander verliese aksentueer.
- Wanneer volwasse kinders sterf, is daar bepaalde probleme wat eie is aan die situasie. Indien die kind byvoorbeeld getroud was, is die konsentrasie van simpatie gewoonlik meer toegespits op die huweliksmaat en kinders en nie soseer op die bejaarde ouer nie. Indien die kind ongetroud was, is daar dikwels ander eiesoortige probleme soos eiendomme, skuld en beleggings wat bestuur moet word. Die volwasse kind en die ouers het ook 'n vriendskapsband gevorm wat meer intiem is as 'n ouer-kind verhouding soos toe die kind nog klein was.
- Die dood van 'n volwasse kind laat die gesinsverhouding en die huwelik van die ouers dikwels in 'n groot krisis. Dit kan die gesinslewe selfs in so mate beïnvloed dat die hele gesinskohesie disintegreer.
- Die mens besit 'n ingeboude veerkragtigheid wat by geleentheid kan bydra tot die verwerking en hantering van die ergste krisisse en traumas sonder enige intervensie – in sommige buitengewone gevalle vind dit plaas. Indien daar

egter abnormale gedrag of patologie na vore tree, is terapeutiese intervensie nodig.

- Die rouproses word gesien as 'n akkommodasie eerder as 'n oorwinning. Die kind hoef nie vergeet te word nie, maar moet juis onthou word. Rouwerk bestaan daarin dat ouers afstand doen van die oorspronklike verhouding waarin hulle tot die kind gestaan het en 'n nuwe verhouding met die gestorwene aanknoop. Die ouer se verhouding met sy kind word eers verbreek die dag wanneer hy ook sterf.
- Gekompliseerde rou kom ter sprake wanneer die treurende ouers nie met betrekking tot hul eie unieke menswees vorder soos daar van hulle verwag word nie.
- Daar is nie 'n vasgestelde tyd waarbinne ouers die rouproses moet afhandel nie. Elke persoon is uniek, hul verhouding met hul kinders is uniek en daarom sal elke ouer op 'n ander gegewe tyd uiteindelik die dood van sy kind positief verwerk.
- Daar word baie fases van rou onderskei. Die doel van die fases is nie om die treurende ouers binne 'n bepaalde fase in te forseer nie. Die onderskeie fases word egter geïdentifiseer ten einde die terapeut in staat te stel om die treurende ouer beter te kan verstaan en tot heelheid te kan begelei.
- As gevolg van die kulturele, genetiese en persoonlike agtergrond is daar duidelike geslagsverskille met betrekking tot die rou oor 'n volwasse gestorwe kind.
- Die dood van 'n volwasse kind is volgens alle definisies en beskrywings van trauma, 'n erge traumatiese belewenis vir bejaarde ouers. Sonder die nodige hulp en begeleiding kan die ouers gevolglik baie maklik in 'n post traumatiese stresversteuring met al die gepaardgaande negatiewe gevolge verval.

## HOOFSTUK 5

### EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 5.1 INLEIDING

Empiriese navorsing word beskryf as "enige navorsing wat sy bevindings baseer op direkte of indirekte waarneming as toets vir die realiteit." (Anon, 2006a:1). Powers *et al.* (1985:1) beskryf dit as "... die manier om verskynsels te ondersoek met kennis as die primêre fokuspunt". Empiriese waarneming beteken vir Neuman (2006:2,8) dit wat ons direk kan waarneem en beleef deur menslike sintuie, of indirek deur gebruik te maak van tegnieke, wat uiteindelik verlengstukke van ons sintuie is. *Empiriese navorsing* is met ander woorde 'n manier om deur observasie met sintuie en tegnieke, die realiteite te toets, kennis op te doen, antwoorde op vrae te kry, onwaarhede uit te skakel en iets nuuts te leer van die wêreld waarin ons leef.

Volgens Neuman (2006:3-5) is die basis van kennis die volgende: gesag, tradisie, algemene kennis, media aannames en persoonlike ondervinding. Hierdie basisse van kennis gee dikwels meer algemene inligting as kennis mee en kan soms selfs korrek wees. Kennis deur navorsing ingewin, is verstaanbaar meer dikwels korrek. Williams *et al.* (1995:7) sluit hierby aan en volgens hom is daar in die sosiale wetenskappe drie maniere om kennis in te win:

- Deur tradisionele oorlewering, deur outoritêre kennisoordrag.
- Deur kennis vanuit die praktyk.
- Deur metodes wat gerig is op probleem-oplossing.

Laasgenoemde manier is die wetenskaplike manier om kennis te versamel. Daar is dus nie net een korrekte benadering tot sosiale navorsing nie en die basis hiervan sal moontlik nooit beperk kan word tot een eksakte benadering nie.

Begrip van die onderskeie benaderings help die leser egter om 'n wetenskaplike verslag of artikel logies te kan interpreteer. Die keuse van die benadering hang af van die doelwit van die navorsing. Die verskillende tegnieke wat in sosiale navorsing gebruik word (bv. onderhoude of waarneming) word verder gebaseer op aannames en idees van die benadering wat gevolg word.

Triangulasie in sosiale wetenskap beteken dat 'n navorser uit verskillende hoeke na dieselfde saak kyk – so word hy in staat gestel om tot meer akkurate gevolgtrekkings te kom. Dit vind plaas deur middel van meting op meer as een manier, veelvuldige observasie vanuit verskillende teorieë asook deur middel van verskillende metodes soos die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering (Neuman, 2006:79-106, 149). Dit is dan ook die oogmerk van hierdie studie en hierdie betrokke hoofstuk.

Uiteindelik moet 'n mens besef dat

"... wetenskap nie eksakte en absolute waarhede kan voorsien nie. Dit is wel waar in dié opsig dat wetenskap 'n stadige onvoltooide proses is wat onwaarhede uitskakel en reduceer. Dit is 'n voortdurendesoeke na die beste moontlike antwoorde " (Neuman, 2006:20)

In hierdie opsig sluit hierdie hoofstuk dan ook ten nouste aan by die vorige hoofstuk van hierdie studie waar die bydraes van ander hulpwetenskappe ondersoek is in 'n poging om die beste moontlike antwoorde asook die breedste perspektief te bekom.

Die resultate van die aanvanklike kwantitatiewe ondersoek (wat deur middel van 'n vraelys gedoen word) asook die van die kwalitatiewe ondersoek vorm tesame met die perspektiewe vanuit die hulpwetenskappe, die metateoretiese afdeling van hierdie studie. Daar sal deur middel van 'n wisselwerking tussen basisteorie en metateorie gepoog word om praktykteoretiese perspektiewe daar te stel asook 'n pastorale model te ontwerp vir die pastorale begeleiding van die bejaarde wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het.

## 5.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om op verantwoordelike wetenskaplike wyse enersyds vas te stel wat die behoefte by ouers is wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, en andersyds om hierdie gegewens te gebruik in die uiteindelijke formulering van 'n pastorale model aan die hand waarvan sulke ouers pastoraal begelei kan word.

## 5.3 KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING

Barker (1999:393) maak die volgende onderskeiding tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing:

*"Quantitative research is systematic investigations that include descriptive or inferential statistical analysis. Examples are experiments, survey research and investigations that make use of numerical comparisons... Qualitative research is systematic investigations that include inductive, in-depth, nonquantitative studies of individuals, groups, organizations or communities. Examples include field study, ethnography and historiography."*

Die woord *kwalitatief* impliseer nadruk op die kwaliteite van entiteite en op prosesse en betekenis wat nie eksperimenteel bestudeer word in terme van hoeveelheid, intensiteit of frekwensie nie. Kwantitatiewe navorsing benadruk daarteenoor die meting en analise van die verhouding tussen veranderlikes en nie soseer die prosesse nie (Denzin & Lincoln, 2003:13). Volgens Riessman (1994:xii) is die woord *kwalitatief* gemunt deur kwantitatiewe navorsers om nie-numeriese data te beskryf. McCoy (1995:2009) beskryf die kwalitatiewe proses soos volg:

*"Qualitative research is concerned with non-statistical methods of inquiry and analysis of social phenomena. It draws on an inductive process in which themes and categories emerge through analysis of data collected by such techniques as interviews, observations, videotapes and case studies."*

Epstein (1988:185) is van mening dat sosiale en psigologiese verskynsels getel en gekorreleer word met kwantitatiewe navorsing terwyl die eiesoortige karakter van die verskynsels met kwalitatiewe navorsing bestudeer kan word. Beide wil dus sosiale realiteite bestudeer en beskryf. Die verskil lê in die manier hoe hulle dit doen. Kwantitatiewe studies poog om sosiale realiteite vanuit 'n objektiewe standpunt te bestudeer en te beskryf. Kwalitatiewe studies wil die sosiale realiteite bestudeer en beskryf vanuit die subjektiewe oogmerk van die deelnemers in die sisteem. Neuman (2006:151) is dus heeltemal korrek as hy sê dat kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing in vele opsigte verskil, maar ook in baie opsigte ooreenstem.

Neuman (2006:219) sê verder dat kwantitatiewe navorsing meer klem lê op die korrekte keuse van 'n groep mense, sodat hulle verteenwoordigend sal wees en sodat daar dus korrekte afleidings gemaak kan word. Kwalitatiewe navorsing lê minder klem op die samestelling van die groep, maar meer klem op die nuwe lig wat byvoorbeeld gewerp word op die sosiale of godsdienstige funksionering van hierdie groep. Thyer (2001:258) sluit hierby aan wanneer hy konstateer dat kwalitatiewe metodes oor die algemeen eerder wil ontdek en nie soseer toets nie. Kwalitatiewe navorsing help navorsers om 'n hipotese te ontwikkel en kwantitatiewe navorsing help die navorsers om reeds gevormde hipotese te toets. Kwalitatiewe navorsing is ideaal waar daar op 'n redelik onbekende veld met navorsing begin word. Volgens Ragin (1994:102) gebruik navorsers kwalitatiewe metodes indien hulle glo dat 'n in-diepte studie van 'n verskynsel die beste manier is waarop hulle 'n geloofwaardige verteenwoordiging kan konstrueer. Hierdie in-diepte studie fokus dan op 'n primêre geval of op 'n gemene faktor van verskillende gevalle.

Volgens Ragin (1994:83) staan die doel van kwalitatiewe navorsing op die volgende drie bene:

- Om 'n "stem" te gee aan die gemarginaliseerdes van die samelewing.
- Interpretiering van historiese of kultureel betekenisvolle verskynsels.
- Bevordering van teoretiese denke.

Ten spyte van die legitimiteit van die twee navorsingsmetodes het die kwantitatiewe navorsingsmetode die sosiale wetenskaplike-arena in die verlede oorheers. Wanneer daar oor wetenskaplike navorsing gepraat word, het die gedagte van kwantitatiewe navorsing gewoonlik sterk na vore gekom. Alhoewel dit 'n weldeurdagte metode van wetenskaplike navorsing is, is die kwantitatiewe metode egter nie die enigste metode van navorsing nie (Thyer, 2001:25).

In tradisionele kwantitatief gebaseerde navorsing, word kwalitatiewe navorsing dikwels gesien as 'n relatief minderwaardige metodologie. Dit word gebruik in 'n verkennende stadium van die navorsing voordat werklike kwantitatiewe navorsing gedoen word en statistieke beoordeel word. Daar is gevolglik geglo dat statistiese analise die ware navorsing is. Tot in die 1980's was dit algemeen vir humanitêre en ander kwalitatiewe navorsers om na hul eie navorsing en bydraes te verwys as nie-wetenskaplike bydraes (Berger *et al*, 1978:123).

Mettertyd het daar egter al meer kritiek begin opbou teen suiwer kwantitatiewe navorsing – dit is deur CW Mills (1953), Blumer (1968) en Cicourel (1964) begin. Die kritiek het onder andere daarvoor gehandel dat die suiwer kwantitatiewe navorsers die sosiale en kulturele konstruksie van die veranderlikes wat hulle wou laat korreleer, afgeskeep het (Silverman, 1993:20).

Daarom is Denzin en Lincoln (2003:vii) van mening dat daar in die afgelope drie dekades 'n stille metodologiese revolusie plaasgevind het, wat hulle die "Kwalitatiewe Revolusie" noem. Riessman (1994:vii) noem dit "'n virtuele ontploffing in metodologie van die sosiale wetenskappe".

Ook Thyer (2001:257) meld dat kwalitatiewe ondersoeke deesdae hernude belangstelling in die akademiese en praktiese maatskaplike werk beleef, alhoewel dit duidelik gestel moet word dat kwalitatiewe navorsing nog altyd in die maatskaplike werk 'n prominente rol gespeel het. Kwalitatiewe navorsing was eintlik nog altyd 'n inherente deel van die hoofstroom-wetenskappe.

As gevolg van hierdie klemverskuiwing wat mettertyd begin plaasvind het, het die sosiale wetenskappe al meer saam begin fokus op 'n interpretatiewe, kwalitatiewe benadering tot navorsing en teorie. In hierdie kwalitatiewe navorsing gaan dit vervolgens om 'n stel interpretatiewe aktiwiteite wat nie een metodologiese praktyk bo die ander verkies nie. Dit is egter moeilik om te definieer aangesien dit geen teorie, metode, praktyk of paradigma bevat wat uitsluitlik by kwalitatiewe navorsing tuishoort nie. In hierdie verband stel Silverman (1993:23) dit dat daar nie 'n vasgestelde benadering is tussen die kwalitatiewe navorsers nie.

Volgens Christians (2003:217) het elkeen van die groot empiriese skole teen die 1980's hul eie kode ontwerp, met die klem op die volgende vier riglyne:

- Die mense wat deelneem in die navorsing het die reg om ingelig te wees oor die wese en gevolge van eksperimente waarby hulle betrokke is.
- Misleiding en bedrog is nie eties regverdigbaar of prakties nodig of in die belang van akademiese navorsing nie.
- Privaatheid en vertroulikheid: klem word gelê op die beskerming van persone se identiteit in die bekendmaking van navorsingsresultate.
- Die data moet akkuraat wees ('n kernbeginsel binne alle sosiale wetenskappe). Fabrisering van data, bedrog, weglating, ensovoorts is onwetenskaplik en oneties.

Omdat daar die afgelope aantal jare 'n voortdurende stryd was tussen die aanhangers van die kwalitatiewe en die kwantitatiewe metodes, het daar volgens Grinnell (1988:191) 'n aantal misverstande gevorm:

- Dat kwantitatiewe metodes inherent polities konserwatief is en daarom onbruikbaar is in die gereformeerde tradisie van ons professie.
- Dat kwalitatiewe metodes inherent polities progressief is en daarom bruikbaar vir sosiale werk.
- Dat kwalitatiewe metodes meer geredelik as kwantitatiewe metodes in die praktyk gebruik word.

- Dat kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes inherent onversoenbaar is.

Ten einde te bepaal watter navorsingsmetode die mees geskikte vir 'n besondere studie is, moet die nodige vrae met betrekking tot die konteks waarbinne die studie gaan plaasvind, gevra word asook die navorsingsvraag wat deur middel van die spesifieke navorsing beantwoord moet word. Dit sal uiteindelik deurslaggewend wees met betrekking tot die keuse van 'n navorsingsmetode. In hierdie verband sê Nelson *et al.* (1992:2): "*The choice of research practices depends upon the questions that are asked, and the questions depend on their context*".

Volgens Joubert (1992:95) het die navorsing wat vandag bekend staan as kwalitatiewe analise, ontstaan uit eenvoudige navorsingstegnieke wat spesifiek gekies is om die standpunte van gewone mense weer te gee. Volgens hom is die grootste bydrae wat die kwalitatiewe paradigma tot die veld van die sosiale wetenskappe gemaak het, die volgende: wat mense dink, is net so belangrik is as wat hulle doen - hulle optrede kan nie ten volle verstaan word as hulle oortuigings en geloof nie verstaan word nie.

Volgens Silverman (1993:27) is daar drie onderskeidende kenmerke waardeur kwalitatiewe navorsing geïdentifiseer word:

- Dit voorsien 'n breër weergawe van teorie as die eenvoudige verwantskappe tussen veranderlikes: 'n teorie moet die verwysing na prosesse waarmee die verwantskappe tussen die veranderlikes bepaal word, insluit.
- Die plooibaarheid van kwalitatiewe navorsing laat toe dat teoretiese ontwikkeling op 'n hoogs effektiewe en ekonomiese manier nagestreef word.
- Kwalitatiewe navorsers sien hul teoretisering nie as totaal buite die konteks van ander sosiale wetenskaplikes nie. Dit hang saam met die feit dat kwalitatiewe navorsing probeer weergee hoe mense sekere sake "sien" of, in 'n meer gesofistikeerde wyse, om die sosiale organisasie van "beskrywings" te probeer verstaan.

Dit kan volgens Dey (1993:13-14,17) sinvol wees om kwalitatiewe navorsing en kwantitatiewe navorsing te kombineer:

"Aan die een kant word kwalitatiewe data dikwels as meer betroubaar voorgestel as die kwantitatiewe data. Aan die ander kant word dit dikwels afgemaak as te subjektief, omdat die aannames nie in terme van gevestigde standaarde gemaak word nie... Dit maak meer sin om te kyk hoe dit gesamentlik gebruik kan word in sosiale navorsing as om dit teenoor mekaar te stel."

In die afgelope twee dekades het daar 'n klemverskuiwing vanaf passiewe toleransie na aktiewe dialoog tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsers plaasgevind (Jensen, 2002:235). De Vos (1998:358) sê egter dat die kombinasie van die kwalitatiewe en die kwantitatiewe modelle in empiriese navorsing steeds baie problematies is. Om die twee paradigmas in een studie te gebruik, sal nie net duur wees nie, maar ook tydrowend en sal die ondersoek onnodig vertraag. Die volgende drie kombinasies van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie word deur De Vos aangetoon: progamevaluasie, intervensie-navorsing en deelnemende aksienavorsing.

Creswell (1994:173-190) vra ook die vraag hoe beide paradigmas in een studie gekombineer kan word. Hy ontwerp vervolgens drie modelle waarbinne dit wel kan gebeur:

- Die twee-fase model: hier probeer die navorser eers afsonderlik 'n kwantitatiewe fase van die navorsing af te handel, en dan weer 'n kwalitatiewe fase. Die twee paradigmas is dan basies geskei van mekaar en word heeltemal afsonderlik hanteer.
- Die dominant-minder-dominant model: in hierdie ontwerp probeer die navorser die hele navorsing binne een dominante paradigma doen, en dan 'n klein onderafdeling van die navorsing binne die ander paradigma.
- Die gemengde metodologiese ontwerpersmodel: hier word die twee paradigmas die meeste geïntegreer. Die navorser meng die kwalitatiewe en

die kwantitatiewe paradigmas in verskeie aspekte van die navorsing: in die inleiding, die literatuurstudie, die doelstellings en die navorsingsvrae.

Gillespie en Glisson (1992:7) is ook van mening dat daar metodes is waardeur die kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van navorsing geïntegreer kan word:

*"... logistic regression, log linear analysis and event history analysis... unfortunately these are used much less frequently by social work researchers."*

Ook Thyer (2001:259) is van oortuiging dat die kwalitatiewe en kwantitatiewe wyses van navorsing parallel langs mekaar kan funksioneer en mekaar kan ondersteun. Volgens hom is kwalitatiewe studies ook nie noodwendig meer wetenskaplik as kwantitatiewe studies nie.

Neuman (2006:14-15) onderskei ook tussen die stappe van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes:

- *Die Kwantitatiewe metode:* Kies 'n onderwerp, fokus op 'n sentrale vraag, kies die navorsingsmetode, versamel data, analiseer die data, interpreteer die data en gee 'n beskrywing van bevindings.
- *Die Kwalitatiewe metode:* 'n Erkenning van die navorser se posisie in die samelewing en 'n erkenning van die sosiale self. Die navorser ontwikkel 'n eie perspektief oor die saak, kies die navorsingsmetode, versamel data, analiseer die data. interpreteer die data en gee 'n beskrywing van bevindings.

Neuman (2006:157) het die verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing soos volg beskryf en getabuleer: Dit word aanvaar dat 'n kwantitatiewe navorser kan konseptualiseer en dat hy objektiewe, presiese meetinstrumente met syfers kan ontwikkel wat belangrike inligting weergee. 'n Kwalitatiewe navorser fokus egter op subjektiewe bedoelings, definisies, metafore, simbole en beskrywing van sekere

gevalle. Dié navorser wil sekere aspekte raaksien wat moeilik is om in syfers uitgedruk te word.

<b>Kwantitatiewe navorsing</b>	<b>Kwalitatiewe navorsing</b>
Toets die navorser se aanvanklike hipotese.	Ontdek en neem betekenis waar wanneer die navorser met die data besig is.
Begrippe is in die vorm van afsonderlike veranderlikes	Begrippe is in die vorm van temas, motiewe, veralgemenings.
Metings is sistematies daargesel en gestandaardiseer alvorens data versamel is.	Metings word op 'n ad hoc manier gevorm en is dikwels spesifiek eie aan die navorser of aan die omstandighede.
Data is in die vorm van getalle en eksakte metings.	Data is in die vorm van woorde van dokumente, waarnemings en transkripsies.
Die teorie is grotendeels toevallig en deduktief (herleiding van die algemene feite na die besondere)	Die teorie kan toevallig of nie-toevallig wees en is dikwels induktief (herleiding van die besondere feite na die algemene)
Die navorsingsprosedures is standaard en herhaling word veronderstel.	Die navorsingsprosedures is baie spesifiek en herhaling kom selde voor.
Die analise gebruik statistieke, tabelle of grafieke en beoordeel die inhoud daarvan in die lig van die hipotese.	Die analise neem temas of veralgemenings van die navorsing en struktureer die data om 'n duidelike en konsekwente beeld te verkry.

Neuman (2006:13) het ook in tabelvorm soos volg tussen die kwantitatiewe styl en die kwalitatiewe styl van navorsing onderskei:

<b>Kwantitatiewe styl</b>	<b>Kwalitatiewe styl</b>
Meet objektiewe feite	Konstrueer kulturele betekenis
Fokus op veranderlikes	Fokus op interaktiewe gebeure
Betroubaarheid is die sleutel-faktor	Getrouheid is die sleutelfaktor
Waardevry	Waarde is teenwoordig en eksplisiet
Onafhanklik van die konteks	Situasiegebonde
Baie gevallestudies	Min gevallestudies
Statistiese analise	Tematiese analise
Navorsers staan los van die situasie	Navorsers is in-diepte betrokke

#### **5.4 METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

Thyer (2001:26) is van mening dat dit 'n algemene wanopvatting by navorsers is dat 'n navorsers sy eie navorsingsmetode en model moet ontwikkel.

Die verskillende metodes van ondersoek in 'n bepaalde rigting kan gekry word deur eerstens presies te weet wat die onderwerp van navorsing is en dan in vaktydskrifte, boeke, asook bronne soos byvoorbeeld op die internet inligting te versamel oor metodes wat die betrokke onderwerp en wyse van navorsing kan komplimenteer. In hierdie verband sê Powers *et al.* (1985:100):

*"The rule of thumb is not to develop a new instrument if you can use one that is already available, appropriate and sound."*

Die vyf vrae wat volgens Powers *et al.* (1985:100) gevra moet word voordat die bestaande meetinstrument gekies word, is die volgende: Is die instrument geldig,

betroubaar, sensitief, vergelykbaar en bruikbaar? Indien bevestigend geantwoord kan word op hierdie vrae, kan die meetinstrument gebruik word om data op 'n direkte of indirekte manier te bekom - in 'n enkel- of groep-ontwerp situasie.

Neuman is van mening dat kwalitatiewe navorsing, soos wat in hierdie studie gedoen word, wel ook empiries is. Verantwoordelike empiriese navorsing is dus nie net kwantitatief, waar met syfers en meetbare getalle gewerk word nie. Kwalitatiewe data is empiries. Dit sluit dokumentering van werklike gebeure in, weergawe wat mense sê (met woorde, gebare en toonhoogtes), waarneming van spesifieke optrede, die studie van gedokumenteerde gebeure of bestudering van dit wat gesien kan word. Hierdie bewyse is net so aanvaarbaar en fisies as die wat deur die kwantitatiewe navorsing gebruik word om houdings, sosiale druk, intelligensie (en so meer) te meet (Neuman, 1997:328).

Grinnel en Stothers (1988:225-235) maak onderskeid tussen eenvoudige en komplekse navorsingsontwerpe. Wanneer 'n navorsingsontwerp gebruik word, moet die beginsel van minimalisme of spaarsamigheid gebruik word, wat beteken dat die eenvoudigste weg na die oogmerk die beste weg is.

Die drie algemene kategorieë van navorsingsontwerpe is volgens Grinnel en Stothers (1988:225-235) die volgende:

- Die verkennende ontwerp (wat soms die nie-eksperimentele ontwerp genoem word - hier gaan dit bloot om die verkenning van 'n studieveld en teorieë).
- Die beskrywende ontwerp (wat soms die kwasi-eksperimentele ontwerp genoem word, omdat daar van die kernelemente om dit 'n "ware" eksperiment te maak, ontbreek).
- Die verklarende ontwerp (wat ook soms as die eksperimentele ontwerp bekend staan en wat eksperimentele- en kontrolegroepe gebruik).

Nie een van hierdie drie kategorieë is ondergeskik aan die ander nie. Elkeen het voordele en nadele in terme van tyd, koste en data wat versamel word. Die ontwerp wat die betrokke navorsing die beste pas, moet dus gebruik word.

Volgens Janesick (1998:xi) is die twee belangrikste sake vir kwalitatiewe navorsers, observasie en onderhoudvoering. Met observasie bedoel hy "om te sien" wat jy observeer. Om te leer "om te sien" wat jy observeer is volgens hom dan ook een van die kernkwaliteite van kwalitatiewe navorsing. Vir Ragin (1994:85) is die belangrikste elemente van die kwalitatiewe model die volgende:

- Keuse van plekke en gevalle.
- Gebruik van gesensiteerde (gevoelige) konsepte.
- Verduideliking van konsepte en kategorieë.
- Ontwikkeling van analitiese raamwerke.

Whitaker (1992:5-36) het 'n baie praktiese riglyn daargestel vir die gebruik van groepe. Volgens hom kan 'n kleingroep 'n baie effektiewe medium vir hulp wees as dit reg beplan is; as dit op so 'n wyse gedoen word dat die groep ontwikkel en behou word as 'n helpende medium; en as die spesiale geleentheid wat na vore kom gebruik word tot voordeel van elke deelnemer. 'n Ideale grootte is 6 - 15 persone.

'n Groep kan volgens Whitaker (1992:5-36) beskryf word as 'n omgewing waarin persone terugvoer van ander kan kry aangaande hulle eie optrede en deelname. Deelnemers kan gemotiveer word om aktief aan gesprekke deel te neem en kommentaar op ander se belewenisse te gee. Een van die besondere voordele van die groepsituasie is dus die feit dat groepslede inligting oor die impak van hulle optrede kan kry wat hulle andersins nie sou gehad het nie. Volgens Roy en Sumpter (1983:230) is groepe 'n effektiewe manier om die behoeftes te bepaal van bedroefde naasbestaendes wat sukkel om verliese te aanvaar.

Dit is navorsers se eie standpunt dat daar in die beplanning van 'n kleingroep ruimte gelaat moet word vir die eiesoortige rigting waarin die groep op 'n gegewe tyd met die gesprek wil beweeg. Die behoefte tot 'n gesprek binne 'n sekere emosionele belewenis kan baie maklik misken of geïgnoreer word indien daar te streng detailbeplanning gedoen is en die gesprek net deur die detailbeplanning alleen gelei word. Roy en Sumpter (1983:231) verwoord iets hiervan as hulle sê: *"The leadership is democratic. For example: at any point in the group process the leader never does for the group*

*what the group can do for itself. The leader strives to help the group maintain the balance between sharing emotions and not being overwhelmed by them".*

## **5.5           BESPREKING VAN EMPIRIESE NAVORSING**

### **5.5.1        Beskrywing van die fases van navorsing**

In die onderhawige navorsing gaan die empiriese studie gedoen word aan die hand van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings, wat in vyf fases verdeel kan word. Die kwalitatiewe ondersoek sal egter die grootste deel van die ondersoek beslaan.

- **Fase een**

Daar word 'n vraelys aan ongeveer 40 persone gegee om te voltooi (Sien bylaag E). Al die deelnemers is bejaardes wat almal 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het. Onder die teikengroep is enkelouers van beide geslagte asook huwelikspare. In hierdie proses word klem gelê op drie aspekte: die vertroulikheid van die inligting, dat alle vrae voltooi moet word en dat die vrae so eerlik as moontlik beantwoord moet word. Die aard van die vrae wissel van bloot informatief, soos die deelnemer se naam en van, tot baie intieme vrae wat byvoorbeeld handel oor die aard van die dood van die kind en die verwerking daarvan. Hierdie eerste fase fokus dus meer op 'n kwantitatiewe benadering.

Volgens Neuman (2006:222) is die doel van groepsdeelname daarop gerig om inligting te bekom wat kan verduidelik en verhelder. Daar is verskeie metodes om deelnemers te identifiseer en in hierdie studie word gebruik gemaak van die doelgerigte metode van groepering. Doelbewuste seleksie is 'n waardevolle manier van seleksie vir spesifieke situasies. Dit word gebruik in verkennende navorsing of in die praktiese veld navorsing. Dit gebruik die oordeel van 'n kundige om spesifieke gevalle kies, of dit selekteer gevalle met 'n spesifieke doel voor oë. Doelbewuste seleksie is toepaslik om unieke gevalle te kies wat spesifieke inligting kan voorsien.

- **Fase twee**

In hierdie fase word die inligting vanuit die vraelyste verwerk en aktuele onderwerpe word daaruit en uit gesprekke met deelnemers geïdentifiseer. Hierdie onderwerpe het te make met dié aspekte wat die deelnemers verhoed om die dood van hulle volwasse kind te integreer of positief te verwerk. Die onderwerpe het ook te doen met die aspekte wat vir die ouers belangrik is en gehelp het in hulle verwerking van die dood.

- **Fase drie**

In hierdie fase word aanvanklik ongeveer ses spesifieke deelnemers uit die groep wat die vraelys ingevul het, geïdentifiseer. Volgens McCoy (1995:2009) is dit so dat *"Samples are usually small and are often purposively selected."* Whitaker (1992:9) meen dat diegene wat nie bereid is om hulle gevoelens met ander te deel nie, nie gekies moet word vir hierdie kleiner groep nie, omdat hulle nie daarby sal baatvind nie. Die ses deelnemers sal uiteraard op verskillende vlakke van aanvaarding van hulle kinders se dood wees, maar dit is nie noodwendig 'n negatiewe gegewe nie. Volgens Roy en Sumpter (1983:232) het dit juis dan ook veral twee positiewe gevolge: Dié wat nog in 'n vroeëre vlak van rou is, kry hoop dat dit beter kan gaan, en dié wat al verder gevorder het op die pad van rou en aanvaarding kan sien hoe hulle gegroei het.

Daar word met die ses deelnemers gekonsulteer om in 'n aantal sessies die betrokke onderwerpe wat in fase twee geïdentifiseer is, te bespreek. Daar word met hulle en tussen mekaar 'n vertrouensoorereenkoms aangegaan sodat hulle eerlik en openhartig tydens die gesprekvoering kan wees. Die eerste sessie sal dus uit die aard van die saak aan laasgenoemde ooreenkoms gewy word. (Sien bylaag G vir die ooreenkoms van vertroulikheid). Die tweede sessie sal 'n onthullingsessie wees waarin elke persoon in kort kan vertel wat gebeur het en wat hy of sy beleef het met die afsterwe van hul kinders. So 'n onthullingsessie sal die groepskohesie in 'n groot mate bevorder. Omdat die deelnemers mekaar goed ken en uit dieselfde plattelandse gemeenskap kom, behoort die vertrouensoorereenkoms wat gesluit word nie problematies te wees nie en sal hulle waarskynlik erns daarmee maak.

- **Fase vier**

In hierdie fase word die onderwerpe/knelpunte wat in fase twee geïdentifiseer is, met die groep van ses deelnemers bespreek. Die gesprekke word ten minste sewe tot veertien dae uit mekaar gehou sodat daar groei kan plaasvind in die verwerking van die inligting wat met mekaar gedeel word. Die besprekings word op 'n neutrale, nie-openbare plek gehou, waar daar sonder voorbehoud uiting aan gevoelens gegee kan word. Elke gesprek begin met sosialisering deur koffie en tee te geniet, waarna vir ongeveer 90 minute gepraat sal word. Daar word eerstens 'n teoretiese begroning of agtergrond oor die spesifieke onderwerp vanuit die reeds behandelde literatuur gegee, waarna die deelnemers genoeg tyd gegun word om hul eie belewenis van die onderwerp met mekaar te deel. Daar word gepoog dat niemand die gespreksgeleentheid verlaat terwyl hulle emosionele stand van so aard is dat hulle met 'n swaar of hartseer gemoed daar weggaan nie. Die gespreksgeleentheid sal ter wille van die afwen van die spanning weer afgesluit word met tee of koffie.

- **Fase vyf**

In die laaste fase word daar 'n evalueringsvorm uitgegee wat deur die deelnemers voltooi moet word. (Sien bylaag F). Die oogmerk van hierdie vorm is om vas te stel of die gespreksgeleentheid die betrokke persone enigsins gehelp het om die dood van hul volwasse kind beter te verwerk, al dan nie. Die evalueringsvorm hou verband met die onderwerpe wat bespreek is, asook die groei wat by die deelnemers plaasgevind het gedurende die tydperk vanaf fase een tot vyf. Op die evalueringsvorm word 'n kruisie of regmerk gemaak op 'n skaal van 1 - 6 waar 1 beslis "nee" is en 6 beslis "ja" is. Uit die resultate word daar dan ook sekere statistiese-afleidings gemaak rakende die groei van die deelnemende persone. Die progamevaluasie of beskrywing van bevindings is die laaste, maar ook die belangrikste punt in die navorsingsproses.

Die evaluasie in Fase 5 word gevolglik uit die resultate van die voorafgaande punte gedoen.

### 5.5.2 Profiel van kandidate vir die kwalitatiewe navorsing

Van die persone wat die vorms ontvang het, woon drie egpare op 'n plaas, twee egpare en 'n weduwee op die dorp en die res is almal woonagtig in 'n aftreeoord in Wakkerstroom in Mpumalanga. Daar was dertien weduwees/wewenaars en dertien egpare by die vraelyste betrokke. Hulle is almal blanke Afrikaanssprekende persone van die Nederduitse Gereformeerde kerk, Hervormde kerk en Gereformeerde kerk.

Die uitnodiging aan die E'sizameleni gemeenskap waar hoofsaaklik Zoeloesprekende mense woon, het nie een deelnemer opgelewer nie. Die uitnodiging is via kerkleiers in die Zoeloegemeenskap gedoen. Die mededeling van die kerkleiers was dat die Zoeloe-kultuur die afsterwe van volwasse kinders radikaal anders hanteer as die Westerse kulture in Suid Afrika.

Uit die 39 vorms wat uitgegee is, het die navorser 24 terugontvang. Uit die groep het 38% (vyftien bejaardes) nie kans gesien om die vorms in te vul nie en hulle het dit ook so aangedui, sonder dat hulle as groep vooraf so besluit of ooreengekom het. Die algemene terugvoer was dat hulle begin het om die vorm in te vul, maar kort daarna dan nie kans gesien het om voort te gaan nie, aangesien die pyn en die hartseer net te groot was. Twee van die vyftien bejaardes was mans terwyl dertien dames was. Die betrokke persone se kinders is reeds tussen 12 en 23 jaar gelede oorlede.

Bogenoemde weerstand om die vorms in te vul is nie noodwendig negatief nie aangesien dit navorser in staat gestel het om dié persone in die gemeenskap te identifiseer wat gehelp kan word met die rouproses.

**Die weerstand om die vorms in te vul is ook 'n bevestiging van die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie studie en dit bevestig die enorme pyn waardeur 'n bejaarde ouer gaan indien hulle 'n volwasse kind aan die dood moet afgestaan.**

Van die 24 vorms wat teruggekry is, het elf persone aangedui dat hulle deel wil wees van 'n ondersteuningsgroep soos wat in hierdie studie beoog is. Daar is gevolglik 'n byeenkoms met die elf persone gereël en na 'n gesprek oor die doelstelling en werkswyse van so 'n ondersteuningsgroep, het ses persone laat blyk dat hulle beslis

wil voortgaan met die ondersteuningsgroep en verdere gesprekke rondom onderwerpe wat uit die inhoud van die vorms mag voortspruit, wou voer.

### **5.5.3 Versekering van anonimiteit en vertroulikheid**

Daar is by herhaling bevestig dat die inligting wat in die vorms gegee word, vertroulik hanteer sal word. By elke afgee en ontvangs van die vorms was dit weer deur navorser bevestig.

### **5.5.4 Identifisering van belangrike temas vir die persoonlike gesprekke**

Teen die agtergrond van die literatuurstudie soos reeds bespreek, die resultate van die vraelyste (die kwantitatiewe benadering) asook persoonlike gesprekke met die deelnemers is die volgende temas uiteindelik geformuleer met die oog op die persoonlike gesprekke en die begeleiding van die ouers:

Tema 1: Vertrouensooreenkoms

Tema 2: Onthullingsessie

Tema 3: Huweliks- en gesinsfunksionering

Tema 4: Emosionele en fisiese reaksie

Tema 5: Bejaarde-gekoppelde probleme

Tema 6: Tydsduur van die rouproses

Tema 7: Faktore wat rou positief/negatief beïnvloed

Tema 8: Skuldgevoelens en depressie

Tema 9: Evaluering

### **5.5.5 Insigte verkry uit die vraelyste**

Die volgende vrae is van besondere belang vir die studie en die antwoorde uit die vraelyste word kortliks bespreek.

- **Noem asseblief die tipe dood wat die kind gesterf het (byvoorbeeld: motorongeluk, selfmoord, kanker ens).**

Daar was sewe moontlike oorsake vir die onnatuurlike sterftes: bloedkanker (twee deelnemers), moord (vyf deelnemers), motorongelukke (ag deelnemers), vreemde siektes (vier deelnemers) hartaanvalle (twee deelnemers) verdrinking (een deelnemers) en selfmoord (twee deelnemers).

- **Wat was die ouderdom van die kind tydens sy/haar afsterwe?**

Die gemiddelde ouderdom van die volwasse kinders wat gesterf het was 31 jaar. Van die afgestorwenes was nege dogters en vyftien seuns. Sewentien deelnemers het aangetoon dat daar nog ander kinders in die huis was ten tye van die sterwe van die volwasse kind. Twintig het 'n goeie verhouding met hulle kind gehad en slegs drie het ten tye van die sterwe 'n swak verhouding met die kind gehad.

- **Hoe het u as ouers van die dood te hore gekom?**

Die ouers het op verskillende maniere van die dood te hore gekom: vier was ooggetuies/teenwoordig, die predikant het sewe laat weet, drie is per telefoon ingelig, twee is deur hulle eie seun in kennis gestel, een deur die hospitaal, drie deur die dokter, een deur familie, een deur die plaaslike Jeugsentrum en twee is deur plaaswerkers laat weet.

- **Hoe het die kind se dood julle huweliksverhouding beïnvloed?**

Die betrokke kind se dood het die deelnemers se huweliksverhoudings verskillend beïnvloed: nege deelnemers se huwelik is versterk en hulle kon mekaar troos en bystaan. By een het die eggenote onttrek. Een egpaar het as gevolg van die krisis uiteindelik groter begrip en omgee vir mekaar gehad. Een egpaar se huwelik is baie negatief beïnvloed en nog een het gemeld dat die sterwe hulle geleer het om mekaar se stilword-tye te respekteer.

- **Hoe het die dood van die kind julle gesinsfunksionering beïnvloed?**

Oor die algemeen het die dood van hul volwasse kind ook deelnemers se gesinsfunksionering beïnvloed. Een het die voortspruitende afsydigheid van

die skoonfamilie gemeld. Vier deelnemers het genoem dat dit hulle as gesin nader aan mekaar gebring het. Een het genoem dat dit baie meer onderlinge ondersteuning binne die gesin tot gevolg gehad het terwyl 'n ander een gemeld het dat hulle vanuit die krisis geleer het om groter respek vir mekaar se gevoelens te hê. Een het genoem dat dit hulle gesin negatief beïnvloed het in die opsig dat daar meer rusies voorgekom het. Een het genoem dat hulle hul greep op alles verloor het. In een geval het die kinders na die krisis by hulle kom woon. Drie deelnemers was van mening dat die krisis geen invloed op hulle gesinsfunksionering gehad het nie.

- ***Hoe sou u u emosionele reaksie beskryf, toe u gehoor het dat u kind gesterf het?***

Die deelnemers se emosionele reaksie by die aanhoor van die tyding het baie gewissel. Hulle verwys na emosies soos die volgende: hulpeloosheid, hartseer, verdwaasdheid, skok, teleurstelling, ongeloof, vrees, verslaendheid, verplettering, verwardheid, leegheid, kalmte, rustigheid, verligting, ontkenning en smart.

- ***Het u enige fisiese reaksie beleef toe u hoor dat u kind gesterf het?***

Daar is ook gevoel dat daar êrens 'n fout was – dit kon nie hulle kind wees nie. Dit was moeilik om afskeid te neem; het soos 'n robot gevoel – die skok het eers later gekom. Daar was ook 'n gevoel van doodsheid; soos 'n "zombi". Dit het gevoel of iemand my binnegoed uitgehaal het; braking as gevolg van hartseer; het in die vrugteboord die pyn beleef wat Hy in die tuin van Getsémane moes beleef het.

- ***Hoe beïnvloed bejaarde-gekoppelde probleme (soos die verlies aan gesondheid, vriende ensovoorts) die verwerking van die dood?***

Dit het geblyk dat bejaarde-gekoppelde omstandighede en probleme (soos bo genoem) ook 'n rol gespeel het in die verwerking van die dood. Die response het gewissel: jy voel jy wil nie meer lewe nie, jou vriende gaan aan met hul lewe – jy nie, dit maak jou moedeloos, bejaardes raak baie afhanklik, my

weerstand was baie laag, ek het griepaanvalle beleef, daar was konsentrasieverlies.

- ***Dink u dat die belewenis van die afsterwe van u kind anders sou gewees het indien die kind nog baie jonk was?***

Die meeste deelnemers het gemeen dat ouderdom geen verskil maak in die afsterwe van jou kind nie... sy/hy bly deel van hulle menswees. Dit is trouens moeiliker as die kind volwasse is, want bejaardes raak afhanklik van hulle kinders. Twee deelnemers was egter wel van mening dat dit moeiliker sou wees om 'n jonger kind aan die dood af te staan.

- ***Hoe lank dink u behoort 'n ouer te rou oor sy volwasse kind wat gesterf het?***

Daar het uiteenlopende antwoorde na vore gekom. Sommige meen dit hang af van persoon tot persoon; lewenslank; een tot drie maande of langer; na twee jaar word dit beter; 1 jaar; vier jaar; sewe jaar. Een deelnemer het gesê die dood van 'n volwasse kind soos 'n ongeneeslike wond met 'n rofie oor is wat telkens weer afgekrap word.

- ***Wat sou u sê het u rouproses positief en negatief beïnvloed?***

Uit die reaksies het geblyk dat daar ook verskeie faktore is wat die rouproses positief en negatief beïnvloed het.

Positief: aanvaar en berus, want God weet hoekom; die geskiedenis van en preke oor Job; vriende en familie wat bystand verleen; het nader aan God beweeg; God is in beheer; bystand van 'n eggenoot; 'n vriendin wat vir 2 jaar elke dag geskakel het; onderskraging van die gemeenskap; boeke/artikels oor ander wat kinders verloor het; vriende wat op spesiale dae skakel.

Negatief: vyandigheid en haatspraak van skoonfamilie; wete hy het gesterf weens nalatigheid; 'n dronk man; familie gaan aan asof niks gebeur het nie; materiële verlies; mense wat gesê het die duiwel het jou kind kom steel; gedagtes oor wat moontlik gedoen kon gewees het om sy dood te verhoed.

- ***Ondervind u enige siekte of liggaamlike verandering wat na die kind se dood by u ingetree het?***

Een deelnemer het gesê dat sy 'n spesifieke siekte (liggaamlike verandering) beleef het na die kind se dood, naamlik "Distonia" (waar die ooglede onwillekeurig toegaan).

- ***Het u die familie se ondersteuning en hulp positief of negatief ervaar?***

Net een deelnemer het die familie se ondersteuning en hulp as negatief ervaar.

- ***Was u depressief na die dood van u kind?***

Twaalf deelnemers was depressief na die dood van hul kind en twaalf was nie. Die depressie het op verskillende tye begin naamlik: in een geval na een by 'n ander tot vier maande of na twee tot twaalf jaar. Verligting van die depressie het ook op verskillende tye ingetree - na drie tot ses maande by een en na vier tot agt jaar by 'n ander. Vier deelnemers het anti-depressiewe medikasie ontvang.

- ***Het u as ouers skuldgevoelens gehad na die afsterwe van die kind?***

Ses ouers het erge skuldgevoelens beleef na die afsterwe van hulle kind.

- ***Het u as ouers selfmoordgedagtes gehad na die afsterwe van die kind?***

Slegs 1 persoon het selfmoord oorweeg.

- ***Het u man/vrou julle kind se dood anders beleef en verwerk?***

50% was van mening dat hul eggenotes die dood van die kind anders beleef en verwerk het as hulself.

- ***Het u enige sielkundige of pastorale begeleiding ontvang na die dood van u kind?***

Slegs ses deelnemers het sielkundige of pastorale begeleiding ontvang. Vir twee deelnemers het hierdie hulp eerder die pad na aanvaarding en emosionele genesing moeiliker gemaak.

- ***Wat verstaan u onder "die dood verwerk"?***

Die volgende antwoorde is verkry: aanvaar en berus; ouers kan dit nie vergeet nie, hulle aanvaar dit net met tyd; vind berusting en troos in Jesus; leer om daarmee saam te leef; glo hy is na sy ewige woning toe; die proses van vrede maak met jouself en die werklikheid.

## **5.6 KVALITATIEWE GEVOLGTREKKINGS**

Daar het uiteindelik net vier persone aan die gesprekke deelgeneem, omdat twee vir lang periodes vir hulle ander kinders gaan kuier het en nie effektief aan die gesprekke kon deelneem nie. Vir die doel van die gevolgtrekkings (en die inhoud van die gesprekke in bylaag C) word die numering soos volg gestruktureer vir die res van die navorsing: die gesinshoof van gesin A word genommer A1 en sy lewensmaat A2. Die gesinshoof van gesin B word genommer B1 en sy lewensmaat B2.

Ouerpaar A se seun is twee jaar gelede oorlede en ouerpaar B se seun is nege jaar gelede oorlede. Die eerste is aan 'n hartaanval en die tweede in 'n motorongeluk oorlede

Die teoretiese begroning en agtergrond gegewens van die gesprekke is reeds in die metateoretiese hoofstuk van hierdie navorsing weergegee en word dus nie hier herhaal nie. Die inhoud is tydens elke sessie met die deelnemers gekommunikeer.

### **5.6.1 Algemeen**

Gesin B het gesê dat hulle nooit hulle seun se dood sal kan verwerk nie, want die term "verwerk" beteken vir hulle om iets af te handel en dan nie weer daaraan te dink of daarmee te handel nie. Dit is dan weggepak in 'n hangkas soos oud-modiese klere wat niemand oopmaak nie en almal van vergeet. Hulle verkies die term "om te vorder op die pad van aanvaarding" of "die proses van heel word".

Beide gesin A en B het gesê dat die feit dat die seuns gelowiges was, dit vir hulle baie makliker gemaak het om die dood te aanvaar. Hulle weet dat die seuns by die Hemelse Vader is. Hulle het saamgestem dat hulle in 'n ander "verhouding" tot die

gestorwe kind staan waarin foto albums en ander goeie herinneringe die verhouding steeds in stand hou. Negatiewe aspekte van hulle gewese verhouding skuif ook totaal op die agtergrond.

Almal het ingestem dat die gestorwe kind altyd "deel" van die gesin sal bly, alhoewel nie meer in die lewe nie.

## **5.6.2 Gesin A**

Hierdie gesin se seun van 38 het twee jaar gelede aan 'n hartaanval gesterf. Hy het as gevolg van langtermyn alkoholmisbruik deur 'n baie moeilike egskedding gegaan. Die gesprekke was somtyds vir hierdie gesin baie traumaties en dit het met geweldig baie emosie gepaard gegaan. Dit was die eerste maal dat hierdie egpaar voor ander mense oor die onderwerpe wat aangeraak is gepraat het.

### **5.6.2.1 Gesinshoof A1**

- ***Tema : Onthullingsessie***

Hier het vyf gedagtes baie sterk na vore gekom. Die eerste was die egskeddingsdrama waardeur hulle seun ten tye van sy dood gegaan het. Dit het alles baie erger gemaak. Die tweede gedagte is die aggressie wat deur die ouers na die skoonfamilie gereflekteer is omdat hulle beskuldigend en in wantroue opgetree het. Die derde gedagte is die feit dat hy nooit die Here beskuldig het nie, maar die dood aanvaar het. "Vrede maak" beteken egter nie dit neem die hartseer weg nie. Die vierde gedagte is dat hulle met hul seun 'n deel van hul finansiële en emosionele toekoms begrawe het. Die vyfde gedagte is dat dit baie groei in sy persoonlike verhouding met die Here gebring het.

- ***Tema: Huweliksfunksionering en gesinsfunksionering***

Die afsterwe van hulle seun het hulle as gesin baie nader aan mekaar gebring, alhoewel dit in die begin soms gevoel het of daar 'n afstand tussen hom en sy

vrou gekom het. Hy het rustiger geraak en raak nie meer so gou kwaad of ontsteld nie – nie vir sy eie gesin of ander mense nie. Daar is ook 'n gevoel dat die Here hom maar kan kom haal, alhoewel hy nog nooit selfmoordneigings gehad het nie. Hy wil net by sy kind wees. Hy verlang na hereniging.

- ***Tema: Emosionele en fisiese reaksie***

Daar het geen noemenswaardige veranderings plaasgevind nie, behalwe dat daar 'n versteuring in sy slaappatroon ingetree het

- ***Tema: Bejaarde-gekoppelde probleme***

Hierdie persoon het sy seun as vennoot in 'n besigheid gehad en het geweldige finansiële skade met sy afsterwe gely. Indien die kind nog jonger was (en die ouers dus ook jonger was) sou dit nie plaasgevind het nie. Hoe ouer jou kind raak hoe hefter groei die ouer-kind verhouding. Die probleme wat met die egskeiding gepaard gegaan het kom weer na vore en dit dui op die geweldige impak wat dit op die ouers gehad het.

- ***Tema: Tydsduur van die rouproses***

Mense in die samelewing moet oppas om 'n tydsduur te koppel aan die rouproses en die aanvaarding van jou kind se dood - elke mens verskil van 'n ander. As hy nie die Here geken het nie, sou hy dit nie kon aanvaar nie. Dit is vir hom ondenkbaar dat hy die rou een of ander tyd moet afsluit, want hy is bang dat hy sy seun dan sal vergeet.

- ***Tema: Faktore wat rou positief en negatief beïnvloed***

Hy het aangeleer dat hy kan en mag huil as hy verlang. Dit het baie gehelp en was vir hom 'n positiewe ervaring. Die egskeiding van sy kind en die negatiewe en verdagmakende houding van die skoonfamilie het dit baie moeiliker gemaak.

- ***Tema: Skuldgevoelens en depressie***

Hy het vrae in sy gemoed gehad oor die verskil tussen rou en depressie maar dit is deur die loop van die gesprekke opgeklaar.

### 5.6.2.2 Lewensmaat A2

- **Tema : Onthullingsessie**

Ontkenning was 'n groot realiteit vir haar en sy het lank gesukkel om te aanvaar dat haar kind dood is.

- **Tema: Huweliks- en gesinsfunksionering**

Die feit dat sy 'n introvert is, wat nie baie of maklik praat nie, maak dit vir hulle moeilik. Sy weet sy moet met haar man praat, maar kry hom jammer en daarom bly sy stil. Dit is dan juis die probleem. Haar grootste vrees is dat haar man sal sterf en dan is sy heeltemal alleen.

- **Tema: Emosionele en fisiese reaksie**

Haar grootste probleem was dat sy slaapstoornisse ontwikkel het.

- **Tema: Bejaarde-gekoppelde probleme**

Die feit daar 'n huwelik en klein kindertjies was, het dit vir haar baie moeiliker gemaak. Verder het sy, hoe ouer sy geraak het, al meer afhanklik van haar kind geword.

- **Tema: Tydsduur van die rouproses**

Sy beleef dat sy iets van haarself verloor het toe sy haar kind verloor het en daarom sal dit baie lank neem om daaroor te kom; indien sy ooit daaroor sal kom.

- **Tema: Faktore wat rou positief en negatief beïnvloed**

Omdat hulle in 'n klein aftree-oord woon, het almal dit dadelik geweet en dit het die aanvanklike rouproses makliker gemaak. Wat dit moeiliker gemaak het, was dat sy vir almal sterk moes wees – sy het haar eie seer en die seer van haar man, kinders en kleinkinders om te dra.

- **Tema: Skuldgevoelens en depressie**

Sy het geen skuldgevoelens of depressie beleef nie.

### 5.6.3 Gesin B

Hierdie gesin se seun van 32 jaar het 9 jaar gelede in 'n motorongeluk gesterf. Dit was vir hulle makliker om oor die betrokke gebeure te praat as vir gesin A.

#### 5.6.3.1 Gesinshoof B1

- **Tema : Onthullingsessie**

Drie gedagtes het hier duidelik na vore gekom: Hy het die nuus destyds baie emosioneel beleef. Sy vrou het dit by die huis vir hom gesê en hy het uitgehardloop en hard gehuil en gesnik. Die tweede gedagte was dat hy dit gou aanvaar het, alhoewel die verlange en die seer altyd daar sal wees. Die derde gedagte is dat sy toekomsdrome in een oomblik aan skerwe gespat het. Die hoofspeler was skielik uit die drama uit.

- **Tema: Huweliks- en gesinsfunksionering**

Hulle huwelik het nie noodwendig skade gely nie, dit gaan trouens nou beter. Hulle maak ruimte vir mekaar - treur saam, maar ook apart. Sy "verhouding" met sy oorlede seun het verdiep – hulle was nog nooit so "na aan mekaar" soos nou nie. Dieselfde met sy dogter en haar man, asook met die nuwe man van sy skoondogter. Die afsterwe van sy seun is vir hom soos 'n seun wat in Amerika bly – hy kan nie nou na hom toe gaan of hom bel nie, maar hy weet hy gaan eendag by hom wees.

- **Tema: Emosionele en fisiese reaksie**

Hy het fisies siek geword na sy seun se afstrewing as gevolg van die verkeerde eetpatrone, sosiale drinkpatrone en slaapstoornisse – dit het sy liggaam se immuniteit verswak.

- **Tema: Bejaarde-gekoppelde probleme**

Omdat sy seun sou kom boer het, het dit hom in 'n ekonomiese vakuum gelaat.

Hy was die "ekonomiese" vennoot wat finansieel bygedra het. Hy was getroud en het kinders gehad en dit het die situasie baie meer kompleks gemaak.

- **Tema: Tydsduur van die rouproses**

Rou hou nooit op nie – net die intensiteit daarvan verminder. Rou is vir hom die hele proses tot hulle weer by mekaar uitkom.

- **Tema: Faktore wat rou positief en negatief beïnvloed**

Die feit dat hy getroud was en ekonomies sterk was, het gemaak dat hy sy vrou en kinders goed agterlaat het – dit het troos gegee. Wat hy negatief ervaar het was dat hy as pa nie die begrafnis kon reël nie. Sy skoondogter en hulle vriende het dit gedoen. Wat dit verder moeilik gemaak het, was dat daar mense was wat kom bid het vir sy opstanding – dit was traumaties en het sy ontkenning dat sy seun dood is, versterk.

- **Tema: Skuldgevoelens en depressie**

Hy het nooit skuldig gevoel nie, maar het vanaf die vyfde jaar na die dood begin om antidepressante te gebruik – met groot welslae.

### 5.6.3.2 Lewensmaat B2

- **Tema : Onthullingsessie:**

Hier het vier gedagtes na vore gekom: sy het heel eerste gevoel of die Here haar in die steek gelaat het. Tweedens wou sy vir iemand kwaad wees maar daar was niemand om voor kwaad te wees nie – die ongeluk was haar seun se eie toedoen. Dertens het sy dood hulle byna finansieel en emosioneel geruïneer. Laastens het sy gesê die lewe is soos 'n treinspoor: daar is altyd goed en sleg – altyd iets om voor dankbaar te wees maar ook altyd iets om aan te werk.

- **Tema: Huweliks- en gesinsfunksionering**

Die gebeure het hulle nader aan mekaar gebring. Hulle het beide verlang na hereniging met hulle seun. Sy kon na haar man toe gaan en vir hom sê dat dit

op daardie stadium verskriklik seer was en dan het hy haar net vasgehou en verstaan.

- ***Tema: Emosionele en fisiese reaksie***

Sy en haar man het direk na hul kind se dood baie erge brongitis en longontsteking gekry omdat hulle liggame se weerstand en immuniteit afgebreek was.

- ***Tema: Bejaarde-gekoppelde probleme***

Sy het gevoel dat sy 'n kind en 'n vriend verloor het. Hy was altyd die sterk een wat daar sou wees as sy pa iets sou oorkom.

- ***Tema: Tydsduur van die rouproses***

Sy en haar man het op ongeveer sewe jaar berusting begin kry. Die eerste jaar en derde jaar was verskriklik erg. Sy het dikwels teruggeval sodra sy gedink het sy is oor haar seun se dood maar sy het elke keer weer reggekry. Sy het elke keer "'n bietjie vlakker geval".

- ***Tema: Faktore wat rou positief en negatief beïnvloed***

Die feit dat daar 'n sterk sosiale en emosionele ondersteuningstelsel was en dat sy baie gelees het, het dit makliker gemaak. Wat dit moeiliker gemaak het was dat daar iemand was wat gesê het dat die duiwel hom kom steel het. Wat dit ook vir haar moeilik gemaak het was dat hul skoondogter so gou weer getrou het en geen foto's van haar man of haar man se oorlede vrou in die huis toegelaat het nie – die kinders se vanne is ook verander.

- ***Tema: Skuldgevoelens en depressie***

Sy en haar man het ook altwee ongeveer vyf jaar na sy dood antidepressante begin gebruik. Hulle het geen skuldgevoelens beleef nie.

## 5.7 GEVOLGTREKKINGS

Die deelnemers moes die evaluasiakaarte invul deur 'n waarde van een tot ses te kies waar een "beslis nee" was en waar ses "beslis ja" was. (Sien bylaag B vir die vrae en die gekompileerde antwoorde van die deelnemers)

Die samevatting van al die evalueringskaarte en die gesprekke met die ouers het aan die lig gebring dat die gesprekke vir hulle baie sinvol en ter saaklik was. Die bespreking, voorbereiding en aanbieding was sinvol en duidelik en daar is aan hulle verwagtings voldoen. Daar was voldoende tyd vir die besprekings en hulle was gemaklik om hulle eie opinie te lug. Hulle kontak met ander bedroefde ouers was sinvol en dit was goed om ander se belewenisse te hoor. Die deelnemers kon definitief identifiseer met dit wat die navorser gesê het.

Die volgende temas is uiteindelik geformuleer en hanteer in die persoonlike gesprekke en die begeleiding van die ouers:

Tema 1: Vertrouens ooreenkoms.

Tema 2: Onthullingsessie.

Tema 3: Huweliks- en gesinsfunksionering.

Tema 4: Emosionele en fisiese reaksie.

Tema 5: Bejaarde-gekoppelde probleme.

Tema 6: Tydsduur van die rouproses.

Tema 7: Faktore wat rou positief en negatief beïnvloed.

Tema 8: Skuldgevoelens en depressie.

Tema 9: Evaluering.

Wat vir hierdie navorsing baie belangrik is, en dit het baie duidelik geblyk, is dat die deelnemers die rouproses nadat die proses deurloop is nou baie beter verstaan. Die gesprekke het hulle ook baie gehelp om die werklikheid van die kind se dood te aanvaar en in 'n ander "verhouding" met die gestorwe kind te staan.

Wat ook van kardinale belang vir hierdie navorsing is, is dat die behandeling van die onderwerpe die deelnemers gelei het tot beter insig in hulself en ten opsigte van ander

wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het. Die behandeling van die vroeë het ook gehelp dat die deelnemers duidelikheid oor hulle eie en ander se optrede gekry het.

Die behandeling van die spesifieke temas en die interaksie met ander mense wat dieselfde trauma beleef het, is deur al die ouers baie positief beleef en het hulle gehelp op die pad na aanvaarding. Die ouerpaar wie se seun twee jaar gelede oorlede is, het baie geleer by die ouerpaar wie se seun al nege jaar oorlede is. Die kontak met ander ouers wat kinders aan die dood afgestaan het was dus sinvol. Beide ouerpare het troos en inspirasie gevind by die ander se ondervinding en hantering van die rou.

**Volgens die deelnemers het hulle nie net nuwe kennis oor die behandelde onderwerpe opgedoen nie. Wat selfs belangriker is, is dat daar in die bespreking van die onderwerpe 'n proses in hulself plaasgevind wat hulle laat groei het in hulle rou en aanvaarding van die kind se dood.**

Die gevolgtrekking van die ouers is dus, dat dit baie sinvol is om sulke terapieessies na die afsterwe van 'n volwasse kind by te woon. **Hierdie empiriese studie ondersteun dus die sentrale teoretiese argument van die navorsing, naamlik dat die bejaarde, wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, met behulp van pastorale riglyne begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing.**

**Daar is ook geslaag in die doel van hierdie empiriese ondersoek (vgl. 5.2) naamlik om op verantwoordelike wetenskaplike wyse vas te stel wat die behoefte by ouers is wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het.**

Indien daar ouers in 'n gemeente of gemeenskap is wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, sal dit dus moontlik sinvol wees om hierdie onderwerpe op 'n kreatiewe manier met hulle deur te deurloop. Dit sal ook sinvol wees om dit in 'n groter groep te doen vanweë die interaksie en groei wat daaruit mag voortspruit. Die begeleier kan ook ander onderwerpe aanraak. Die situasie, omstandighede en behoeftes van die ouers kan die ander onderwerpe dikteer.

## **AFDELING C: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 6**

#### **DIE FORMULERING VAN 'N PRAKTYK-TEORETIESE MODEL**

##### **6.1 INLEIDING**

In terme van die model van Zerfass (soos bespreek in hoofstuk 2) vorm hierdie hoofstuk die praktykteoretiese samevatting van die onderskeie perspektiewe wat in hierdie studie aan die orde gestel is. Die sentrale teologiese argument van hierdie studie is die volgende: die bejaarde, wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, kan met behulp van pastorale riglyne begelei word tot emosionele en geestelike genesing. Zerfass se model van prosesnavorsing ondersteun 'n benadering waarin die praktyk aanvanklik geëvalueer word, waarna 'n teorie geformuleer word en dan weer aan die praktyk gemeet word. Indien dit 'n positiewe verandering aan die praktyk te weeg kan bring, is dit suksesvol en die bestaande teorie kan dan daardeur bevestig of gewysig word en die huidige praxis aanvaar of verander word (vgl. 2.1.3). Hierdie navorsing bevestig genoemde sentrale teologiese argument en kan dus 'n positiewe verandering in die praktyk te weeg bring.

##### **6.2 DOELSTELLING**

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om na te vors hoe die bejaarde, wat 'n volwasse kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, pastoraal begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing. Om hierdie doelstelling te bereik is dit nodig dat daar in hierdie praktykteoretiese hoofstuk aan die volgende aandag gegee word:

- Vertrekpunte van hierdie studie.
- Die daarstel van 'n model ten einde die doelstelling te bereik.

### 6.3 VERTREK PUNTE VAN DIE STUDIE

Die probleemstelling van hierdie studie kan soos volg geformuleer word: Die rouproses is vir die bejaardes 'n probleem, omdat hulle nie oor die algemeen die primêre bedroefdes is met wie daar gesimpatiseer word na die dood van hul volwasse kind nie. Die fokus van simpatie is gewoonlik meer op die man of vrou en/of kinders van die gestorwene gerig (vgl. 1.4.2).

Hierdie fokus van simpatie vervul uiteindelik 'n uiters belangrike terapeutiese rol tydens die roufase as geheel. Die totale gemeenskap is dikwels deel van so 'n ondersteuningstelsel en in talle gevalle is daar ook terapeute en predikante in die vriendekring wat aanbied om die gesinslede te help om die dood te oorkom. Die bejaarde ouers van die afgestorwe kind het egter in talle gevalle nie hierdie ondersteuningstelsel nie en is dikwels ook nie die fokus van simpatie nie. Die ouers bly in talle gevalle ook nie op dieselfde dorp nie en die lewe rondom hulle gaan normaalweg aan asof daar niks gebeur het nie (vgl. 1.4.2). Dit kompliseer die dood van hulle volwasse kind net nog soveel te meer.

#### 6.3.1 Pastorale begeleiding

Malan (2006:82) maak die volgende belangrike uitspraak:

"Ouers maak nie hulle kinders groot om dood te gaan nie. Maar dit gebeur. Die wat deur hierdie krisis gaan, word gekonfronteer met die grootste afgrond denkbaar: om hul toekoms saam met dié van hulle kind in 'n graf of 'n nis toe te messel. Hulle soek na sin en vrede nadat hulle kind se weggaan hul emosies in onvrede en hul lewe in chaos gedompel het. En hulle vra oor en oor die pynlikste vraag denkbaar: waar was God toe die diepste liefde van my en uit my – en Sy – beskerming geruk is?"  
(vgl. 4.8)

Hierdie aanhaling raak die wese van die pastorale begeleiding as **oorwinningsorg** aan, waar die pastor bemiddelend moet optree met die hulp van die Heilige Gees en in die naam van Jesus Christus. Dit gaan om baie meer as net herstel of genesing van mense

– dit gaan oor die toeligting/verheldering van die Skrif, die Vaderskap van God wat begryp (die Vader wat ook 'n Seun aan die dood moes afstaan), Christus wat versoening, vergifnis en heelwording kom demonstreeer het en die Heilige Gees wat as Trooster deel van die gelowige se lewe is.

### **6.3.1.1 Die pastor**

Die pastor is in die eerste plek pastor op grond van sy roeping en nie soseer op grond van sy deskundigheid nie. In hierdie verband koppel Heitink (1983:83) die amp van die pastor aan die woord 'diakonia' (vgl. 3.4.1). Die pastor is iemand wat op grond van die dienskneggestalte van Christus, dienskneg word, om Goddelike heelheid (deur die werking van die Heilige Gees) in (bejaarde) mense se lewens te bevorder en te fasiliteer nadat hulle 'n kind aan die dood afgestaan het.

Persoonlike karaktertrekke en persoonlikheid van die pastor kan die terapeutiese proses verhinder of bespoedig - daarom moet die pastor voortdurend ingestel wees op introspeksie betreffende sy persoonlike kwessies en ervarings aangaande die dood en betekenisvolle verliese (vgl. 3.5.1).

### **6.3.1.2 Die Woord**

In hierdie proses om Goddelike heelheid in mense se lewens te bevorder, maak die pastor van die Woord as uitgangspunt in sy oorwinningsorg gebruik (vgl. 3.4). Die Woord van God is nie maar net nog 'n terapie handboek, of 'n geskrif wat ver van die moderne mensdom verwyder is nie – dit is die basis vir enige (pastorale) terapie, ook vir die (bejaarde) ouers wat kinders aan die dood afgestaan het. Die Bybel is ook in harmonie met die groter persentasie van effektiewe beginsels van die moderne psigologie (vgl. 3.4.2).

Die oorwinning wat Christus met sy opstanding oor die dood behaal het, word aanvaar as die vertrekpunt met betrekking tot die begeleiding aan bedroefde bejaarde ouers. Dit word veral weerspieël in 1 Kor 15:54-57 waar Paulus sê:

"En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike bekleed is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: 'Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.' 'Dood, waar is jou oorwinning? ... ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.'" (vgl. 3.1)

Hierdie oorwinning moet die basis vorm van enige pastorale begeleiding wanneer bejaarde ouers volwasse kinders onnatuurlik aan die dood afstaan.

### **6.3.1.3 Gebed**

Gebed vorm 'n sentrale deel van die pastoraat aan gelowiges, hetsy gebed saam met die pastor of 'n persoonlike gesprek met God, wat die Bron van alle genesing is.

Seamands (1988:7) sê dat tyd en medikasie nie alle emosionele wonde heel nie. Vir sommige pynlike emosionele belewenisse is spesifieke gebedsterapie nodig om Goddelike heelheid te bring. Dit sluit in 'n tydperk van berading en voorbereiding, 'n sessie van diep, helende gebed waarin die persoon alles voor die Here bely, erken en om genesing vra, asook 'n tydperk van leer hoe om 'n nuwe manier van dink en doen aan te kweek (vgl. 3.4.3.).

Praktiese rigtingwysers vir so 'n gebedssessie kan byvoorbeeld die volgende insluit:

- Leer om die teenwoordigheid van God te ervaar en sy stem te hoor.
- Vervang beelde en herinneringe oor God en mense wat uit pas is, met beelde wat gesond en vernuwend is.
- Verwerp onegte identiteit - die persoon moet sy egte identiteit bepaal en erken.
- Die persoon moet die wortel van die emosionele pyn identifiseer en nie slegs op die oppervlakkige simptome fokus nie.
- Gebruik Godgegewe sakramente as hulp tot genesing.
- Leef na buite - genesing wat diensbaarheid bekragtig, is egte genesing (vgl. 3.4.3.).

Die pastor kan vir die emosioneel verwonde persone bid en hulle motiveer en onderrig om uiteindelik vir hulself om genesing te kan bid. Hulle hoop moet in Jesus Christus wees (vgl. 3.4.3). In Ps 3:8 word ook aangedui hoe gebed 'n hulproep na God kan wees (vgl. 2.3.2.7) Gebed is, saam met die toepassing van die Woord van God, ononderhandelbaar in pastorale terapie.

#### **6.3.1.4 Heilsindikatiewe en imperatiewe uit vier Skrifgedeeltes**

*Sacra Scriptura sui ipsius interpret* - die heilige Skrif is vir homself sy eie uitlegger (Floor, 1980:27). Die Skrif verklaar dus die Skrif en enige navorser moet altyd eksegeese en bevindinge aan die groter beeld en groter boodskap van die Skrif gaan meet (vgl. 2.2).

Vanuit die eksegeese van verskillende Skrifgedeeltes in hoofstuk 2 het die volgende perspektiewe geblyk van besondere waarde te wees met betrekking tot verliese as gevolg van dood:

**Gen 37:31-36:** In die Josef-verhaal wil God die mens kom troos met die wete dat Hy (altyd reddend) in die gelowige se lewe teenwoordig is. God verhoed nie noodwendig die negatiewe dinge in 'n mens se lewe, soos 'n volwasse kind wat sterf nie, maar die gelowige kan weet dat God saam met hom die moeilike pad stap en sal sorg dat hy nie deur die beproewing verswelg word nie (vgl. 2.3.1.8).

**2 Sam 18:19-19:8a:** Die gelowige verstaan nie altyd waarom 'n volwasse kind moes sterf nie. Hierdie gedeelte wil egter vir die gelowige ouer van God, in wie hulle hul vertrouwe mag plaas te midde van die ergste krisis, se troos en onderhouding verseker (vgl. 2.3.2.8).

**Luk 7:11-17:** Dié perikoop wil die opwekking tot 'n nuwe lewe konstateer. Hierdie nuwe lewe gee God slegs uit liefde en genade. Elke ouer wat 'n gelowige kind verloor het, kan weet dat God uit genade ook hom/haar sal opwek tot die nuwe lewe in Jesus Christus (vgl. 2.4.2.1.4).

**Luk 24:13-35:** Lukas wil bevestig dat die verhaal van Jesus Christus, wat gely, gesterf en opgestaan het, absoluut waar en seker is. Hiermee het Jesus vir gelowiges die dood oorwin en is die dood nie meer die laaste vyand nie, maar die oorwonne vyand (vgl. 2.4.2.2.4).

### **6.3.2 Die verwonde ouer**

Die begrip 'trauma' is afgelei van die Griekse term, *τραυμα*, wat 'wond' beteken (vgl. 1.3.3). Enige persoon wat 'n trauma beleef het is psigies (en soms ook fisies) verwond. Alhoewel die fisies verwonde persoon altyd baie aandag en simpatie kry omdat fisiese wonde sigbaar en behandelbaar is, is dit nie noodwendig altyd die geval met betrekking tot die psigies verwonde nie (vgl. 4.13). Wanneer 'n ouer 'n volwasse kind aan die dood afstaan, moet die pastor altyd bewus wees van hierdie psigiese verwonding wat die ouer opgedoen het.

Rou is 'n normale en baie natuurlike belewenis, maar ook 'n traumatiese en emosionele belewenis na die verlies van iets of iemand met wie die persoon 'n sterk emosionele band gehad het (vgl. 3.5.1). Daarom is die volgende vertrekpunte belangrik:

#### **6.3.2.1 'n Ouer bly 'n ouer**

Die algemene siening van die publiek is dat die dood van 'n volwasse kind nie dieselfde traumatiese impak het as wat die geval sou wees met die verlies van 'n minderjarige kind nie (vgl. 2.1.5.2). White (2005:1) skryf egter in 'n artikel, "Death of a child", die volgende:

*"Bereaved parents come in all ages. It does not appear to make a difference whether one's child is three, thirteen or thirty if he dies. The emotion in each of us, are the same. How could it be that a parent outlives a child?"* (vgl. 4.8).

Daarom is die uitgangspunt van hierdie studie dat die dood van 'n volwasse kind nie minder traumaties is as die dood van 'n minderjarige kind nie. Inteendeel is die dood van 'n volwasse kind dikwels baie meer traumaties omdat die ouers in talle gevalle ekonomies afhanklik van die kind was, hul hoop op versorging op hierdie kind gevestig het, of emosioneel meer en meer afhanklik geraak het betreffende leiding en raad vanaf hierdie kind (vgl 1.4.1). 'n Ouer bly dus 'n ouer, ten spyte van die hoër ouderdom van die kind wat gesterf het.

### **6.3.2.2 Begrip en sensitiwiteit**

In die lig van laasvermelde is dit gevolglik baie belangrik dat daar meer begrip en sensitiwiteit vir bejaarde ouers sal wees wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het. Die ouer-kind verhouding word nie getermineer met die sterwe van die kind nie, maar met die sterwe van die ouer (vgl 4.5). Die dood van 'n volwasse kind het dus so 'n ernstige ontwrigtende effek op die meer bejaarde ouer se funksionering dat dit alle moontlike en beskikbare ondersteuning tydens die rouproses regverdig. Sommige ouers ontvang dit egter nie omdat daar nie genoegsame begrip is vir die spesifieke aard en omvang van sulke ouers se rou nie (vgl. 4.8.3).

### **6.3.2.3 Die rouproses**

Die dood is 'n natuurlike realiteit en elke mens moet dit aanvaar. Wat egter onnatuurlik is, is die sterwe van 'n (volwasse) kind omdat die gang van die natuur dan in 'n sekere sin omgekeer is: ouers sterf gewoonlik voor kinders, nie kinders voor ouers nie (vgl 4.8.1).

Om die dood van enige geliefde te verwerk, is daar 'n rouproses nodig (vgl. 4.12.4). Daarom is dit noodsaaklik dat die rouproses en die fases waardeur persone in die rouproses gaan, gesien sal word as 'n natuurlike reaksie op 'n baie hartseer, maar ewe natuurlike gebeurtenis (vgl. 4.15). Die pastor staan voor 'n besondere uitdaging betreffende bejaarde ouers wat die rouproses moet deurloop. Geen 2 mense sal ook op dieselfde manier en tydsduur deur die rouproses gaan nie, maar in beginsel sal alle bedroefde persone basies dieselfde proses moet deurloop.

#### **6.3.2.4 Probleme en veelvuldige verliese gekoppel aan bejaardheid**

Tydens die rouproses het die bejaarde ouer met baie eiesoortige probleme te kampe. Enersyds worstel hierdie persoon gewoonlik reeds al meer met verlies aan fisieke liggaamskrag, ekonomiese probleme/verliese, verlies aan geesgenote, sosiale verliese, aanpassing by aftrede en so voorts. Andersyds kan die bykomende verlies van 'n volwasse kind, hierdie hele proses net verder kompliseer (vgl 4.8.2). Die ouer wat dan ook in die sorg was van hierdie oorlede kind is vervolgens verplig om op 'n hoë ouderdom 'n ander heenkome en/of ander maniere van versorging te vind.

#### **6.3.2.5 Spesifieke probleme met die afsterwe van volwasse kinders**

Tesame met die natuurlike verliese van bejaarde ouers het die sterwe van spesifiek 'n volwasse kind, 'n groot invloed op die ouers. Namate die kinders ouer word en vorder op hul lewenspad kom daar 'n baie nouer verbondenheid tussen ouers en kinders, en die kind word in toenemende mate 'n vriend en geesgenoot (vgl. 4.8.3). Indien die gestorwe kind ongetroud was, moet die ouers aandag gee aan die boedel, testament, eiendomme, polisse, skuld, motors, beleggings, rekenings ensovoorts - dit kompliseer die dood van die kind net soveel te meer. Indien die kind getroud was, is daar eweneens baie ontwrigtende en eiesoortige probleme in terme van byvoorbeeld die uitgebreide familie en die vraag of die skoondogter/skoonseun weer gaan trou en of die kleinkinders dan steeds vir die grootouers toeganklik sal wees, ensovoorts.

#### **6.3.2.6 Spesifieke verhouding met die gestorwene**

Of die volwasse kind getroud was of ongetroud was, die gemis van die verhouding sal altyd daar wees (vgl. 4.8.4). Die verhouding van die pa en die ma teenoor die gestorwe volwasse kind sal waarskynlik ook verskil omdat elkeen in 'n ander verhouding met hom gestaan het. Dit is uiteindelik die verlies van hierdie "verhouding" wat die grootste leemte in hul lewe laat.

### **6.3.2.7 Die tipe dood wat die kind gesterf het**

Saam met die spesifieke verhouding wat elke ouer met die gestorwe kind gehad het, raak die manier van hoe die kind gesterf het, ook die ganse rouproses. Indien dit 'n natuurlike dood was (vgl. 1.1.4) kan die genesingsproses dikwels baie makliker as in die geval van 'n onnatuurlike dood geskied. Met 'n onnatuurlike dood is daar dikwels nog onbeantwoorde vrae wat die rouproses kan strem. Indien die volwasse kind byvoorbeeld deur selfmoord gesterf het, of as gevolg van dwelms, drank of vigs, het die ouers dikwels ook skuldgevoelens wat die rouproses asook die genesingsproses verder kan uitrek (vgl. 4.8.9). Hulle word in hierdie verband byvoorbeeld dikwels geteister deur die gedagte dat hulle wel moontlik iets meer sou kon doen om die hele tragedie te verhoed.

### **6.3.2.8 Die invloed op die huwelik en gesinsfunksionering**

Die dood van 'n volwasse kind plaas vanselfsprekend baie druk op 'n huwelik en 'n gesin. Omdat die ouers dikwels in verskillende verhoudings tot die gestorwe kind gestaan het en die rouproses ook verskillend hanteer, kan daar baie maklik huweliks- en gesinskonflik ontstaan met die afsterwe van die volwasse kind (vgl. 4.8.5).

### **6.3.2.9 Liggaamlike- en lewenstylverandering na die afsterwe van 'n kind**

Tesame met laasvermelde emosionele druk wat daar op die gesin en huwelik geplaas word, kan die sterwe van 'n volwasse kind liggaamlike kwesbaarheid met betrekking tot depressie, swaksinnigheid en siektes soos kanker en hartsiektes verhoog (vgl. 4.8.6). Die mortaliteit van bejaarde ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, is ook besonder hoog. Dit word oor die algemeen ook beïnvloed en vererger deur sekere ongewenste lewenstylveranderinge wat soms intree na die dood van die kind (vgl. 4.8.7).

### **6.3.2.10 Ondersteuningsgroepe**

Ondersteuningsgroepe is belangrik omdat die bedroefde bejaarde in 'n ondersteuningsgroep 'n klankbord vir sy eie emosies kan vind (vgl. 4.10). Die

dinamika van so 'n ondersteuningsgroep lei daartoe dat diegene wat nog aan die begin van die rouproses staan, moed kry vir die toekoms namate hulle al meer identifiseer met diegene in die groep wat die rouproses byna voltooi het en berusting gevind het (vgl. 5.4.1.1.3). Indien 'n ondersteuningsgroep egter nie goed ingelig is oor die wyse en tydsduur van die rouproses nie, kan die groep verkeerde en onrealistiese verwagtings aan die bedroefde ouers stel, wat dan eintlik weer meer negatief as positief is. Vir die enkelouer kan hierdie hele proses ook nog veel moeiliker wees omdat hy nie 'n lewensmaat het wat hom in sy diepste seer kan bystaan, ondersteun en verstaan nie (vgl. 4.10).

### **6.3.2.11 Moontlike emosionele probleme**

Omdat die dood van 'n volwasse kind dus so 'n ingrypende gebeurtenis in bejaardes se lewe is, is daar 'n aantal tipiese emosionele probleme wat geneig is om na vore te kom

- **Depressie**

Dit is 'n toestand van intense neerslagtigheid wat dikwels gepaard gaan met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid en pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite. Hierdie toestand is deel van die rouproses, maar is nie dieselfde as byvoorbeeld endogene depressie nie. Depressie as 'n roureaksie is nie kliniese depressie nie. Die onderskeiding is dat rou beter word en depressie word erger. Saam met die medisinale en psigoterapeutiese behandeling moet die persoon bowe al in 'n lewende verhouding met Christus leef (vgl. 3.4.3.1).

- **Onvergewensgesindheid**

Onvergewensgesindheid speel 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van depressie en om die onvergewensgesindheid te oorkom, is 'n baie belangrike stap tot emosionele heelheid. Waar iemand anders verantwoordelik was vir die dood van die volwasse kind en emosionele seer, is dit nog soveel dringender dat daar by vergifnis uitgekóm sal word. Die volgende stappe kan deel wees van so 'n proses tot vergifnis:

- Voorbereiding tot die proses:
    - Sien die feite onder oë
    - Ervaar die seer.
    - Konfronteer die haat.
  - Die hart van die proses van vergifnis:
    - Verbaliseer en deurleef die seer.
    - Die persoon moet dié wat hom seergemaak het vryspreek
  - Toekomstige perspektief:
    - Die persoon moet verantwoordelikheid vir homself aanvaar.
    - Hy moet 'n begeerte hê om die verhouding te herstel (vgl. 3.4.3.2).
- **Herinneringe**  
 Herinneringe skep 'n patroon wat maak dat mense daardie dinge herhaal wat hulle beleef het. Negatiewe herinneringe laat mense verkeerde maniere aanleer om in verhoudings met ander te staan en om die lewe en verliese te hanteer. Hierdie herinneringe word uiteindelik hul persoonlikheid – hul manier van lewe – en daarvoor moet genesing gevind word (vgl. 3.4.3.3).

- **Eensaamheid**  
 Nadat 'n volwasse kind gesterf het kan die bejaarde dikwels in eensaamheid verval. Eensaamheid het so 'n groot impak op die mens dat dit beskryf word as 'n psigologiese tronk wat uiteindelik tot iets soos depressie kan lei. Die pastor het hier 'n baie belangrike rol te vervul om die eensame terug te plaas in 'n eerlike omgee-omgewing sodat egte interpersoonlike gemeenskap die gevoelens van eensaamheid by die bejaarde ouer(s) kan teëwerk. Die beste strategie teen eensaamheid is gevolglik om die waarheid en realiteit van die eensaamheid en afgeslotenheid met andere te deel. In hierdie opsig kan die pastor 'n belangrike fasiliteringsrol vervul (vgl. 3.4.3.4).

- **Vrees**

Vrees het verskillende oorsake en kan kompulsiewe of irrasionele gedrag tot gevolg hê. Die pastor kan bedroefde gelowige ouers egter so lei dat hulle vrees omgeswaai word in hoop. Die belangrikste riglyne wat hier gevolg kan word, is die volgende:

- Identifiseer en erken die vrees.
- Fokus op alternatiewe optrede en denke wat vrees verminder.
- Oorweeg sinvolle medikasie.
- Bid vir nuwe insigte.
- Bou aan 'n verhouding met God en ander gelowiges (vgl. 3.4.3.5).

- **Emosionele pyn**

Daar is drie basiese behoeftes by die mens, naamlik

- Selfwaarde
- Intimiteit met andere
- Intimiteit met God

Die afwesigheid of disfunksionaliteit van enige van die genoemde drie aspekte kan emosionele pyn veroorsaak. Die pastor kan so 'n persoon help om emosionele pyn te oorkom deur aan hierdie aspekte aandag te gee (vgl. 3.4.3.6).

### **6.3.2.12 Finansiële impak en verlies aan sekuriteit**

Bejaarde ouers begrawe dikwels hul emosionele en finansiële hoop saam met hul kinders (vgl. 5.6.2.1). Baie ouers het 'n geweldige finansiële investering in 'n kind se lewe gemaak en wanneer die kind sterf, voel ouers soms asof hulle in die steek gelaat word (vgl. 4.12.4). Die volwasse kind is vir baie ouers 'n finansiële kruk en hulle weet dat indien hulle eendag versorging nodig mag hê, die volwasse kind dan 'n belangrike rol in hierdie verband sal vervul. Wanneer die kind sterf, val nie net die finansiële kruk plat nie, maar ook die emosionele kruk – hulle word van hul sekuriteit ontnem.

### **6.3.2.13 Die hertrou van die oorlewende huweliksmaat asook die rol van die skoonfamilie en die kleinkinders**

Indien die gestorwe kind getroud was en kinders gehad het, kan 'n volgende huwelik van die skoonseun of skoondogter dikwels 'n geweldige emosionele impak op die ouers hê. Die feit dat hy of sy weer trou, kan aan die afsterwe van hul kind 'n intense finaliteit gee. Ouers voel dikwels asof hul kind nou deur die voormalige huweliksmaat vergeet is. Indien daar kleinkinders is, is die vraag en die vrees altyd of daar vir hulleself as ouma en oupa nog plek sal wees in die nuwe huwelik – of hulle nie hul kleinkinders in die proses gaan verloor nie (vgl. 4.8.3). Afhangende van die aard van die onnatuurlike dood kan die skoonfamilie dikwels met agterdog en beskuldigend optree (vgl. 5.5.4, 5.6.2).

### **6.3.2.14 Die tweestryd rondom *onthou* en *vergeet***

Die bejaarde ouers wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het, sit oor die algemeen met 'n dualisme van *onthou* en *vergeet* (vgl. 4.12.4). Aan die eenkant wil die ouer die rou en seer van die afsterwe van die kind vergeet en die hele proses van sterwe agter hom sit. Aan die ander kant het die ouer die vrees dat hy sy kind sal vergeet, en dit is die laaste ding wat enige ouer sal wil doen.

### **6.3.2.15 Pastorale riglyne**

Algemene Riglyne:

- Besoek die gesin so gou as moontlik – binne 24 uur na die afsterwe.
- Betoon empatie en voel saam met hulle oor hul verlies.
- Moedig die ouers aan om die detail van die dood van hul kind met jou asook met die dokter te deel, om so insig in die situasie te verkry.
- Bespreek die begrafnisopsies met die ouers. Verseker hulle dat dit aangepas kan word volgens hulle behoeftes.
- Bied aan dat hulle kan deelneem aan die seremonie tydens die begrafnis.

- Skep 'n atmosfeer van geduld – hulle moet nie geforseer word om oorhaastige besluite te neem nie.
- Help die ouers om ook vir andere te vertel van hulle verlies. Kondig dit in die kerk af en plaas 'n berig in die koerant.
- Laat die gemeente, met die toestemming van die ouers, die ouers bystaan met praktiese aspekte soos byvoorbeeld die voorsiening van kos, omsien na kinders, ensovoorts. Hoor by die gesin waarmee hulle gemaklik sal wees in hierdie verband.
- Moedig die ouers aan om oor hulle “soort” verlies te praat en gee vir hulle materiaal om te lees.
- Motiveer die ouers om 'n ondersteuningsgroep by te woon van andere wat al deur dieselfde krisis is.
- Nasorg is belangrik, veral omdat die samelewing nie altyd die verlies (van volwasse kinders van bejaarde ouers) erken as net so traumaties soos die dood van jonger kinders nie.
- Onthou verjaarsdae en ander belangrike dae wat telkens die sneller tot negatiewe herinneringe kan wees.
- Verwys die ouers vir intensiewe berading as dit nodig sou wees.

#### Metodes wat ouers kan help in die rouproses:

- Skryf 'n joernaal van gebeure.
- Gebed.
- Skryf gedigte.
- Skryf kort stories.
- Praat in die openbaar oor die dood.
- Woon groepsessies by.
- Beoefen een of ander kreatiewe kunsvorm wat uitdrukking aan emosies gee.
- Handhaaf gesonde eetgewoontes (vgl. 3.4.4).

## **6.4 VOORGESTELDE MODEL**

### **6.4.1 Agtergrond**

Omdat dit in die pastoraat gaan om 'n kommunikasiegebeure waarin die pastor bemiddelend moet optree met die hulp van die Bemiddelaar (die Heilige Gees) in die naam van die Middelaar (Jesus Christus), is die Woord van God die basiese uitgangspunt van enige verantwoordelike model (vgl. 3.3).

#### **6.4.1.1 Die rol van die Woord**

Die Woord van God speel 'n deurslaggewende rol in die lewe van enige Christenouer wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het. In die Woord ontdek die bedroefde ouers 'n Hemelse Vader wat ook Sy volwasse Kind aan die dood afgestaan het. Dit gee aan gelowige ouers die wete dat hulle Hemelse Vader dit waar deur hulle gaan, verstaan.

#### **6.4.1.2 Perspektief op die ewigheid en die sekerheid van saligheid**

Indien die ouers wie se volwasse kind gesterf het, gelowiges is, het hulle ook die perspektief van die hoop op die ewige lewe. Jesus se opstanding uit die dood en oorwinning oor die dood open vir sulke gelowige ouers die perspektief van oorwinning: soos wat Christus uit die dood opgewek is, so sal elke gelowige uit die dood opgewek word; na die ewige Vaderhuis gaan waar Christus vir elkeen gaan plek voorberei het (vgl 2.5.2). Dan is die dood nie die einde van 'n lewe nie, maar 'n deurgang na die Vaderhuis. Hierin kan die gelowige bedroefde ouers geweldig baie troos put.

Indien hulle kind wat gesterf het, 'n gelowige was, is dit ook soveel makliker om deur bogenoemde vertroos te word. Hierdie perspektief op die ewigheid en die sekerheid van saligheid gee aan die ouers die sekere wete dat hulle en hul kinders mekaar weer eendag sal ontmoet en verenig sal wees in die Vaderhuis.

## **6.4.2 Pastoraat**

### **6.4.2.1 Rouberading teenoor veerkragtigheid**

Die noodsaaklikheid van rouberading na die verlies van 'n geliefde of na traumatiese ervarings waar daar verliese was, word telkens in die literatuur beklemtoon (vgl. 4.12.1). Daar was egter reeds heelwat gevalle waar persone nie die nodige rouberading en terapie kon ontvang nie en waar hulle nogtans op die langtermyn 'n groot mate van emosionele herstel en vordering getoon het (vgl. 4.12.2). Dit hou oor die algemeen verband met die natuurlike veerkragtigheid en herstelvermoë van die mens (vgl. 4.12.3). Indien daar egter 'n groot traumatiese belewenis was wat die normale en aangebore vermoë om dit te verwerk oorskry, is terapeutiese intervensie uiters noodsaaklik.

### **6.4.2.2 Fases van rou**

In die literatuur bestaan daar verskillende modelle met betrekking tot die onderskeie fases van die rouproses. Die grootste kritiek teen sulke modelle is dat die fases die indruk kan skep van 'n rigiede formule waar daar geen ruimte vir variasie en individuele kompleksiteit bestaan nie. Daar moet egter eerder na so 'n model gekyk word as 'n breë riglyn vir die terapeut om die kliënt beter te verstaan en sodoende in staat te wees om die kliënt met sukses deur die proses te begelei (vgl. 3.5). Bedroefdes kan korter of langer by verskillende fases stilstaan en selfs tussen fases heen en weer beweeg totdat hulle uiteindelik by die punt van aanvaarding kom.

In die literatuur word die volgende vier “treurtake”, wat as goeie basis dien vir die onderskeiding van die roufasies, geskets:

- Aanvaar die realiteit van die verlies
- Beleef die pyn van die rou
- Pas aan by 'n omgewing waarin die oorledene nie meer bestaan nie
- Onttrek emosionele energie uit die verhouding met die oorledene en herinvesteer dit in ander verhoudings (vgl. 3.4.1).

Die oorspronklike baanbrekerswerk met betrekking tot die fases van die rouproses is saamgevat deur Elizabeth Kübler-Ross in haar boek *On death and dying* (1970). Sy beskryf vyf fases in die rouproses naamlik ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding (vgl. 4.12.6). Daar is egter baie terapeute wat variante weergawes van die rouprosesse gepubliseer het en op grond hiervan stel navorser dan die volgende gekombineerde model voor:

- Skok en ontkenning.
- Aanvaar die realiteit van die verlies.
- Woede (na buite).
- Neerslagtigheid/depressie (woede na binne).
- Fase van skuldgevoelens (in gevalle van selfmoord)
- Onderhandeling.
- Egte rou en hartseer – beleef die pyn van die rou.
- Vergifnis, berusting en aanvaarding.
- Pas aan by 'n omgewing waarin die oorledene nie meer bestaan nie.
- Onttrek emosionele energie uit die verhouding met die oorledene en herinvesteer dit in ander verhoudings (vgl. 3.4.2).

#### **6.4.2.3 Onvermoë om te vorder**

Vanweë verskillende faktore kan die bedroefde persoon soms by 'n sekere fase van die rouproses vassteek en dan kan die natuurlike veerkragtigheid hom nie daar deur dra nie – genesing word dan geblokkeer en daar vind in 'n sekere sin emosionele stagnasie plaas (vgl. 3.5.2). So 'n persoon moet dan terapeuties gehelp word om die betrokke fase waar die blokkasie is (byvoorbeeld woede) deur te werk ten einde die rouproses weer aan die gang te kry met die oog op uiteindelijke afhandeling.

In die literatuur word daar verskeie stappe aangebied om mense te help wat in onvermoë verval het om te vorder. Die volgende belangrike aspekte word in hierdie verband genoem (vgl. 3.5.2):

Indien die persoon by die ontkenningfase vasgesteek het is riglyne soos die volgende belangrik:

- Die persoon moet praat of skryf oor die trauma wat hy ontken.
- Hy moet identifiseer hoekom dit vir hom moeilik was om die trauma te aanvaar.
- Indien sommige van die redes waarom hy die tragedie aanvaar het vals was, moet hy erkenning gee hieraan.
- Die persoon moet aangemoedig word om ook faktore buite homself, wat moontlik 'n rol kon speel, in gedagte te hou.
- Hy moet op kaartjies die Bybelversies wat hom gerus stel en wat bevestig dat dit wat die tragedie hom laat glo het, vals is op kaartjies neerskryf.

Indien die persoon by die woedefase vasgesteek het is riglyne soos die volgende belangrik:

- Die persoon moet die woede erken.
- Die persoon moet beseft dat God steeds vir hom 'n doel op aarde het en dat die Here nie die individu vir die woede veroordeel nie.
- Hy moet beseft dat hy 'n sondaar is. Wanneer die sondaar vergifnis vra, vergewe die Here hom.
- Die persoon moet vergifnis betoon, sy wraak laat vaar en dit vir die Here gee, en dan met sy lewe voortgaan.
- Hy moet goed doen aan die persoon vir wie hy kwaad is.

Indien die persoon by die depressiefase vasgesteek het is riglyne soos die volgende belangrik:

- Die persoon moet oor sy depressie praat.
- Hy moet die gevoelens wat hy ervaar, ondersoek en evalueer.
- Hy moet besluit of dit wat gebeur het sy fout was – indien nie, moet hy nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.

- Wanneer dit wel sy fout was wat aanleiding gegee het tot die krisis, moet die persoon homself vergewe. Hy moet ook verskoning vra en regmaak waar dit nodig is.
- Hy moet dan ophou om homself te straf.

#### **6.4.2.4 Rouwerk**

Die dood word soms as 'n baie natuurlike proses gesien (byvoorbeeld as 'n bejaarde ouer sterf) maar soms word dit 'n angswekkende belewenis (byvoorbeeld as 'n volwasse kind sou sterf) (vgl. 3.5). Die rouproses wat hierop volg, is egter 'n natuurlike proses en nie 'n psigologiese siekte nie (vgl. 4.12.4.1). Ouers is dan ook oor die algemeen verlig om te hoor dat hulle reaksies nie abnormaal is nie (vgl. 3.4.1). Hierdie natuurlike proses is egter nie maklik nie en ouers moet dikwels deur hierdie emosionele turbulensie gelei word ten einde sin te maak uit die hele situasie (vgl. 4.12.4).

#### **6.4.2.5 Verskillende wyses van rou**

Wanneer ouers deur die normale rouproses werk, word hul lewens dikwels gekenmerk deur die aanvanklike pyn om die gestorwene te onthou. Daarmee saam kom slaapversteurings, huil, sosiale onttrekking, konsentrasieverlies, die onvermoë om liefde aan iemand anders te betoon, ensovoorts. Gedurende die verloop van die volgende maande en selfs jare, herinvesteer die persoon in sy sosiale lewe en ook in ander terreine van sy lewe. Hierdie herinvestering verskil egter van persoon tot persoon en die navorsing beklemtoon die talle individuele verskille in hierdie verband (vgl. 4.12.4.1). God het elke mens anders en uniek gemaak sodat nie twee mense op dieselfde wyse oor 'n geliefde wat gesterf het rou nie (vgl. 3.4).

Daar is ook ander sake wat die proses van rou beïnvloed soos byvoorbeeld die aard van die ouer-kindverhouding, die oorlewendes se vorige ervarings rondom dood en afsterwe, die aard van die dood, die ondersteuningstelsel van die ouers (vgl. 4.12.7). Verskillende geslagte reageer ook verskillend in die rouproses (vgl. 4.12.8).

Die pastor moet baie deeglik bewus wees van al hierdie individuele verskille in die rouproses, anders kan dit gebeur dat die bedroefde ouers sy benadering as onsensitief mag beleef (vgl. 3.4). Indien die pastor nie hierdie Godgegewe uniekheid erken nie, en die hele rouproses volgens 'n vaste voorafbepaalde skema hanteer, kan daar ook baie maklik vertraagde- of gekompliseerde rou intree.

#### **6.4.2.6 Gekompliseerde rou**

Gekompliseerde rou ontstaan wanneer die persone (die ouers wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het) nie die aanvaarding en bevryding wat die rouproses behoort te bring, ervaar nie. Die oorsaak hiervan hou heel dikwels verband met die feit dat sekere van die roufasies gestap word of dat daar vasgesteek word by 'n spesifieke fase (byvoorbeeld woede of depressie). Met die term 'gekompliseerde rou' word gevolglik bedoel dat daar komplikasies met die normale rouproses ingetree het en dat daar plek gemaak is vir 'n vorm van geïnhibeerde, vertraagde en uitgerekte rou (vgl. 4.12.4.2). Hierdie diagnose word gewoonlik gemaak nadat daar reeds 'n geruime tyd na die verlies of krisis verloop het en daar klaarblyklik geen vordering, afsluiting of heling gerealiseer het nie.

#### **6.4.2.7 Tydsduur van die rouproses**

Die tydsduur wat nodig is vir genesing hou verband met die individuele vermoë om by die omgewing waarvan die gestorwene vroeër deel was, aan te pas. Persone van buite wat nie noodwendig altyd volle insig in die situasie het nie, het dikwels onrealistiese verwagtings in terme van die afhandeling van die rouproses, en 'n aspek soos gekompliseerde of patologiese rou moet gevolglik eers na versigtige oorweging van al die feite gediagnoseer word. Die rede hiervoor is dat ouers se rouproses langdurig kan wees en nie noodwendig afgehandel sal wees in dieselfde tydsduur wanneer iemand wat byvoorbeeld 'n broer, suster of ouers aan die dood afgestaan het nie (vgl. 4.12.5).

### 6.4.3 Voorgestelde model vir pastorale begeleiding van bedroefde ouers

#### 6.4.3.1 Inleiding

Hierdie model fokus op die begeleiding van bejaarde ouers wat volwasse kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het. Die uiteindelijke doel van die begeleiding is aan die een kant die begrip van die rouproses, en aan die ander kant die uiteindelijke gesonde deurloop van hierdie rouproses. Hierdie pastorale model is geformuleer na aanleiding van 'n empiriese ondersoek van ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het (vgl. 5.2).

Uit die 39 vorms wat uitgegee is, het 38% (vyftien bejaardes) nie kans gesien om die vorms te voltooi nie en hulle het dit ook so aangedui. Bogenoemde weerstand om die vorms te voltooi is nie noodwendig negatief nie, aangesien dit navorser in staat gestel het om die persone in die gemeenskap te identifiseer wat in die toekoms met die rouproses gehelp kan word. **Die weerstand om die vorms in te vul is ook 'n bevestiging van die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie studie en dit bevestig die enorme pyn waardeur 'n bejaarde ouer gaan wanneer 'n volwasse kind aan die dood afgestaan word** (vgl. 5.5.1).

#### 6.4.3.2 Die verhouding: pastor-lidmaat

Die kwaliteit van die verhouding tussen die pastor en die ouerpaar is van kardinale belang vir optimale groei. In hierdie opsig moet die pastor vir die ouerpaar, wat psigologiese ekwilibrium verloor het, 'n anker wees. Daar moet in hierdie proses dan ook wedersydse respek en vertrouwe wees (vgl. 3.4.1). Indien die ouers die pastor nie vertrou in sy hantering van die begeleiding nie, sal dit negatief inwerk op die begeleiding. Indien daar egter 'n vertrouensverhouding tussen die pastor en die ouers bestaan, sal dit die begeleiding soveel vergemaklik en die rouproses positief beïnvloed (vgl. 2.1.5.2). In hierdie opsig is die plaaslike leraar in vele opsigte die ideale persoon om die ouers in die proses te begelei omdat daar na alle waarskynlikheid alreeds 'n vertrouensverhouding tussen hulle sal bestaan.

### 6.4.3.3 Groepsterapie

Die voorgestelde model word in groepsverband aangebied, alhoewel die pastor uiteraard persoonlike gesprekke met van die persone voor en tussen die sessies sou kon hê, afhange van individuele behoeftes (vgl. 5.4.1.1.3). Tydens die aanvanklike fases van die berading moet daar 'n emosionele katarsis plaasvind waar die ouers toestemming gegee word om te rou en te huil. Hierin moet die pastor die ouers bystaan en begelei (vgl. 3.5).

Die pastor konsulteer in hierdie model vooraf met verskillende ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het en motiveer hulle om deel van die groep te wees. Daar moet presies verduidelik word wat met die groepsessies bereik wil word sodat die voornemende deelnemers nie uiteindelik met teleurgestelde en onuitvoerbare verwagtinge mag sit nie. Die pastor moet ook seker maak dat die spesifieke ouers 'n behoefte aan so 'n groepsessie of aan konkrete riglyne het ten opsigte van die rouproses na die afsterwe van hulle volwasse kind (vgl. 5.4.1.1.3).

Die eerste groepsessie moet gewy word aan die sluit van 'n vertrouensooreenkoms met mekaar in die groep sodat daar eerlikheid en openhartigheid onder mekaar kan wees (vgl. 5.4.1.1.3). Dit impliseer onder andere dat die deelnemers onderneem om alle inligting rakende die situasies van die groepslede, hul families en kinders wat in die groep uitgeruil en bekendgemaak word, as vertroulik sal hanteer; elke byeenkoms sal bywoon; openhartig sal wees (in soverre hulle gemaklik voel) sodat hulle andere kan help en ondersteun; eerlik sal wees in hul gesprekke in die groep; nie neerhalend, afbrekend of verkleinerend sal wees teenoor enige lid van die ondersteuningsgroep nie (vgl. Bylaag G).

Indien hierdie sessie afgehandel is en die vertrouensooreenkoms geteken is, kan die groep voortgaan na die volgende sessie.

#### 6.4.3.4 Temas wat in gesprekke hanteer moet word

- **Onthullingsessie**

Die eerste gesprek nadat die vertrouensverhouding onderteken is, is 'n onthullingsessie waarin die ouers aan mekaar vertel wat presies gebeur het tydens die afsterwe van hul kind. Hierdie is 'n uiters sensitiewe sessie en kan baie emosioneel wees. Die gesprek moet gevolglik besonder oordeelkundig deur die pastor begelei word sodat ouers gemaklik voel om alles te deel van wat daardie dag met hulle kind se dood gebeur het. Afhangende van hoeveel persone in die groep is, kan hierdie gesprek selfs oor twee of meer sessies strek. Die belangrike aspek is egter dat die ouers genoegsaam geleentheid gegun word om met die groep te deel wat op hulle harte lê. Die pastor moet met empatie en 'oop-einde-vrae' die ouers motiveer om alles met die groep te deel. Al het die pastor kennis van die gebeure rondom die kind se dood moet die ouers begelei word om weer die hele gebeurtenis met die groepslede te deel, sonder dat hulle egter die gevoel van dwang ervaar. Ander groepslede moet geleentheid gegun word om vrae te vra en opmerkings te maak (vgl. 5.4.1.1.3).

Tydens die deelname van die eerste gesin wat deel was van die empiriese ondersoek van hierdie studie se onthullingsessie het die volgende vyf temas byvoorbeeld baie sterk na vore gekom:

- Die eerste was die egskedingsdrama waardeur hulle seun gegaan het ten tye van sy dood. Dit het alles baie erger gemaak.
- Die tweede tema was die aggressie wat deur die ouers na die skoonfamilie gereflekteer is omdat laasgenoemde beskuldigend en in wantroue opgetree het.
- Die derde tema was die feit dat hulle nooit die Here beskuldig het nie, maar dit aanvaar het. "Vrede maak" beteken nie dit neem die hartseer weg nie.
- Die vierde tema was dat hulle saam met hul seun 'n deel van hul finansiële en emosionele toekoms begrawe het.
- Die vyfde tema was dat dit tot groot groei in hul persoonlike verhouding met die Here gelei het.

In die tweede gesin se onthullingsessie het die volgende drie temas sterk na vore gekom:

- Die feit dat die pa die nuus destyds baie emosioneel beleef het. Sy vrou het dit by die huis vir hom gesê en hy het uitgehardloop en hard gehuil en gesnik.
- Die tweede tema was dat hy dit gou aanvaar het, alhoewel die verlange en die seer altyd daar was.
- Die derde was dat sy toekomsdrome in een oomblik aan skerwe gespat het - die hoofspeler was skielik uit die drama uit.

- **Volgende gesprekke**

Die volgende gesprekke bestaan dan uit 'n reeks van sessies en handel oor verskeie onderwerpe. Wat die onderskeie onderwerpe betref wat aan die orde gestel gaan word, is dit belangrik dat die pastor homself sal ingrawe en inligting sal inwin oor die verskillende temas. Die pastor kan voor elke gesprek 'n teoretiese of pastorale inleiding gee oor die betrokke onderwerp. Dit sal die gesprek stimuleer en ouers laat beseft dat hulle ervaring en belewenis nie uniek of abnormaal is nie (vgl. 3.4.1). Sodra hulle kan identifiseer met dit wat die pastor en die ander lede in die groep sê, maak dit gewoonlik die gesprek soveel makliker aangesien hulle andersins soms skaam sou wees om te sê hoe hulle die verskillende onderwerpe beleef. Hierdie reeks van gesprekke kan byvoorbeeld onderwerpe soos die volgende insluit:

- Huweliksfunksionering en die gesinsfunksionering nadat die volwasse kind gesterf het. Die dinamika van elke gesin verander drasties na so 'n geweldige ingrype en hier kan byvoorbeeld ook gepraat word oor die verskil tussen die verskillende geslagte in die hantering en belewenis van die rouproses.
- Emosionele en fisiese reaksies. Elke ouerpaar sal verskil in hulle emosionele en fisiese reaksies na die trauma van die sterwe.

- Bejaarde gekoppelde probleme. Daar is dikwels probleme wat spesifiek aan bejaardheid gekoppel word en wat die rouproses kan beïnvloed.
- Tydsduur van die rouproses. Hier kan ook verwys word na die verskillende fases in die rouproses, en die pastor moet verduidelik hoe die ouers vanaf een fase na 'n volgende fase kan oorgaan, of selfs weer kan terug beweeg na 'n vorige fase. Die beskrywing van die onderskeie fases moet egter altyd dien as 'n wyse tot beter begrip vir hulle eie belewenis en situasie en nie as rigiede reëls nie.
- Faktore wat die rouproses positief en negatief beïnvloed het. In elke ouerpaar se lewe en gesinsinteraksie sal daar verskillende faktore wees wat die rouproses strem of dit aanhelp.
- Skuldgevoelens en depressie. Tydens hierdie gesprek kan die hulp van 'n mediese dokter, sielkundige of psigiater ingeroep word om met gesag te praat oor die identifisering en behandeling van depressie. Hy moet ook die verskil verduidelik tussen die normale rouproses (waarvan depressie deel is) en depressie as sodanig. Heelwat van die tyd van hierdie sessie sal uiteraard in beslag geneem word deur verduidelikings van die kant van die besoekende spreker - daar moet egter voldoende tyd gegee word vir vrae wat die ouers op die hart het.
- Samevatting en afsluiting. Tydens hierdie gesprek kan die ouers met mekaar deel wat die byeenkomste vir hulle beteken het en kan die pastor bepaal met wie hy nog verdere individuele pastorale gesprekke moet hê ten einde die proses van heling te finaliseer (vgl. 5.5.3).

Bogenoemde temas dien bloot as breë riglyne vir die gesprekke. Indien die situasie so mag ontwikkel dat daar behoefte is aan verdere temas, kan dit ook geïnkorporeer word. Indien daar byvoorbeeld 'n natuurramp of 'n bomontploffing of 'n fatale siekte wat 'n deurslaggewende rol gespeel het, dan sou dit uiteraard tot verdere onderwerpe aanleiding kon gee.

- **Praktiese riglyne vir beraders vanuit die empiriese ondersoek**

- Dit is uit die Woord duidelik dat God die trauma waardeur die bedroefde ouers gaan, verstaan.
- Die geloofsekerheid wat die gestorwe kind gehad het en wat die ouers het, of die gebrek daaraan, speel 'n baie belangrike rol in die verwerking van die trauma.
- Die ouers moet besef dat die rouproses 'n baie natuurlike proses is na afloop van 'n baie onnatuurlike gebeurtenis en trauma wat hulle beleef het.
- Die ouers moet besef dat hulle in hulself 'n natuurlike vermoë besit om die dood te kan verwerk – God het die mens geskep met die vermoë om trauma te kan verwerk.
- Die pastor moet die ouers tot insig in die verskillende fases van rou begelei en hulle dan ook uiteindelik stap vir stap daardeur lei. Die ouers moet ook begelei word om te besef dat dit noodsaaklik is dat hulle die fases moet deurleef ten einde die trauma uiteindelik positief te kan verwerk.
- Die pastor moet sensitief wees daarvoor dat ouers soms te lank by 'n spesifieke fase sou wou vertoef en dat dit dan stremmend kan inwerk op die afhandeling van die rouproses.
- Geen twee persone handel die rouproses ewe vinnig af nie. Omstandighede binne die sisteem van die familie, faktore rondom die dood, die verhouding waarin die ouers tenoor die kind gestaan het asook vorige ondervindings van die dood en traumabelewenis, bepaal in 'n groot mate hoe lank dit gaan neem om die dood positief te verwerk.
- Dit is goed vir ouers wat kinders aan die dood afgestaan het om saam met ander ouers wat dieselfde beleef het in gesamentlike gespreksessies te verkeer, aangesien dit die hele terapeutiese proses stimuleer.
- Die onthullingsessie moet baie versigtig en met oorleg hanteer word want die ouers herbeleef as't ware met so 'n sessie die dood van hulle kind op 'n intense wyse. Dit is dikwels ook die eerste geleentheid waarby hulle moontlik voor andere oor hul emosionele belewenis ten

opsigte van die dood van hul kind praat.

- Die huweliksverhouding waarin die kind gestaan het, 'n moontlike egskeiding, moontlike chemiese afhanklikheid, konflik wat in die kind se lewe teenwoordig was, en so meer, kan 'n baie groot invloed hê op die aanvanklike hantering en verwerking van die dood.
- 'n Skeefgeloopte verhouding met die gestorwe kind se skoonouers, tesame met die finansiële beplanning en versorging van die kleinkinders en weduwee/wewenaar kan ook 'n stremende invloed op die verwerking van die dood hê.
- Met egte geloofsoortuiging asook die nodige begeleiding, kan die belewenis van die volwasse kind se dood die ouers in hul geloof en in hul verhouding met die Here laat groei.
- Die dood van 'n volwasse kind laat die ouers dikwels in 'n emosionele en finansiële krisis – hulle hoop en toekomsdrome is skielik daarmee heen.
- Om egter wel by 'n punt van aanvaarding te kom asook uiteindelik “vrede te maak” met die volwasse kind se dood, beteken nie dat die seer en die verlange minder word nie. Dit beteken egter dat die ouers kan begin vorder op die pad van berusting en dit impliseer ook dat daar 'n al groter mate van afstand het tussen die treurende persoon en die oorweldigende impak van die verlies kom.

#### **6.4.3.5 Verwerking**

Uit die empiriese studies het dit geblyk dat die ouers nie wil praat van “die dood verwerk” nie, want die term "verwerk" beteken vir hulle om iets af te handel en dan nie weer daaraan te dink of daarmee te handel nie. Hulle verkies die term "om te vorder op die pad van aanvaarding" of "die proses van heel word". Die deelnemers het getoon dat die feit dat hulle en hulle kinders gelowiges was, dit vir hulle makliker gemaak het om die dood te aanvaar (vgl. 5.6.1).

#### 6.4.3.6 Die tydsduur van die sessies

Enersyds moet daar tydens hierdie sessies voldoende tyd beskikbaar wees vir elke ouer om sy/haar unieke en persoonlike behoefte met die groep te deel. Andersyds moet die pastor besef dat so 'n gesprek vir die ouers emosioneel baie uitputtend kan wees en moet die sessie ook nie uitermate lank uitgerek word nie. In die lig hiervan is dit raadsaam om die groep nie te groot te maak nie - dit kan beperk word tot ongeveer ses persone (vgl. 5.4.1.1.4).

In die samevatting van die gesprekke met die ouerpare in die empiriese ondersoek het aan die lig gekom dat die volgende vir die ouers belangrik is:

- Die gesprekke moet vir hulle sinvol en ter saaklik wees.
- Die bespreking, voorbereiding en aanbieding moet sinvol en duidelik wees en daar moet aan hulle verwagtings voldoen word.
- Daar moet voldoende tyd vir die besprekings wees en hulle moet gemaklik wees om hulle eie opinie te lug.
- Hulle moet sinvolle kontak met ander bedroefde ouers hê om so ook van ander se belewenisse te hoor.
- Die deelnemers wil kan identifiseer met dit wat die begeleier sê (vgl 5.6.4).

Die gesprek kan telkens afgesluit word met versnaperings waartydens daar dan ook oor die alledaagse gesosialiseer kan word voordat die groep uitmekaar gaan. In 'n sekere sin dien dit dan ook as 'n ontlofting voordat daar weer met die alledaagse verantwoordelikhede voortgegaan word.

Daar moet ten minste een tot twee weke tussen groepsessies toegelaat word sodat die ouers genoegsame geleentheid kan hê om die gesprek te internaliseer en sodat daar tegelykertyd ook emosionele groei by hulle kan plaasvind. Die pastor kan aan die begin van 'n nuwe groepsessie die vorige groeps gesprek kortliks saamvat en aan die einde van die gesprek ook reeds die onderwerp van die volgende gesprek aankondig (vgl. 5.4.1.1.4).

#### **6.4.3.7 Die ondersteunende gemeenskap en gemeente**

Indien die bedroefde ouers 'n ondersteunende familie, gemeente en/of gemeenskap het, sal dit die uiteindelijke afhandeling van die rouproses verhaas (vgl. 4.10). Dit is baie belangrik dat die bedroefde ouers nie 'n keuse moet maak om die gestorwe kind te vergeet nie, maar om voortaan in 'n nuwe "verhouding" met hom te staan en sodoende sy dood te oorkom (vgl. 5.6.1). Bedroefde ouers moet ook besef dat hierdie 'n lewenslange proses is omdat die afgestorwe kind altyd, totdat die ouers sterf deel van die ouer-kind verhouding sal bly (vgl. 4.12.5).

#### **6.4.3.8 'n Nuwe "verhouding" met die oorledene**

Vir 'n baie lang tyd was die proses van rou beskou as basies afstand doen van 'n verbintenis met die gestorwe geliefde. In die navorsing het daar egter mettertyd 'n nuwe aksent na vore gekom wat impliseer dat deur middel van die dualisme van *vergeet* en *onthou*, die ouer daarna moet streef om in 'n nuwe "verhouding" met sy kind te lewe (vgl. 4.5). Die klem is dan nie op 'n lewende verhouding van fisiese kontak nie, maar 'n emosionele verhouding waar belangrike gebeure en datums onthou word. Dit impliseer dat die band met die gestorwe kind nie negeer word nie, maar geïntegreer word in die ouers se lewe (vgl. 4.12.4).

Die deelnemers aan die empiriese gedeelte van hierdie navorsing het getoon dat hulle uiteindelik aangepas het om in 'n ander "verhouding" tot die gestorwe kind staan – hier hou aspekte soos foto-albums en ander goeie herinneringe die "verhouding" steeds in stand. Negatiewe aspekte van hul lewende verhouding skuif dan mettertyd totaal op die agtergrond (vgl. 5.6.1).

Wat vir hierdie navorsing baie belangrik is, is die feit dat die deelnemers die rouproses baie beter verstaan het nadat die genoemde gesprekke met hulle deurloop is. Die gesprekke het ook bygedra daartoe dat hulle die werklikheid van die kind se dood aanvaar het en in 'n ander verhouding met die gestorwe kind te staan gekom het. Die deelnemers het ook meer duidelikheid oor hul eie en andere se optrede gekry (vgl. 5.6.4).

Bogenoemde moet egter in skerp teenstelling gesien word met gekompliseerde rou waar die ouer nie kan aanvaar dat sy kind gesterf het nie en as gevolg van langdurige ontkenning van die werklikheid en in 'n irrasionele verhouding met hom leef (vgl. 4.21).

Volgens die deelnemers het hulle nie net nuwe kennis opgedoen oor die behandelde onderwerpe nie, maar het daar ook 'n proses in hulself plaasgevind – hierdeur het hulle gegroei in hul rou en aanvaarding van die kind se dood. Die gevolgtrekking van die ouers was dat dit baie sinvol is om na die afsterwe van 'n volwasse kind hierdie gespreksgeleentede by te woon.

Hierdie empiriese studie ondersteun dus die sentrale teoretiese argument van die navorsing, naamlik dat die bejaarde, wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, met behulp van pastorale riglyne begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing (vgl 6.5.1).

## 6.5 GEVOLGTREKKINGS

- Zelfs se model van prosesnavorsing (waar die praktyk geëvalueer word, 'n teorie daargestel word en hierdie teorie dan weer aan die praktyk gemeet word) het getoon dat hierdie studie 'n positiewe verandering aan die praktyk te weeg kan bring, en as sodanig suksesvol is.
- Pastoraat gaan om veel meer as net herstel of genesing van mense – dit gaan oor die verligting van die Skrif, die Vaderskap van God wat begryp (die Vader wat ook 'n Seun aan die dood moes afstaan), Christus wat versoening, vergifnis en heelwording kom demonstreer het, en die Heilige Gees wat as Trooster deel van 'n gelowige se lewe is.
- Die pastor is in die eerste plek pastor op grond van sy roeping en nie soseer op grond van sy deskundigheid nie.
- Die Woord van God is nie maar net nog 'n terapeutiese handboek of 'n geskrif wat ver van die moderne mensdom verwyder is nie – dit is egter die basis vir enige pastorale terapie, en in besonder ook met betrekking tot ouers wat 'n kind aan die dood afgestaan het.

- Die dood van 'n volwasse kind is nie minder traumaties as die dood van 'n minderjarige kind nie. Intendeel, die dood van 'n volwasse kind is dikwels veel meer gekompliseerd en pynlik.
- Die ouer-kind verhouding word nie getermineer met die sterwe van 'n kind nie (hoe oud die kind ook al mag wees), maar met die sterwe van die ouer.
- Dit is noodsaaklik dat die rouproses en die fases waardeur persone tydens die rouproses gaan, gesien sal word as 'n natuurlike reaksie op 'n baie hartseer, maar ewe natuurlike gebeurtenis.
- Die bejaarde ouers wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het, worstel dikwels innerlik met 'n tweestryd (dualisme) van *onthou* en *vergeet*. Aan die een kant wil die ouer die rou en seer van die sterwe van die kind vergeet en die hele traumatiese gebeure agter hom sit – aan die ander kant het die ouer die vrees dat hy sy kind sal vergeet en gevolglik die drang om ten alle koste te onthou.
- Indien hul kind wat gesterf het 'n gelowige was, is dit soveel makliker vir die bedroefde bejaarde ouers om deur die Woord getroos te word. Hierdie perspektief op die ewigheid en die sekerheid van saligheid gee vir die ouers die seker wete dat hulle en hul kinders mekaar weer eendag sal ontmoet en verenig sal word.
- Die mens besit 'n sekere veerkragtigheid wat die natuurlike herstelvermoë na 'n trauma aanhelp. Indien daar egter 'n groot traumatiese belewenis was, wat die normale en aangebore vermoë om dit te verwerk oorskry, is terapeutiese intervensie van kardinale belang.
- Die dood word soms as 'n baie natuurlike proses gesien (byvoorbeeld as 'n bejaarde ouer aan natuurlike oorsake sterf) - maar soms word dit 'n angswekkende belewenis (byvoorbeeld as 'n volwasse kind aan onnatuurlike oorsake sou sterf). Die rouproses wat hierop volg is egter 'n natuurlike proses en nie 'n psigologiese siekte nie, en veral bejaarde ouers sal ook verlig wees om te hoor dat hul reaksies nie abnormaal is nie.
- God het elke mens anders en uniek gemaak sodat nie twee mense op dieselfde wyse rou oor 'n geliefde wat gesterf het nie.

- Met die term ‘gekompliseerde rou’ word bedoel dat daar komplikasies met die normale rouproses ingetree het en dat daar plek gemaak is vir 'n vorm van geïnhibeerde, vertraagde en uitgerekte rou.
- Die grootste kritiek teen modelle wat die onderskeie roufasies beskryf, is dat die fasies die indruk kan skep van 'n rigiede formule waar daar geen ruimte vir variasie en individuele kompleksiteite bestaan nie. Daar moet egter eerder na so 'n model gekyk word as 'n breë riglyn vir die terapeut om die kliënt beter te verstaan en sodoende beter toegerus te wees om die kliënt deur die proses te begelei.
- Die voorgestelde model vir die pastorale begeleiding van bedroefde ouers na die afsterwe van 'n volwasse kind word in groepsverband aangebied. Daar is egter steeds ruimte vir persoonlike gesprekke deur die pastor in die mate wat daar 'n behoefte mag wees.
- Die eerste gesamentlike gesprek moet gewy word aan die sluit van 'n vertrouensooreenkoms tussen groepslede met die oog op wedersydse eerlikheid en openhartigheid.
- Die volgende groepsessie is 'n onthullingsessie waarin die ouers aan mekaar vertel wat presies gebeur het tydens die afsterwe van hul kind.
- Daarna volg 'n aantal sessies wat gekoppel word aan spesifieke onderwerpe waarvan temas die volgende kan insluit:
  - Huweliksfunksionering en die gesinsfunksionering sedert die volwasse kind gesterf het.
  - Emosionele en fisiese reaksies.
  - Bejaarde-gekoppelde probleme wat die rouproses kan beïnvloed.
  - Tydsduur van die rouproses asook die verskillende roufasies.
  - Faktore wat die rouproses positief en negatief kan beïnvloed.
  - Skuldgevoelens en depressie. Tydens hierdie gesprek kan die hulp van 'n mediese dokter, sielkundige of psigiater ingeroep word om vanuit 'n professionele oogpunt oor sekere ter saaklike aspekte te praat.
  - Samevatting en afsluiting.
- Daar moet tydens hierdie gesprekke genoegsaam tyd ingeruim word vir elke ouer om te kan deelneem - daarom is dit raadsaam om die groep nie te groot te maak nie.

- Daar moet ten minste een tot twee weke tussen gesprekke verloop sodat die ouers genoegsame geleentheid kan hê om die gesprek te internaliseer en daar tegelykertyd emosionele groei kan plaasvind.
- Teenoor die vroeëre beskouing van die proses van rou as afstand doen van 'n verbintenis met die gestorwe geliefde, het die klem al meer verskuif na 'n dualisme tussen *vergeet* en *onthou* – in die lig hiervan word die ouer eerder aangemoedig om te streef na 'n nuwe tipe "verhouding" met sy kind, sonder om hiermee vas te val in die dilemma van ontkenning en 'n vertraagde rouproses.

## **HOOFSTUK 7**

### **GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING**

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings ten opsigte van elke voorafgaande hoofstuk van hierdie studie aan die orde gestel. Voorstelle aangaande verdere navorsing rondom aanverwante temas en areas word ook aan die einde van die hoofstuk gemaak.

#### **7.1 BASISTEORIE**

Die pastoraat aan ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, moet tesame met bruikbare insigte vanuit die psigologie en maatskaplike werk, die hoof fokus op die Woord van die Here as basiese vertrekpunt plaas.

##### **7.1.1 Eksegese**

Die volgende Skrifgedeeltes is gekies op grond van parallels met die dood van 'n volwasse kind, of die oorwinning oor die dood. Dit dui ook iets aan van die gebrokenheid van 'n ouer wanneer sy/haar volwasse kind sou sterf.

2.2.1. Gen 37:31-36: Die beweerde dood van Josef – 'n onnatuurlike dood wat deur wilde diere veroorsaak is.

2.2.2. 2 Sam 18:19-19:8a: Die dood van Dawid se seun Absalom – 'n kind is dood tydens 'n geweldsge vulde oorlogsituasie.

2.2.3. Luk 7:11-17: Die opwekking van die weduwee van Nain se seun.

2.2.4. Luk 24:13-35: Jesus Christus se oorwinning oor die dood: die verhaal van die Emmausgangers – die perspektiewe wat Sy oorwinning vir alle mense open, ook vir bejaardes wat hul volwasse kinders aan die dood afstaan.

Eksegese vanuit laasvermelde Skrifgedeeltes het maar net weer eens bevestig dat die dood van 'n volwasse kind 'n ongelooflike trauma is waardeur 'n ouer gaan. Ouers sal enigiets doen om die dood van hulle volwasse kind te verhoed en sal selfs bereid wees om in hul plek te sterf indien dit enigsins moontlik sou wees om só die tragedie te verhoed. Selfs al was die kinders se optrede en leefwyse nie die ideale nie en al was daar nie noodwendig geweldig baie wedersydse liefde nie, is die trauma en hartseer vir die ouers 'n oorweldigende gebeure om te hanteer. Ten spyte van sulke negatiewe omstandighede is die ouers se hoop op emosionele genesing nog altyd gegrond in Jesus Christus wat die dood oorwin het – dit is die enigste werklike hoop en anker wat daar vir persone in sulke omstandighede bestaan.

Uit die vermelde Skrifgedeeltes het verder geblyk dat God altyd daar is vir bedroefde ouers. Die Here het begrip en medelye met die bejaarde ouer wat 'n volwasse kind aan die dood afstaan en Hy wil uiteindelik dat daar emosionele genesing sal plaasvind. Elke bedroefde ouer kan dus verseker wees van God se nabyheid in sy leed. Die sterwe van Jesus Christus en Sy oorwinning oor die dood gee aan elke gelowige die hoop op oorwinning: soos Christus uit die dood opgewek is, so sal elke gelowige uit die dood opgewek word, ook die gestorwe volwasse kinders.

### **7.1.2 Teologiese basisteorie**

Die pastor is eerstens 'n hulpverlener aan bedroefde ouers op grond van sy roeping en nie op grond van sy deskundigheid nie (alhoewel God ook sy deskundigheid gebruik binne Sy goddelike plan) en daarom bied die pastor oorwinningsorg aan die ouers. In hierdie oorwinningsorg speel die Woord en gebed 'n kardinale rol. Slegs die oorwinning van Jesus Christus kan die gelowige ouer in staat stel om deur die krag van die Heilige Gees uiteindelik die dood van hul volwasse kind te verwerk. Dit is gevolglik belangrik vir die pastor om met die Woord van God besig te wees as rigsnoer en kennisbron vir sy eie lewe, en om dan vanuit hierdie verhouding andere

tot oorwinning te begelei. As deel van die begeleidingsproses moet daar baie pertinent van gebedsterapie gebruik gemaak word omdat dit 'n kragtige instrument tot emosionele genesing kan wees. Tog is dit aan die ander kant ook so dat gebed in elk geval deel van pastorale sorg oor die algemeen moet wees, of die pastor vir die ouers bid en of hy hulle motiveer of begelei in gebed tot die Here. Op hierdie wyse kan die Skrif en die teologie op 'n besondere wyse sinvolle riglyne aan bedroefde ouers bied in die rouproses om die dood van hulle volwasse kind te verwerk.

Die rouproses is 'n baie natuurlike proses as gevolg van 'n traumatiese verlies. Die rou kan egter gekompliseerd raak indien daar tekens van rou-vermyding, chroniese rou, vertraagde rou, gemaskeerde rou of psigosomatiese siektes aanwesig is - dan is daar oor die algemeen meer gespesialiseerde hulp nodig. Gekompliseerde rou kan byvoorbeeld aanleiding gee tot depressie. Dit hou onder andere verband met die feit dat woede soms onderdruk word of verkeerd hanteer word, en dit weer die onttrekking van serotonien uit die liggaam veroorsaak. Afgesien van depressie kan dit dan ook aanleiding gee tot angstigheid, woede, teruggetrokkenheid en slaapversteurings.

Daar moet enersyds duidelik onderskei word tussen depressie wat een van die normale fases van die rouproses is en wat binne 'n normale genesingsproses spoedig weer opklaar, en andersyds depressie met 'n meer genetiese en chemiese oorsprong (endogene depressie). Wat eersgenoemde betref is die nodige begeleiding asook normale uiting van emosies gewoonlik voldoende om dit te laat opklaar. In die geval van genetiese oordraagbare depressie is medikasie egter wel nodig. Dit gebeur ook soms dat bedroefde ouers vassteek by een van die onderskeie fases van rou (byvoorbeeld woede of ontkenning) en dan kompliseer dit dikwels die rouproses as geheel. In sulke gevalle moet die pastor dan die ouers deur die betrokke fase help sodat die proses sy normale gang verder kan gaan.

Vanuit die navorsing het geblyk dat veral aandag gegee moet word aan die volgende belangrike fases as deel van die rouproses:

- Skok- en ontkenningsfase.
- Fase van aanvaarding van die realiteit van die verlies.

- Woedefase (manifestering van aggressie en woede na buite) asook neerslagtigheid en depressie (manifestering van woede na binne).
- Skuldfase (veral in die gevalle van selfmoord).
- Onderhandelingsfase.
- Fase van egte rou en hartseer – beleef die pyn van die rou.
- Vergifnisfase - berusting en aanvaarding.
- Fase van aanpassing by 'n omgewing waarin die oorlede nie meer bestaan nie.
- Fase van onttrekking van emosionele energie uit die "verhouding" met die oorledene en die herinvestering daarvan in ander verhoudings.

Vergifnis is 'n baie belangrike aspek in die verwerking van 'n volwasse kind se dood – veral daar waar iemand vir die dood verantwoordelik was. Ander belangrike krisispunte vir bedroefde bejaarde ouers blyk aspekte soos eensaamheid en onopgeloste vrese te wees. Die volgende drie aspekte het geblyk bepalend te wees betreffende die emosionele pyn van 'n ouer: selfwaarde, intimiteit met andere en intimiteit met God. Afgesien van die natuurlike vermoë (veerkragtigheid) wat die Here die mens gegee het om 'n traumatiese situasie te bowe te kom, kan die pastor in hierdie hele terapeutiese intervensie en oorwinningsorg baie sinvol gebruik maak van die narratiewe terapie sodat die bedroefde ouer sy verhaal kan vertel – dit het 'n besonder helende en bevrydende effek.

## **7.2 METATEORIE**

### **7.2.1 Aangrensende wetenskappe**

Wanneer 'n volwasse kind sterf, beleef ouers een van die angswekkendste en mees traumatiese gebeure denkbaar omdat volwasse kinders gewoonlik ouers begrawe - en nie ouers volwasse kinders nie. Die natuurlike rolle is omgekeer en daar is 'n onnatuurlike ingrype in die gesin se lewe. Die volwasse kind en die ouers het ook reeds 'n vriendskapsband gevorm wat baie meer intiem is as wanneer die kind nog klein sou wees, en dit kompliseer die tragiese gebeure soveel te meer. Vir 'n ouer bly 'n kind 'n kind selfs al is die kind al 'n volwassene. Ouers se optrede verskil ook dikwels ingrypend na die dood van 'n volwasse kind en in die studie is verskeie

faktore geïdentifiseer wat aanleidende faktore hiertoe kan wees. Dit het ook geblyk dat 'n faktor soos die steeds stygende selfmoordsyfer onder volwasse "kinders" 'n groot bydraende faktor is betreffende die hartseer van bejaarde ouers. Die gemiddelde ouderdom van persone met suksesvolle selfmoordpogings het geblyk tussen 35 en 44 jaar te wees.

Daar is gewoonlik drie belangrike implikasies vir ouers wanneer volwasse kinders sterf:

- Die eerste is dat die ouers hulself oor die algemeen binne 'n lewensfase bevind waar hulle verskeie ander persoonlike en sosiale verliese beleef in terme van aftrede, gepaardgaande ekonomiese druk, vriende wat hulle ontval ensovoorts. Hierdie verliese aksentueer soveel te meer die dood van 'n volwasse kind.
- Die tweede implikasie is dat die ouers gewoonlik nie die primêre versorgdes is nie. As volwasse (en dikwels getroude persoon) lê die klem van versorging op die kinders en lewensmaat wat agtergelaat word. Verder is die ouers dikwels in 'n ander gemeenskap gevestig en word daar nie altyd noodwendig ten volle erkenning gegee deur die gemeenskap aan die geweldige ontworteling wat hulle beleef nie. Indien die kind aan die ander kant ongetroud was, is daar dikwels eiesoortige probleme soos 'n boedel wat afgehandel moet word, skuld wat vereffen moet word, polisse wat hanteer moet word en vriende wat in kennis gestel moet word.
- Die derde implikasie is dat die ouers dikwels die volwasse kind beleef as hulle emosionele en finansiële anker en versorger op hulle oudag. Met die afsterwe van so 'n volwasse kind, word hierdie sekuriteit saam begrawe.

Die sterwe van 'n volwasse kind het dikwels groot impak op die ouers se huwelik asook die gesinstruktuur – 'n trauma soos hierdie kan die ouers se huwelik en die gesin in 'n groot krisis dompel. Alhoewel die Here elke mens geskep het met 'n ingeboude veerkragtigheid om trauma te kan verwerk, het ouers as gevolg van bogenoemde drie implikasies, pastorale leiding nodig om die dood van hulle volwasse kind positief te verwerk. Hierdie verwerkingsproses gaan nie daaroor dat die ouers die

gestorwe kind sal vergeet en aangaan met hulle lewe nie, maar eerder dat daar 'n nuwe "verhouding" ten opsigte van die gestorwe kind sal plaasvind. Hierdie nuwe verhouding is nodig omdat die verhouding tussen die ouer en die kind nie gëtermineer word die dag as die kind sterf nie, maar eers die dag wanneer die ouers sterf. Daarom word daar in die begeleiding van die verwerking van die verlies meer gefokus op die gedagte van 'akkommodasie', aangesien daar by ouers dikwels die groot vrees bestaan dat hulle in hierdie proses hul kind kan begin vergeet.

In die pastorale begeleiding van die ouers, moet die fases van die rouproses, asook 'n redelike tydsverloop waarbinne ouers normaalweg die ergste trauma behoort te verwerk het, in gedagte gehou word. Tog is dit so dat daar nie 'n rigiede vasgestelde periode is waarbinne alle persone die proses moet deurloop nie, aangesien persoonlikhede en omstandighede hier 'n groot invloed uitoefen. Dit is gevolglik belangrik om naastenby te probeer vasstel in watter fase die betrokke ouerpaar tans verkeer – dit kan meer perspektief aan die pastor of begeleier bied en tegelykertyd ook meer begrip aan die ouers gee betreffende hul eie rouproses. Daar moet egter aan die ander kant ook rekening gehou word met die ouers se spesifieke persoonlikhede, die verhouding waarin hulle tot die oorlede kind gestaan het, hul vorige belewenis van rou, hulle kultuur, geslag asook die omstandighede waaronder die dood plaasgevind het. Al hierdie faktore moet in berekening gebring word omdat dit die verwerkingsproses beduidend sal beïnvloed.

Dit is belangrik dat beraders ingelig moet wees met betrekking tot gekompliseerde rou, wat geneig is om aanleiding te gee tot emosionele onstabieleit asook die onvermoë om die dood van hul volwasse kind optimaal te kan verwerk. Gekompliseerde rou ontstaan gewoonlik wanneer die ouers nie in die rouproses vorder (met inbegrip van hul persoonlike omstandighede) soos daar verwag word nie. Daar kan ook 'n post-traumatiese stresversteuring aanwesig wees wat die rouproses vertraag. Alle moontlike faktore wat blokkasies kan wees in die normale gang van die rouproses moet gevolglik geïdentifiseer word en hanteer word.

## 7.2.2 Empiriese navorsing

In hierdie navorsing is die empiriese studie gedoen aan die hand van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings. Die navorsing is in vyf fases verdeel. Die kwalitatiewe ondersoek het egter die grootste deel van die ondersoek behels.

**Fase een:** 'n Vraelys is aan alle ouers in Wakkerstroom wat al 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het, gegee. In hierdie vraelys is klem gelê op drie aspekte, naamlik die vertroulikheid van die inligting, dat alle vrae beantwoord moet word en dat die antwoorde so eerlik as moontlik moet wees. Die vrae in die vraelys wissel van informatiewe vrae tot baie intieme vrae rakende die volwasse kind se dood. In hierdie eerste fase was die klem dus meer op 'n kwantitatiewe benadering.

**Fase twee:** In hierdie fase is die inligting uit al die vraelyste verwerk en belangrike onderwerpe geïdentifiseer wat telkens sterk gefigureer het.

**Fase drie:** In hierdie fase is respondente vanuit die groep wat die vraelys voltooi het geïdentifiseer. Uit hierdie groep het geblyk dat hulle op individuele vlakke van aanvaarding van hul kinders se dood was, maar dit was nie noodwendig negatief nie. Daar is vervolgens met die deelnemers gekonsulteer om in 'n aantal sessies die geïdentifiseerde onderwerpe te bespreek. Vervolgens is 'n vertrouenssooreenkoms met die ouers aangegaan, sodat hulle eerlik en openhartig tydens die gesprekvoering sou wees. Gedurende die eerste sessie is daar op laasvermelde aspek gefokus terwyl die klem tydens die tweede sessie meer op onthulling van emosies en ervarings was.

**Fase vier:** In hierdie fase is die onderwerpe met die groep van vier deelnemers gedeel en bespreek. Die gesprekke is ten minste sewe tot veertien dae uit mekaar gehou sodat daar groei kon plaasvind in die verwerking van die inligting ter sprake.

**Fase vyf:** In die laaste fase het die deelnemers 'n evalueringsvorm voltooi ten einde vas te stel of die gespreksgeleenthede die persone gebaat het om die dood van hul volwasse kind beter te verwerk.

In hierdie empiriese ondersoek met ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, het dit duidelik geblyk dat die dood van hul kinders inderdaad die mees angswekkende en traumatiese gebeure van hul lewens was. Uit die terugvoering het geblyk dat die model wat in die empiriese ondersoek gebruik was vir die ouers uiters sinvol en tersaaklik was. Nie net alleen was die onderwerpe van groot waarde nie, maar hulle kontak met ander bedroefde ouers was ook besonder sinvol en verrykend omdat hulle kon identifiseer met die trauma en hartseer van ander ouers wat soortgelyk was aan hul eie. Daar was voldoende tyd vir bespreking en die onderskeie ouers het gemaklik gevoel om hul eie gevoelens te openbaar. Hulle het troos en inspirasie gevind uit mekaar se ervarings en beleving van rou.

Die empiriese studie het verder aangetoon dat dit vir die ouers baie sinvol was om die model wat aangebied is te deurloop, aangesien dit 'n groot bydra gelewer het om die rouproses as geheel beter te verstaan. Die gespreksmodel het hulle ook gehelp om die werklikheid van die dood van hul volwasse kind te aanvaar en in 'n gesonde toekomstige 'verhouding' met die afgestorwe kind te staan. Die behandeling van die betrokke vrae, asook hul interaksie met al die ander respondente het hulle in staat gestel om hul eie asook die andere se optredes en reaksies beter te verstaan. So het ouers wie se kind meer onlangs oorlede is byvoorbeeld besonder baie geleer uit die ervaring van ouers wie se kind al 'n geruime tyd oorlede is.

Die model wat in die gesprekke gebruik is het gevolglik nie slegs nuwe kennis aan die ouers gefasiliteer nie, maar dit het ook 'n proses aan die gang gesit waardeur hulle gegroei het in die rouproses en hul aanvaarding van hul kind se dood.

Enersyds het die empiriese studie die behoeftes van bedroefde bejaarde ouers baie duidelik geïdentifiseer – andersyds het dit die sentrale teoretiese argument van hierdie studie bevestig, naamlik dat die bejaarde ouer wat 'n kind aan die dood afgestaan het op 'n onnatuurlike wyse, met behulp van pastorale riglyne, begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing.

Een van die besonder praktiese gevolgtrekking van die empiriese studie het geblyk te wees die feit dat dit baie sinvol is om bedroefde bejaarde ouers in in die bespreking van genoemde onderwerpe in groepsverband te begelei.

## 7.3 PRAKTYKTEORIE

Deur gebruik te maak van Zerfass se model, waar die praktyk geëvalueer word, kon 'n teorie daargestel word en hierdie teorie dan weer gemeet word aan die praktyk. Daar is duidelik geïllustreer dat die resultate van hierdie studie 'n positiewe verandering aan die praktyk te weeg kan bring.

### 7.3.1 'n Pastorale model

'n Effektiewe pastorale model gaan altyd oor die troos, begrip en versoening wat die drie-enige God uit die Skrif aan die mens bied. Daarom is die Woord van God veronderstel om die basis van alle pastorale terapieë te wees. Die Bybel is dus nie maar net nog 'n boek wat 'n terapeutiese model voorskryf nie, maar die grondslag waarop alle pastorale modelle in die versorging van getraumatiseerde mense gevorm behoort te word.

Indien hul kind wat gesterf het 'n gelowige was, is dit soveel makliker vir die bedroefde bejaarde ouers om deur die Woord getroos te word. Die wete dat hul kind die ewige lewe deur sy geloof in Christus het, is vir die ouers 'n groot vertroosting omdat hulle die hoop op 'n herontmoeting in die hiernamaals het.

Uit die navorsing het ook duidelik geblyk dat die dood van 'n volwasse kind nie minder ingrypend en hartseer is as dié van 'n minderjarige kind nie. Daarom moet dit gedurende die begeleidingsproses duidelik aan die ouer wat 'n volwasse kind aan die dood afgestaan het, gekommunikeer word dat die tipiese emosionele onstabieleit en vreemde reaksies oor die algemeen 'n normale deel van die rouproses is en dat dit nie noodwendig dui op psigiese afwykings of abnormaliteite nie. Wat vir bedroefde ouers in die aanvanklike roufasies baie verwarrend kan wees, is die feit dat hulle enersyds die *sterwe* van die kind wil *vergeet* en die hele traumatiese gebeure agter hulle plaas, en andersyds is daar egter die wesenlike vrees dat hulle hul kind sal vergeet en gevolglik dan weer die drang het om ten alle koste te *onthou*. Die nodige perspektief en gebalanseerde begeleiding van die kant van die pastorale berader is hier van kardinale belang ten einde uiteindelik balans op die langtermyn te fasiliteer.

Om die die hele begrip van oorwinningsorg effektief aan te bied, word voorgestel dat daar van groepsessies gebruik gemaak word waartydens sekere onderwerpe bespreek word. Die volgende temas is geformuleer en in die persoonlike gesprekke en die begeleiding van bedroefde ouers hanteer en dit kan dan ook as riglyn vir soortgelyke situasies dien:

Tema 1: Vertrouensooreenkoms.

Tema 2: Onthullingsessie.

Tema 3: Huweliksfunksionering en gesinsfunksionering.

Tema 4: Emosionele en fisiese reaksie.

Tema 5: Bejaarde-gekoppelde probleme.

Tema 6: Tydsduur van die rouproses.

Tema 7: Faktore wat die rouproses positief en negatief beïnvloed.

Tema 8: Skuldgevoelens en depressie.

Tema 9: Evaluering.

Tydens hierdie sessies moet daar genoeg geleentheid wees vir elke ouer om vryelik met die ander ouers te kommunikeer. Daar moet ongeveer twee weke tussen elke gesprek verloop sodat die nodige emosionele groei kan plaasvind. Indien hierdie proses deurloop is, behoort die ouers meer insig te hê met betrekking tot die rouproses en ook verder gevorder het in die nuwe "verhouding" waarin hulle in die toekoms met betrekking tot hul gestorwe kind sal staan. Mense beskou die afhandeling van die rouproses dikwels verkeerdelik as "afstand doen" van die gestorwene. Ouers moet egter eerder aangemoedig word om in 'n nuwe tipe "verhouding" met die gestorwe kind te tree sonder om hiermee vas te val in die dilemma van ontkenning en/of 'n vertraagde rouproses.

#### **7.4 FINALE GEVOLGTREKKINGS**

Uit hierdie studie het geblyk dat die ouers wat volwasse kinders op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, heel dikwels deur die samelewing van die simpatie wat hulle verdien, ontnem word. Ouers woon dikwels in 'n ander gemeenskap/omgewing as hulle kinders en is daarom nie die primêre bedroefdes met wie daar gesimpatiseer word nie. Sulke ouers beleef egter nie minder pyn, hartseer en

verlange as ouers wie se minderjarige kinders sterf nie. Trouens - die pyn, hartseer en verlange is dikwels meer intens omdat die dood in sulke gevalle eintlik 'n jarelange vriendskap en vennootskap getermineer het. Indien die betrokke volwasse kind ongetroud was, is daar soms ook nog sekere bykomende aspekte rakende hul dood waarna die ouers moet omsien en verantwoordelikheid voor moet neem – dit alles bring nuwe probleme en uitdagings mee. Andersyds is die ouers dikwels ook emosioneel en finansiëel afhanklik van die volwasse kind. Elke ouer verskil egter in die hantering van die dood van sy volwasse kind en hierdie individuele verskille moet ook in ag geneem word. Uit voorafgaande blyk dus die besondere noodsaaklikheid van die pastorale begeleiding en versorging van bejaarde ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het.

Die studie het aangetoon dat groepsessies saam met ander ouers wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het, besonder effektief is. In sulke groepsessies kry die ouers geleentheid om, in 'n geborge milieu, hulle diepste gevoelens, vrese, hartseer en verlangens met ander, wat nie veroordelend is nie, te deel. Uiteraard moet die basis en uitgangspunt van die pastorale sessies geskoei wees op die Woord van God. Slegs in Jesus Christus se oorwinning van die dood lê uiteindelik die bedroefde bejaarde ouer se troos en oorwinning oor die dood van sy kind.

## **7.5 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING.**

- Die verskille tussen die tradisionele Afrika-mens en Europeërs se hantering van die sterwe van volwasse kinders – 'n vergelykende pastorale studie.
- Die pastorale hantering van bejaarde ouers wat as gevolg van HIV/Vigs, volwasse kinders aan die dood afgestaan het.
- Die pastorale begeleiding van bejaarde ouers wat volwasse kinders tydens die sogenaamde Bosoorlog in Namibië en Angola verloor het.

## **7.6 SLEUTELTERME**

Afrikaans:

Pastorale berading; bejaardes; trauma; onnatuurlike dood; gekompliseerde trauma.

Engels:

Pastoral counselling; elderly people; trauma; unnatural death; complex trauma.

## 8. BRONNELYS

AALDERS, G.CH. 1981. Genesis, Vol. 1. Grand Rapids: Zondervan.

ADAMS, J.E. 1974. The Christian counsellor's manual. Grand Rapids, Mi: Baker Book House.

ANON. 2004. The death of a child – the grief of the parents: a lifetime journey.  
<http://www.athealth.com> Datum van gebruik: 15 Apr. 2005.

ANON. 2005a. Absaloms business is done.  
<http://www.eword.gospelcom.net/comments/2Samuel/mh/2Samuel18.html> Datum van gebruik: 27 Jun. 2005.

ANON. 2005b. Luke.  
<http://www.eword.gospelcom.net/comments/luke/mh/luke7.htm> Datum van gebruik: 7 Jul. 2005

ANON. 2005c. Luke.  
<http://www.eword.gospelcom.net/comments/luke/mh/luke24.htm> Datum van gebruik: 7 Jul. 2005.

ANON. 2005d. The raising of the widow's son at Nain.  
<http://www.searchgodsword.org/com/bbc/view.cgi?book=luk&chapter=007> Datum van gebruik: 8 Jul. 2005.

ANON. 2005e. Genesis 37.  
<http://eword.gospelcom.net/comments/genesis/mh/genesis44.htm> Datum van gebruik: 9 Sept. 2005.

ANON. 2006a. When your adult child has died.  
<http://www.tfc.org.uk/leaflets/leadult.thml> Datum van gebruik: 25 Feb. 2006.

ANON. 2006b. Movements to Faith and Christological Questions.  
<http://bible.gospelcom.net/resources/commentaries/index.php?action=getCommentaryText&cid=3&source=1&seq=j.49.7.1> Datum van gebruik: 27 Feb. 2006.

ANON. 2006c. Theory. <http://en.wikipedia.org/wiki/Theory> Datum van gebruik: 11 Sept. 2006.

Anon. 2006d.  
[http://www.pdrhealth.com/content/lifelong\\_health/chapters/fgac28.shtml](http://www.pdrhealth.com/content/lifelong_health/chapters/fgac28.shtml) Datum van gebruik: 15 Aug. 2006.

ANON. 2008a. <http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/index.htm> Datum van gebruik: 19 Mei 2008.

ANON2. 2008b. Clinical Depression.  
[http://en.wikipedia.org/wiki/Clinical\\_depression](http://en.wikipedia.org/wiki/Clinical_depression). Datum van gebruik: 19 Mei 2008.

ANON. 2008c. How antidepressants work.  
[http://www.depression.com/how\\_antidepressants\\_work.html](http://www.depression.com/how_antidepressants_work.html) Datum van gebruik: 19 Mei 2008.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION, 1994. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 4 th. ed. Washington: American Psychological Association.

ARBUCKLE, N.W. & DE VRIES, B. 1995. The long-term effects of later life spousal and parental bereavement on personal functioning. *The Gerontologist*, 35(5):637-647.

ARNOLD, J.H. & GEMMA, P.B. 1994. A child dies. A portrait of family grief. 2<sup>nd</sup> ed. Philadelphia: The Charles Press Publishers.

ARTERBURN, S. 2005. Healing is a choice. Nashville: Thomas Nelson.

- ARTERBURN, S., MEIER, P. & WISE, R.L. 2002. Fear less for life. Nashville: Thomas Nelson Publishers.
- ARTERBURN, S. & STOOP, D. 1998. Seven keys to spiritual renewal. Wheaton: Tyndale House Publishers.
- AULD, G. 2003. 1 and 2 Samuel. Eerdmans Commentary on the Bible. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.
- BAILEY, S.E., KRAL, M.J. & DUNHAM, K. 1999. Survivors of suicide do grieve differently: empirical support for a common sense proposition. *Suicide and Life-threatening Behaviour*, 29(3):256-271.
- BALCH, D.L. 2003. Luke. Eerdmans Commentary on the Bible. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.
- BARKER, R.L., ed. 1999. The social work dictionary. 4th. ed. Washington, DC: NASW Press.
- BARRET, T.W. & SCOTT, T.B. 1990. Suicide bereavement and recovery patterns compared with nonsuicide bereavement patterns. *Suicide and Life-threatening Behaviour*, 20(1):1-15. Spring.
- BARRY, L.C., KASL, S.V. & PRIGERSON, H.G. 2002. Psychiatric disorders among bereaved persons. The role of perceived circumstances of death and preparedness for death. *American Journal of Geriatric Psychiatry*, 10(4):447-457, Jul-Aug.
- BAUER, P. 2006 When an adult child dies.  
<http://www.arborhospice.org/services/grief.html> Datum van gebruik: 15 Aug. 2006.
- BENGHIAT, L. 2006. Selfmoord.  
[http://www.lig.co.za/artikel\\_detail\\_argief.asp?aid=61](http://www.lig.co.za/artikel_detail_argief.asp?aid=61) Datum van gebruik: 11 Sept. 2006.

BERGEN, R.D. 1996. 2 Samuel. The New American Commentary. Chicago: Broadman & Holman.

BERGER, C.R. & CHAFFEE, S.H., eds. 1978. Handbook of communication science. Newbury Park, C.A: Sage Publications.

BIBLIA HEBRAICA. 1977. Stuttgartensia. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.

BIRCH, B.C. 1998. The first and second books of Samuel. Introduction, commentary and reflections. The New Interpreters Bible. Nashville: Abbingdon Press.

BONANNO, G.A. 2004. Loss, trauma and human resilience. *American Psychologist*, 59(1):20-28.

BONANNO, G.A. & KALTMAN, S. 2001. The varieties of grief experience. *Clinical Psychology Review*, 21(5):705-743.

BOSMAN, J. 2002. Pastoraat aan die Afrika-mens. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit (Verhandeling – M.A.).

BRINK, A.D. 1988. 'n Historiese en teologiese interpretasie van die doodsproblematiek – 'n sistematies-teologiese ondersoek. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling – M.A.).

BRUBRAKER, E. 1985. Older parents' reactions to the death of adult children: implications for practice. *Journal of Gerontological Social Work*, 9(1):35-48.

BRUEGGEMANN, W. 1982. Genesis. Atlanta: John Knox.

BRUEGGEMANN, W. 1990. First and Second Samuel. Louisville: John Knox.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke bevat van die Ou en Nuwe Testament. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1993. Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CACACE, M.F. & WILLIAMSON, E. 1996. The death of an adult child. *Journal of Gerontological Nursing*, 1996:16-22.

CARAGDUNIS, C.C. 1997. בָּ (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 1:671-677).

CAMPBELL, A.V. 1981. Rediscovering pastoral care. London: Darton, Longman & Todd.

CHARLTON, R.C. 1995. The onset of dementia following bereavement. *Australian Family Physician* 24(7):1233-1236, July.

CHRISTIANS, C.G. 2003. Ethics and politics in qualitative research. (In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., eds. 2003. The landscape of qualitative research. Theories and issues. California: Sage Publications).

CLARKE, A. Luke. 2005.

<http://www.godrules.net/library/clarke/clarkeluk24.htm> Datum van gebruik: 7 Jul. 2005.

CLARKE, C.S. & WRIGLEY, M. 2004. Suicide-related bereavement and psychiatric morbidity in the elderly. *Irish Journal of Psychological Medicine*, 21 (1):22-24, March.

CLINEBELL, H. 1992. Basic types of pastoral counselling. Tennessee : Abingdon.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. ( *In* Floor. L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. p.15-30.).

COETZER, W. 2005. Traumaberading. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.

COLLINS, G.R. 1993. Christian counselling. A comprehensive guide. Dallas : Word Publishing.

COOK, A.S. & DWORKIN, D.S., 1992. Helping the bereaved. New York: Basic Books.

CRESWELL, J.W. 1994. Research design: qualitatiiive and quantitative approaches. Thousand Oaks: Sage.

CULPEPPER, R.A. 1995. The Gospel of Luke. Introduction, commentary and reflections. The New Interpreters Bible. Nashville: Abbingdon Press.

DU TOIT, C.M. 1991. Ouers in die rouproses. Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - M.A.).

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

DE KLERK, W.J. 1972. Rousmart. Johannesburg: De Jongh.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S., *eds.* 2003. The landscape of qualitative research. Theories and issues. California: Sage Publications.

D'EPINAY, C.J.L., CAVALLI, S. & SPINI, D. 2003. The death of a loved one: Impact on health and relationships in very old age. *Omega*, 27(3):265-284.

DE VAUX, R. 1980. Ancient Israel. It's life and institutions. London: Darton, Longman & Todd.

- DE VILLIERS, F.M.J. 1977. Sterwensbegeleiding. Johannesburg: Perskor-uitgewery.
- DE VILLIERS, F.M.J. 1985. Sterwensbegeleiding. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUICHE, C.B., POGGENPOEL, M., SCHURINK, E. & SCHURINK, W. eds. 1998. Resaerch at Grass Roots. A primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik.
- DE VRIES, B. 1997. Introduction: kinship bereavement in later life. *Omega*, 35(1):1-7
- DE VRIES, B., DAVIS, C.G. & WORTMAN, C.R. 1997. Long-term psychological and somatic consequences of later life parental bereavement. *Omega*, 35(1):97-117.
- DEY, I. 1993. *Qualitative data analysis: a user friendly guide for social scientists*. London: Routledge.
- DIE BYBEL IN PRAKTYK. 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- DREYER, H. 2006. Depressie. Hoe om depressie lyers te verstaan en te ondersteun. <http://www.drhansdreyer.com> Datum van gebruik: 19 Mei 2008.
- DU TOIT, A. 2003. Die gebruik van rituele as 'n terapeutiese hulpmiddel tydens rouberaad: 'n prakties-teologiese ondersoek. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling – M.A.)
- DU TOIT, C.M. 1991. Ouers in die rouproses. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – M.A.)
- E-SWORD. 2005. Bybelprogram. [CD-ROM]

ELLENBOGEN, S. & GRATTON, F. 2001. Do they suffer more? Reflections on research comparing suicide survivors to other survivors. *Suicide and Life-threatening Behaviour*, 31(1):83-90.

EPSTEIN, I. 1988. Quantitative and qualitative methods. (In Grinnell, R.M., ed. *Social Work Research and Evaluation*. 3rd ed. Illinois: F.E. Peacock Publishers Inc.)

EYBERS, I.H., KÖNIG, A, STOOP, J.A. (red) 1978. Inleiding in die Teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

EZZY, D. 2000. Illness narratives: Time, hope and HIV. *Social Science and Medicine*, 50(5)605-617.

FAULKNER, W. 1980. Absalom, Absalom! Harmondsworth: Penguin.

FLOOR, L, & COETZEE, J.C. 1980. Skrif en wetenskap. *Potchefstroomse Studies in Christelike Wetenskap*. J(22):1-32.

FLORIAN, V. 1990. Meaning and purpose in life of bereaved parents whose son fell during active military service. *Omega*, 20(2):91-102.

FOURIE, J. 1996. 'n Maatskaplikewerk-onderzoek na rouSMARTbegeleiding van ouers na afsterwe van 'n kind. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – M.A.).

FOWLER, J. 2004. Practical theology and theological education: some models and questions. *Theology Today*, 42(1):43-58.

FRANKL, V.E. 1970. Man's search for meaning. Hodder & Soughton: Washington.

FRANKLIN, E. 2001. Luke The Oxford Bible Commentary. Oxford: Oxford University Press.

- FRETHEIM, T.E. 1994. The book of Genesis. Introduction, commentary and reflections. The New Interpreters Bible. Nashville: Abingdon Press. 1:601-641.
- FREUD, S. 1957. Mourning and melancholia (*In* Strachey, J., *ed* The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud, 14:152-170. London: Hogarth Press.)
- GALE, D.D., MITCHELL, A.M., GARAND, L. & WESNER, S. 2003. Client narratives: A theoretical perspective. *Issues in Mental Health Nursing*, 24:81-90, Jan.
- GILBERT, K.R. 1997. Couple coping with the death of a child. (*In* FIGLEY, C.R., BRIDE, B.E. & MAZZA, N., eds. Death and trauma. The traumatology of grieving. Washington: Taylor & Francis. p. 211-227.)
- GILLESPIE, D.F. & GLISSON, C., eds. 1992. Quantitative methods in social work: state of the art. New York: The Haworth Press.
- GOODMAN, M., BLACK, H.K., RUBINSTEIN, R. 1996. Paternal bereavement in older men. *Omega*, 33(4):303 – 322.
- GOODMAN, M., RUBINSTEIN, R.L., ALEXANDER, B.B. & LUBORSKY, M. 1991. Cultural differences among elderly women in coping with the death of an adult child. *Journal of Gerontology*, 46(6):S321-S329.
- GREENBERG, L.W., OCHSENSCHLAGER, D., COHEN, G.J., EINHORN, A.H. & O'DONNELLS, R. 1993. Counselling parents of a child dead on arrival: A survey of emergency departments. *American Journal of Emergency Medicine*, 11(3):225-229.
- GRINNELL, R.M. & STOTHERS, M. 1988. Social work research and evaluation. 3rd ed. Illinois: F.E Peacock Publishers Inc.
- HAMILTON, V.P. 1997b. בער (*In*: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. 3:124-127).

HAMILTON, V.P. 1997a. אלה (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. 3:108).

HARRIS, R.L., GLEASON, L.A. (Jnr) & WALTKE, B.K. 1980. Theological wordbook of the Old Testament, Volume 1 & 2. Chicago: The Moody Bible Institute.

HERBERT, M. 1996. Supporting bereaved and dying children and their parents. Leicester: British Psychological Society.

HEITINK, G. 1983. Gids voor het pastoraat. Kampen: J.H. Kok.

HEITINK, G. 1977. Pastoraal als hulpverlening: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen: Kok.

HEMFELT, R., MINIRTH, F. & MEIER, P. 2003. Love is a choice. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

HERMAN, J.L. 1997. Trauma and recovery. London: Pandora

HERR, J.J. & WEAKLAND, J.H. 1979. Counselling elders and their families: Practical techniques for applied gerontology. New York: Springer.

HILL, D. 2003. The grieving Christian father: What are his needs? *Journal of Pastoral Counselling*, 28:73-99.

HILL, D. 2002. The grieving Christian mother: What are her needs? *Journal of Pastoral Counselling*, 37:50-73.

HOCKER, E.V. 2005. Special Report: Parental Loss of an Adult Child. <http://www.thanos.org> Datum van gebruik: 15 Apr. 2005.

- HOY, L.J. 1998. The only way out of grief is through.  
<http://www.hoyweb.com/faq/grief.htm>. Datum van gebruik: 19 Mei 2008.
- HOROWITZ, M.J., SIEGEL, B., HOLEN, A., BONNANO, G.A., MILBRATH, C. & STINSON, C.H. 1997. Diagnostic criteria for complicated grief disorder. *American Journal of Psychiatry*, 154:904-910.
- HORWITZ, S.H. 1997. Treating families with traumatic loss: transitional family therapy. (In FIGLEY, C.R., BRIDE, B.E. & MAZZA, N., eds. *Death and trauma. The traumatology of grieving*. Washington: Taylor & Francis. p. 211-227.)
- HUBBARD, G. 1992. Helping parents grieve. *Leadership*, Winter:85-89.
- HUMAN, C. 1993. Source and nature of social support received after death of an adult child as a result of aids or cancer: a comparison of mothers' perceptions. *Unisa Psychologia*, 20:55-60.
- JANESICK, V.J. 1998. *Stretching exercises for qualitative researchers*. Thousand Oaks: Sage.
- JENSEN, K.B. 2002. *A handbook of media and communication research. Qualitative and quantitative methodologies*. New York: Routledge.
- JOHNSON, E.L. & JONES, S.L., eds. 2000. *Psychology and Christianity. Four views*. Illinois: InterVarsity Press.
- JORDAN, J.R. 2001. Is suicide bereavement different? A reassessment of the literature. *Suicide and Life-threatening Behaviour*, 31(1):91-102.
- JORDAN, J.R. & NEIMEYER, R.A. 2003. Does grief counselling work? *Death Studies*, 27:765-786.
- JOUBERT, D. 1992. *Reflections on soacial values*. Pretoria: HSRC Publishers.

- KARAM, E.G., 1994. The Nosological status of bereavement-related depressions. *British Journal of Psychiatry*, 165:48-52.
- KANDER, J. 1990. So I will comfort you.... Kaapstad: Lux Verbi.
- KAUFFMAN, J. (ed.) 2002. Loss of the assumptive world. A theory of traumatic loss. New York: Brunner-Routledge.
- KERNER, J., HARVEY, B. & LEWISTON, N. 1987. The impact of grief: a retrospective study of family function following loss of a child with cystic fibrosis. *Journal of Chronic Diseases*, 32:221-225.
- KESSLER, R.C. 1997. The effects of stressful life events on depression. *Annual Reviews Psychology*, 48:191-214.
- KIVIMAKI, M., VAHTERA, J., ELOVAINIO, M., LILLRANK, B. & KEVIN, M. 2002. Death or illness of a family member, violence, interpersonal conflict and financial difficulties as predictors of sickness absence: Longitudinal cohort study on psychological and behavioral links. *Psychosomatic Medicine*, 64:817-825.
- KLASS, D. 1996. The deceased child in the psychic and social worlds of bereaved parents during resolution of grief. (In: KLASS, D., SILVERMAN, P.R., NICKMAN, S.L. (Eds) *Continuing Bonds*. Washington, DC: Taylor & Francis. p.199-215.)
- KLICH. B. 2006. Losing an adult child.  
[http://www.bfotoronto.ca/articles/klich\\_adult\\_child.asp](http://www.bfotoronto.ca/articles/klich_adult_child.asp) Datum van gebruik: 15 Aug. 2006.
- KÜBLER-ROSS, E. 1970. On death and dying. London: Tavistock.
- KUPFERMAN, E. 2008. Grief, loss and insidious loneliness.  
<http://www.expressivecounselling.com/grief-loneliness-friends> Datum van gebruik: 24 Mei 2008.

HESS, R.S. 1997. שָׁעַר (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 4:208-211).

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1977. Op weg met die teologie. Kaapstad: N G Kerk Boekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste tree in die pastorale teologie. Pretoria: Gnosis.

JONES, G.H. 2001. 1 and 2 Samuel. The Oxford Bible Commentary. Oxford: Oxford University Press.

JONKER, L. 1997. עלייה (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 3:442.)

KARRIS, R. 2006. Luke  
[http://63.136.1.23/pls/eli/pshow?lcookie=4063606&pid\).htm](http://63.136.1.23/pls/eli/pshow?lcookie=4063606&pid).htm) Datum van gebruik: 12 Jan. 2006.

KLICH, B. 2006. Losing an adult child.  
[http://bfotoronto.ca/articles/klich\\_adult\\_child.asp](http://bfotoronto.ca/articles/klich_adult_child.asp) Datum van gebruik: 25 Feb. 2006.

LEICK, N. & DAVIDSEN-NIELSEN, M. 1991. Healing pain. Attachment, loss and grief therapy. New York: Travistock/Routledge.

LEGACY. 2008. How support groups can be beneficial. [http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/support\\_groups.htm](http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/support_groups.htm) Datum van gebruik: 28 Jan. 2008.

LEHMAN, D.R. & WORTMAN, C.B. 1987. Long-term effects of losing a spouse or child in a motor vehicle crash. *Journal of Personality and Social Psychology*, 52(1):218-231.

- LESHER, E.L. & BERGEY, K.J. 1988. Bereaved elderly mothers: changes in health, functional activities, family cohesion and psychological well-being. *Omega*, 26(2):81-90.
- LEVANT, R. F. 1984. Family therapy: A comprehensive overview. New Jersey: Prentice-Hall.
- LI, J., PRECHT, D.H., MORTENSEN, P.B. & OLSEN, J. 2003. Mortality in parents after death of a child in Denmark: a nationwide follow-up study. *Lancet*, 361(9355):363-367, Jan.2.
- LIEDBOEK. 2001. Liedboek van die Kerk. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- LINDEQUE, D. 2006 Die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit (Verhandeling – PhD)
- LINK COUNSELLING CENTRE. 2008. Grief and the mourning Process. [http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/mourning\\_process.htm](http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/mourning_process.htm) Datum van gebruik: 19 Mei 2008.
- LITTLEWOOD, J. 1993. Aspects of grief, bereavement in adult life. London: Routledge.
- LOHAN, J.A. & MURPHY, S.A. 2001-2002. Parent's perceptions of adolescent sibling grief responses after an adolescent or young adult child's sudden violent death. *Omega*, 44(1):77-95.
- LOHAN, J.A. & MURPHY, S.A. 2002. Family functioning and family typology after an adolescent or young adult's sudden violent death. *Journal of Family Nursing*. 8(1):32-49.
- LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Kaapstad: Lux Verbi.
- LOUW, D.J. 1982. Pastoraat en lyding. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

LOUW, D.J. 1983. *Siekepastoraat: Siekwees as krisis en geleentheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A., (reds) 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*. New York: United Bible Societies.

MALAN, M. 2006. *Ons kind is dood*. *Leef*, 10:82-85, Jul.

MALKINSON, R. & BAR-TUR, L. 1999. The aging of grief in Israel: A Perspective of bereaved parents. *Death Studies*, 23:413-431.

MALKINSON, R. & BAR-TUR, L. 2005. Long term bereavement processes of older parents: the three phases of grief. *Omega*, 50(2)103-129.

MATSAKIS, A. 1996. *I can't get over it. A handbook for trauma survivors*. 2<sup>nd</sup> ed. Oakland : New Harbinger.

McCOY, R.G. 1995. Qualitative research. (In Edwards, R.L., ed. *Encyclopedia of social work*. 19th. ed. Washington, DC: NASW Press. p.2009-2015.)

MEIER, P., ARTERBURN, S. & MINIRITH, F. 1999. *Mood swings. Understand your emotional highs & lows and achieve a more balanced & fulfilled life*. Nashville: Thomas Nelson.

MEIER, P., CLEMENTS, T., BERTRAND, J-L. & MANDT, D.M.D. 2005. *Blue genes. Breaking free from the chemical imbalances that effect your moods, your mind, your life and your loved ones*. Carol Stream: Tyndale.

MEIER, P. & WISE, R.L. 2003. *Crazy makers*. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

MINIRITH, F. & MEIER, P., 1994. *Happiness is a choice. The symptoms, causes and cures of depression*. 2nd ed. Grand Rapids: Baker Books House Company.

MINTER, P. 2008. Bible wisdom still works today. <http://www.bible-wisdom-counselling.com/pastoralcounselling.html> Datum van gebruik: 19 Mei 2008.

MORGENSTERN, D. 1992. Caregiving interventions with the elderly: paths, pains, pitfalls and possibilities. *Psychotherapy in Private Practice*, 11(4):63-73.

MOSS, M.S. 2006. When an adult child dies. <http://www.hospicefoundation.org/teleconference/2002/moss.asp> Datum van gebruik: 15 Aug. 2006.

MOSS, M.S., LESHER, E.L. & MOSS, S.Z. 1986-1987. Impact of the death of an adult child on elderly parents: some observations. *Omega*, 17(3):209-218.

MURPHY, S.A. 1996. Parent bereavement, stress and preventive intervention following the violent deaths of adolescent or young adult children. *Death Studies*, 20:441-452.

MURPHY, S.A., CHUNG, I. & JOHNSON, L.C. 2002. Patterns of mental distress following the violent death of a child and predictors of change over time. *Research in Nursing and Health*, 25:425-437, Sept.

MURPHY, S.A., JOHNSON, L.C., JANET L. 2003a. Finding meaning in a child's violent death: a five year prospective analysis of parents personal narratives and empirical data. *Death Studies*, 27(5):381-404, Jun.

MURPHY, S.A., JOHNSON, L.C. & LOHAN, J. 2002. The aftermath of the violent death of a child: an integration of the assessments of parents' mental distress and PTSD during the first 5 years of bereavement. *Journal of Loss and Trauma*, 7:203-222.

MURPHY, S. A., JOHNSON, C., CAIN, K.C., GUPTA, A. D., DIMOND, M., LOHAN, J. & BAUGHER, R. 1998. Broad-spectrum group treatment for parents bereaved by the violent deaths of their 12 to 28 year-old children: A randomized controlled trail. *Death Studies*, 22:209-235.

MURPHY, S.A., JOHNSON, L.C., WU, L., FAN, J.J. & LOHAN, J. 2003b. Bereaved parents' outcomes 4 to 60 months after their children's death by accident, suicide or homicide: a comparative study demonstrating differences. *Death Studies*, 27(1):39-62, Jan.

MURPHY, S.A., GUPTA, A.D., CAIN, K.C., JOHNSON, L.C., LOHAN, J., WU, L. & MEKWA, J. 1999. Changes in Parents' mental distress after the violent death of an adolescent or young adult child: A longitudinal prospective analysis. *Death Studies*, 23(2):129-160, March.

MURPHY, S.A., TAPPER, V.J., JOHNSON, L.C. & LOHAN J. 2003c. Suicide ideation among parents bereaved by the violent deaths of their children. *Issues in Mental Health Nursing*, 24(1):5-26, Jan.

NATIONAL INSTITUTION OF MENTAL HEALTH. 2008.  
<http://www.nimh.nih.gov/health/publications/depression/complete-publication.shtml>  
Datum van gebruik: 19 Mei 2008.

NELSON, C., TREICHLER, P.A. & GROSSBERG, L. 1992. Cultural studies: An Introduction. (In Grossberg, L., Nelson, C., Teichler, P.A., eds. Cultural studies. New York: Routledge. p.1-16.)

NEILL, J. 2006. What is locus of control?  
<http://www.wilderdom.com/psychology/loc/LocusOfControlWhatIs.html> Datum van gebruik: 7 Nov. 2006.

NEIMEYER, R.A. (ED). 2003. Meaning reconstruction & the experience of loss. Washington: The American Psychological Association.

NEIMEYER, R.A. 2004. Research on grief and bereavement: evolution and revolution. *Death Studies*, 28:489-490.

- NEIMEYER, R. A., KEESEE, N. J. & FORTNER, B. V. 2000. Loss and meaning reconstruction: propositions and procedures. (In Malkinson, S., Rubin, S., Witztum, E. (Eds.), *Traumatic and nontraumatic loss and bereavement*. Madison, CT: Psychosocial Press. p.197-229).
- NEL, P.J. 1997. שלום (In: *New international dictionary of Old Testament theology and exegesis*. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 4:130-135).
- NESS, D.E. & PFEFFER, C.R. 1990. Sequelae of bereavement resulting from suicide. *American Journal of Psychiatry*, 147(3):279-285. March.
- NEUGEBOREN, J. 1976. *An orphan's tale*. New York: Holt, Rinehart & Winston
- NEUMAN, W.L. 1997. *Social research methods*. London: Allyn and Bacon.
- NEUMAN, W.L. 2006. *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches*. 6th ed. New York: Allyn and Bacon.
- NEW, M. 2008. *Depression*.  
[http://www.kidshealth.org/teen/your\\_mind/mental\\_health/depression.html](http://www.kidshealth.org/teen/your_mind/mental_health/depression.html) Datum van gebruik: 27 Mei 2008.
- NIELSEN, J.T. 1983. *Het Evangelie Naar Lucas. Volume 2*. Nijkerk: G F Callenbach.
- NIELSEN, J.T. 1979. *Het Evangelie Naar Lucas. Volume 1*. Nijkerk: G F Callenbach.
- NOLLAND, J. 1993. *Word Biblical Commentary, Volume 35c, Luke 18:35-24:53*. Dallas: Word Books.
- NOLLAND, J. 1989. *Word Biblical Commentary, Volume 35a, Luke 1-9:20*. Dallas: Word Books.

- NORRIS, F.H. & MURRELL, S.A. 1987. Older adult family stress and adaption before and after bereavement. *Journal of Gerontology*, 42(6):606-612.
- NOVUM TESTAMENTEN GRAECE. 1979. Nestle-Aland. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.
- O'CONNELL, R.H. 1997. אכל (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 1:393-397).
- ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2004. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand: Perskor.
- OLIVIER, A. 1997. אכל (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 1:243-248).
- OTT, C. H., 2003. The impact of complicated grief on mental and physical health at various points in the bereavement process. *Death Studies*, 27:249-272.
- OVERTON, W.F. 2006. Metatheory.  
<http://astro.ocis.temple.edu/~overton/metatheory.thml> Datum van gebruik: 11 Sept. 2006.
- OWEN, G., FULTON, R. & MARKUSEN, E. 1982-1983. Death at a distance: a study of family survivors. *Omega*, 13(3):191-225.
- PATON, A. 2003. Cry, the beloved country. New York: Scribner.
- PATERNITI, S., VERDIER-TAILLEFER, M., DUFOUIL, C. & ALPEROVITCH, A. 2002. Depressive symptoms and cognitive decline in elderly people. Longitudinal study. *British Journal of Psychiatry*, 181:406-410.

PIETERSE, H. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

POLATINSKY, S. & ESPREY, Y. 2000. An assessment of gender differences in the perception of benefit resulting from the loss of a child. *Journal of Traumatic Stress*, 13(4):709-718.

POWERS, G.T., MEENHAGEN, T.M. & TOOMEY, B.G. 1995. *Practice focused research. Integrating human service practice and research*. New Jersey: Prentice-Hall Inc.

PRIGERSON, H.G., FRANK, E., KASL, S.V., REYNOLDS, C.F., ANDERSON, B., ZUBENKO, G.S., HOUCK, P.R., GEORGE, C.J. & KUPFER, D.J. 1995. Complicated grief and bereavement-related depression as distinct disorders: preliminary empirical validation in elderly bereaved spouses. *American Journal of Psychiatry*, 152(1). 22-30. Jan.

RAGIN, C.C. 1994. *Constructing social research. The unity and diversity of method*. Thousand Oaks: Sage publications.

RANDO, T.A. 1993. *Treatment of complicated mourning*. New York: Research Press.

RAPHAEL, B. 1983. *The Anatomy of bereavement*. New York : Basic Books.

RETIEF, Y. 2004. *Genesing vir trauma in die Suid-Afrikaanse konteks*. Kaapstad: Struik.

RIESSMAN, C.K., *ed.* 1994. *Qualitative studies in Social Work research*. Thousand Oaks: Sage Publications.

RICHARDSON, R. 2005. *Experiencing healing prayer*. Downers Grove: Intervarsity Press.

ROMANOFF, B. & TERENCE, M. 1998. Rituals and the grieving process. *Death Studies*, 22:697-711.

ROY, P.F. & SUMPTER, H. 1993. Group support for the recently bereaved. *Health and social work*, 8(3)230-232.

ROYFFE, J. ([info@iitci.co.za](mailto:info@iitci.co.za)) 7 Nov. 2006. Trauma definition. E-pos aan: De Jager, P.J.C. ([pjcdelj@xsinet.co.za](mailto:pjcdelj@xsinet.co.za)).

RUBIN, S.S. 1992. Adult child's loss and the two-track model of bereavement. *Omega*, 24(3):183-202.

RUBINSTEIN, G. 2004. Locus of control and helplessness: Gender differences among bereaved parents. *Death Studies*, 28:211-223

SA *kyk* SUID AFRIKA.

SAPA-AFP, 2003. Road crashes top global causes of fatal injuries.  
<http://healthlink.org.za/news/20030512> Datum van gebruik: 11 Sept. 2006.

SEAMANDS, D.A. 1995. Healing for damaged emotions. Wheaton: Victor Books.

SEAMANDS, D.A. 1988. A healing of memories. Illinois: Victor Books.

SEAMANDS, S. 2003. Wounds that heal. Downers Grove: Intervarsity Press.

SCHIFF, H. S., 1977. The bereaved parent. New York: Crown Publishers)

SCHIRALDI, G.R. 2000. The post-traumatic stress disorder sourcebook. Los Angeles: Lowell House.

SCHOENBERG, M. (ED). 1980. Bereavement counselling – a Multidisciplinary Handbook. Connecticut: Greenwood Press.

- SCHULTZ, R. 1997. *טפֿש* (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 4:213-220).
- SCHWAB, R. 1996. Gender differences in parental grief. *Death Studies*, 20:103-113.
- SCHWÄR, T.G., LOUBSER, J.D., OLIVIER, J.A. 1984. Die ABC van geregtelike geneeskunde. 'n Praktiese Handleiding. Pretoria: Kagiso.
- SEGUIN, M., LESAGE, A. & KIELY, M.C. 1995. Parental bereavement after suicide and accident: a comparative study. *Suicide and Life-threatening Behaviour*, 25(4):489-498. Winter
- SHANFIELD, S.B., BENJAMIN, A.H. & SWAIN, B.J. 1984. Parent's reactions to the death of an adult child from cancer. *American Journal of Psychiatry*, 141:1092-1094.
- SILVERMAN, D. 1993. Interpreting qualitative data. Methods for analysing talk, text and interaction. Thousand Oaks: Sage Publications.
- SUID AFRIKA. 2003. Older Persons Bill, as introduced in the National Assembly as a Section 76 Bill. *Staatskoerant*, 25347:3, Aug. 2003.
- STEIN, R.H. 1992. Luke. Nashville: Broadman.
- STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk-navorsing. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- STRYDOM, H. & FOURIE, J. 1998. The content and evaluation of a bereavement counselling programme for parents after the death of a child. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 34(4):389-405.

SUE, D., SUE, D.W. & SUE, S. 2003. Understanding abnormal behaviour. Boston: Houghton Mifflin Company.

TESIK, J. 2008. Why we grief differently. [http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/why\\_differently.htm](http://www.hopes-wi.org/SurvivorsGuide/why_differently.htm) Datum van gebruik: 19 Mei 2008.

THE COMPASSIONATE FRIENDS. 2004. The death of an adult child. [http://www.compassionatefriends.org/Brochures/death\\_of\\_adult\\_child.htm](http://www.compassionatefriends.org/Brochures/death_of_adult_child.htm) Datum van gebruik: 15 Apr. 2005.

THOMAS, S.P. 2003. Why did he do it - Confronting issues of suicide and bereavement. *Issues in Mental Health Nursing*, 24(1):1-3, Jan.

THOMPSON, S.C. 1981. Will it hurt less if I can controll it? A complex answer to a simple question. *Psychological Bulletin*, 90(1):89-101.

THURNEYSSEN, E. 1963. A theology of pastoral care. Richmond, Virginia: John Knox Press.

THYER, B.A., *ed.* 2001. The Handbook of social work research methods. California: Sage Publications.

TURNER, L.A. 2000. Genesis. Sheffield: Sheffield Academic Press.

U.S. DEPARTMENT OF HEALTH AND HUMAN SOURCES. 2006. Guidelines for Christian clergy. Providing care to the family experiencing perinatal loss, neonatal death SIDS or other infant death. <http://www.sids-id-psc.org> Datum van gebruik: 6 Jun. 2006.

URSANO, R.J., MCCAUGHEY, B. & FULLERTON, C.S. eds. 1994. Individual and community responses to trauma and disaster: the structure of human chaos. Cambridge: Cambridge University Press.

- VAN DAM, C. 1997. אָר (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 2:386-387).
- VAN DONGEN, C.J. 1991. Experiences of family members after a suicide. *The Journal of Family Practice*, 33(4):375-380.
- VAN DER VEN, J. 1993. Practical theology: an empirical approach. Kampen: Kok Pharos Publishing House.
- VAN PELT, M.V. & KAISER (jr), W.C. 1997 אָר (In: New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids Michigan: Zondervan Publishing House. Vol. 3:1045-1046).
- VENTER, C. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. RGN-studies in praktiese teologie. Pretoria: RGN Uitgewery.
- VENTER, C.J.H. 1992. Diakonologie en rasionaliteit – ’n verkenning. *In die Skriflig*. 26(1):29-51.
- VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakonologie. *In die Skriflig*. 29(1 & 2):181-202.
- VON RAD, G. 1981. Genesis. London: Bloomsbury street.
- WALSH, F. & MCGOLDRICK, M. 1991. Living beyond loss. New York: W.W. Norton & Company, Inc.
- WARD, T. 1999. Taming your emotional tigers. Glasgow: Intervarsity Press.
- WHEELER, I. 1994. The role of meaning and purpose in life in bereaved parents associated with a self-help group: compassionate friends. *Omega*, 28(4):261-271.

WHEELER, I. 2001. Parental bereavement: the crisis of meaning. *Death Studies*, 25(1):51-67. Jan.

WENHAM, G.J. 2003. Genesis. Eerdmans Commentary on the Bible. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

WENHAM, G.J. 1994. Word Biblical Commentary, Volume 2, Genesis 16-50. Dallas: Word Books.

WHITE, S. 2005. Death of a child. <http://www.childbereavement.org.uk> Datum van gebruik: 15 Apr. 2005.

WILKINSON, T. 1991. The death of a child. London: Julia MacRae Books.

WHYBRAY, R.N. 2001. Genesis. The Oxford Bible Commentary. Oxford: Oxford University Press.

WIKIPEDIA ENCYCLOPEDIA. 2006. Locus of control. [http://en.wikipedia.org/wiki/locus\\_of\\_control](http://en.wikipedia.org/wiki/locus_of_control) Datum van gebruik: 7 Nov. 2006.

WILLIAMS, M., TUTTY, L.M. & GRINNEL, R.M. 1995. Research in social work. An introduction. Itasca: Peacock Publishers.

WHITE, S. 2005. Death of a child. <http://www.childbereavement.org.uk> Datum van gebruik: 15 Apr. 2005.

WITAKER, D.S. 1992. Using groups to help people. London: Routledge.

WORDEN, J.W. 1982. Grief counselling and grief therapy. London: Tavistock.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R., (reds.) *Praktische Theologie Heute*. Munchen: Kaiser. p. 164-177.)

ZERFASS, R., & GREINACHER, N. 1976. Einführung in die praktische theologie.  
Munche: Kaiser

ZNOJ, H.J. & KELLER, D. 2002. Mourning parents: considering safeguards and  
their relation to health. *Death Studies*, 26(7):545-566. Sept.

## BYLAAG A

### BEGRAFNISRITUELE EN DIE ROUPROSES IN DIE OU TESTAMENT

Roland de Vaux het in sy boek *Ancient Israel, its life and institutions* (1980:56-61), besondere agtergrond gegee oor die begrafnisrituele en die rouproses in die Ou Testament. Vir die doel van die twee Ou Testamentiese gedeeltes waarvoor eksegetiese gedoen is, is dit belangrik dat hiervan kennis geneem word.

Israel (van die Ou Testament) het nie 'n onderskeiding gemaak tussen gees en liggaam nie en dus het die dood nie die twee van mekaar geskei nie. Vir so lank as wat die liggaam of beendere van die liggaam bestaan het, het die gees bestaan. Daarom is daar soveel moeite gedoen met die gestorwe liggaam en met 'n eervolle begrafnis. Israel het op 'n stadium die Kanaänitiese gebruik oorgeneem om in die grafkelder voedsel vir die afgestorwene te plaas. Dit het niks anders beteken as dat Israel geglo het in die lewe na die dood en die graf nie.

Die liggame van gestorwenes is nooit gebalsem of veras nie. Jakob en Josef se liggame is wel gebalsem en Josef is in 'n kis begrawe – dit was alles Egiptiese invloed, en nie die gewoontes van Israel nie. Die begrafnis het op dieselfde dag as die dood plaasgevind en die liggaam is in 'n natuurlike of mensgemaakte grot begrawe.

By die aanhoor van iemand se dood was daar sekere vasgestelde rituele waardeur die vriende en familie gegaan het. Die heel eerste gebaar, nadat van die dood verneem is, was om jou klere te skeur. Dan is daar rouklere aangetrek. Dit was van baie growwe materiaal gemaak en is om die bors, om die heupe en teen die vel gedra is. Hulle het ook hulle skoene uitgetrek en enige hoofbedekkings verwyder. Die mans het soms hulle baard bedek of 'n sluier oor hulle gesig gedra. Die mans het hulle hare en baarde ten volle of gedeeltelik afgeskeer en ook soms snye op hul liggame gemaak. Laasgenoemde is egter veroordeel omdat dit iets van die heidendom laat deurskemer het. Hulle het gerou met een hand op hul kop – dit was die uitdrukking van rou.

Die wat gerou het, het grond op hulle koppe gegooi of met hulle koppe en soms met hul hele lyf in die stof gerol. Soms het hulle op 'n hoop as gaan sit of gaan lê en treur. Hulle het hulle ook weerhou daarvan om hulleself te was of om enige parfuum te gebruik in die tyd waarin hulle gerou het.

Daar was ook 'n gebruik om te was na die dood van 'n naasbestaande. Familie en vriende het na die vastyd kos en drank na die huis gebring waar die persoon gesterf het, omdat die huis onrein sou wees en voedsel nie daar berei kon word nie.

Die belangrikste begrafnisseremonie was die klaagliedere met betrekking tot die afgestorwene. In die eenvoudigste vorm was dit 'n skerp aanhoudende geskreeu, wat met die roep van 'n jakkals of volstruis vergelyk kan word. Die woorde: “my arme broer” of “my arme man” is oor en oor gesê. 'n Pa wie se kind gesterf het sou die kind se naam naam aanhoudend oor en oor sê. Dit verklaar waarom Dawid die naam van sy seun Absalom oor en oor uitgeskree het. Dit het later ontwikkel in klaagliedere wat oor en oor gesing is.

## BYLAAG B

### VERTALINGS VAN DIE ONDERSKEIE PERIKOPE WAAROOR EKSEGESE GEDOEN IS IN HOOFSTUK 2

In 'n poging om die perikoop se vertaling vas te stel en die gedagte-opbou op makrovlak te bevestig, is as basiese vertrekpunt die Afrikaanse Vertaling van 1983 geneem (ANT) en dit is vergelyk met die 1953 vertaling (AOV) asook die Literal Translation of the Holy Bible (LITV). Alle verwysings is direk aangehaal vanuit E-Sword rekenaarprogram (E-Sword, 2005).

#### **Gen 37:31-36**

*Vers 31: (ANT) Maar sy broers het 'n boklam geslag en die klere van Josef gevat en in die bloed gedoop. (AOT) Toe neem hulle Josef se rok, en hulle slag 'n bok en steek die rok in die bloed, (LITV) And they took Joseph's robe, and killed a ram of the goats, and dipped the robe in the blood.*

*Vers 32: (ANT) Toe stuur hulle Josef se klere met 'n boodskap vir hulle pa: "Ons het dit opgetel. Kyk of dit dalk u seun se klere is." (AOT) en hulle stuur die lang rok weg en laat dit na hulle vader bring met die woorde: Dit het ons gevind. Kyk tog goed of dit die rok van u seun is of nie. (LITV) And they sent the robe reaching to the soles of his feet, and they took it to their father, and said, We have found this. Now look, is it your son's robe?*

*Vers 33: (ANT) Israel het dit herken en gesê: "Dit is my seun se klere. 'n Roofdier het hom opgevreet. Josef is opgevreet!" (AOT) En hy het dit herken en gesê: Die rok van my seun! 'n Wilde dier het hom opgeëet. Verskeur, verskeur is Josef! (LITV) And he knew it, and said, My son's robe! An evil beast has eaten him. Being torn Joseph is torn in pieces.*

*Vers 34: (ANT) Jakob het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur. (AOT) Toe skeur Jakob sy klere en trek 'n roukleed om sy heupe, en hy*

*het oor sy seun gerou, baie dae lank. (LITV) And Jacob tore his clothing and put sackcloth on his loins. And he mourned many days for his son.*

*Vers 35: (ANT) Al sy kinders het vir Jakob probeer troos, maar hy wou hom nie laat troos nie. Hy het gesê: "Ek sal bly treur oor my seun tot ek by hom in die dood is." So het Josef se pa bly treur oor hom. (AOT) En al sy seuns en al sy dogters het moeite gedoen om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: Nee, treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal! So het sy vader hom dan beweene. (LITV) And all his sons and all his daughters rose up to comfort him. And he refused to be comforted, and said, I will go down to Sheol mourning for my son. And his father wept for him.*

*Vers 36: (ANT) Die Midianiete het vir Josef in Egipte verkoop aan Potifar. Hy was aan die farao se paleis verbonde as hoof van die lyfwag. (AOT) En die Midianiete het hom na Egipte verkoop aan Pótifar, 'n hofdienaar van Farao, die owerste van die lyfwag. (LITV) And the Midianites sold him into Egypt, to Potiphar, a eunuch of Pharaoh, the chief of the executioners.*

#### **Vertaling van 2 Sam 18:33 en 19:4**

**18:33:** *Die koning het ontroerd geraak en in trane na die kamer bokant die poort opgeklim. Daar het hy heen en weer geloop en gesê: "My seun, Absalom, my seun, my seun. Absalom, ag, as ek maar in jou plek kon gesterwe het. Absalom, my seun, my seun." (ANV) Toe het die koning baie ontroerd geword en opgeklim na die bovertrek van die poort en geweene; en hy het rondgeloop en só gesê: My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun! (AOV)*

*And the king trembled. And he went up to the upper room of the gate and wept. And he said this as he went, My son! My son Absalom! My son Absalom! Oh that I had died instead of you, my son Absalom, my son! (LITV)*

**19:4:** *Die koning het sy gesig toegehou en hardop uitgeroep: "My seun Absalom; Absalom, my seun, my seun!" (ANV) En die koning het sy gesig toegemaak, en die*

*koning het hardop uitgeroep: My seun Absalom! Absalom, my seun, my seun! (AOV) And the king had covered his face. Yea, the king cried with a loud voice, My son Absalom! Absalom my son, my son! (LITV)*

**Luk 7:11-17**

*(11) Kort daarna het Jesus na 'n dorp met die naam Nain gegaan, (ANV) (11) En die dag daarna was Hy op weg na 'n stad met die naam van Nain; en baie van sy dissipels en 'n groot menigte het saam met Hom gegaan. (AOV) (11) And it happened on the next day, He went into a city being called Nain. And many of His disciples went with Him; also a great crowd. (LITV)*

*(12) en sy dissipels en 'n hele menigte mense is saam met Hom. Toe Hy naby die ingang van die dorp kom, word daar juis 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma, en sy was 'n weduwee. Byna die hele dorp se mense was saam met haar. (ANV) (12) En toe Hy naby die poort van die stad kom, word daar net 'n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder, en sy was 'n weduwee; en 'n groot menigte van die stad was by haar. (AOV) (12) And as He drew near to the gate of the city, even behold, one having died was being borne, an only son born to his mother; and she was a widow. And a considerable crowd of the city was with her. (LITV)*

*(13) Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: "Moenie huil nie!" (ANV) (13) En toe die Here haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel en vir haar gesê: Moenie ween nie! (AOV) (13) And seeing her, the Lord felt pity over her and said to her, Stop weeping. (LITV)*

*(14) Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!" (ANV) (14) En Hy het nader gegaan en die baar aangeraak. Daarop staan die draers stil. En Hy sê: Jongman, Ek sê vir jou, staan op! (AOV) (14) And coming up, He touched the coffin; and those carrying it stood still. And He said, Young man, I say to you, Arise! (LITV)*

(15) Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee. (ANV) (15) En die dooie het regop gaan sit en begin praat; en Hy het hom aan sy moeder teruggegee. (AOV) (15) And the dead one sat up and began to speak. And He gave him to his mother. (LITV)

(16) Almal is met ontsag vervul en het God geprys deur te sê: "'n Groot profeet het onder ons opgestaan," en "God het na sy volk omgesien." (ANV) (16) En vrees het almal aangegryp terwyl hulle God verheerlik en sê: 'n Groot profeet het onder ons opgestaan; en: God het sy volk besoek. (AOV) (16) And fear took hold of all; and they glorified God, saying, A great prophet has risen up among us; and, God has visited His people. (LITV)

(17) Die berig oor wat Hy gedoen het, het deur die hele Joodse land en die omliggende gebied versprei. (ANV) (17) En hierdie woord aangaande Hom het uitgegaan in die hele Judéa en in die hele omtrek. (AOV) (17) And this word about Him went out in all Judea, and in all the neighborhood. (LITV)

#### **Luk 24:29b-35**

(29b) Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly. (ANV) (29b) en Hy het ingegaan om by hulle te bly. (AOV) (29b) And He went in to stay with them. (LITV)

(30) Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. (ANV) (30) En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. (AOV) (30) And it happened as He reclined with them, having taken the loaf, He blessed, and having broken He gave to them. (LITV)

(31) Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn. (ANV) (31) Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn. (AOV) (31) And their eyes were opened, and they knew Him. And He became invisible from them. (LITV)

*(32) Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?" (ANV) (32) En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie? (AOV) (32) And they said to one another, Was not our heart burning in us as He spoke to us in the highway, and as He opened up to us the Scriptures? (LITV)*

*(33) Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar, (ANV) (33) Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was, (AOV) (33) And rising up in the same hour, they went back to Jerusalem, and they found the Eleven, and those with them, having been gathered. (LITV)*

*(34) en dié sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!" (ANV) (34) wat sê: Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn. (AOV) (34) saying, The Lord really was raised and appeared to Simon. (LITV)*

*(35) Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het. (ANV) (35) Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood. (AOV) (35) And they related the things in the highway, and how He was known to them in the breaking of the loaf. (LITV)*

In die vergelyking van vertalings met mekaar het daar geen wysigings in die gedagte-opbou op makrovlak na vore gekom nie. Die relasiedefinisies tussen die gedagte-eenhede het in 'n groot mate deurgaans dieselfde gebly. Die volgende vertalings is ook geraadpleeg, alhoewel nie hierbo aangehaal nie: 1901 American Standard Version, Good News Bible, Hebrew Names Version, King James Version en The Message (E-Sword, 2005).

## BYLAAG C

### OPENBARING OOR GOD IN DIE PERIKOOP

#### Gen 37:31-36

Daar word nêrens in die perikoop van Gen 37:31-36 na God verwys (as Vader Seun of Heilige Gees) nie. Daar word egter in die Josef verhaal 35 keer na God en 8 keer na Here verwys. Oral waar die woord “Here” staan, word dit in verband gebring met ’n seëning of met ’n vervloeking (E-sword, 2005). Daar is slegs een plek waar God self met Jakob praat en dit is in Gen 46:3: *“Toe sê God: "Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar ’n groot nasie maak”* (ANV). Dit is ook hoe God homself in hierdie gedeelte voorstel: “Ek is God, die God van jou vader” – met ander woorde; Hy is die Verbondsgod wat Isak gehelp het toe sy vader Abraham hom moes offer. Hy is die Verbondsgod wat Isak tydens die hongersnood in Gerar geseën het. Hy is ook die Verbondsgod wat vir Jakob sal seën tydens hierdie hongersnood in Egipte – want, sou hulle later hoor, God het vir Josef vooruit na Egipte toe gestuur (Gen 50:20). Alhoewel daar nêrens in die betrokke perikoop na God of die Here verwys word nie, is die almagtige Hand van God onmiskenbaar in die lewe van Josef teenwoordig - God was “by” hom – in Paddan-Aram, in Kanaän, maar ook in Egipte. Al het Josef dit nie beleef nie en al het sy broers dit nie besef nie, het God in sy almag, ondanks hul wandade hulle nogtans geseën – so getrou is die Verbondsgod (Bybel in Praktyk, 1993:92)!

Vervolgens word daar in tabelvorm genoem wat die bogenoende teksgedeelte eksplisiet en implisiet sê oor die wese, dade en woorde van God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees (De Klerk & Van Rensburg, 2005:87).

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Eksplisiet</b>			
Wie IS Hy?	Hy is die Verbondsgod wat altyd onderhou	*	*

Wat DOEN Hy?	Hy bewaar vir Josef, en so die hele geslag van Jakob.	*	*
Wat Sê Hy?	Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak	*	*

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Implisiet</b>			
Wie IS Hy?	Hy is die getroue God	*	*
Wat DOEN Hy?	Hy lei Josef deur sy omstandighede en sorg so vir sy gesin.	*	Hy het vir Josef bewaar en ook aan hom die wysheid van die droom-uitleg gegee.
Wat Sê Hy?	*	*	*

\* Geen spesifieke verwysing

## 2 Sam 18:29-19:8

In die hele tersaaklike gedeelte word daar slegs twee keer indirek 'n verwysing na God gemaak. Dit is slegs wanneer Agimaäs en die Kussiet hulle boodskappe aan die koning bring dat daar spesifiek melding gemaak word van die feit dat dit God is (יהוה) wat koning Dawid van sy vyande gered het.

Alhoewel daar nie pertinent na God verwys word as Een wat in die gedeelte spreek nie, gaan die hele verhaal oor God wat op die agtergrond optree. Dawid word bewaar van sy vyande (Ps 3) en uiteindelik stel God hom in staat om as koning oor die hele Israel op die troon te regeer (2 Sam 19). Die verhaal wil ook vertel van God se bewarende Hand oor Dawid en dat God ook weer vir Dawid die krag gegee het om aan te gaan met sy lewe (as hoof van sy gesin en as hoof van die volk) nadat sy seun 'n onnatuurlike dood gesterf het.

Vervolgens word daar in tabelvorm genoem wat die bogenoemde teksgedeelte eksplisiet en implisiet oor die wese, daade en woorde van God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees sê (De Klerk & Van Rensburg, 2005:87).

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Eksplisiet</b>			
Wie IS Hy?	*	*	*
Wat DOEN Hy?	Hy het Dawid verlos van die vyande	*	*
Wat Sê HY?	*	*	*

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Implisiet</b>			
Wie IS Hy?	*	*	*
Wat DOEN Hy?	Hy beskerm en lei Dawid	*	Die Gees troos vir Dawid na die dood van sy seun sodat hy weer as ouer en as koning kan optree.
Wat Sê HY?	*	*	*

\* Geen spesifieke verwysing

**Luk 7:11-17**

Hier volg in tabelvorm wat die bogenoende teksgedeelte eksplisiet en implisiet sê oor die wese, dade en woorde van God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees (De Klerk & Van Rensburg, 2005:87).

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Eksplisiet</b>			
Wie IS Hy?	*	Jesus is die Weg en die Waarheid en die Lewe	*
Wat DOEN Hy?	God het na sy volk omgesien.	Hy is die Een wat gelowiges uit die dood na die lewe opwek deur sy vrypraak aan die kruis.	*
Wat Sê Ht?	*	“Moenie huil nie!” “Jongman, Ek sê vir jou: Staan op!”	*

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Implisiet</b>			
Wie IS Hy?	Die Een wat die lewe kan gee	Die gesalfde en die Messias. Die Groot profeet deur Wie die Here omsien na sy volk.	*
Wat DOEN Hy?	Hy het die Seun toegerus met mag oor lewe en dood	Hy laat die skare sien dat die Koninkryk van God in Hom gekom het.	Die Heilige Gees het die mense oortuig dat Jesus die Messias is
Wat Sê Hy?	*	*	*

\* Geen spesifieke verwysing

### Luk 24:13-35

In hierdie perikoop is Jesus Christus deurgaans die hoofkarakter, rondom wie die hele verhaal van die Emmausgangers wentel.

Vervolgens word daar in tabelvorm genoem wat die bogenoende teksgedeelte eksplisiet en implisiet oor die wese, dade en woorde van God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees sê (De Klerk & Van Rensburg, 2005:87).

	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Eksplisiet</b>			
Wie IS Hy?	*	Hy is die opgestane Heiland en Messias	Die Gees van God wat in elke gelowige woon
Wat DOEN Hy?	*	Hy loop saam met die Emmausgangers en open-	*

		baar Homself aan die dissipels.	
Wat Sê Hy?	*	Hy verduidelik die Skrif soos dit Sy koms voorspel het. Hy breek die brood vir hulle	*


	Vader	Seun	Heilige Gees
<b>Implisiet</b>			
Wie IS Hy?	Hy is die Vader wat die verlossings-plan vir elke gelowige bewerk het.	Die gesalfde Messias in wie God se Koninkryk gekom het	*
Wat DOEN Hy?	Hy laat Christus die dood oorwin	Hy proklameer die Koninkryk van die hemele	Hy weerhou die Emmausgangers om Jesus te herken, en openbaar sy identiteit dan tog weer later aan hulle. Hy verlig hulle verstand om die Skrifte te verstaan.
Wat Sê Hy?	*	Hy het redding vir 'n verlore wêreld gebring.	*

\* Geen spesifieke verwysing


## BYLAAG D


### STRUKTUURANALISES VAN DIE BETROKKE PERIKOPE WAT IN HOOFSTUK 2 GEBRUIK IS


#### Struktuuranalise van Gen 37:31-36




## Struktuuranalise van 2 Sam 18:19-19:8








Indien daar na die holistiese beeld van die struktuuranalise gekyk word, kan die volgende skematiese voorstelling gemaak word:



## Struktuuranalise van Luk 7:11-17



## Struktuuranalise van Luk 24:13-35

- 13 Op dieselfde dag
  - ↳ was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus
  - ↳ ongeveer 12 km van Jerusalem af
- 14 Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het
- 15 Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel
  - ↳ het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop
- 16 ↳ maar hulle oë was verhinder om Hom te herken
- 17 ↳ Hy vra hulle toe
  - ↳ wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?
- ↳ Met somber gesigte gaan hulle staan
- 18 ↳ en een van hulle met die naam Kleopas antwoord Hom
  - ↳ Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem...
- 19 Hy vra hulle toe: Watter dinge?
  - ↳ Hulle antwoord Hom
    - ↳ Die dinge in verband met Jesus van Nasaret
      - ↳ 'n Profeet wat magtig was in Woord en daad
      - ↳ voor God en die hele volk
- 20 ↳ en hoe ons Priesterhoofde en lede van ons Raad
  - ↳ Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word
  - ↳ en Hom gekruisig het
- 21 ↳ Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos
  - ↳ Maar boonop is dit nou al die derde dag... gebeur het
- 22 ↳ En nou het 'n paar vroue uit ons kring ons nog ontstel
  - ↳ Hulle was vanmôre vroeg by die graf
- 23 ↳ en kon sy liggaam nie kry nie
  - ↳ Hulle het kom vertel dat hulle 'n verskyning gesien...
    - ↳ wat gesê het dat Hy lewe
- 24 ↳ Sommige van ons mense het ook na die graf gegaan
  - ↳ en dit net so gekry soos die vroue gesê het
  - ↳ maar Hom het hulle nie gesien nie

25 Toe sê Hy vir hulle

↳ wat 'n gebrek aan begip en wat 'n traagheid van gees!

↳ Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?

26 ↳ Moes Christus nie hierdie dinge ly om in Sy heerlijkheid in te gaan...

27 Daarna het Hy by Moses en al die profete begin

↳ en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

28 Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was

↳ het Hy gemaak of Hy verder wou gaan

29 ↳ Hulle het egter by Hom aangedring en gesê

↳ bly by ons want dis amper aand en die dag is al verby

↳ Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly

30 ↳ Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was

↳ neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle

31 ↳ Toe gaan hulle oë oop en hulle het Hom herken

↳ maar Hy het uit hulle gesig verdwyn

32 ↳ Hulle sê toe vir mekaar

↳ het ons hart nie warm geword...

33 Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan

↳ daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar

34 ↳ en dié sê: Die Here het regtig opgestaan en aan Simon verskyn

35 ↳ Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het

↳ hoe Hy aan hulle bekendgeword het

↳ toe Hy die brood gebreek het

## BYLAAG E

### VRAELYS UITGEGEE IN DIE KWANTITATIEWE ONDERSOEK

## Vraelys

Baie dankie dat u bereid is om hierdie vraelys te voltooi. Die antwoorde van hierdie vraelys sal gebruik word om hulp te verleen aan 'n empiriese ondersoek vir 'n doktorsale studie in die Praktiese Teologie aan die Noordwes Universiteit te Potchefstroom. Die student is Ds Pieter de Jager van die N.G. Kerk in Wakkerstroom en die studieleier is Prof Wentzel Coetzer, ook van bogenoemde Universiteit. Die geregistreerde tema van die studie is: *Pastorale berading aan bejaardes na die trauma van die onnatuurlike dood van 'n volwasse kind.*

Die antwoorde wat deur u verskaf word, sal streng vertroulik hanteer word. Alle aanhalings en verwysings in publikasies sal anoniem geskied sodat die identiteit van die deelnemer nie bekendgemaak word nie. Daarom word u versoek om *ten volle eerlik* te wees met die invul van die vraelys en *alle vrae* te beantwoord. Die eerste bladsy met persoonlike gegewens bly die eiendom van die navorser. Dit is net vir kontroledoeleindes. Beide ouers moet asseblief 'n vraelys op hul eie invul. U eerlikheid sal uiteindelik ander mense kan help om hulle rou te verwerk.

A: Persoonlike besonderhede:

Naam en van: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Telefoonnommer: \_\_\_\_\_

Geboortedatum: \_\_\_\_\_ (dd/mm/jjjj)

Ouderdom: \_\_\_\_\_ (jaar)

Geslag: (Merk met 'n "X") M \_\_\_\_\_ (1) V \_\_\_\_\_ (2)

B: Ondersteuningsgroep:

1. Sal u op hierdie stadium graag deel wil wees van 'n ondersteuningsgroep van bejaarde mense wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

2. Wat verwag u dat die ondersteuningsgroep vir u moet beteken?

---

---

---

3. Het u by 'n ondersteuningsgroep ingeskakel kort na u kind se afsterwe?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

4. Indien wel, wat het dit vir u beteken?

---

---

C: Algemene inligting:

1. Wat was die oorlede kind se geslag? (Merk met 'n "X") M \_\_\_\_\_ (1) V \_\_\_\_\_ (2)

2. Wat was die ouderdom van die kind tydens sy/haar afsterwe? \_\_\_\_\_

3. Wat was die datum van u kind se afsterwe? \_\_\_\_\_ (dd/mm/jjjj)

4. Was daar nog ander kinders in die gesin na bogenoemde kind se afsterwe?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

5. Indien wel, wat was hulle ouderdomme en geslag ten tye van die afsterwe van u kind?

a) Ouderdom: \_\_\_\_\_ (dd/mm/jjjj) (Merk met 'n "X") M \_\_\_\_ (1) V \_\_\_\_ (2)

b) Ouderdom: \_\_\_\_\_ (dd/mm/jjjj) (Merk met 'n "X") M \_\_\_\_ (1) V \_\_\_\_ (2)

c) Ouderdom: \_\_\_\_\_ (dd/mm/jjjj) (Merk met 'n "X") M \_\_\_\_ (1) V \_\_\_\_ (2)

d) Ouderdom: \_\_\_\_\_ (dd/mm/jjjj) (Merk met 'n "X") M \_\_\_\_ (1) V \_\_\_\_ (2)

6. Meld asseblief die tipe dood wat die kind gesterf het (byvoorbeeld: motorongeluk, selfmoord, kanker ens).

---

7. Op 'n punteskaal waar 1 baie goed is en 4 baie swak is, wat was u verhouding met die kind ten tye van die sterfte?  1  2  3  4 (Merk met 'n kruisie in die toepaslike blokkie).

8. Hoe het u as ouers van die dood te hore gekom?

---

---

---

9. Hoe het die kind se dood julle huweliksverhouding beïnvloed?

---

---

10. Hoe het die dood van die kind julle gesinsfunksionering beïnvloed?

---

---

11. Hoe sou u u emosionele reaksie, toe u gehoor het dat u kind gesterf het, beskryf?

---

12. Het u enige fisiese reaksie beleef toe u hoor dat u kind gesterf het?

---

13. Hoe beïnvloed bejaarde-gekoppelde probleme (soos die verlies aan gesondheid, vriende ensovoorts) die verwerking van die dood?

---

14. Dink u dat die belewenis van die afsterwe van u kind anders sou gewees het indien die kind nog baie jonk was? Motiveer asseblief u antwoord.

---

---

15. Hoe lank dink u behoort 'n ouer te rou oor sy volwasse kind wat gesterf het?

---

---

16. Wat sou u sê het u rouproses positief en negatief beïnvloed?

Positief:

---

---

Negatief:

---

---

17. Ondervind u enige siekte of liggaamlike verandering wat na die kind se dood by u ingetree het?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

18. Indien wel, noem asseblief kortliks.

---

---

---

19. Het u die familie se ondersteuning en hulp positief of negatief ervaar?

(Merk met 'n "X") Positief \_\_\_\_\_ (1) Negatief \_\_\_\_\_ (2)

20. Was u depressief na die dood van u kind?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

21. Indien die antwoord by nr 20 'Ja' was, hoeveel maande/weke na u kind se dood het die depressie ingetree?

Weke \_\_\_\_\_ maande \_\_\_\_\_

22. Hoe lank na u kind se dood het u verligting van die depressie begin ervaar?

Jare \_\_\_\_\_ maande \_\_\_\_\_

23. Het u medikasie gekry om te help om die depressie te oorkom?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

24. Het u as ouers skuldgevoelens gehad na die afsterwe van die kind?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

25. Het u as ouers selfmoordgedagtes gehad na die afsterwe van die kind?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

26. Het u man/vrou julle kind se dood anders (a) beleef en (b) verwerk?

(a) (Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

(b) (Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

27. Indien u "ja" geantwoord het, motiveer kortliks;

---

---

---

28. Het u enige sielkundige of pastorale begeleiding ontvang na die dood van u kind?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

29. Indien u wel bogenoemde hulp ontvang het, het dit u enigsins gehelp

om die dood te verwerk (Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

of het dit eerder die proses gekompliseer? (Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_ (1) Nee \_\_\_\_\_ (2)

30. Motiveer asseblief u antwoord.

---

---

31. Wat verstaan u onder "die dood verwerk"?

---

---

32. Het u al, volgens u eie mening, die dood van u kind verwerk?

(Merk met 'n "X") Ja \_\_\_\_\_(1) Nee \_\_\_\_\_(2)

**Baie dankie vir u samewerking met die invul van hierdie vraelys.  
Wees weer eens verseker van die vertroulikheid van u antwoorde.**

**Ds Pieter de Jager**

**083 324 9830 of 017 730-0200**

## BYLAAG F

### EVALUERINGSVORM WAT TYDENS FASE 5 UITGEHANDIG IS EN DIE SAMEVATTING DAARVAN

1=Beslis NEE en 6 = Beslis JA

Nr	Vraag	1	2	3	4	5	6
1	Die bespreking van die onderwerpe was sinvol						
2	Die voorbereiding van die groepleier was voldoende						
3	Die aanbieding van geleentheid was sinvol en duidelik						
4	Dit was vir my goed om ander se belewenisse te hoor						
5	Daar is aan my verwagtings in die gesprekke voldoen						
6	Daar was voldoende geleentheid om die onderwerpe te bespreek						
7	Ek was gemaklik om my eie opinie te lug						
8	Ek kon identifiseer met dit wat die begeleier sê						
9	Die kontak met ander ouers wat ook kinders aan die dood afgestaan het was sinvol						
10	Dit is sinvol vir ouers om so 'n geleentheid na die afsterwe van hulle volwasse kind by te woon						
11	Ek verstaan die rouproses beter						
12	Die onderwerpe wat aangeraak is, is ter saaklik						
13	Die behandeling van die onderwerpe het my gelei tot beter verstaan van myself en ander wat volwasse kinders aan die dood afgestaan het						
14	Ander ouers in die groep was vir my tot troos en inspirasie						
15	Die behandeling van die vrae het my gelei om die werklikheid van my kind se dood te aanvaar.						
16	Die behandeling van die vrae het my gehelp om duidelikheid te kry oor my eie en ander persone se optrede.						

Samevatting van al die evalueringsvorms:

N = aantal groeplede.

% = persentasie van die groeplede wat hierdie betrokke opsie gekies het.

Vraag	1		2		3		4		5		6	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
1											4	100
2											4	100
3											4	100
4											4	100
5									1	25	3	75
6									1	25	3	75
7											4	100
8											4	100
9											4	100
10											4	100
11											4	100
12											4	100
13							1	25			3	75
14							1	25			3	75
15					1	25					3	75
16											4	100

Interpretasie van die evalueringsvorms:

Die evaluering toon dat die groepsessies oorweldig positief beleef was deur al die groeplede en dat daar groei plaasgevind het in hulle aanvaarding van die dood van hulle gestorwe kind. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie (om na te vors hoe die bejaarde, wat 'n kind op 'n onnatuurlike wyse aan die dood afgestaan het, pastoraal begelei kan word tot emosionele en geestelike genesing) is dus bereik.

## BYLAAG G

### OOREENKOMS VAN VERTROULIKHEID

#### Ooreenkoms van Vertroulikheid van die Wakkerstroom Ouer Ondersteuningsgroep

Hiermee verklaar ek \_\_\_\_\_  
(volle naam en van) dat ek deel wil wees van bogenoemde besprekingsgroep.

Ek onderneem om:

- \* alle inligting rakende die lewe van die groepslede, hul families en kinders wat hier uitgeruil en bekendgemaak word, as vertroulik te hanteer
- \* elke byeenkoms by te woon
- \* openhartig te wees (in soverre ek gemaklik voel) sodat ek andere kan help en ondersteun
- \* eerlik te wees in my gesprekke in die groep
- \* nie neerhalend, afbrekend of verkleinerend te wees teenoor enige lid van die ondersteuningsgroep nie

Geteken op die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2007

Handtekening: \_\_\_\_\_ (Groeplid)

Handtekening: \_\_\_\_\_ (Groepleier)